Western Cape Government



Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

# Jaarverslag

2022/23

# DEPARTEMENT VAN EKONOMIESE ONTWIKKELING EN TOERISME

PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

BEGROTINGSPOS NO. 12

---

# Jaarverslag

2022/23

BOEKJAAR

# INHOUDSOPGAWE


## DEEL A: ALGEMENE INLIGTING 5

1. Departementele algemene inligting 6
2. Lys van afkortings/akronieme 7
3. Voorwoord deur die Minister 11
4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte 12
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die jaarverslag 18
6. Strategiese oorsig 19
    - 6.1 Visie 19
    - 6.2 Missie 19
    - 6.3 Waardes 19
7. Wetgewende mandaat en ander mandate 20
8. Organisatoriese struktuur 28
9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer 30

## DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING 33

1. Ouditeur-Generaal se verslag: Voorafbepaalde doelwitte 34
2. Oorsig van departementele prestasie 34
    - 2.1 Diensleweringsomgewing 34
    - 2.2 Diensleweringverbeteringsplan 42
    - 2.3 Organisatoriese omgewing 42
    - 2.4 Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge 43
3. Vordering ter bereiking van institusionele impakte en uitkomste 44
4. Institusionele programprestasie-inligting 47
    - 4.1 Program 1: Administrasie 47
    - 4.2 Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste 56
    - 4.3 Program 3: Handel en Sektorontwikkeling 68
    - 4.4 Program 4: Besigheidsregulering en Regeringsbestuur 74
    - 4.5 Program 5: Ekonomiese Beplanning 78
    - 4.6 Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak 91
    - 4.7 Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie 99
5. Oordragbetalings 105
    - 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite 105
    - 5.2 Oordragbetalings aan organisasies buiten openbare entiteite 106
6. Voorwaardelike toelaes 110
    - 6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal 110
    - 6.2 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang 110
7. Donateursfondse 116
    - 7.1 Donateursfondse ontvang 116
8. Kapitaalinvestering 117
    - 8.1 Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuursplan 117

## DEEL C: REGERINGSBESTUUR 121

1. Inleiding 122
2. Risikobestuur 122
3. Bedrog en korrupsie 126
4. Minimering van belangebotsing 127
5. Gedragskode 127
6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies 127
7. Portefeuljekomitees 128
8. SKOOR-besluite 129

9. Vorige wysigings aan ouditverslae 130
10. Interne beheer-eenheid 130
11. Interne oudit en ouditkomitees 131
12. Verslag van die Ouditkomitee 132
13. Prestasie-inligting oor BSEB-nakoming 134

## DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR 137

1. Inleiding 138
2. Status van mensebestuur in die departement 138
   - 2.1 Departementele prioriteite vir werkmagbeplanning 138
   - 2.2 Werknemerprestasiebestuur 139
   - 2.3 Werknemerwelstand 139
   - 2.4 Monitering van mensebestuur 139
3. Oorsig van mensebestuurstatistiek 140
   - 3.1 Personeelverwante uitgawes 140
   - 3.2 Indiensneming en vakatures 143
   - 3.3 Posevaluering 144
   - 3.4 Veranderinge in indiensneming 146
   - 3.5 Diensbillikheid 150
   - 3.6 Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur lede van die senior bestuursdiens 156
   - 3.7 Die vul van seniorbestuursdiensposte 157
   - 3.8 Werknemerprestasie 159
   - 3.9 Buitelandse werkers 161
   - 3.10 Verlofgebruik 162
   - 3.11 Programme vir gesondheidsbevordering, insluitend MIV en Vigs 166
   - 3.12 Arbeidsverhoudinge 169
   - 3.13 Vaardigheidsontwikkeling 170
   - 3.14 Besering aan diens 172
   - 3.15 Benutting van konsultante 173

## DEEL E: VERSLAG OOR WOFB-NAKOMING 179

1. Onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende, en ongemagtigde uitgawes en wesenlike verliese 180
   - 1.1. Onreëlmatige uitgawes 180
   - 1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes 182
   - 1.3. Ongemagtigde uitgawes 184
   - 1.4. Bykomende bekendmaking ten opsigte van wesenlike verliese kragtens artikel 40(3)(b)(i) &(iii)) van die WOFB 185
2. Laat en/of niebetaling van verskaffers 187
3. Voorsieningskanaalbestuur 188
   - 3.1. Verkryging volgens ander middele 188
   - 3.2. Kontrakafwykings en -verlengings 190

## DEEL F: FINANSIËLE INLIGTING 193

Verslag van die Ouditeur-Generaal 194
Begrotingstaat 202
Aantekeninge by die begrotingstaat 211
Staat van finansiële prestasie 213
Staat van finansiële posisie 214
Staat van veranderinge in netto bates 215
Kontantvloeistaat 216
Rekeningkundige beleide 217
Aantekeninge by die finansiële jaarstate 224
Bylaes 253



# Deel A

# ALGEMENE INLIGTING



# 1. DEPARTEMENTELE ALGEMENE INLIGTING

Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

| | |
|---|---|
| STRAATADRES: | St Georges-wandelgang 80,<br>Waldorf-gebou, Kaapstad<br>8001 |
| POSADRES: | Posbus 979<br>Kaapstad<br>8000 |
| TELEFOONNOMMER: | +27 21 483 9226 |
| E-POSADRES: | ecohead@westerncape.gov.za |
| WEBWERFADRES: | www.westerncape.gov.za |

# 2. LYS VAN AFKORTINGS/AKRONIEME

| | |
|---|---|
| AGS | Areagebaseerde span |
| AIFMRM | Afrika-Instituut vir Finansiële Markte en Risikobestuur |
| ASES | Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone |
| | |
| BBO | Bestemmingbemarkingsorganisasie |
| BBOR | Boubedryfontwikkelingsraad |
| BBP | Bruto binnelandse produk |
| BBPS | Bruto binnelandse produk per streek |
| BEN | Buro vir Ekonomiese Navorsing |
| BGMO | Bevoegdheidsgebaseerde Moduleerderopleiding |
| BOOP | Beboude Omgewing-ondersteuningsprogram |
| BPAI | Bestuursprestasie-assesseringsinstrument |
| BPeSA | Besigheidsprosesinstaatsteller vir Suid-Afrika |
| BPU | Besigheidsprosesuitbesteding |
| BRS | Basiese Rekeningkundige Stelsel |
| BSEB | Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| | |
| CASIDRA | Kaapse Agentskap vir Volhoubare Geïntegreerde Ontwikkeling in Landelike Gebiede |
| CATHSSETA | Onderwys- en opleidingsgesag vir die kultuur-, kunste-, toerisme-, gasvryheid- en sportsektor |
| CLOTEX | Kaapse Klerasie- en Tekstieldienssentrum |
| | |
| DB | Diensbillikheid |
| DBME | Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering |
| DEOT | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
| DH | Departementshoof |
| DHNM | (*the dtic*) Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging |
| DITKOM | Departementele IT-komitee |
| DLBV | Departement van Landbou, Bosbou en Visserye |
| DLO | Diensleweringsooreenkoms |
| DLT | Dranklisensiëringstribunaal |
| DLVP | Diensleweringverbeteringsplan |
| DOO | Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning |
| DSA | Departement van Staatsdiens en Administrasie |
| DTB | Departementele topbestuur |
| DVOW | Departement van Vervoer en Openbare Werke |
| DWT | Departement van Wetenskap en Tegnologie |
| | |
| EIB | Elektroniese inhoudsbestuur |
| EOV | Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap |
| EV | Elektriese voertuig |
| EVL | Erkenning van vorige leer |
| | |
| G4J | Groei vir Werksgeleenthede |
| GBA | Gevestigde besigheidsaktiwiteit |
| GBO | Gesamentlike bemarkingsooreenkoms |
| GDMB | Gesamentlike distrik-en-metrobenadering |
| GEM | Globale Entrepreneurskapmonitor |

| | |
|---|---|
| GFS | Geouditeerde finansiële state |
| GGTN | Geïntegreerde gemeenskapstoegangnetwerk |
| GHP | Geïntegreerde hulpbronplan |
| GIS | Geografiese inligtingstelsel |
| GOP | Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning |
| | |
| HBI | Histories benadeelde individue |
| HSO | Handel- en Sektorontwikkeling |
| | |
| IFVS | Internasionale finansiële verslagdoeningstandaarde |
| IKT | Inligting- en kommunikasietegnologie |
| ISO | Internasionale organisasie vir standaardisering |
| IT | Inligtingstegnologie |
| | |
| JPP | Jaarlikse Prestasieplan |
| | |
| KDS | Korporatiewe Dienste-sentrum |
| KHOI | Kaapse Handwerk- en Ontwerpinstituut |
| KIKS | Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum |
| KITI | Kaapse Inligting- en Tegnologie-inisiatief |
| KKTK | Kaapse Klerasie- en Tekstielkluster |
| KMMO | Klein, mediumgrootte en mikro-ondernemings |
| KMO | Klein en mediumgrootte ondernemings |
| KMR | Kaapstad Moderaad |
| KSA | Knip, stik en afwerk |
| KSUT | Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie |
| KTMVP | Klerasie- en Tekstielmededingendheidverbeteringsprogram |
| KTV | Kaapse Toergidsvereniging |
| KVB | Kantoor van die Verbruikersbeskermer |
| KZN | KwaZulu-Natal |
| | |
| LPEO | Landelike en plaaslike ekonomiese ontwikkeling |
| LUR | Lid van die Uitvoerende Raad |
| | |
| MBT | MIV-berading en -toetsing |
| M&E | Monitering en evaluering |
| MEOU | Munisipale ekonomiese oorsig en uitsig |
| MEV | Munisipale energieveerkragtigheid |
| MGE | Munisipale gereedheidsevaluering |
| MHO | Menslikehulpbronontwikkeling |
| MIV | Markintelligensieverslag |
| MNP | Menslike Nedersettingsplan |
| MROR | Munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerk |
| MTUR | Mediumtermynuitgaweraamwerk |
| MVO | Memorandum van ooreenkoms |
| MVV | Memorandum van verstandhouding |
| | |
| NBF | Nasionale Bemagtigingsfonds |
| NDOW | Nasionale Departement. van Openbare Werke |
| NDT | Nasionale Departement van Toerisme |
| NOK | Nywerheidontwikkelingskorporasie |

| | |
|---|---|
| NOP | Nasionale Ontwikkelingsplan |
| NOS | Nywerheidontwikkelingsone |
| NRO | Nieregeringsorganisasie |
| NRVS | Nasionale Film- en Videostigting |
| NT | Nasionale Tesourie |
| NU | Nasionale uitkoms |
| | |
| OBAD | Onafhanklike berading- en adviesdiens |
| OBSA | Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika |
| OGSA | Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika |
| OIA | Omgewingsimpakassessering |
| OIS | Onderneming in staatsbesit |
| OKP | Onafhanklike kragprodusent |
| OLOP | Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram |
| OO | Ondernemingsontwikkeling |
| OO | Organisatoriese ontwerp |
| OPI | Ouditering van prestasie-inligting |
| ORB | Ondernemingsrisikobestuur |
| OSRBR | Openbare Sektor-risikobestuursraamwerk |
| OSW | Organisasie sonder winsbejag |
| | |
| PACA | Deelnemende skatting van mededingende voordeel |
| PEO | Plaaslike ekonomiese ontwikkeling |
| PEOU | Provinsiale ekonomiese oorsig en uitsig |
| PERA | Premier se toekennings vir die erkenning van entrepreneurskap |
| PGHA | Probleemgedrewe herhalende aanpassing |
| PGOS | Provinsiale Groei- en Ontwikkelingstrategie |
| PHF | Projekhuurfasiliteit |
| PILIR | Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid |
| PMG | Persone met gestremdhede |
| PPV | Publieke-private vennootskap |
| PSD | Provinsiale strategiese doel |
| PSD | Provinsiale strategiese doelwit |
| PSD 1 | Provinsiale strategiese doel 1 |
| PSP | Provinsiale Strategiese Plan |
| PT | Provinsiale Tesourie |
| PVOF | Provinsiale Vaardigheidsontwikkelingsforum |
| | |
| RBK | Regeringsbestuurskomitee |
| REIPPPP | Verkrygingsprogram vir onafhanklike kragprodusente van hernubare energie |
| RIA | Regulatoriese impakassessering |
| ROR | Ruimtelike ontwikkelingsraamwerk |
| | |
| SAID | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| SAOGA | Suid-Afrikaanse Olie- en Gasalliansie |
| SAPD | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| SAPRV | Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging |
| SAT | Suid-Afrikaanse Toerisme |
| SDV | Spesialedoelvoertuig |
| SEDA | Ontwikkelingsagentskap vir klein ondernemings |

| | |
|---|---|
| SEFA | Finansieringsagentskap vir klein ondernemings |
| SEI | Sentrum vir e-Innovasie |
| SES | Spesiale ekonomiese sone |
| SETA | Onderwys- en opleidingsgesag vir die sektor |
| SIN | Streek-innovasienetwerk |
| SITA | Agentskap vir staatsinligtingtegnologie |
| SKB | Staatsdiens- Koördinerende Bedingingsraad |
| SKOOR | Staande Komitee oor Openbare Rekeninge |
| SMV | Staatsmotorvervoer |
| SP | Strategiese Plan |
| STATSSA | Statistiek Suid-Afrika |
| STSK | Streektoerisme-skakelkomitee |
| | |
| TBDB | Totale buitelandse direkte besteding |
| TGRSA | Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika |
| TNHO | Transnet Nasionale Hawe-owerheid |
| | |
| UK | Universiteit Kaapstad |
| UNWTO | Verenigde Nasies Wêreldtoerisme-organisasie |
| UOWP | Uitgebreide Openbarewerkeprogram |
| | |
| VAG | Vloeibare aardgas |
| VBD | Voorafbepaalde doelwitte |
| VGP | Visie-geïnspireerde prioriteit |
| VK | Verenigde Koninkryk |
| VKB | Voorsieningskanaalbestuur |
| VOO | Verdere onderwys en opleiding |
| VSNOS | Vryhawe Saldanha NOS |
| | |
| WAV | Wet op Arbeidsverhoudinge |
| Wesgro | Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap |
| WGWP | Werkgewergesondheid- en Welstandsprogram |
| WHK | Waterhulpbronkommissie |
| WISP | Wes-Kaapse Nywerheidsimbiose-projek |
| WKAI | Wes-Kaapse Akwakultuurinisiatief |
| WKBI | Wes-Kaapse Bewerkingsinisiatief |
| WKDO | Wes-Kaapse Drankowerheid |
| WKFVI | Wes-Kaapse Fynvoedselinisiatief |
| WKHP | Wes-Kaapse Herstelplan |
| WKR | Wes-Kaapse Regering |
| WKV | Wêreldklasvervaardiging |
| WKVD | Wes-Kaapse verskafferdatabasis |
| WKWIN | Wes-Kaapse Waterinnovasienetwerk |
| WOFB | Wet op Openbare Finansiële Bestuur |
| W&R SETA | Onderwys- en opleidingsgesag vir die groothandel- en kleinhandelsektor |

# 3. VOORWOORD DEUR DIE MINISTER

Die beduidende mylpaal om die Wes-Kaapse Regering se ambisieuse ekonomiese aksieplan, ‘Groei vir Werksgeleenthede’ of G4J te voltooi en te aanvaar, is bereik en dis voorwaar iets om te vier. Hierdie strategie het ten doel om die provinsiale groeikoers dramaties te verhoog en om uitbraak- ekonomiese groei te behaal.

G4J is gegrond op die heel beste data, ontelbare ure se navorsing, medewerking, berekenings, gesprekvoering en ’n onskatbare ervaring; dit is ons kaart na ’n toekoms waaraan ons saamwerk om teen 2035 ’n triljoen rand-, werksryke, inklusiewe, volhoubare, diverse en veerkragtige provinsiale ekonomie met tussen 4 en 6% te bou.

Dié strategie stel ’n omvattende, uitdagende en ambisieuse doelwit vir die Wes-Kaap om sy ekonomie te laat groei, en om vertroue, hoop en vooruitgang vir almal te kweek. Die kern van G4J is dat daar ’n begrip is vir die feit dat dit die privaat sektor, insluitend die formele, informele en township-gebaseerde ekonomieë en veral inwoners, entrepreneurs en KMMO’s is wat werk skep, en dat dit die regering se rol is om die privaat sektor in staat te stel om die werk te skep.

Wat G4J onderskei, is dat dit ’n langtermynperspektief bied met duidelike teikens wat volgens omskrewe beginsels opgestel is; en wat voortspruit uit breedvoerige gesprekvoering met die privaat sektor, want ons doel is uiteindelik die instaatstelling en groei van die privaat sektor.

Dit kom alles daarop neer dat ons wéét dat Suid-Afrika en die Wes-Kaap alles het wat nodig is om sukses te behaal; ons moet net die grondbeginsels van groei regkry en, as ons saamwerk, kan ons die volle en ongelooflike potensiaal ontsluit.

Verandering verg ’n visie en ’n strategie, en dit vereis optrede om ’n beter toekoms vir ons land te bewerkstellig. Ons moet vasberade wees om dié doel te bereik.

Die G4J-strategie is dus die Wes-Kaap se daadwerklike poging om hierdie beter toekoms te verwesenlik.

Ek wil opreg dankie sê aan alle amptenare van DEOT wat onder leiding van die Departementshoof Velile Dube soveel tyd en kundigheid afgestaan het om seker te maak dat hierdie strategie voltooi is en op die pad vorentoe sal toesien dat ons planne om die privaat sektor in staat te stel om te groei en werk te skep, geïmplementeer word.



Me. Mireille Wenger
Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede
Datum: 31 Augustus 2023

# 4. VERSLAG VAN DIE REKENPLIGTIGE BEAMPTE

## Oorsig van die bedrywighede van die departement

### Prestasies vir die jaar

Die boekjaar 2022/23 was ’n uiters belangrike jaar waarin daar gereageer moes word op die Wes-Kaapse Regering se geïdentifiseerde behoefte aan ’n strategie wat die provinsiale groeikoers dramaties sal laat styg en, in die mate dat groei in Suid-Afrika wankelrig by, om die provinsie se groeitrajek van die res van die land s’n te ontkoppel.

Aansienlike navorsing en gesprekvoering het plaasgevind en gelei tot ’n strategie wat ’n omvattende, uitdagende en ambisieuse oogmerk stel vir die Wes-Kaap om sy ekonomie teen 2035 met tussen 4% en 6% te laat groei.

Die strategie het ook ten doel om uiteen te sit hoe ons die ekonomie sal laat groei, wat net so belangrik soos die vereiste groei self is. Sodoende word die gevolglike “Groei vir Werksgeleenthede”-strategie van vorige strategieë onderskei deur ’n langtermynperspektief met duidelike teikens wat volgens omskrewe beginsels opgestel is. Dit is gesentreer rondom sistemiese oplossings wat fokus op die belangrikste bindende beperkings en ’n instaatstellende omgewing vir die privaat sektor wat ons ekonomiese groei sal versnel.

Ons het gedurende die afgelope boekjaar voortgegaan met implementering ter ondersteuning van ons departementele prioriteite. Van die hoogtepunte sluit in:

- Die ERV het ’n R10 miljoen- Munisipale GvSD-fonds gestig om proaktief in oorleg met plaaslike munisipaliteite te werk om besigheidsgerigte dienste, institusionele kapasiteit (om GvSD te implementeer) en regulatoriese hervorming in munisipaliteite te verbeter.
- Die eenheid het deur middel van sy Besigheidshulplyndiens 519 gevalle aangeteken, met ’n oplossingskoers van 91% en ’n tevredenheidskoers van 80%.
- Wesgro het R4.1 miljard se verbonde investering vir die provinsie gefasiliteer, met 1 507 werksgeleenthede wat as gevolg van dié verbonde investering geskep is.
- Handelsooreenkomste met ’n geskatte waarde van R3.1 miljard is gedurende die boekjaar 2022/23 onderteken, wat gelei het tot 906 werksgeleenthede wat as gevolg van dié handelsooreenkomste geskep is.
- Die KMMO-versterkerfonds 2022 het ingrypings ondersteun wat geïmplementeer is deur organisasies wat gemik is op die ondersteuning van KMMO’s wat in die Wes-Kaap gebaseer is. Ondersteuning is gebied aan sewe projekte wat hulp en bystand (direk of indirek) aan KMMO’s voorsien om volhoubaarheid te handhaaf en/of te versterk, die kapasiteit van die besigheid en die eienaar/entrepreneur te ontwikkel, doeltreffendheid te verhoog, en hulle in staat te stel om te groei en werk te skep.
- Die eenheid vir Ondernemingsontwikkeling het ook voortgegaan met die uitrol van die nege KMMO-versterkerfonds 2021-projekte wat gedurende die boekjaar 2022/23 afgehandel is.
- Die elektrisiteitsmeesterplanne (EMP’e) wat met toelaes van die MEV-fonds deur munisipaliteite bygewerk is (voltooi: Swartland, George, Witzenberg en Bitou), kan nou deur die munisipaliteite gebruik word om te identifiseer waar hulle kapasiteit op die netwerk het wat aan energieprojekte wat met die netwerk verbind moet word (vir kragvervoer, KSVK of munisipale OKP-verkrygingsdoeleindes), beskikbaar gestel kan word.
- Die program vir Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie het R201 miljoen van die privaat sektor en ander regeringsbronne ingewin om inisiatiewe vir ervaringsleer en vaardigheidsontwikkeling van werklose jeugdiges te ondersteun. Befondsing van die privaat sektor is aangewend vir geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme, indiensopleiding, opleiding in werkgereedheid en teenbefondsing van departementele stipendiums.

## Uitdagings vir die jaar

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is oor die afgelope jaar swaar deur 'n reeks globale en plaaslike ontwrigtings beïnvloed, onder meer 'n verlangsaming in globale ekonomiese groei, geopolitieke spanning, strenger monetêre beleid, onbetroubare infrastruktuur en ernstige kragtekorte. Die vooruitsigte bly somber, met min tot geen groei wat in 2023 verwag word nie. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het in Julie 2023 sy groeivooruitsig dienooreenkomstig na 0.4% hersien.

Daarbenewens het die erns van beurtkrag en agteruitgaande spoor-, pad- en hawe-infrastruktuur 'n beduidende impak op sakevertroue, met die vervaardiging- en kliëntgerigte kleinhandelsektor wat 'n skerp daling in optimisme ervaar. Die jongste sakevertroue-indeks (SVI) van RMB/BEN het van 36 in 2023K1 na 27 in 2023K2 gedaal.

Om hierdie redes is dit die WKR se ekonomiese rol om 'n instaatstellende besigheidsomgewing te bou om mededingendheid te versterk en om groei in die ekonomie en werkskepping te versnel. Dit sal volvoer word deur die grense van die grondwetlike mandaat van die Wes-Kaap te verskuif en vennootskappe met alle regeringsvlakke asook die privaat sektor aan te gaan om instaatstellers innoverend, doeltreffend en volgens skaal te lewer.

# Oorsig van die finansiële resultate van die departement

## Departementele ontvangste

| Departementele ontvangste | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Skatting | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/ onder-invordering | Skatting | Werklike bedrag ingevorder | (Oor-)/ onder-invordering |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Belastingontvangste | | | | | | |
| Casinobelasting | | | | | | |
| Perdewedrenbelasting | | | | | | |
| Dranklisensies | | | | | | |
| Motorvoertuiglisensies | | | | | | |
| Niebelastingontvangste | 388 | 47 691 | (47 303) | 371 | 21 565 | (21 194) |
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates | 388 | 348 | 40 | 371 | 1 144 | (773) |
| Oordragte ontvang | | 687 | (687) | | 694 | (694) |
| Boetes, strafgeld en verbeurings | | | | | | |
| Rente, dividende en huur vir grond | | 37 | (37) | | 19 | (19) |
| Verkoop van kapitaalbates | | 31 | (31) | | 54 | (54) |
| Finansiële transaksies in bates en laste | | 46 588 | (46 588) | | 19 654 | (19 654) |
| Totaal | 388 | 47 691 | (47 303) | 371 | 21 565 | (21 194) |

Die departement het 'n bedrag van R388 000 se inkomste vir die boekjaar 2022/23 begroot. Die hoofaandrywer van hierdie inkomste was gelde wat vir toergidsregistrasies ingevorder moes word.

'n Bedrag van R47.691 miljoen in eie inkomste is teen die einde van die boekjaar ingevorder.

Hiervan het toergidse se registrasiegelde R348 000 uitgemaak, terwyl finansiële transaksies in bates en laste R46.588 miljoen uitgemaak het, R37 000 is ontvang vir rentebetalings verdien, 'n verdere R31 000 is ontvang uit die verkoop van uitgediende bates aan personeel en R687 000 is ten opsigte van die BankSETA ontvang.

Die R46.588 miljoen wat vir finansiële transaksies in bates en laste ontvang is, bestaan hoofsaaklik uit die terugbetaling van 'n township-gebaseerde entrepreneurskapsprojek en terugbetalings van Wesgro-oorskotfondse.

## Programuitgawes

| Departementele ontvangste | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Administrasie | 58 544 | 57 911 | 633 | 55 805 | 54 841 | 964 |
| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 47 839 | 47 159 | 680 | 53 676 | 53 204 | 472 |
| Handel- en Sektorontwikkeling | 74 799 | 74 413 | 386 | 73 990 | 73 976 | 14 |
| Besigheidsregulering en Bestuur | 10 636 | 10 431 | 205 | 9 580 | 9 392 | 188 |
| Ekonomiese Beplanning | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 160 320 | 157 255 | 3 065 |
| Toerisme, Kunste en Vermaak | 71 909 | 71 874 | 35 | 74 597 | 74 161 | 436 |
| Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | 96 214 | 96 106 | 108 | 71 931 | 70 567 | 1 364 |
| Totaal | 510 030 | 502 883 | 7 147 | 499 899 | 493 396 | 6 503 |

Die departement het 'n finale begroting van R510.030 miljoen vir die boekjaar 2022/23 gehad. Die departement het 98.6% van sy begrote fondse bestee, in vergelyking met 98.7% in the boekjaar 2021/22.

Daar moet op gelet word dat alle programme daartoe bygedra het dat die bestedingskoers van 98.6% behaal is. Program 5: Ekonomiese Beplanning het egter 96.6% aan die einde van die boekjaar bestee. Dit is vanweë die tegniese aard van die stel energieveerkragtigheidsprojekte; oponthoude is met die implementering van die stel Munisipale Energieveerkragtigheid- (MEV-) projekte ondervind.

## Viremente/heruitreikings

Drie (3) viremente is teen die einde van die boekjaar 2022/23 onderneem om oorbesteding in drie hoofafdelings binne die begrotingspos te dek. Hierdie viremente is soos volg toegepas:

i. Program 1: Administrasie het R129 000 na Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak geskuif om vir 'n oorbesteding op bedryfsuitgawes voorsiening te maak.

ii. Program 1: Administrasie het R358 000 na Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie geskuif om vir bykomende plasings van begunstigdes in werkplasing en verskaffing aan die Ambagsmanontwikkelingsprogram voorsiening te maak.

iii. Program 5: Ekonomiese Beplanning het R265 000 na Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak geskuif vir die Wêreld Toerismedag-vieringe wat deur die nasionale Departement van Toerisme in die Wes-Kaap aangebied is.

Die 2022-aansuiweringskatting het R4.619 miljoen na die boekjaar 2023/24 herskik as deel van die Klein, Medium en Mikro-onderneming- (KMMO-) versterkerprojek. Hierdie fondse het voorsiening gemaak vir projekte wat oor veelvuldige jare deur begunstigdes geïmplementeer is. Die KMMO-versterkerprojek ondersteun organisasies wat KMMO-ondersteuningsingrypings vir besighede gebaseer in die Wes-Kaap implementeer. Dié herskikking van fondse sal regeringsbestuurstandaarde in die departement versterk, aangesien dit verhoed het dat vooruitbetalings gemaak is vir lewering wat eers in die boekjaar 2023/24 sal plaasvind.

## Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die departement het in die oorsigjaar geen ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes aangegaan nie.

## Die strategiese fokus oor die kort tot medium termyn

Die prioriteitsfokusareas vir Horison 1 van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie is:

1. Aandrywing van groeigeleenthede deur investering;
2. Stimulering van markgroei deur uitvoere en binnelandse markte;
3. Energieveerkragtigheid en ’n oorgang na netto zero koolstof;
4. Watersekerheid en -veerkragtigheid;
5. Tegnologie en innovasie;
6. Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie; en
7. Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid.

## Publieke-private vennootskappe (PPV)

Geen PPV is deur die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme aangegaan nie.

## Gestaakte aktiwiteite / aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gedurende die boekjaar 2022/23 gestaak nie.

## Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Nie van toepassing nie.

## Voorsieningskanaalbestuur

Die departement het gedurende die oorsigjaar geen ongevraagde bodvoorstelle aanvaar nie.

’n Groot persentasie van die departement se werk word deur die proses van voorsieningskanaalbestuur onderneem. Dié funksie is dus uiters belangrik vir die werksaamhede van die departement. Die VKB-prosesse is in die boekjaar onder oorsig krities geassesseer om verkwisting en korrupsie te bekamp, asook om doeltreffendheid te verbeter. Standaard-bedryfsprosedures en -prosesse is ingestel om die voorkoms van onreëlmatige, vrugtelose en verkwistende, en ongemagtigde uitgawes te bekamp; die ontwerp en implementering van moniterings-, voorkomende en regstellende beheermaatreëls is hiervoor ingestel. Die Interne Beheereenheid hou toesig oor en verseker dat daar aan regeringsbestuur en nakomingsvereistes voldoen word. Hierdie beheermaatreëls word in die huidige Finansiële Beleidshandleiding en Delegasieraamwerk vervat.

Die departement het gedurende die boekjaar 2022/23 goedere en dienste volgens die verkrygingsplan verkry met 'n 43%-afwyking as gevolg van projekte wat gekanselleer en/of as oordragbetalings herlei is.

Die departement onderhou en bestuur voortdurend roerende bates op die LOGIS-stelsel in ooreenstemming met die minimum vereiste inligting wat in die Vastebateregister moet verskyn. Die jaareinde- fisiese verifiëring van alle roerende bates het op 03 Februarie 2023 begin en is op 14 Februarie 2023 afgehandel. Alle roerende bates wat in die oorsigjaar verkry is, is ingevolge die Batebestuursraamwerk en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur verreken en akkuraat in die Bateregister aangeteken.

Belangebotsing word deur verkrygings- en ander prosesse bestuur. DEOT verseker deurlopend dat:

- senior bestuur, praktisyns van voorsieningskanaalbestuur, rolspelers en lede van die bodkomitee hul finansiële belange verklaar. Daar word van diensverskaffers verwag om deur prosesse van voorsieningskanaalbestuur hul finansiële belange ten opsigte van staatsamptenare te verklaar.
- die keuring van senior bestuur, personeel en sleutelverskaffers onderneem word.
- die verifiëring van bieërs se optrede volgens die register van tenderwanpresteerders en databasis van beperkte verskaffers onderneem word.

Daarbenewens voltooi alle personeel wat in die eenheid Voorsieningskanaalbestuur aangestel word, 'n Verklaring van Belange en erken die inhoud van die Gedragskodevorm. 'n Rekord hiervan word bygehou.

## Geskenke en donasies wat in goedere van nieverwante partye ontvang is

| Naam | Posbenaming | Aard | Geskatte waarde (R) | Verwantskap aan ontvanger |
|---|---|---|---|---|
| Mark Apollis | Adjunkdirekteur | Exotic Tastes (sousmonsters) | 150.00 | Geen |
| Thobeka Pongoma | Administratiewe beampte | Exotic Tastes (sousmonsters) | 150.00 | Geen |
| Chantell van Niekerk | Waarnemende direkteur | Een Parker-pen en een USB-aandrywer | 193.10 | Geen |
| Melissa Joy Parker | Direkteur | Een Parker-pen en een USB-aandrywer | 193.10 | Geen |
| Rahima Loghdey | Direkteur | Plastiese omslag met notaboek | 250.00 | Geen |
| Mervyn Hartman | Adjunkdirekteur | 10 x kosborde<br>17 x houers met ontbyt 4 x pizza-houers met beskuitjies<br>8 x liters sap<br>15 x vetplante | 5 800.00 | Geen |
| Melissa Joy Parker | Direkteur | Papiersak, koffiebeker en notaboek | 73.00 | Geen |
| Jo-Ann Johnston | Adjunkdirekteur-generaal: | Kleding met universiteithandelsmerk:<br>• T-hemde x 4 met universiteit-handelsmerk<br>• Dagboek met universiteithandelsmerk:<br>• Multilaaierkabel met universiteit-handelsmerk | 1 949.56 | Geen |
| Alfonzo Anthony Jacobs | Waarnemende adjunkdirekteur | • 1 x boks druiwe<br>• 2 x pakkies appels | 200.00 | Geen |
| Jo-Ann Johnston | Adjunkdirekteur-generaal: | TOKYO – draadlose laaier en Bluetooth-luidspreker | 689.00 | Geen |

## Vrystellings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang

Geen vrystellings of afwykings is gedurende die oorsigjaar van Nasionale Tesourie ontvang nie.

## Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Daar was geen gebeure ná die verslagdoeningsdatum nie.

## Ander

Nie van toepassing nie.

## Erkennings of waardering

Ek gee erkenning aan die leierskap en leiding van Minister Wenger, haar kantoorpersoneel asook die Kabinet van die Wes-Kaap. Ek wil graag dankie sê aan my toegewyde bestuurspan en DEOT-werknemers wat verbind en gefokus gebly het om te verseker dat ons deurlopend vorder om ons doelwitte en oogmerke te bereik.

Ek wil ook graag van hierdie geleentheid gebruik maak om ons ondersteuningsvennote en -agentskappe te bedank en spreek my opregte waardering uit teenoor die besighede – klein, medium en groot – vir hul volgehoue bydrae tot die verwesenliking van ’n vooruitstrewende Wes-Kaapse ekonomie. Alle ekonomiese belanghebbendes sal nou, meer as ooit tevore, moet saamwerk om die veerkragtigheid van die Wes-Kaap te steun.

## Slotsom

Ons sal voortbeur met die implementering van die Kabinet-goedgekeurde Groei vir Werksgeleenthede-strategie. Dié strategie is nie net die werk van ’n enkele departement nie. Dit verteenwoordig ’n hele-regering-, hele-samelewing-strategie en die sukses daarvan maak staat op die energie, verbintenis en toekenning van hulpbronne van regoor die regering, die privaat sektor en die burgerlike samelewing.

Dit sal ook ’n nuwe ingesteldheid in die provinsiale regering verg, asook ’n heroorweging van hoe regering werk. Dit is ’n uitdaging wat ons gereed is om te aanvaar sodat die Wes-Kaap kan floreer.

## Goedkeuring en aftekening



Mnr. Velile Dube
Rekenpligtige Beampte
Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
Datum: 30 Augustus 2023

# 5. VERKLARING VAN VERANTWOORDELIKHEID EN BEVESTIGING VAN DIE AKKURAATHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak word, is konsekwent.
- Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.
- Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.
- Die Finansiële Jaarstate (Deel E) is voorberei ooreenkomstig die gewysigde kontantstandaard en die toepaslike raamwerke en riglyne wat deur Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van ’n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike versekering oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.
- Die eksterne ouditeure word betrek om ’n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

Na my mening is die jaarverslag ’n redelike weergawe van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbronne-inligting en die finansiële sake van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2023.

Die uwe



Mnr. Velile Dube
Rekenpligtige Beampte
Datum: 30 Augustus 2023

# 6. STRATEGIESE OORSIG

## 6.1 Visie

Die departement se visie is 'n Wes-Kaap met 'n lewendige, innoverende en volhoubare ekonomie wat deur ekonomiese groei en indiensneming gekenmerk word.

## 6.2 Missie

Ten einde uitvoering aan die visiestelling hierbo te gee, sal die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme kwalitatiewe leierskap aan die Wes-Kaapse ekonomie voorsien deur die departement se begrip van die ekonomie, sy vermoë om ekonomiese geleenthede en potensiaal te identifiseer, en sy bydrae tot die regering se ekonomiese prioriteite.

Die departement sal die implementering van die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan en die Provinsiale Strategiese Plan (2019 - 2024), soos opgeneem in die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP), ondersteun.

Die department sal gedurende 2023/24 bydra tot die laaste tydperk van nakoming van die 5-jaar-PSP deur die PSIP en belyning met die Groei vir Werksgeleenthede-strategie (G4J). Die G4J sal die oorkoepelende strategie wees wat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) lei. Die G4J-prioriteitsfokusareas vir die eerste horison (tot 2026) is soos volg:

- Om geleenthede vir groei deur investering te skep;
- Om markgroei deur uitvoere en binnelandse markte te stimuleer;
- Energieveerkragtigheid en 'n oorgang na netto zero koolstof;
- Watersekerheid en -veerkragtigheid;
- Tegnologie en innovasie;
- Infrastruktuur en gekoppelde Ekonomie (insluitend mobiliteit en logistiek, breëband en digitale transformasie); en
- Verbeterde toeganklikheid tot ekonomiese geleenthede en indiensneembaarheid (vaardighede en onderwys, vervoer, behuising, ens.).

## 6.3 Waardes

Die departement se kernwaardes is:

| | |
|---|---|
| *Omgee*: | Deur om te gee vir diegene wat ons bedien en mee saamwerk. |
| *Bevoegdheid*: | Die vermoë en kapasiteit om die werk te doen waarvoor ons aangestel is. |
| *Verantwoordbaarheid*: | Ons aanvaar verantwoordelikheid. |
| *Integriteit*: | Om eerlik te wees en die regte ding te doen. |
| *Innovasie*: | Om ontvanklik vir nuwe idees te wees en op 'n vindingryke manier skeppende oplossings vir probleme te vind. |
| *Responsiwiteit*: | Om in die behoeftes van ons inwoners en werknemers te voorsien. |

# 7. WETGEWENDE EN ANDER MANDATE

## Grondwetlike mandaat

### Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Bylae 4 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika lys funksionele gebiede van samelopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid. Die gebiede wat op ekonomiese ontwikkeling en toerisme betrekking het, is:

- Verbruikersbeskerming;
- Nywerheidsbevordering;
- Toerisme; en
- Handel.

Bylae 4B van die Grondwet identifiseer plaaslike toerisme as ’n aangeleentheid van plaaslike regering wat ’n samelopende nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid het, tot die mate uiteengesit in artikel 155(6)(a) en (7) van die Grondwet.

## Ander wetgewende en beleidsmandate

Verskeie wette speel ’n rol in die departement se werkbestek. Die belangriker wette en beleide word gemeld:

### Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003

Die Wet is transversale wetgewing met normale nakomingsverpligtinge wat vir alle departemente geld. Dit bepaal ’n wetgewende raamwerk vir die bevordering van swart ekonomiese bemagtiging, magtig die Nasionale Minister om kodes vir goeie praktyk uit te reik en om handveste vir transformasie te publiseer, bepaal die Adviesraad vir Swart Ekonomiese Bemagtiging, en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.

### Besigheidswet, 1991 (Wet 71 van 1991)

Die Wet bepaal die lisensiëring en bedryf van besighede, en aangeleenthede wat daarmee verband hou.

### Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)

Die Wet bevorder ’n billike, toeganklike en volhoubare markplek vir verbruikersprodukte en -dienste en vir daardie doel bepaal dit nasionale norme en standaarde met betrekking tot verbruikersbeskerming, maak voorsiening vir verbeterde standaarde van verbruikersinligting, verbied sekere onbillike bemarkings- en besigheidspraktyke, bevorder verantwoordelike verbruikersgedrag, bevorder ’n bestendige wetgewende en toepassingsraamwerk rakende verbruikerstransaksies en -ooreenkomste; en stel die Nasionale Verbruikerskommissie in.

### Nasionale Kleinsakewet, 1996 (Wet 102 van 1996)

Die Wet maak voorsiening vir die instelling van die Adviesraad en die Kleinsake-ontwikkelingsagentskap en verskaf verder riglyne vir staatsorgane om kleinsake in die Republiek te bevorder, en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

### Wet op Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016)

Die doel van die Wet is om die werking van die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. te reël; om voorsiening te maak vir die aandeelhouding deur die Wes-Kaapse Regering in die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk.; om voorsiening te maak vir die oogmerke, werksaamhede en bestuur van die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk.; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## Wet op Koöperasies (Wet 14 van 2005)

Die Wet erken die behoefte aan die registrasie van koöperasies in ooreenstemming met die transversale beleid en statutêr-regulerende raamwerke van nasionale, provinsiale en plaaslike regering, asook die behoefte aan die ontwikkeling van 'n lewensvatbare, outonome, selfstandige en selfvolhoudende koöperatiewe beweging om gemeenskapsontwikkeling en entrepreneurskap te bevorder, werksgeleenthede en suksesvolle ondernemings te skep, armoede uit te wis en die sosio-ekonomiese welstand van die lede van koöperasies in ooreenstemming met die koöperatiewe beginsels te verbeter.

## Wes-Kaapse Wet op Lidmaatskap van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap, 2013 (Wet 12 van 2013)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die lidmaatskap van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap OSW, om die oordrag van fondse na die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap OSW te reguleer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## Wet op die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy, 2000 (Wet 8 van 2000)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die Wes-Kaap Provinsie se aandelebesit in die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum-Maatskappy, vir die fondse wat deur die Provinsie aan die Maatskappy voorsien word, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## Wet op Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014)

Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die aanwysing, bevordering, ontwikkeling, bedryf en bestuur van Spesiale Ekonomiese Sones, om voorsiening te maak vir die instelling, aanstelling van lede van en funksionering van die Adviesraad vir Spesiale Ekonomiese Sones, om voorsiening te maak vir die vestiging van die Fonds vir Spesiale Ekonomiese Sones, om die aansoek, uitreiking, opskorting, intrekking en oordrag van operateurspermitte vir Spesiale Ekonomiese Sones te reguleer, om voorsiening te maak vir funksies van die operateurs van Spesiale Ekonomiese Sones, om voorsiening te maak vir oorgangsreëlings en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## Wet op die Wes-Kaapse Maatskappy vir Spesiale Ekonomiese-ontwikkelingsinfrastruktuur, 2019 (Wet 3 van 2019)

Die Wet bepaal 'n regspersoon wat bekend staan as die Wes-Kaapse Maatskappy vir Spesiale Ekonomiese-ontwikkelingsinfrastruktuur MSB Bpk., om die aandelebesit van die Wes-Kaapse Regering in die Maatskappy te magtig, om voorsiening te maak vir die bevoegdhede en pligte van die Maatskappy, om voorsiening te maak vir die bestuur, regeringsbestuur, befondsing en finansiële beheer van die Maatskappy, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

## Wet op Toerisme, 2014 (Wet 3 van 2014)

Die Wet maak voorsiening vir die ontwikkeling en bevordering van volhoubare toerisme tot voordeel van die Republiek, sy inwoners en sy besoekers, maak voorsiening vir die voortbestaan van die Suid-Afrikaanse Toerismeraad en die instelling van die Toerismegraderingsraad, reguleer die beroep van toergidse en maak voorsiening vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Dit maak spesifiek voorsiening vir die registrasie, verdere opleiding en 'n gedragskode vir toergidse, prosedures om klagte in te dien en dissiplinêre maatreëls.

## Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake (Onbillike Besigheidspraktyke), 2002 (Wet 10 van 2002)

Die Wet maak voorsiening vir die ondersoek van, verbod op en beheer oor onbillike besigheidspraktyke en die instelling van 'n Kantoor van die Verbruikersbeskermer en Verbruikersaketribunaal.

## Wet op die Wes-Kaapse Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996)

[LET WEL: Wysigings in die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2005 (Wet 1 van 2005) en die Wes-Kaapse Wysigingswet op die Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 2013 (Wet 6 van 2013).]

Die Wet maak onder meer voorsiening vir die instelling, oogmerke, aanstelling, bevoegdhede en funksies van die Wes-Kaapse Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap en die bevoegdhede en pligte van direkteure van die Raad van die Agentskap en die Hoof- Uitvoerende Beampte, ten einde die ekonomiese groei en ontwikkeling van die Provinsie te bevorder en te ondersteun, insluitend toerismebevordering, en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

# BELEIDSMANDATE

## Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme Vyfjaarstrategie 2020 – 2025

DEOT se 2020 – 2025 vyfjaarstrategie bly onveranderd gegewe die feit dat dit goed met die Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan belyn is. Dit bestaan uit vyf fokusareas, naamlik:

- Investering deur bevordering en katalitiese infrastruktuur;
- Die groei van uitvoere;
- Behandel die leemtes in vaardighede;
- Versnel die gemak van sake doen; en
- Hulpbronveerkragtigheid.

Hierdie departementele fokusareas en hul onderskeie uitkomste vorm die hoeksteen van DEOT se vyfjaarstrategie.

## Raamwerk vir die bestuur van programprestasie-inligting (RBPPI, 2007)

Die RBPPI bied ’n uiteensetting van die sleutelkonsepte in die ontwerp en implementering van bestuurstelsels om prestasie-inligting in die openbare sektor te definieer, in te samel, daaroor verslag te doen en te gebruik. Die RBPPI beklemtoon dat prestasie-inligting noodsaaklik is om die aandag van die publiek en toesighoudende liggame te fokus op die feit of openbare instansies waarde vir geld bied deur hul prestasie met begrotings en diensleweringsplanne te vergelyk en om bestuurders attent te maak op gebiede waar regstellende maatreëls vereis word.

## Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP)

Die Nywerheidsbeleidaksieplan (NBAP) is stewig verskans in die regering se algehele beleid en planne om aandag te skenk aan die belangrikste uitdagings van ekonomiese en nywerheidsgroei en rasgebaseerde armoede, ongelykheid en werkloosheid. NBAP 2018 is ’n produk van die kluster Ekonomiese Sektore, Indiensneming en Infrastruktuurontwikkeling (ESIIO). Die verantwoordelikheid vir die implementering daarvan lê by die regering as ’n geheel en ’n wye reeks entiteite, insluitend MSB’e.

NBAP 2018 fokus op die volgende 10 sleuteltemas wat die werk van die DHNM inlig en as ’n padkaart vir die breër nywerheidspoging dien:

- Groei die ekonomie.
- Versterk pogings om die gesamentlike binnelandse vraag te verhoog – hoofsaaklik deur die lokalisering van openbare verkryging en toenemende pogings om die privaat sektor te oorreed om lokalisering en plaaslike verskafferontwikkeling te ondersteun.
- Versterk Suid-Afrika se uitvoerpoging.
- Skep en versterk beleidsekerheid en programbelyning.
- Versterk volgehoue pogings om ’n minder gekonsentreerde, meer mededingende ekonomiese en vervaardigings-omgewing te bou waarin hindernisse tot toegang vir nuwe toetreders verminder word.
- Bou ’n sterker stelsel van nywerheidsfinansiering en aansporings om hoër vlakke van investering deur die privaat sektor in die produktiewe sektore van die ekonomie en die groei van uitvoere te ondersteun en te verseker.
- Gaan onverwyld voort met tegnologie-intensiewe, waardetoevoegende benefisiëringsprojekte wat Suid-Afrika se vergelykende hulpbronbesitvoordeel ten volle as ’n globale mededingende voordeel benut.
- Optimaliseer tegnologie-oordrag en -verspreiding en, in noue samewerking met die Departement van Wetenskap en Tegnologie, versterk die poging om navorsing en ontwikkeling ‘van eie bodem’ in sleutelsektore te kommersialiseer.

- Ondersteun die verdere versterking van energiedoeltreffende produksie en koolstofmatigingspogings en -maatreëls wat sal help om energie-intensiewe sektore van die ekonomie om te skakel sodat besigheidsmededingendheid gehandhaaf word en uitvoergeleenthede gehandhaaf word en groei.
- Verstaan, begryp en berei voor vir die voorsienbare gevolge van die digitale industriële revolusie en opkomende ontwrigtende tegnologieë, en werk saam om Suid-Afrika se produktiewe en dienstesektore vir hierdie uitdagings aan te pas, insluitend dié wat met werkverplasing verband hou.

## Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die sleutelbegrippe van die NOP is:

- Vereniging van Suid-Afrikaners rondom ’n gemeenskaplike program;
- Inwoners wat aktief in hul eie ontwikkeling is;
- Sneller en meer inklusiewe ekonomiese groei;
- Die bou van vermoëns;
- ’n Bevoegde staat; en
- Leierskap en verantwoordelikheid regoor die samelewing.

## Die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Rekonstruksie- en Herstelplan, 2020

Die sleutelbegrippe van die plan is:

- Die bevordering van investering in infrastruktuur in oorleg met die privaat sektor om werkskepping te stimuleer;
- Om energiesekerheid te bereik deur die elektrisiteitsvoorsieningskanaal vir onafhanklike kragprodusente oop te stel;
- Digitale bevordering met breedgebaseerde spektrum veilingsvordering en ’n verbintenis om die kapasiteit van die “staat” te verbeter;
- ’n Verslapping van die regulatoriese omgewing ter verbetering van die gemak van sake doen en die gepaardgaande poging om kleinsake te ontwikkel;
- Die bekendstelling van e-visums om toerisme te bevorder; en
- ’n Skema om jongmense in diens te neem om onderwysers met onderrig behulpsaam te wees.

Hierdie nasionale herstelplan sluit aan by ’n aantal temas binne die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan.

## Nasionale Evalueringbeleidsraamwerk, 2011

Die Nasionale Evalueringbeleidsraamwerk (NEBR) verskaf die grondslag vir ’n minimum stelsel van evaluering regoor die regering asook ’n gemeenskaplike taal vir evaluering in die staatsdiens. Die oogmerk is om evaluasies van goeie gehalte te verseker wat inligting verskaf oor wat werk en wat nie werk nie, en wat dus sal help om die doeltreffendheid en impak van die regering se werk te verbeter. Om prestasie te verbeter, beklemtoon die raamwerk die behoefte om geloofwaardige en objektiewe evaluasie-afgeleide bewyse in beplanning, begroting, organisatoriese verbetering en beleidshersiening, en in program- en projekbestuur te gebruik.

## Nasionale Herstelplan vir die Toerismesektor

Die COVID-19-pandemie het ’n diepgaande invloed op die globale toerismesektor gehad. Regerings regoor die wêreld moes die nodige maatreëls instel om die verspreiding van die koronavirus te beperk sodat die kapasiteit van die gesondheidstelsel nie deur die tempo van oordrag oorweldig word nie. ’n Direkte gevolg hiervan was ’n wêreldwye beperking van beweging wat ’n nadelige uitwerking op die globale kapasiteitsbenutting van die toerismesektor gehad het. Die Nasionale Herstelplan vir die Toerismesektor is saamgestel om die pogings met betrekking tot toerismeherstel ná COVID-19 te lei. Drie strategiese temas is sentraal tot Suid-Afrika se herstel: Die vraag moet weer aangewakker word, die aanbod moet hernu word en die instaatstellende bevoegdheid moet versterk word. Tien strategiese aanbevelings word onder elk van hierdie temas voorgestel, tesame met bepaalde aksies, tydraamwerke en verantwoordbaarheid.

## Nasionale Toerismesektorstrategie (NTSS)

Navorsing dui daarop dat daar nog talle geleenthede vir toerismegroei in die land is wat nie ten volle ontgin word nie. Dit het daartoe gelei dat die nasionale Departement van Toerisme, onder leiding van die Minister van Toerisme, 'n inklusiewe proses bestuur om 'n Nasionale Toerismesektorstrategie op te stel om die verantwoordelike groei van die toerismebedryf vanaf 2016 tot 2026 te inspireer en te versnel.

Die NTSS stel vyf pilare voor, met spesifieke fokusareas wat 'n nasionale, provinsiale en plaaslike perspektief het.

Pilaar 1: Doeltreffende bemarking vir 'n samehangende benadering om Suid-Afrika te bevorder om 'n voorkeurbestemming te word en om die omskakelingskoers te verbeter.

Pilaar 2: Fasilitering van gemak tot toegang sodat toeriste moeitevry kan reis en toegang tot deelname aan toerisme kan geniet.

Pilaar 3: Die besoekerervaring om ervarings van gehalte aan toeriste (sowel binnelands as buitelands) te bied om kliëntetevredenheid te verseker en terugkerende besoekers te inspireer.

Pilaar 4: Bestemmingsbestuur vir die volhoubare ontwikkeling en bestuur van die toerismesektor.

Pilaar 5: Breedgebaseerde voordele om die bemagtiging van voorheen gemarginaliseerde ondernemings en landelike gemeenskappe te bevorder om inklusiewe groei van die sektor te verseker.

## OneCape2040

OneCape2040 is 'n daadwerklike poging om 'n oorgang na 'n inklusiewer en veerkragtiger ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaapse streek te stimuleer. Dit is 'n visie en strategie vir die samelewing, eerder as 'n plan van die regering, hoewel al drie vlakke van regering noodsaaklik is vir die implementering daarvan. Dit vervang nie enige bestaande statutêre planne wat van die provinsie of munisipaliteite vereis word nie. Dit is eerder bedoel om 'n verwysingspunt en riglyn vir alle belanghebbendes te wees om:

- nuwe denke en kritiese samesprekings oor die toekoms te bevorder;
- 'n gemeenskaplike agenda vir samewerking tussen die privaat sektor, openbare sektor en die burgerlike samelewing daar te stel;
- staatsoptrede en investeringsbesluite te help belyn;
- die veranderinge wat ons moet aanbring om by ons (snel) veranderende plaaslike en globale konteks aan te pas, te fasiliteer; en
- aan die vereistes vir ons ontwikkeling, volhoubaarheid, insluiting en mededingendheid aandag te skenk.

## Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2019 – 2024

Die PSP 2019 – 2024 is 'n vyfjaarplan wat die Wes-Kaapse Regering se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Dit bestaan uit vyf Visie-geïnspireerde prioriteite, naamlik:

- Visie-geïnspireerde prioriteit 1: Veilige en samehorige gemeenskappe;
- Visie-geïnspireerde prioriteit 2: Groei en werksgeleenthede;
- Visie-geïnspireerde prioriteit 3: Bemagtiging van mense;
- Visie-geïnspireerde prioriteit 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie; en
- Visie-geïnspireerde prioriteit 5: Innovasie en kultuur.

## Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP)

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan (PSIP) dien as die implementeringstrategie vir die Provinsiale Strategiese Plan 2019-24, asook die belangrikste provinsiale prioriteite. Die Groei vir Werksgeleenthede-strategie sal as die provinsie se oorkoepelende ekonomiese strategie die Werkprioriteit van die PSIP en Herstelplan vervang.

Die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan fokus op ingrypings binne die WKR wat die drie prioriteite van 1) werksgeleenthede; 2) veiligheid; 3) welstand ondersteun; en op die instaatsteller van innovasie, kultuur en regeringsbestuur. Namate nuwe strategiese inisiatiewe ontstaan en nuwe verbintenisse aangegaan word, sal dit by die PSIP gevoeg word, en voltooide of ondoeltreffende inisiatiewe sal teruggetrek word, aangesien die PSIP as ’n lewende dokument beskou word.

Tabel 2: Prioriteite en fokusareas van die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan

| Prioriteite en fokusareas van die Provinsiale Strategiese Implementeringsplan in 2022/23 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Werkskepping: vaardighede en indiensneembaarheid en werkskepping in die openbare sektor | Instaatstellende omgewing | Sektorontwikkeling en mededingendheid | Investering | Hulpbron-veerkragtigheid | Infrastruktuur |

## SA Connect

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Breëbandbeleid (in Desember 2013 aanvaar) bied ’n raamwerk vir ’n kragtige telekommunikasie-omgewing in die land. Die beleid stem ooreen met die NDP en verklaar dat die ekonomiese benefisiëring vir breëbandinfrastruktuur slegs kan plaasvind as die volgende voorwaardes nagekom word:

- Breëband moet ’n kritieke massa van Suid-Afrikaners bereik;
- Toegang tot breëband moet bekostigbaar wees;
- Vaardighede aan die vraagkant moet ontwikkel word sodat breëbanddienste doeltreffend gebruik kan word; en
- Vaardighede aan die aanbodkant moet ontwikkel word sodat die ekonomiese en innoverende potensiaal van breëband ontgin kan word.

Ander pertinente beleide wat die IKT-sektor beïnvloed, sluit in:

- Witskrif oor die Nasionale Geïntegreerde IKT-beleid (2016);
- Nasionale e-Strategie (2017);
- Aanbevelingsverslag van die Presidensiële Kommissie oor die Vierde Industriële Revolusie (2020); en
- Nasionale Strategie oor Digitale en Toekomstige Vaardighede (2020).

## Wes-Kaapse Breëband- Strategiese Raamwerk (2012)

Die raamwerk sit ’n holistiese benadering uiteen vir toegang (infrastruktuur) tot, gereedheid van en gebruik deur die regering, inwoners en besighede ten einde dienslewering deur die regering te verbeter, inwoners se toegang tot geleenthede en inligting te versterk, en ekonomiese mededingendheid te verhoog.

## Wes-Kaapse Groenekonomie Strategiese Raamwerk

Die doel van die raamwerk is om die Wes-Kaap te posisioneer as die laagste koolstof-provinsie in Suid-Afrika en die vooraanstaande groenekonomie-middelpunt op die Afrika-vasteland ten einde volhoubare groengroei en -ontwikkeling te bewerkstellig.

## Wes-Kaapse Herstelplan

Die drie fokusareas wat as die pilare van die Wes-Kaapse Herstelplan gekies is, is WERKSGELEENTHEDE, VEILIGHEID EN WELSTAND. Die fokusarea *werksgeleenthede* erken dat hoewel die privaat sektor die primêre ontwikkelaar van werk is, dit die rol van die WKR is om toestande te skep waarin werk en lewensbestaan geskep en volhou kan word.

Die pilaar *veiligheid* erken dat die WKR daartoe verbind is om die provinsie ’n veiliger plek vir alle inwoners en besoekers te maak, en om te kyk na die oorsake en onderliggende risikofaktore wat tot gewelddadige en misdadige gedrag lei. Die beste

manier om dit te laat slaag, is deur 'n hele-samelewing-benadering wat gebou is op sterk medewerking en vennootskappe waarin elke individu, ouer, organisasie en instansie hul deel doel om geweld te verminder.

Die WKR het *welstand* gestel as nog 'n pilaar in die kern van wat die regering doen om geleidelik die fundamentele regte in die Grondwet te laat realiseer en om die menswaardigheid van alle inwoners van die Wes-Kaap te bevestig. Die doelstelling is om menslike behoeftes soos onderwys, gesondheid, veiligheid, skuiling, ordentlike lewensomstandighede en toegang tot ekonomiese geleenthede te behandel.

Die *Werksgeleenthede*-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan stem met die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en met die onmiddellike ingrypings ooreen. Die hoofprioriteite van die departement wat met die *Werksgeleenthede*-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan belyn is, is:

- Versnel die gemak van sake doen;
- Versterk investering en uitvoere;
- Ondernemingsontwikkeling;
- Bevorder werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkeling vir werkloses; en
- Ekonomiese veerkragtigheid.

## Groei vir Werksgeleenthede-strategie


Die Groei vir Werksgeleenthede-strategie (G4J) het 'n baie duidelike visie van:

> *'n Provinsiale ekonomie wat uitbraak- ekonomiese groei bereik, met gevolglike voldoende indiensneming en geleenthede en 'n ekonomie wat volhoubaar, veerkragtig, divers en florerend is – wat vertroue, hoop en vooruitgang vir almal bring.*

Met 'n doelstelling dat:

> *Die Wes-Kaap teen 2035 in reële terme 'n inklusiewe ekonomie van R1 triljoen sal wees en teen tussen 4% en 6% per jaar sal groei. Dit sal bereik word deur die instaatstelling van 'n mededingende besigheidsomgewing waarin groei gedryf word deur besighede wat geleenthede ontgin.*

Die Groei vir Werksgeleenthede-strategie erken dat 'n ekonomie 'n komplekse stel interaktiewe elemente is, en om hierdie rede vereis en versterk sinergieë tussen individuele komponente 'n bemagtigende besigheidsomgewing wat markgroei stimuleer en groeigeleenthede ondersteun.





'n Proses van ontleding en gesprekvoering het daartoe gelei dat sewe prioriteitsfokusareas (PFA's) vir die strategie geïdentifiseer is om oor die kort- en mediumtermyn te implementeer. Die sewe PFA's konsentreer op die belangrikste beperkings in netwerkbedrywe en op die elemente wat noodsaaklik is om totalefaktorproduktiwiteit en mededingendheid te verhoog.




Die departement sal met die Groei vir Werksgeleenthede belyn en steeds volgens die PSIP lewer.

## 8. ORGANISATORIESE STRUKTUUR




ADG
EKONOMIESE BEDRYWIGHEDE
Mnr. R. Toefy
HOOFDIREKTEUR
FINANSIËLE BESTUUR
Me. M. Abrahams
DIREKTEUR
STRATEGIESE EN BEDRYFS-ONDERSTEUNING
Me. C. Julies
HOOFDIREKTEUR
EKONOMIESE INSTAATSTELLING
Mnr. J. Peters
DIREKTEUR
ONDERNEMINGS-ONTWIKKELING
Mnr. J. Wolmarans
DIREKTEUR
ROMPSLOMP-VERMINDERING
Me. M. Ellis
DIREKTEUR
MUNISIPALE EKONOMIESE ONDER-STEUNING
Me. F. Dharsey
HOOFDIREKTEUR
EKONOMIESE SEKTOR-ONDERSTEUNING
Me. I. van Schalkwyk
DIREKTEUR
AGRIVERWERKING-SEKTOR
Mnr. G. Dingaan
DIREKTEUR
OLIE, GAS EN MARITIEM
(Vakant)
DIREKTEUR
DIENSTE- EN IKT-SEKTOR
(Vakant)
DIREKTEUR
TOERISME
Mnr. J. Stoltz
DIREKTEUR
VERVAARDIGING
(Vakant)
HOOFDIREKTEUR
VAARDIGHEIDS-ONTWIKKELING
Mnr. N. Joseph
DIREKTEUR
VAARDIGHEIDS-AANSPORINGS
Me. R. Loghdey
DIREKTEUR
VAARDIGHEIDS-PROGRAMME EN -PROJEKTE
(Vakant)
DIREKTEUR
PROVINSIALE VAARDIGHEDE EN VENNOOTSKAP
Me. M. Parker
DIREKTEUR
BESIGHEIDS-REGULERING
Mnr. A. Searle

# 9. ENTITEITE WAT AAN DIE MINISTER RAPPORTEER

Die tabel hieronder dui die entiteite aan wat aan die Minister/LUR rapporteer.

| Naam van entiteit | Wetgewende mandaat | Finansiële verwantskap | Aard van bedrywighede |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderings-agentskap (Wesgro) | Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderings-agentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) | Ontvanger van oordragbetaling | Wesgro is die amptelike Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap vir die Wes-Kaap |
| Saldanhabaai Nywerheids-ontwikkelingsone Lisensiërings-maatskappy (Vryhawe Saldanha) | Wet op Saldanhabaai Nywerheids-ontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy, 2016 (Wet 1 van 2016) | Ontvanger van oordragbetaling | Die SBNOS Lisensiëringsmaatskappy is verantwoordelik vir die ontwikkeling, bevordering, bedryf en bemarking van die nywerheidsontwikkelingsone in die Saldanhabaai-gebied, asook aanvullende aktiwiteite wat vir die vestiging van die NOS vereis word. |
| Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone-maatskappy (ASES-maatskappy) | Wet Spesiale Ekonomiese Sones, 2014 (Wet 16 van 2014 | Ontvanger van oordragbetaling | Die ASES-maatskappy is verantwoordelik vir die beplanning, ontwikkeling, bevordering en bestuur van die groentegnologie- Spesiale Ekonomiese Sone in Atlantis, Kaapstad. |





Deel

# B

# PRESTASIE-INLIGTING



# 1. VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL: VOORAFBEPAALDE DOELWITTE

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike versekering in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is by die verslag aan bestuur ingesluit, met wesenlike bevindings wat onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag gerapporteer word.

Verwys na bladsy 194 van die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel F: Finansiële Inligting.

# 2. OORSIG VAN DEPARTEMENTELE PRESTASIE

## 2.1 Diensleweringsomgewing

### Hoofdienste en kernfunksies

Die primêre fokus van die G4J-strategie is die instaatstelling van privaat sektor-geleide ekonomiese groei deur die daarstelling van 'n besigheidsomgewing wat bevorderlik vir groei is. Die prioritisering van 'horisontale instaatstellers' is bedoel om bindende beperkings op ekonomiese groei te oorkom en te verseker dat instaatstellers ondersteuning regoor die ekonomie bied.

In hierdie konteks is dié departement se sleutelfokusareas soos volg:

- Instaatstelling van privaat sektor-geleide ekonomiese groei deur horisontale bemagtiging en verbeterde mededingendheid;
- Ondersteun die privaat sektor-geleide ekonomiese groei deur behendig en responsief op geleenthede te wees; en
- Instaatstelling van privaat sektor-geleide ekonomiese groei deur markte met positiewe, aansporingsgebaseerde inisiatiewe en bevordering te stimuleer.

### Eise en veranderinge in diens

Die G4J-strategie bevestig dat dit die primêre fokus van die Wes-Kaapse Regering (WKR) is om 'n bevorderlike besigheids-omgewing in staat te stel, groeigeleenthede te ondersteun en markgroei te stimuleer. Dit bevat sewe prioriteitsfokusareas in horison een wat sal toesien dat die strategie suksesvol aan die visie uitvoering gee.

Die doelwit is om sistemiese en strukturele optimalisering te verseker, aangesien dit sekerheid en vertroue by die privaat sektor inboesem. Die toekomsrol van die WKR is dus om 'n instaatstellende besigheidsomgewing te bou om mededingendheid te versterk en om groei in die ekonomie en werkskepping te versnel. Dit sal volvoer word deur die grense van die grondwetlike mandaat van die Wes-Kaap te verskuif en vennootskappe met alle regeringsvlakke asook die privaat sektor aan te gaan om instaatstellers innoverend, doeltreffend en volgens skaal te lewer.

### Prestasie-omgewing

### Globale Ekonomiese Impak

Verskeie globale faktore vertroebel vooruitsigte vir Suid-Afrika en die Wes-Kaap oor die volgende jaar. Die Internasionale Monetêre Fonds het in Julie 2023 sy globale groeivoorspelling afwaarts aangepas na 3% in sowel 2023 as 2024[1]. Die IMF het gewaarsku teen die risiko's vir die wêreldekonomie wat voortspruit uit 'n verergering van die oorlog in die Oekraïne en uiterste weersverwante gebeure, wat tot meer beperkende monetêre beleid aanleiding sal gee. Onstuimigheid in die finansiële sektor kan hervat namate markte by verdere beleidsverskerping deur sentrale banke aanpas. China se herstel kan verlangsaam, deels as gevolg van onopgeloste eiendomsprobleme, met negatiewe oorloop oor grense. Soewereine skuldnood kan na 'n wyer groep ekonomieë versprei. Aan die positiewe kant kan inflasie vinniger daal as wat verwag is, wat die behoefte aan streng monetêre beleid verminder, en binnelandse vraag kan weer veerkragtiger wees.

Die risiko's wat in globale markte uiteengesit word, hou direkte gevolge vir Suid-Afrika en die Wes-Kaap in deur plaaslik verhoogde inflasie, waardedaling van rand en hoër rentekoerse. Die verwydering van hierdie risiko's sal groeivooruitsigte verbeter.

1. *Internasionale Monetêre Fonds. Julie 2023. Die globale herstel verlangsaam te midde van toenemende afwykings tussen ekonomiese sektore en streke.*

## Nasionale Ekonomiese Oorsig

Die Suid-Afrikaanse ekonomie is oor die afgelope jaar swaar deur ’n reeks globale en plaaslike ontwrigtings beïnvloed, onder meer ’n verlangsaming in globale ekonomiese groei, geopolitieke spanning, strenger monetêre beleid, onbetroubare infrastruktuur en ernstige kragtekorte. Die vooruitsigte vir hierdie jaar is somber, met min tot geen groei wat in 2023 verwag word nie. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het in Julie 2023 sy groeivooruitsig dienooreenkomstig na 0.4% hersien.

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het op die vergadering van 20 Julie 2023 die repokoers onveranderd op 8.25% gelos nadat dit sedert November 2021 tien keer na mekaar verhoog is. Die goewerneur van die Reserwebank het egter beklemtoon dat die rentekoersverhogings moontlik nog nie verby is nie, wat daarop dui dat besorgdheid oor inflasie steeds voortduur. Dit word veral as onwaarskynlik geag dat die SARB binnekort rentekoerse sal verlaag terwyl inflasionêre druk en swak reële BBP-syfers genavigeer word. Ekonome is egter vol hoop dat verbeterde inflasie en ’n aansienlik sterker rand verdere rentekoersverhogings sal stuit ná die SARB se langste stygende tydperk sedert 2006. Aan die positiewe kant verwag ekonome dat rentekoersverlagings in 2024 sal realiseer. Dit sal ’n welkome verligting vir verbruikers met skuld meebring en hulle van meer besteebare inkomste voorsien. Vanuit ’n breër makroëkonomiese perspektief het dit die potensiaal om verbruik en investering deur firmas ’n hupstoot te gee.

Die erns van beurtkrag en agteruitgaande spoor-, pad- en hawe-infrastruktuur het ’n beduidende impak op sakevertroue, met die vervaardiging- en kliëntgerigte kleinhandelsektor wat ’n skerp daling in optimisme ervaar. Die jongste sakevertroue-indeks (SVI) van RMB/BEN het van 36 in 2023K1 na 27 in 2023K2 gedaal.

## Wes-Kaapse Ekonomiese Uitsig

Die voorspelling is dat die Wes-Kaapse ekonomie in 2023 tot 0.8% sal verlangsaam nadat dit in 2022 met 2.7% gegroei het (IHS, 2023). Die ekonomiese klimaat bly ’n uitdaging vir die Wes-Kaapse ekonomie. Toerisme, hernubare energie en besigheidsprosesuitbesteding bied egter groeigeleenthede.

Die Wes-Kaapse BEN se sakevertroue-indeks het in 2023K1 met 5 indekspunte van 34 tot 39 indekspunte verbeter wat op ’n effense herstel in sakevertroue dui. Provinsiale SVI het egter jaar-tot-jaar ’n daling van 13 indekspunte ervaar, van 52 tot 39. Op 39 is die Wes-Kaapse SVI steeds onder die neutrale punt van 50 – ontmoedigend vir die provinsiale hersteltrajek en investeringsvooruitsigte.

As daar na die kwartaallikse arbeidsmagopnames (QLFS) vir die tweede kwartaal van 2023 gekyk word, was die Wes-Kaapse arbeidsmarkresultate positief. Die provinsie het kwartaal-tot-kwartaal ’n toename van 54 000 in werksgeleenthede gesien, asook ’n toename van 368 000 in werksgeleenthede jaar-tot-jaar. Die Wes-Kaap het die laagste werkloosheidskoers in die land. Die Wes-Kaap se amptelike werkloosheidskoers is 20.6% wat aansienlik laer as die nasionale werkloosheidskoers van 32.6% is. Daar is 715 000 werklose individue in die Wes-Kaap, met ’n afname in die getal werkloses van 15 000 kwartaal-tot-kwartaal en 176 000 jaar-tot-jaar. Die provinsie het die hoogste absorpsiekoers van 54.5% in die land aangeteken wat daarop dui dat daar meer werksgeleenthede in die Wes-Kaap is. Konstruksie (103 000), vervoer (73 000), gemeenskaps- en maatskaplike dienste (71 000) en vervaardiging (68 000) het aansienlik tot die provinsie se jaar-tot-jaar toename in werksgeleenthede bygedra.

Die Wes-Kaap se toerismesektor toon steeds ’n sterk herstel ná die COVID-19-pandemie. ACSA-data vir Kaapstad Internasionale Lughawe (KIL) vir Julie 2023 toon ’n merkwaardige jaar-tot-jaar toename van 36% in internasionale passasiers. Dit oortref die pre-COVID-vlakke in wese met 18.7%[2] wat ’n beter winterseisoen as in die afgelope jare aandui. Die groei kan aan veelvuldige direkte vlugte tussen Kaapstad en ander belangrike markte[3] toegeskryf word. Die laer rand maak die Wes-Kaap ook meer mededingend en lok meer toeriste.

2. *Wesgro. 2023. Navorsingoorsig van Toerisme.*
3. *ACSA. 2023. Kluster 2-herstelverslag.*

Uitvoere groei steeds nadat dit deur die wêreldwye pandemie geraak is. Volgens IHS het die Wes-Kaapse uitvoere in 2022 met 16.2% tot R194 miljard gestyg. Gevolglik het uitvoere as 'n persentasie van die BBP ook tot 21.3% in 2022 gestyg, vanaf 19.7% in 2021.

## Oorsig van die boekjaar 2022/23

Dit is die fundamentele oortuiging van hierdie departement dat ekonomiese groei die fondasie is van alle suksesvolle ontwikkeling en dat groei grotendeels gedryf word deur die privaat sektor wat in 'n markomgewing bedryf word. Die rol van die staat is dus om 'n instaatstellende besigheidsomgewing te skep en te handhaaf, en om vraaggeleide, privaat sektor-gedrewe ondersteuning aan verhandelbare of aandrywende sektore, nywerhede en besighede te voorsien.

## Gemak van sake doen

Versnel die gemak van sake doen (GvSD) is as een van DEOT se vyf prioriteite geïdentifiseer. Die eenheid vir rompslompvermindering (ERV) het vir die oorsigtydperk GvSD gelei en aangedryf, en het 'n tweeledige benadering gevolg om knelpunte in die besigheidsomgewing aan te pak:

- Reaktief/responsief (deur sy reaksie op gevalle wat by sy Besigheidsondersteuningshulplyndiens aangemeld is)
- Pro-aktief wat poog om wetgewing, prosesse, kommunikasie en kulturele tekortkominge te identifiseer wat 'n hindernis tot besigheid of doeltreffendheid in die regering uitmaak.

Die gevallebestuursprogram is reeds 'n geruime tyd een van die eenheid se ingrypings, waardeur kliënte/besighede wat geblokkeer is en/of 'n hindernis ervaar, met die departement skakel en amptenare aangewys word om 'n oplossing te help bied. Die gevallebestuursprogram stel die eenheid in staat om die identifisering van tendense en sistemiese kwessies wat in spesifieke sektore heers, beter te verstaan. 519 gevalle is in die oorsigtydperk aangeteken, met 'n oplossingskoers van 91% en 'n tevredenheidskoers van 80%. Die tevredenheidskoers word gemeet deur 'n opname onder kliënte wat toegang tot die Hulplyn verkry. Terugvoering van die opname stel die eenheid in staat om sy diens voortdurend te verbeter.

Die ERV het die vermindering van rompslomp aangepak deur 19 projekte te implementeer wat verbeteringsmaatreëls vir besigheidsgerigte dienste behandel. Een van dié 19 ingrypings wat 'n noemenswaardige sukses is, is die vennootskap met die Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO). Die ERV het befondsing aan die WKDO verskaf wat daartoe sal bydra dat die verwerkingstyd per dranklisensie-aansoek oor die kort termyn verminder sal word. Fase 1 van die projek het op die outomatisering van nuwe lisensie-aansoeke gefokus. Die ingryping en vennootskap vir die oorsigjaar het op die outomatisering van sekondêre aansoeke ten opsigte van bestaande lisensies gekonsentreer.

As 'n voortgesette poging om besigheidsgerigte dienste te verbeter, en na aanleiding van die bekendstelling van die Munisipale GvSD in 2021/22, het die ERV 'n R10 miljoen- Munisipale GvSD-fonds gestig om proaktief in oorleg met plaaslike munisipaliteite te werk om besigheidsgerigte dienste, institusionele kapasiteit (om GvSD te implementeer) en regulatoriese hervorming in munisipaliteite te verbeter. Die eenheid het 16 projekte in 11 munisipaliteite geïmplementeer. Hierdie projekte het gewissel van die digitalisering van verskeie munisipale dienste, gevallebestuurstelsels (soortgelyk aan die een wat vir die Besigheidsondersteuningshulplyn gebruik word), opdatering van soneringskaarte asook die optimalisering van die huidige bouplanprosesse by Stellenbosch Munisipaliteit. Hierdie ingrypings het aansienlik bygedra tot die GvSD-omgewing in munisipaliteite vir besighede.

Van die tasbare suksesse behels die befondsing van verbeteringsingrypings wat daartoe gelei het dat 14 besigheidsgerigte regeringsdienste gedigitaliseer is. Die uitkoms hiervan was die vaartbelyning van prosesse, die digitalisering van dienste, en die verbetering van bedryfsdoeltreffendheid vir die gemak van sake doen in munisipaliteite. Die digitalisering van besigheidsgerigte dienste het 'n breë spektrum gedek, insluitend (maar nie beperk nie tot) die digitalisering van die proses vir informele handelspermitte, vir aansoeke om besigheidslisensies en vir filmpermitte in geselekteerde munisipaliteite.

As gevolg van dié digitalisering het munisipaliteite begin met die oorgang na papierlose prosesse, insluitend kommunikasie en rekordhouding wat nou elektronies geargiveer word. Die fonds ter waarde van R10 miljoen was 'n groot sukses vir sowel die

ERV, besighede, inwoners as die munisipaliteite. Dit het beteken dat rompslomp verminder is en dat ekonomiese aktiwiteite as gevolg van die befondsde projekte bevorder is. Die bydraes en samewerking van alle belanghebbendes in die fonds sal dienslewering aan besighede verbeter en ekonomiese aktiwiteit in verskeie streke van ons provinsie stimuleer.

Die eenheid het as deel van die breër GvSD-kultuurprogram opleiding in lenige bestuur regoor die Wes-Kaapse Regering bekendgestel. Die departement het die opleiding in lenige bestuur vir geïdentifiseerde amptenare uit verskeie departemente gefasiliteer. Een-en-veertig amptenare van verskillende departemente soos die Departement van die Premier (DvdP) en die departemente van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DO&OP), Landbou en Menslike Nedersettings (nou Infrastruktuur) was ontvangers van die opleiding. Die opleiding was ’n merkwaardige sukses en op grond van die resultate van ’n opname het amptenare versoek dat senior bestuurders in hul departemente die opleiding bywoon. Amptenare het vir hul departemente sleutelprosesse geïdentifiseer waar instrumente en metodologieë vir lenige bestuur toegepas word om afval te verminder en hulpbronne en tyd te bespaar. Amptenare het maniere geïdentifiseer waarop sleutelprosesse vir die WKR verbeter kan word om tyd en koste te bespaar, asook maniere waarop beter dienste aan inwoners van die provinsie deur die toepassing van die benadering tot lenige bestuur verskaf kan word.

Die eenheid het op grond van die behoefte om bewustheid oor rompslompvermindering en die GvSD te skep, 16 ingrypings op munisipale en provinsiale vlak gefasiliteer. Belanghebbendes het verteenwoordigers van verskeie munisipaliteite, provinsiale departemente asook die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (SALGA) ingesluit. Elke bewusmakingsessie het ’n voor- en na-opname-element gehad sodat die eenheid die vlak van bewustheid kon verstaan om die aard van voorleggings in komende jare te bepaal.

Die eenheid het as deel van die uitvoering van sy mandaat om besighede met ingrypings vir rompslompvermindering behulpsaam te wees, saam met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) ’n ingryping oor verskeie belastingaansporings en -voordele as deel van Entrepreneurskap-maand aangebied. Verskeie sosiale media- en kommunikasie-ingrypings het plaasgevind om toegang tot inligting oor die SAID vir besighede te verbeter, asook inligting met betrekking tot nakoming vir opkomende kontrakteurs as deel van die mandaat vir die Boubedryfontwikkelingsraad (BBOR). Hierdie ingrypings was van kritieke belang om die hindernis van toegang tot inligting – wat besighede en beginners kan teëkom wanneer hulle in die ekonomie meeding – te verwyder. Die eenheid het ook die geleentheid gehad om te skakel met Jeugkafee-bestuurders van niemetropolitaanse gebiede oor die mandaat van die eenheid, die Besigheidsondersteuningshulplyndiens, en belangrike nakomingsinligting wat op die ERV se webwerf beskikbaar is (insluitend digitale produkte om toegang tot inligting moontlik te maak).

Die ERV het die regulatoriese hervormingsagenda uitgevoer deur kommentaar te lewer op verskeie stukke konsepwetgewing en -beleide soos die Wysigingswetsontwerp op Kopiereg, benewens die ontwikkeling van modelbeleide en -verordeninge as hulpmiddels vir munisipaliteite om geselekteerde verordeninge te stroomlyn. Die eenheid het ook sy vennootskap met die Stad Kaapstad in die uitrol van Regulatoriese Impakbepalings (RIB’s) voortgesit as ’n hulpmiddel om beter regulering te verseker. Die ERV het sy verhouding met die Stad Kaapstad verstewig deur deel uit te maak van die projekspan om ’n RIB vir die Stad Kaapstad se konsepbeleid oor mobiele besigheid uit te voer. Mobiele besighede is deur die verordening insake informele handel gereguleer en moes aan die nakomingsvereistes vir formele besighede voldoen. Die eenheid het kennis geneem van die Stad Kaapstad (die Stad) se opstelling van die beleid, het die beleid nagegaan en het ’n paar knelpunte gevind wat ’n negatiewe impak om mobiele besighede het. ’n Aanvanklike RIB is in oorleg met die Stad gedoen om die potensiële impak op kleinsake en die informele sektor te assesseer.

## Prioriteit vir investerings en uitvoere

Investering in die Wes-Kaap verg fasilitering en bevorderingsaktiwiteite. DEOT speel ’n rol daarin om deur middel van sektorontwikkeling, katalitiese infrastruktuur, en programme vir gemak van sake doen ’n bevorderlike omgewing vir investeerders te skep, terwyl die drie openbare entiteite investeringsbevordering en -fasilitering hanteer vir investering in nuwe en beboude gebiede en om bestaande firmas met uitbreidingsinisiatiewe te ondersteun. Die afhandeling van die investering- en uitvoerstrategie was gedurende die 2022/23-begrotingsiklus ’n prioriteit vir die departement en sy entiteite ten einde belangrike insette op die G4J-strategie te lewer. Dit sal in 2023/24 afgehandel en bekendgestel word. Investering en uitvoere is albei

prioriteitsfokusareas vir G4J, en die programme vir elke area is in die boekjaar 2022/23 uitgebrei met verdere ondersteuning en fokus wat in toekomstige departementele aktiwiteite in alle programme duidelik sal wees. Investeringsbevordering is geprioritiseer en begrotings hoofsaaklik bewillig vir die drie openbare entiteite wat elkeen 'n kritieke rol in investeringsbevordering speel. Wesgro, as die leidende investeringsbevorderingsagentskap (IBA) van die Wes-Kaap, ondersteun deur Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk., is gewettig om investering aan te moedig in 'n bepaalde geografiese gebied ten opsigte van spesifieke sektore, soos Atlantis SES wat gewettig is om groeninvestering in die provinsie vir 'n bepaalde sone binne die Kaapse Metro aan te lok.

### Wes-Kaapse Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderingsagentskap (Wesgro)

Wesgro is die openbare entiteit verantwoordelik vir uitvoer-, investerings- en toerismebevordering. Die prioriteite vir die entiteit is soos volg:

*Investeringsbevordering:*

Hierdie eenheid in Wesgro het hoofsaaklik op die ontwikkeling van 'n grondige investeringstrategie asook strategieë vir sakebehoud en -uitbreiding gefokus. In hierdie verband word voorspraak by die nasionale regering en ander relevante belanghebbendes gelewer om beleide en aansporings te ontwikkel wat relevant vir en responsief op die privaat sektor se behoeftes is, en wat buigsaam genoeg is om hierdie behoeftes te akkommodeer. Die investeringwerwingsmissie se pogings deur datagehalteverbetering word met behulp van betroubare investeringvloei-ontledingsinstrumente en -platforms versterk. Die klem was dus op die verbetering van die besigheidsomgewing vir sowel binnelandse as buitelandse maatskappye, asook belyning met nasionale inisiatiewe om investering te lok vir nuwe besighede of besighede wat hul huidige aktiwiteite wil uitbrei. Wesgro het vir die boekjaar 2022/23 'n bedrag van R4.1 miljard se verbonde investering vir die provinsie gefasiliteer, met 1 507 werksgeleenthede wat as gevolg van dié verbonde investering geskep is. Meer as 50% van die direkte investerings in die provinsie is van buitelandse investeerders afkomstig, met Noorweë, Duitsland en die Verenigde State wat vir die oorsigtydperk die voorste buitelandse investeerders in die Wes-Kaap was.

*Uitvoerbevordering:*

Hierdie eenheid het gefokus op die verskaffing van markintelligensie om besluitnemingsprosesse deur maatskappye te ondersteun, asook om voorspraak by die nasionale regering te lewer om internasionale markte te kies waarvoor ondersteuning aan maatskappye verskaf sal word deur goeie markontleding te gebruik en die privaat sektor te raadpleeg.

Die eenheid het ook gefokus op die verskaffing van die nodige ondersteuning aan maatskappye deur uitwaartse verkoopsmissies en die bywoning van internasionale handelskoue; die identifisering van handelsversperrings, sowel tarief- as nietariefversperrings (NTV's); deur voorspraak en advieslewering aan sektore en die nasionale regering oor die beste oplossings. Ingrypings was onder meer die bevordering van handelsooreenkomste en hulpverlening aan maatskappye om die vereiste in-mark-sertifisering vir nakoming te bekom – insluitend dié van stelsels en prosesse. Handelsooreenkomste met 'n geskatte waarde van R3.1 miljard is gedurende die boekjaar 2022/23

onderteken, wat gelei het tot 906 werksgeleenthede wat as gevolg van dié handelsooreenkomste geskep is.

*Bestemmingbemarkingsorganisasie (BBO – Toerisme):*

Die departement het gedurende die boekjaar 2022/23 'n bedrag van R65 573 000 aan Wesgro se bemarkingsafdeling bewillig. Hulle het op die volgende gefokus: aktiwiteite rondom bemarking en toerisme- en handelsinvestering deur vennootskappe in die belangrike bronmarkte; digitale instandhouding en inhoudskepping vir die webwerf en sosialemediaplatforms; sakegeleenthede (vergaderings, konferensies, aansporingsreis, en uitstallings); belanghebbendebestuur en -skakeling; lugtoegang en die aktiwiteite vir Airlift en roeteherstel ná COVID-19 vir sowel buitelandse as binnelandse aankomste in die Wes-Kaap; plesiervaarte deur die Cruise Cape Town-projek; bevordering van sport- en avontuurtoerisme; bevordering van kultuur- en erfenistoerisme; bevordering van voedsel- en wyntoerisme; en bevordering van Cape of Great Events om die impak van geleenthede in die provinsie te verhoog en die toekomstige pyplyn vir geleenthede uit te brei. Wesgro het 'n geskatte ekonomiese impak van R423,8 miljoen deur die omskakeling van 30 konferensiebieë behaal. Hulle het hul jaarlikse teikens vir die getal gesamentlike bemarkingsooreenkomste asook vir die getal bemarkingsooreenkomste vir ontspanningsgeleenthede aangegaan oorskry.

### Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha)

Afgesien van die aanslag van die pandemie wat die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) beïnvloed en oponthoude en verskuiwing in investering in die maatskappy deur die privaat en openbare sektor veroorsaak het, het die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) voldoende robuustheid getoon om die nodige veranderinge aan sy Strategiese Plan te weerstaan. 'n Hersiene besigheidsraamwerk vir 2021 en daarna is aan die Raad voorgelê en deur hulle aanvaar, aangesien die grondbeginsels van die besigheid se strategiese prioriteite nie verander het nie.

Een van die beleidsopwegings wat saam met die WKR in die hersiene besigheidsraamwerk geïdentifiseer is, is die sterk fokus op kommersiële selfvolhoubaarheid, want ingeval die maatskappy nie staatsbefondsing kan ontvang nie of minder fondse of huur ontvang, soos tans voorspel word, moet alternatiewe maatreëls ingestel word om die risiko te versag. Die organisasie se hulpbronne moet gebruik word om inkomste vir die finansiële volhoubaarheid van die maatskappy te genereer. Dit is geïnisieer deur metodes soos die benutting van kapitaalbates van die spesiale ekonomiese sone (SES), om vennote te kry om die grondbates te ontwikkel en/of om eie kliënte in te bring om in die SES op te stel, of om befondsing van alternatiewe bronne te bekom; en die raad en bestuur benut die bestaande goeie regeringsbestuurstelsels en prosesse om hierdie risiko proaktief te evalueer.

Die bemarking en bevordering van Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) lok baie belangstelling deur die mark om kantoorruimte te huur. Verbeterings is aan die Access Complex aangebring om seker te maak dat meer ruimte vir verhuring gereed is. Daar is steeds uitdagings met beurtkrag en die gepaardgaande styging in lopende koste. IKT-veselinfrastruktuur, as deel van die uitrol van munisipale vesel, is geprioritiseer.

Die Projekverhuringsfasiliteit (PVF) se pyplyn bly 'n bron van kommer met die Onafhanklike Kragprodusent- (OKP)- program wat oponthoude op bodvenster 4b, 5 en 6 ervaar, soos aanvanklik voorspel is. Hulpbronne is bestee om die PVF-pyplyn te herbou, hoewel daar geen onmiddellike projekte vir die jaar was nie. Projekte met abnormale vrag het lang lewertye en sal na verwagting eers gedurende die boekjaar 2023/24 aankom.

Die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) het in reaksie op die Markvraagontleding van 2021 begin om op ontwikkelings in die energiemark te fokus. Die sone het gevolglik sterk markbelangstelling vir die ontwikkeling van 'n groenwaterstofsentrum in die gebied ontvang en Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) het dienooreenkomstig gereageer. Aktiwiteite behels onder meer samewerking met nasionale, provinsiale en plaaslike regering om die ontwikkeling van 'n groenwaterstofsektor te identifiseer en te prioritiseer. Hoogtepunte sluit in:

- Aankondiging van 'n Memorandum van Verstandhouding (MVV) tussen die regerings van die Noord-Kaap en die Wes-Kaap om saam te werk aan die ontwikkeling van die Wes-Suid-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOW) Groenwaterstofkorridor;
- Aankondiging van Strategiese Geïntegreerde Projekte (SGP'e) vir Saldanha. Een projek is reeds in die Staatskoerant afgekondig en vyf projekte sal binnekort afgekondig word, behoudens verdere inligting wat benodig word.
- Inisiëring van 'n belangrike Wêreldbank-studie in verband met Groenbunkerbrandstowwe in Saldanha (in opdrag van die Nasionale Klimaatkommissie);
- Aanbieding van 'Re-industrialising Saldanha Day' as deel van die Suid-Afrikaanse Groenwaterstof-beraad (GH2) (wat deur Premier Winde en President Ramaphosa geopen is); en
- Sasol en ArcelorMittal Suid-Afrika (AMSA) het 'n gesamentlike ontwikkelingsooreenkoms (GOO) onderteken om tegnologie vir koolstofvangs te ontwikkel om volhoubare brandstowwe en chemikalieë te produseer, asook om ArcelorMittal se niefunksionerende staalaanleg in Saldanhabaai te reaktiveer om groenstaal te produseer en uit te voer.

Twee ander groot GH2-projekontwikkelaars is reeds ver gevorder met die verkryging van ruimte rondom Vryhawe Saldanha. Die fokus vir Vryhawe Saldanha is om toelaagbefondsing te bekom vir omgewings- en ruimtelike meesterplanstudies wat nodig is om 'n instaatstellende omgewing vir Groenwaterstof-investerings te skep.

### Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES)

Die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone-maatskappy (ASES-maatskappy) werk met ’n pyplyn van investeerders wat wissel van projekte wat meer as R1 miljard werd is tot klein maatskappye wat beperkte ruimte benodig. Die entiteit het ’n leë fabriek gekoop wat verskeie klein besighede in ’n aanvanklike fase huisves; hierdie aankoop het ook die ASES-maatskappy se eerste inkomstestroom gerealiseer. Hulle het oor die afgelope boekjaar R89 miljoen in infrastruktuursbefondsing van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) ontvang, asook R13.864 miljoen vir bostruktuurbefondsing vir investeerder Quantum V3. Die ASES-maatskappy het ’n hoofkontrakteur aangestel om in kwartaal 1 van 2023/24 met die konstruksiefase van infrastruktuur te begin. Hierdie hoofkontrakteur het die opdrag om 40 persent van die werk in die boufase aan plaaslike kontrakteurs te subkontrakteer.

Dit sal bereik word deur werkpakkette wat kleiner kontrakteurs in staat stel om mee te ding en te lewer – met die ondersteuning van die hoofkontrakteur. Verder het werk ten opsigte van verskaffersontwikkeling met die konstruksiesektor plaasgevind. Die ASES-gemeenskapbelanghebbendenetwerk (GBN) is gebruik om die gemeenskap op hoogte te hou van die regsbepalings en prosesse wat vir konstruksietenders van openbare entiteite geld, en die vereistes waaraan bieërs moet voldoen.

Die ondersoek na die reaktivering van ’n spoorverbinding tussen die Atlantis-nywerheidsgebied en die Kaapstad-hawe het ’n sterk grondrede vir die heropening van die lyn aangedui. Die ASES, Transnet en die Stad werk in oorleg om die investering in dié spoorverbinding funksioneel te maak. Die ASES werk ook met verskeie entiteite in die groenekonomie en Greentech-ruimte om die ASES as ’n groenstergebied en as ’n innovasieruimte te ontwerp en te bou. As ’n eerste van sy soort sal die ASES ’n bedryfsmodel implementeer wat die privaat sektor in staat stel om infrastruktuurontwikkeling in ’n SES te medebefonds.

Benewens die werk wat gedoen is om gemeenskapsdeelname in die konstruksiefase te bevorder, het die ASES ’n reeks ander programme vir vaardigheids- en ondernemingsontwikkeling met ’n breë omvang aangebied, van opleiding vir leerders tot skoolverlaters tot verdere onderwys en opleiding (VOO) tot die versterking van vaardighede van mense wat reeds in diens is of hul eie besighede besit. Die ASES het ’n ooreenkoms met die Nasionale Besigheidsinisiatief en KfW, die Duitse Ontwikkelingsbank, aangegaan om saam aan ’n vaardigheidsontwikkelingsprogram te werk – ’n projek wat waarskynlik sal lei tot ekstern-befondsde, pasgemaakte opleiding, kleinsake-ondersteuning, en inkubasiefasiliteite wat in Atlantis gebou word.

## Ondernemingsontwikkeling

Ondernemingsontwikkeling is as ’n strategiese prioriteit geïdentifiseer en die ingrypings wat deur die eenheid onderneem is, het gefokus op ondersteuning om die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan en die departement se vyfjaar-strategiese plan wat tot werkskepping en ekonomiese groei bydra, te implementeer.

Die inisiatiewe wat deur die eenheid onderneem is, sluit die volgende in:
Die KMMO-versterkerfonds 2022 (vir klein, medium en mikro-ondernemings) het ingrypings ondersteun wat geïmplementeer is deur organisasies wat gemik is op die ondersteuning van KMMO’s wat in die Wes-Kaap gebaseer is. Die program steun die ontwikkeling en versterking van KMMO’s se volhoubaarheid; dit sluit landelike, stedelike, township-gebaseerde KMMO’s in, asook dié in besit van jeugdiges, persone met gestremdhede en vroue. Ondersteuning is gebied aan sewe projekte wat hulp en bystand (direk of indirek) aan KMMO’s voorsien om volhoubaarheid te handhaaf en/of te versterk, die kapasiteit van die besigheid en die eienaar/entrepreneur te ontwikkel, doeltreffendheid te verhoog, en hulle in staat te stel om te groei en werk te skep.

Die eenheid het voortgegaan met die uitrol van projekte van die KMMO-versterkerfonds 2021 wat gedurende die boekjaar 2022/23 besig was om afgehandel te word. Die projekte is tot op hede met sukses geïmplementeer.

Die Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling het tien klein en mikro-ondernemings (KMO’s) van die nodige niefinansiële ondersteuning (insluitend toerusting en masjinerie, mark- aanvullende sekuriteit, finansiële stelsels, ens.) voorsien om tot die volhoubaarheid en groei van die besighede by te dra. Die program is ’n samewerkende inisiatief tussen die eenheid

Ondernemingsontwikkeling in die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) en die Drakenstein Munisipaliteit om 'n projek te implementeer wat gemik is op die ondersteuning van entrepreneurs wat in Drakenstein handel dryf.

Die Langstraat Kiosks-program het ondersteuning gebied aan vyf klein en mikro-ondernemings (KMO's) met masjinerie en toerusting om die besigheidskapasiteit en -vermoë te verbeter.

Die eenheid het die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) bygestaan om hul inligtingsessies vir kontrakteurs in samewerking met agentskappe en organisasies soos die SAID, plaaslike munisipaliteite en die Boubedryfontwikkelingsraad (BBOR) te implementeer. Werkswinkels is in gebiede soos Kuilsrivier, Ashton, Grabouw en Mosselbaai gehou.

## Vaardigheidsontwikkeling

Vaardigheidsontwikkeling in die departement het gevorder van die voorsiening van vaardighede in aanvraag aan werklose jeugdiges en om dan te hoop dat dié werklose jeugdiges werk sal kry, tot ondersteuning met werksgeleenthede deur middel van programme in ervaringsleer wat gelyktydig die vereiste ervaring en vaardigheidsoordrag verskaf. Alhoewel hierdie model die doeltreffendste is om werklose jeugdiges in werkende jeug om te skakel, is die model uiters duur. Ter erkenning van die beperkings op departementele befondsing, het die program meer as R201 miljoen van die privaat sektor en ander regeringsbronne ingewin om inisiatiewe vir ervaringsleer en vaardigheidsontwikkeling van werklose jeugdiges te ondersteun. Befondsing van die privaat sektor is aangewend vir geakkrediteerde vaardigheidsontwikkelingsprogramme, indiensopleiding, opleiding in werkgereedheid en teenbefondsing van departementele stipendiums.

Dit is noemenswaardig dat die departement se begroting vir vaardighede geslag-responsief is, met meer as 60% van die ondersteunde begunstigdes wat vroulik is, en dit is ook responsief op die posisie van die mees gemarginaliseerde gemeenskappe aangesien die meeste van die begunstigdes afkomstig is van woongebiede wat deur van die hoogste werkloosheidskoerse in die provinsie gekenmerk word. Met betrekking tot die program se Jaarlikse Prestasieplan-teiken om werklose jeugdiges te ondersteun met vaardigheidsontwikkeling en die fasilitering van werksgeleenthede vir 2 500 werklose jeugdiges, het die program sy jaarlikse teiken met meer as 87% oorskry. Die oorprestasie was deels moontlik deur befondsing wat van eksterne bronne ingewin is.

Wat die bevordering van sistemiese verandering aanbetref, het die program akademiese uitkomste versterk deur die ontwikkeling van nuwe kurrikula of leweringsmodaliteite in basiese en hoër onderwys wat beter met bedryfsvereistes ooreenstem.

## Hulpbronveerkragtigheid

Die Munisipale Energieveerkragtigheid- (MEV-) inisiatief was gedurende die boekjaar 2022/23 steeds aan die voorpunt van die provinsie se werksaamhede in energieveerkragtigheid. Die oogmerk van die MEV-inisiatief was om energieveerkragtigheid in alle Wes-Kaapse munisipaliteite te verbeter deur fasilitering, ondersteuning en posisionering vir die implementering van energie-infrastruktuurontwikkeling (openbaar en privaat) vir ekonomiese groei, energiebekostigbaarheid en/of munisipale finansiële volhoubaarheid om tot die teiken van 500 MW se nuwe opwekkingsvermoë teen 2025 by te dra. Die MEV-inisiatief is in 2022/23 in die volgende komponente herstruktureer: munisipale verkryging, instaatstelling van die privaat sektor, instaatstelling van infrastruktuur, instaatstelling van stelsels en strategiese ontwikkeling en bestuur (dit is aan die einde van die boekjaar onder die nuwe Wes-Kaapse Program vir Energieveerkragtigheid gebring). Die komponent vir munisipale verkryging het voortgegaan met ondersteuning, met die fokus op Stellenbosch Munisipaliteit, en het 'n MEV-fonds ondersteun wat 13 grondslagenergiestudies in agt munisipaliteite moontlik gemaak het. Die komponent vir instaatstelling van die privaat sektor het daarop gefokus om energie-investering vir besighede in die privaat sektor, breër aanvaarding van kleinskaalse vasgelegde kragopwekking (KSVK/dakgemonteerde, sonkrag-fotovoltaïese (FV)) en die bevordering van kragvervoer in munisipale netwerke te fasiliteer. Die werk met betrekking tot instaatstellende infrastruktuur het gekyk na die opgraderingsvereistes vir netwerkinfrastruktuur, insluitend batteryberging. Die komponent vir die instaatstelling van stelsels het gekyk na a) inisiëring van die ondersoek na die opstel van 'n munisipale gepoelde aankoopfasiliteit om veelvuldige munisipaliteite in staat te stel om krag van veelvuldige OKP'e te verkry; b) ondersoek na befondsing- en finansieringsaspekte deur vergaderings met verskeie belanghebbendes in die mark en ondersteuning van die kartering van beskikbaarheid en toegang tot befondsing; en (c) instaatstelling van vraag en

aanbod (hoofsaaklik elektriese voertuie) en elemente van lokalisering (deur die Atlantis SES). Die komponent vir strategiese ontwikkeling en bestuur het gekyk na regulatoriese en wetgewende insette, insluitend hoe die elektrisiteitlandskap in Suid-Afrika oorgaan van ’n monopolie na ’n mededingend mark, gesentraliseerde en grootskaalse krag na gedesentraliseerde en verspreide kragopwekking. Dit het kommentaarlewering op wetgewing soos ERA Bylae 2-lisensievrystelling, uitsluiting vir sonkrag-FV van NEMA, die wetsontwerp op klimaatverandering, blokvrystellings vir energiegebruikers en verskaffers, en ramptoestandregulasies ingesluit. Ander aspekte van hierdie komponent sluit ook werk aan die ontwikkeling van ’n langtermynelektrisiteitsplan vir die Wes-Kaap in, en die ontwikkeling van groenwaterstof in die Wes-Kaap en skakeling met belanghebbendes in verband met vloeibare aardgas.

Gegewe die werk wat voorheen op KSVK gedoen is en die toenemende behoefte aan alternatiewe energie as gevolg van beurtkrag, het die installering van dakgemonteerde FV-stelsels teen die laaste kwart van die boekjaar 2022/23 aansienlik na 210 MW geregistreerde FV in die Wes-Kaap toegeneem. Dit verteenwoordig R2.1 miljard se investering en ongeveer 535 werksgeleenthede. Direkte ondersteuning is ook aan 218 besighede en organisasies vir water- en energie-aangeleenthede gegee, met meer as 9 652 aflaaie van die vier 2022 markintelligensieverslae (MIV’e) wat energiedienste, hernubare energie op nutsdienste-skaal, water en elektriese voertuie dek. Hierdie MIV’e maak voorsiening vir markspelers in die groeiende energie- en watersektor.

## 2.2 Diensleweringverbeteringsplan

WKR-departemente het as gevolg van ’n DSA-riglyn (Diensleweringverbeteringsplanne DSA-omsendbrief no. 1 van 2021) nie verlede jaar oor die DLVP 2021/22 Deel B Verslagdoening in die Jaarverslag verslag gedoen nie. Die DSA het in hierdie omsendbrief alle nasionale en provinsiale departemente meegedeel dat hul verskeie belanghebbendes raadpleeg om die huidige DLVP-riglyn (2008) hersien en gaan poog om die DLVP met departemente se raamwerke vir strategiese beplanning en jaarlikse prestasieplanne te belyn.

WKR-departemente sal nie oor die DLVP 2022/23 Deel B verslag doen nie, aangesien die DSA die gewysigde konsep-DLVP-riglyn (1 April 2023) en templaat gedurende die boekjaar 2022/23 afgehandel het en alle nasionale en provinsiale departemente in kennis gestel het om goedgekeurde 2023-2025 DLVP’e op 31 Maart 2023 aan die DSA te voorsien (Dienslewering-verbeteringsplanne DSA-omsendbrief no. 14 van 2022).

DLVP 2023/24 Deel B-verslagdoening deur WKR-departemente sal gedurende die boekjaar 2024/25 van departemente verwag word, aangesien goedgekeurde 2023-2025 DLVP’e in plek sal wees om verslag oor te doen.

## 2.3 Organisatoriese omgewing

Die departement se Werksmagplan 2021–2026 dien as ’n voertuig om toe te sien dat die departement sy menslike kapitaal optimaal benut en ontwikkel om behendigheid en geïntegreerde dienslewering te verseker. Dit vind plaas deur die identifisering en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese kapasiteit, waardes en bevoegdheidsgebaseerde werwingspraktyke en die ontwikkeling en implementering van die oorgang na ’n nuwe werkswyse/departementele inwonergerigte implementeringsplan.

Die departement is tans in gesprek met die Hoofdirektoraat: Organisatoriese Ontwikkeling oor die ontwikkeling van ’n diensleweringsmodel wat met die departement se strategiese fokusareas en ’n doeltreffende implementeringsplan en strategie vir veranderingsbestuur ooreenstem om werknemers te help om by die “nuwe manier van werk” aan te pas. Die departementele organisatoriese struktuur en menslike hulpbronne sal ná afhandeling van die G4J-strategie belyn word.

Die proses van vaardigheidsontwikkeling word behandel deur ’n beoogde vaardigheidsoudit wat die huidige vaardighede in die departement en dié wat nodig is om optimale dienslewering in prioriteitsareas in lyn met die G4J-strategie te verseker, sal identifiseer. Hierdie proses sal intern en in oorleg met die Direktoraat: Mensebemagtiging in die Korporatiewe Dienssentrum bestuur word.

Die departement het ’n Geslagsgelykheidsforum gestig wat tweejaarliks vergader om te kyk na leemtes en ingrypings wat tydens die Vroue in Bestuur in die Staatsdiens-vergadering uitgelig is, met die oog daarop om geslagshoofstroming in ’n voortdurend veranderende omgewing te bevorder. Die departement is trots op die geleentheid om persone met gestremdhede te ondersteun en redelikerwys te akkommodeer deur in noue samewerking met die Korporatiewe Dienssentrum te sorg dat aangeleenthede met betrekking tot toeganklikheid deur sy Strategiese Raamwerkplan vir Geslagsgelykheid en Strategiese Raamwerkplan vir Werktoegang aandag geniet.

Ingrypings vir werknemers vind voortdurend plaas om bewustheid oor menseregte (insluitend die prioriteitsgroepe) ten opsigte van seksuele teistering, gestremdheid en leemtes in geslagsongelykheid te verhoog. Die departement kom sy verpligtinge ten opsigte van menseregte teenoor inwoners en die geïdentifiseerde prioriteitsgroepe deur verskeie maatreëls na, insluitend die volgende:

Die eenheid Ondernemingsontwikkeling prioritiseer ondersteuning aan die aangewese groepe (vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede) deur inisiatiewe wat op hulpverlening aan KMMO’s fokus. Die eenheid streef (waar moontlik) vennootskappe na wat ondersteuning aan aangewese groepe bied.

Die Kantoor van die Verbruikersbeskermer (Program 4) teiken verskeie verbruikersgroepe, insluitend jeugdiges, bejaardes, vroue en persone met gestremdhede, deur hul ingrypings vir verbruikersopvoeding. Die ingrypings word regoor die provinsie uitgevoer en fokus op bewusmaking oor verbruikersregte en basiese finansiële geletterdheid vir inwoners.

Transformasie van die Toerismesektor (Program 6) teiken vroue en die jeug deur die ontwikkeling van toergidse as deel van die registrasie- en ontwikkelingsdiens aan die toergidsgemeenskap.

Die program Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie (Program 7) bevorder die daarstelling van ’n instaatstellende omgewing om ’n beter pas tussen die aanbod van en die bedryf se vraag na vaardighede te fasiliteer. Die program bou aktief vennootskappe om besluitnemers en beleidmakers met die mandaat in die onderwys- en tersiêre sektor om sistemiese verandering aan te dryf wat aan die jeug en die huidige werkmag toegang tot toepaslike werkplekvaardighede bied om indiensneembaar te wees, te beïnvloed.

Aangeleenthede met betrekking tot Inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT) word deur die departement se IKT-bestuurskomitee bestuur. Die IKT-bestuurskomitee poog om deur die toepaslike gebruik van IKT doeltreffendheid en produktiwiteit in die werkplek vir maksimum impak op dienslewering te bevorder. Die sekondêre doelwit is om ondersteuning te bied vir die departement se pogings om datagedrewe en bewysgeleide besluitneming op grond van dataontleding toe te pas.

## 2.4 Belangrike beleidsontwikkelings en wetgewende veranderinge

Geen wat geïdentifiseer is nie.

## 3. VORDERING TER BEREIKING VAN INSTITUSIONELE IMPAKTE EN UITKOMSTE

Die impak, soos aangedui in die Departementele Strategiese Plan (2020 – 2025), is "toenemende werksgeleenthede in die Wes-Kaapse ekonomie".

Voorwaardelike prestasie teenoor uitkomste volgens die vyfjaar- Strategiese Plan

| Uitkoms | Uitkomsaanwysers en vordering |
|---|---|
| Verhoogde randwaarde van investering | Aanwyser:<br>Randwaarde van investering<br><br>5-jaarteiken: R5 miljard |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan: Investering<br>Wat vyfjaar- strategiese uitkomste aanbetref, het Wesgro die middeltermynmerk oorskry. Wesgro het reeds R14.49 miljard van die vyfjaarteiken van R14,71 miljard van verbonde investerings bereik.<br><br>Wesgro het R4.1 miljard verbonde investerings vir die provinsie vir die boekjaar 2022/23 gefasiliteer. 'n Bedrag van R102 miljoen is as 'n investering in infrastruktuur in die ASES vir die boekjaar 2022/23 geregistreer. Die Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. het investering ter waarde van R229 miljoen vir die boekjaar gefasiliteer. Hierdie drie entiteite het saam R4.6 miljard se investering in die provinsie gerealiseer.<br>Uitvoere<br>Wat die vyfjaaruitkoms aanbetref: die teiken vir die randwaarde van handelsooreenkomste is R16.70 miljard tot R25.04 miljard, en R1.36 miljard en R3.09 miljard vir uitwaartse buitelandse direkte investering (UBDI). Die teiken vir UBDI wat oor die drie jaar bereik is, is R9.8 miljard en R1.86 miljard. Wesgro het vir die boekjaar 2022/23 handelsooreenkomste ter waarde van R3.1 miljard onderteken. |
| Verhoogde uitvoere | Aanwyser:<br>Randwaarde van uitvoere.<br><br>5-jaarteiken: R17 miljard |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan: van 2020/21 – 2022/23<br>'n Totale waarde van R9.8 miljard se handelsooreenkomste is van 2020/21 tot 2022/23 deur Wesgro onderteken. |
| Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid | Aanwyser:<br>Persentasie verandering in persepsie van toerismeveiligheid.<br><br>5-jaarteiken: Verbeter die besoeker se persepsie van toerismeveiligheid met 25% oor vyf jaar. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Uitkoms gestaak (sien Bylae A in die voorgelegde JPP 2022/23). Die uitsetaanwyser wat aan hierdie uitkoms gekoppel is, is formeel gestaak weens die impak van COVID-19 op die getalle internasionale toeriste, tesame met die begroting van die toerismeveiligheidsprogram wat besnoei is. |

| Uitkoms | Uitkomsaanwysers en vordering |
|---|---|
| Verbeterde indiensneembaarheid van ondersteunde begunstigdes | Aanwyser:<br>'n Persentasie begunstigdes wat ondersteun is en 'n verandering in indiensneembaarheid aandui<br>5-jaarteiken: 70% van begunstigdes het volgens opname hul indiensneembaarheid verbeter. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Die Vaardigheidsontwikkelingsprogram het twee navorsingsopnames gedoen om te bepaal hoe die indiensneembaarheid van begunstigdes verbeter het. Uitslae van die twee opnames wissel tussen 81% en 78% van respondente wat voel dat die program hul indiensneembaarheid verbeter het. Die navorsing is uitgevoer onder begunstigdes wat in verskillende boekjare (tussen 2020 en 2022) deel van die program was. |
| Verbetering in die gemak van sake doen | Aanwyser:<br>Totale voordele vir die ekonomie as gevolg van ingrypings vir die vermindering van rompslomp en/of verbetering in die gemak van sake doen.<br>5-jaarteiken: R5 miljard se ekonomiese voordele vir die provinsiale ekonomie teen 2025. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>R1.85 miljard in totale voordele vir die ekonomie is oor die middeltermyn gekwantifiseer as gevolg van ingrypings vir die vermindering van rompslomp en/of verbetering in die gemak van sake doen.<br>'n Onafhanklike assessering gedurende 2022/23 het R541 miljoen in ekonomiese besparings of voordele as gevolg van die implementering van drie ingrypings in die Wes-Kaap aangedui. |
| Hulpbron-veerkragtigheid van die ekonomie het verbeter | Aanwyser:<br>Energiesekerheid Aantal megawatts laer-koolstof-elektrisiteit in die Wes-Kaap geproduseer.<br>5-jaarteiken: 500 MW laer-koolstof-elektrisiteit in die Wes-Kaap geproduseer. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Die Munisipale Energieveerkragtigheid-inisiatief is die vlagskipprogram wat sal bydra tot die vyfjaarteiken van 500 MW laer-koolstof-energie wat in die Wes-Kaap geproduseer word. Deel van die inisiatief is om munisipaliteite te ondersteun om kleinskaalse vasgelegde kragopwekking (dakgemonteerde sonkrag-FV) te implementeer. In hierdie verband is 162 MW van die teiken in die provinsie geregistreer. Hierbenewens het die inisiatief gevorder na die implementering van baanbrekende projekte vir die munisipale verkryging van onafhanklike kragprodusente (OKP'e) met die fokus op Stellenbosch Munisipaliteit as 'n bousteen vir verdere IPP-verkryging. Die MEV-inisiatief is ook deur ontwikkelaars van hernubare-energie ondersteun om toenemende kragopwekking deur die privaat sektor en toenemende kragopwekking in die verkrygingsprogram vir onafhanklike kragprodusente van hernubare energie (REIPPP) te bevorder. Twee windplase van bodvenster 4 van die REIPPP het sedert 2020 die kommersiële bedryfsdatum in die Wes-Kaap bereik, naamlik Perdekraal (107 MW) en Excelsior (31MW) wat 'n gekombineerde kapasiteit van 138 MW voorsien. Verder is voorkeurbodstatus aan projekte van 785 MW in die Wes-Kaap in bodvenster 5 toegeken. |
| | Aanwyser:<br>Watersekerheid: Verbetering in waterdoeltreffendheid van geselekteerde waterintensiewe sektore.<br>5-jaarteiken: 20% verbetering in die waterdoeltreffendheid van vier waterintensiewe sektore.<br>In-jaar-veranderinge aan die 2020-25 Strategiese Plan soos gedurende 2021 voorgelê: Hierdie 5-jaarteiken is verander na: 20% verbetering in die waterdoeltreffendheid van een waterintensiewe sektor. |

| Uitkoms | Uitkomsaanwysers en vordering |
|---|---|
| Hulpbron-veerkragtigheid van die ekonomie het verbeter | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Werksaamhede onder Prioriteitsfokusarea 4: Watersekerheid en -veerkragtigheid het vir die ontwikkeling van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie plaasgevind. Hierby ingesluit is die aanbieding van werkswinkels wat gelei het tot die ontwikkeling van belangrike ingrypings in watervraag- en -aanbod wat daarop gemik is om die toekoms van water te verseker. Die doel van die PFA is om die hoeveelheid water wat vir sekondêre en tersiêre ekonomiese sektore (hoofsaaklik uit nieproduktiewe gebruik) beskikbaar is, teen 2035 te verdubbel en om bestaande toekennings aan landbou na te kom. DEOT het, benewens die werk wat onder PFA 4 gedoen is, die Departement van Plaaslike Regering ondersteun met ’n waterindaba wat in Maart 2023 gehou is as ’n geleentheid om die idees en ervarings van akademici, die regering, bedryfskenners en innoveerders te deel en daaruit te leer met die oorhoofse doelwit om ’n waterbestande provinsie te skep. |
| Verbeterde finansiële regeringsbestuur | Aanwyser:<br>Ongekwalifiseerde ouditmening.<br>5-jaarteiken: Ongekwalifiseerde ouditmening. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Finansiële Bestuur het vir die afgelope twee boekjare (2020/21 en 2021/22) ’n ongekwalifiseerde oudit ontvang. Die eenheid het toegesien dat prosesse doeltreffend en effektief bestuur word om die hoë vlak van finansiële regeringsbestuur te handhaaf. |
| Funksionele ‘M&E-stelsel’ wat strategiese ondersteuning aan die departement verskaf | Aanwyser:<br>Nakoming van ‘M&E-stelsel’ met M&E-beleid en -raamwerke.<br>5-jaarteiken: Volle nakoming met die gebruik van M&E-inligting in strategiese bestuur. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Die departement se vordering met hierdie vyfjaarteiken is teen jaar drie van die Strategiese Plan op koers. Die volgende kumulatiewe prestasie op uitsette kan sedert 2020 gerapporteer word, en, indien dit so aanhou, behoort dit die departement te ondersteun om sy beplande vyfjaaruitkoms teen 2024/25 te bereik:<br>• DEOT se verslagdoening oor niefinansiële prestasie – ‘skoon’ oudits vir 2020/21, 2021/22;<br>• DEOT se prestasie-aanwysers – voldoen aan raamwerke en assesserings wat ekstern deur die DBME en die DvdP se provinsiale datakantoor uitgevoer word;<br>• Uitkomsmonitering – drie assesseringsverslae;<br>• Uitsetmonitering – 11 verslae;<br>• M&E-kapasiteitsbou – 10 pasgemaakte sessies; en<br>• Voorleggings aan DEOT se topbestuur oor kumulatiewe prestasie – jaarliks. |
| ’n Verbeterde omgewing wat bevorderlik vir regverdige besigheids-praktyk en ingeligte kliënte is | Aanwyser:<br>Monetêre waarde van besparings wat verbruikers toeval.<br>5-jaarteiken: R1.2 miljoen. |
| | Vordering ten opsigte van Strategiese Plan:<br>Die vyfjaarteiken is om toe te sien dat ’n minimum van R1.2 miljoen se ‘besparings’ in die sakke van geraakte verbruikers beland. Die KVB is op koers om hierdie teiken te bereik en teen die einde van die boekjaar 2022/23 is ’n kumulatiewe totaal van R1 483 706.36 te danke aan die bystand wat verleen is, suksesvol aan geraakte verbruikers terugbesorg. Die spesifieke besparing vir die boekjaar 2022/23 het R456 784.31 beloop. |

### Departementele bydrae tot MTSR, PSP en WK-herstelplan

Die departement was in 2022/23 suksesvol met die lewering van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie wat die Wes-Kaapse Herstelplan vervang en die Wes-Kaapse Regering se topstrategie word. Die Groei vir Werksgeleenthede-strategie, insluitend 'n goedgekeurde strategiese raamwerk, is gelei deur 'n span wat hoofsaaklik uit DEOT-amptenare bestaan het. Die strategie is op 31 Maart 2023 voltooi en is vir goedkeuring deur die Kabinet in die boekjaar 2023/24 voorberei.

# 4. INSTITUSIONELE PROGRAMPRESTASIE-INLIGTING

## 4.1 Program 1: Administrasie

Doel

Om sterk, innoverende leierskap te voorsien en om skoon, doeltreffende, kostedoeltreffende, deursigtige en reaktiewe korporatiewe dienste aan die departement te lewer.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 1.1: Kantoor van die Departementshoof | • Om die departementele transversale administratiewe programme wat leierskap aan die departement voorsien, te bestuur en te rig.<br>• Om 'n toesighoudende funksie van die hele departement se mandaat en funksie doeltreffend te handhaaf. |
| Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur | • Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te verrig.<br>• Om die implementering van die WOFB en ander verwante finansiële regulasies en beleide te verseker.<br>• Om ondersteuning ten opsigte van beplanning en begroting aan die departement te voorsien.<br>• Om voorsiening vir die instandhouding van bates te maak. |
| Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste | • Om 'n strategiese ondersteuningsfunksie aan die departement te voorsien.<br>• Om ondersteuningsdienste in IKT, menslike kapitaal, korporatiewe versekering, regsaangeleenthede en kommunikasie aan die departement te lewer.<br>• Om kommunikasiedienste aan die departement te lewer.<br>• Om departementele prestasie te monitor en te evalueer.<br>• Om kennis- en inligtingstelsels en rekords te ontwikkel en te bestuur, en om IKT te koördineer. |
| **Institusionele uitkomste** | |
| Program 1 dra by tot die volgende institusionele uitkomste | • Verbeterde finansiële regeringsbestuur<br>• Funksionele 'M&E-stelsel' wat strategiese ondersteuning aan die departement verskaf<br>• Gemak van sake doen het verbeter |

## Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde finansiële regerings-bestuur | Betaling aan krediteure binne 30 dae verwerk | 1.1 Getal dae vir die verwerking van betalings aan krediteure | Betaling aan krediteure binne 24 dae | Betaling aan krediteure binne 25 dae | 30 dae | 17.16 dae | 12.84 dae | As gevolg van die goeie bestuur van die betalingsprosesse (behoorlike stelsels en monitering in plek), kon Finansiële Bestuur daarin slaag om 'n omgewing van sterk regeringsbestuur en 'n hoë vlak van dienslewering te handhaaf deur die omkeertyd vir die betaling aan krediteure te oorskry. |
| | Kumulatiewe uitgawes as 'n persentasie van die begroting (werklike uitgawes / aangesuiwerde begroting) | 1.2 Persentasie kumulatiewe uitgawes behaal (werklike uitgawes / aangesuiwerde begroting) | 99.2% (R530 711 000) | 99% (R493 396 000) | 98% (R510 030) | 99% (R502 883) | 1% | Die departement het sy teiken oorskry as gevolg van sterk pogings om uitgawes aan te dryf. |
| | Ingrypings vir doeltreffendheid is suksesvol geïmplementeer. | 1.3 Getal ingrypings vir finansiële doeltreffend-heid geïmplemen-teer | 5 | 6 | 2 | 3 | 1 | Finansiële Bestuur het sy prosedures hersien en maatreëls vir doeltreffendheid geïmplementeer wat tot die oorskryding van sy begroting bygedra het. |

| Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | Opleiding-sessies oor finansiële handleiding aangebied | 1.4 Getal opleiding-sessies oor finansiële handleiding aangebied | 13 | 12 | 12 | 13 | 1 | Opleidingsingrypings wat gedurende die jaar onderneem is, is gepasmaak volgens die huidige en dringende kwessies wat die departement ervaar, asook volgens die vraag na sulke ingrypings deur die programme. |
| | Tevredenheid met kliëntediens is behaal | 1.5 Persentasie tevredenheid met kliëntediens behaal | - | 74% | 70% | 79% | 9% | Hierdie teiken is oorskry as gevolg van Finansies se verbintenis om regeringsbestuur deur middel van nakoming, ondersteuning aan belanghebbendes en dienslewering te verbeter. |
| | Aanbevelings van eksterne oudit is geïmplementeer | 1.7 Persentasie aanbevelings van eksterne oudit Geïmplementeer | 100% | 100% | 100% | 100% | - | - |

Opsomming van Subprogram 1.2 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel van beduidende prestasies | • Om 'n doeltreffende finansiële bestuursfunksie te verrig.<br>• Om die implementering van die WOFB en ander verwante finansiële regulasies en beleide te verseker.<br>• Om ondersteuning ten opsigte van beplanning en begroting aan die departement te voorsien.<br>• Om voorsiening vir die instandhouding van bates te maak |
| Beduidende prestasies | Finansiële Bestuur het gedurende die boekjaar 2022/23 sukses met die bereiking van die volgende behaal:<br>Die departement het 'n bestedingsverhouding van 99% behaal wat sy teiken vir uitgawes oorskry het, soos vasgestel vir die einde van die boekjaar. Hierdie prestasie is moontlik gemaak deur die samewerkende benadering wat gevolg is om praktiese bystand aan programme te verskaf, waar nodig.<br>As gevolg van dié toewyding en die konstante strewe na doeltreffendheid kon Finansiële Bestuur daarin slaag om maatreëls vir doeltreffendheid suksesvol te implementeer wat:<br>• Die administratiewe las verminder het, asook die lewertyd gekoppel aan die afhandeling van alle versoeke om amptelike reis en verblyf in die departement;<br>• Gelei het tot die implementering van 'n beleid oor belangebotsings waarin die parameters uiteengesit word vir die bestuur van belangebotsings wat uit die lewering van die departement se mandaat kan voortspruit; en<br>• Gelei het tot die ontwikkeling van 'n dokument vir strategiese ingryping wat met die G4J-strategiese raamwerk ooreenstem om die ontwikkeling van elke strategie-eienaar se strategiese ingryping te rig en duplikasie tussen ingrypings te verminder.<br>Bowendien kan daar nie doeltreffende en effektiewe dienslewering sonder kapasiteitsontwikkeling wees nie. Finansiële Bestuur het sy verbintenis tot die bereiking van opleidingsteikens gehandhaaf, gegrond op die vraag na opleidingsingryping en om te verseker dat opleiding aangebied word oor die belangrikste besigheidsprosesse waar wetgewende veranderinge plaasgevind het.<br>'n Noodsaaklike prioriteit vir Finansiële Bestuur is die betaling van verskaffers binne 'n omkeertyd van minder as 30 dae. Deur die handhawing van 'n sterk regeringsbestuursomgewing en 'n hoë vlak van dienslewering, was Finansiële Bestuur in staat om betalings binne 'n omkeertyd van 17.16 dae te verwerk.<br>Die eenheid is daartoe verbind om na 'n kliëntgesentreerde ondersteuningsdiens te heroriënteer om te verseker dat Finansiële Bestuur 'n goeie interne kliëntediens handhaaf. Finansiële Bestuur het 'n kliëntetevredenheidskoers van 79% behaal, wat 'n aanduiding is van die gehalte van dienste wat gelewer word en die verbintenis om werksverhoudinge met programme te bevorder.<br>Met inagneming van die bogemelde prestasies, verseker die dienste wat deur die eenheid gelewer word dat die departement responsief is op sy inwoners aan wie dienste gelewer word. Die strewe om doeltreffendheid in al sy prosesse te verseker, sorg dat Finansiële Bestuur tydige aksies instel wat daartoe lei dat dienslewering binne die departement aandag geniet. |
| Uitkoms(te) | Verbeterde finansiële regeringsbestuur |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | • Die versterking van die nakomingsomgewing.<br>• Bevordering van die verspreiding van finansiële inligting.<br>• Heroriëntasie na 'n inwonergesentreerde steundiens. |

| | |
|---|---|
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die inisiatiewe wat deur Finansiële Bestuur onderneem word, stem ooreen met VIP 5 wat op die transformasie van regeringsbestuur fokus. Die bevordering van doeltreffendheid binne Finansiële Bestuur is van kardinale belang ter bereiking van die doelwit om na verbeterde regeringsbestuur en dienslewering te streef. Dit word bereik deur die hersiening van beleide en prosedures, die vereenvoudiging van prosesse, en deur innovasie.<br><br>Finansiële Bestuur is integraal gekoppel aan sowel Prioriteit 6: Bevoegde, Etiese en Ontwikkelingsgerigte Regering binne die mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTSR) en Visie-geïnspireerde prioriteit (VIP) 5: Innovasie en Kultuur binne die Wes-Kaapse Provinsiale Strategiese Plan.<br><br>Sowel die MTSR as die PSP erken dat die administratiewe en regeringsbestuursprosesse en -stelsels versterk moet word om die lewe van die gemiddelde inwoner van die provinsie te verbeter. Finansiële Bestuur sal dus fokus op die ontwikkeling van die mantra dat goeie regeringsbestuur op dienslewering neerkom. In hierdie verband is die aandrywing van doeltreffendheid deur die verbetering van ons standaarde, prosesse en praktyke van kardinale belang. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

# Subprogram 1.3: Korporatiewe Dienste

## Departementele prestasiemonitering

### Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Departementele prestasiemonitering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Funksionele 'M&E-stelsel' wat strategiese onder-steuning aan die departe-ment verskaf | Uitkomste gemonitor | 1.8 Getal Uitkoms-moniterings-verslae geproduseer | 1 | 1 | 1 | 1 | - | - |
| | Niefinansiële prestasie-inligtingstelsel bestuur | 1.9 Getal Uitset-moniterings-verslae geproduseer | 4 | 5 | 2 | 2 | - | - |

| Departementele prestasiemonitering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | M&E-kapasiteitsbou uitgevoer | 1.10 Getal sessies vir M&E-kapasiteitsbou uitgevoer | 4 | 3 | 2 | 3 | 1 | 'n Bykomende versoek van DEOT se Vaardighede-afdeling om M&E-verwante opleiding vir personeel van die ambagsman-ontwikkelingsprogram het tot die hoër as beplande prestasie gelei. |

Opsomming van prestasie in prestasiemonitering

| Doel | Om departementele prestasie te monitor en te evalueer. |
|---|---|
| Beduidende prestasies | Gelei deur die regeringswye M&E-stelselraamwerk (GWM&ES, 2007), JPP 2022/23 en Bedryfsplan Plan 2022/23, is pogings om M&E in die departement te institusionaliseer, in 2022/23 gehandhaaf. Alle beplande teikens is deur die lewering van die volgende uitsette behaal:<br>• Drie verslae genaamd '*DEDAT progress on support to businesses, 2021/22*', '*Monitoring project performance – artisanal training 2022/23*', en '*Progress on DEDAT's 5-year investment outcome, 2022/23*'.<br>• Lewering van drie pasgemaakte M&E-kapasiteitsbousessies vir projekpersoneel in die eenhede Vaardighede, GvSD en PEO. Die bedoeling was om bewustheid, kennis en bestuursvernuf te verbeter om M&E-instrumente soos SMART-aanwysers, projekmonitering en logikamodelle toe te pas.<br>• Bestuur van die funksie van verslagdoening oor niefinansiële prestasie deur die Rekenpligtige Beampte behulpsaam te wees met die tydige indiening van vyf verpligte DEOT-prestasieverslae aan die DBME ingevolge neergelegde tydraamwerke.<br>• Ondersteuning ter bereiking van 'n DEOT-teiken vir ongekwalifiseerde ouditmenings deur te verseker dat niefinansiële prestasie-inligting aan ouditnorme en -standaarde vir 2021/22 en 2022/23 voldoen.<br>• Advieslewering aan bestuurders oor die opstel en ontwikkeling van prestasie-aanwysers as deel van die samestelling van die DEOT JPP 2023/24.<br>Verdere M&E-verwante hersienings, verslae of uitsette is in 2022/23 gelewer om M&E se voordeel en gebruik as 'n instrument vir strategiese bestuur te versterk.<br>*DEOT-aanwyserraamwerke 2022/23, 2023/24*<br>• Kwartaalliks bygewerk sodat saamgestelde prestasie oor uitsette en uitkomste wat met die Strategiese Plan en JPP'e van 2020–2023 ooreenstem, aan bestuur gekommunikeer kan word.<br>• 'n Voorlopige 2023/24-raamwerk is opgestel om die konsep-G4J-strategie se transversale uitset- en uitkomsaanwysers in te sluit. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | *G4J-strategie*<br>• Verslag saamgestel, "*Linking DEDAT's 2023/24 draft output indicators to the G4J transversal performance indicators, March 2023*".<br>• Kommentaar gelewer op die G4J Teorie van Verandering-werkbestek.<br>• Ekonomiese Dinkskrum – bywoning van vergadering van G4J ToC-taakspan.<br>• Verskeie G4J-medebeplanning- en tema-spesifieke Teorie van Verandering-werkswinkels en DEOT-werkswinkels vir belyning van G4J-strategie bygewoon.<br>*Teorie van verandering*<br>• Vir departementele projekte ontwikkel en gedeel, insluitend die inisiatiewe Digitale Ekonomie, Rompslompvermindering en Ambagsmanontwikkeling.<br>• 'n DEOT-vaardigheidsprogram, Teorie van Verandering, is ontwikkel en by DEOT se befondsingsaansoek aan die Werkfonds ingesluit.<br>*Monitering van uitkomste*<br>• Hoewel die sperdatum vir uitkomste in 2025 is, het die eenheid voortgegaan om DEOT se uitkomsprestasie vir gekose uitkomste te oudit. Benewens die monitering van ons vordering met die uitkomste verbruikersbesparing, ongekwalifiseerde oudit en funksionele M&E-stelsel, het die nasporing van programmatiese prestasie op die uitkoms transversale investering ook in 2022/23 begin.<br>*Evaluering*<br>Nieteenstaande die huidige uitdagings met hulpbronvoorsiening vir evaluerings in DEOT, is die eenheid M&E deur die DvdP se Evalueringseenheid geprys vir hul seleksie om 'n aanbieding by die toonaangewende M&E-konferensie, SAMEA, te doen.<br>In hierdie verband het ons die konsepbevindings van 'n DEOT-studentprojek, naamlik '*Design Evaluation of DEDAT's Work and Skills programme*' voorgelê en die bedoeling is om voort te gaan om ander meganismes te verken om interne kapasiteit vir evaluering te bou wat geskik is vir omgewings waar hulpbronne beperk is. |
| Uitkoms(te) | Funksionele 'M&E-stelsel' wat strategiese ondersteuning aan die departement verskaf |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Teen 2022/23 (ajar 3 van die huidige vyfjaartermyn) is vordering met die vyfjaarteiken van 'nakoming van die M&E-stelsel met M&E-beleid en -raamwerke' op dreef en word deur die lewering van die volgende kumulatiewe uitsette ondersteun:<br>• Ongekwalifiseerde ouditmenings oor niefinansiële prestasie-inligting in 2020/21 en 2021/22.<br>• Die DvdP se assessering van DEOT se prestasie-aanwysers as nakomend van provinsiale riglyne sedert 2020/21.<br>• Drie verslae oor uitkomsmonitering.<br>• Elf verslae wat prestasie oor departementele uitsette of projekte assesseer.<br>• Tien gepasmaakte M&E-spesifieke sessies vir kapasiteitsbou. |

| | |
|---|---|
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Verskeie raamwerke vereis van regeringsdepartemente om resultaat-gefokus te wees op hoe ons vordering met ons strategiese doelwitte lewer en rapporteer. M&E is 'n belangrike bestuursproses wat nodig is om regeringsprestasie te meet, te rapporteer en te verbeter. Die eenheid streef dus na M&E-prosesse wat bydra tot die oorkoepelende departementele prioriteite vir:<br>• Transversale bestuur en regeringsbestuur (G4J-strategie, Maart 2023).<br>• Bevoegde, etiese en ontwikkelingsgerigte regering (MTSR, 2019 – 2024).<br>• Hoofstroming van M&E-stelsels (Provinsiale Strategiese Plan, 2019-2024). |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie – M&E fokus daarop om interne personeel se M&E-vaardighede te ontwikkel. |

## Departementele kommunikasie

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Departementele kommunikasie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Gemak van sake doen het verbeter | Strategiese ekonomiese kommuni-kasie-agendas | 1.11 Getal strategiese ekonomiese kommuni-kasie-agendas ontwikkel | - | 5 | 4 | 5 | 1 | Ten einde 'n onmiddellike impak te maak, het DEOT die volgende PFA's en dwars-snydende instaatstellers geïdentifiseer wat gepas en binne sy bestek is:<br>1. Energievolhoubaarheid;<br>2. Uitvoere;<br>3. Investering; en<br>4. Toegang tot geleenthede en indiensneembaarheid (vaardighede en entrepreneurskap).<br>'n Bykomende strategiese ekonomiese kommunikasie-agenda is ontwikkel met betrekking tot die transversale instaatstellers (gemak van sake doen en tegnologie en innovasie) wat krities vir die bovermelde gekose PFA's is. |

Opsomming van prestasie in departementele kommunikasie

| | |
|---|---|
| Doel | Om kommunikasiedienste aan die departement te lewer. |
| Beduidende prestasies | Strategiese ekonomiese kommunikasie word binne die departementele konteks omskryf as "gefokusde pogings deur die Wes-Kaapse Regering om belangrike gehore te verstaan en met hulle te skakel om toestande te skep, versterk of bewaar wat tot 'n gunstige mate van sakevertroue bydra".<br><br>In 2022/23 het dit die ontwikkeling van strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas behels wat 'n samevatting is van ekonomiese intelligensie wat afgelei is van en responsief is op G4J-geïdentifiseerde ekonomiese prioriteitsfokusareas. Dit word saamgevat in duidelike kommunikasie-agendas wat die implementering van toekomstige veldtogte en die ontwikkeling en uitvoering van narratiewe, boodskappe of temas inlig wat ter ondersteuning van voorspraak, bevorderingspogings en gepaardgaande kommunikasies deur die WKR in ekonomiese prioriteitsareas gebruik moet word.<br><br>Vyf strategiese ekonomiese kommunikasie-agendas is ontwikkeling wat met die PFA's ooreenstem, naamlik:<br>1. Energievolhoubaarheid;<br>2. Uitvoere;<br>3. Investering;<br>4. Toegang tot geleenthede en indiensneembaarheid (vaardighede en entrepreneurskap); en<br>5. Transversale instaatstellers (gemak van sake doen en tegnologie en innovasie). |
| Uitkoms(te) | Gemak van sake doen het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Duidelike, bondige en stellige kommunikasie en die kontinuïteit daarvan is belangrik om te sorg dat die departement se rol as 'n leier in alle "ekonomiese" aangeleenthede verseker is. Die departement, as 'n geloofwaardige vennoot van besighede in die Wes-Kaap (hetsy nuut of gevestig), bevorder deur sy kommunikasiepogings 'n Wes-Kaapse Regering wat 'n instaatstellende omgewing skep wat "oop is vir sake" en wat werkgeleenthede skep. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan stem met die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) en met die onmiddellike ingrypings ooreen. Die hoofprioriteite van die departemente wat met die Werksgeleenthede-tema van die Wes-Kaapse Herstelplan ooreenstem, is: versnel die gemak van sake doen; versterk investering deur die privaat sektor en bevorder uitvoere; ondernemingsontwikkeling; skaal werksgeleenthede op; en verseker ekonomiese veerkragtigheid. Die vyf strategiese agendas reageer op die bogemelde geïdentifiseerde prioriteite en is dus in lyn met die provinsiale beleide wat geïdentifiseer is. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

Koppeling van prestasie aan begrotings

Gedurende die boekjaar 2022/23 is 'n finansiële hulpbronkoevert van R58.544 miljoen aan Program 1: Administrasie toegeken. R41.497 miljoen daarvan is toegeken aan vergoeding van werknemers, R12.975 miljoen aan goedere en dienste, R3.490 miljoen aan betalings vir kapitaalbates en R485 duisend aan oordragte en subsidies. 98.9% van die toegekende begroting is gedurende die boekjaar bestee.

'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R40.917 miljoen of 70.7% van die totale uitgawes beloop;
- Goedere en dienste het R12.930 miljoen of 22.3% van die totale uitgawes beloop;
- Betalings vir kapitaalbates het R3.487 miljoen of 6.0% van die totale uitgawes beloop; en
- Oordragte en subsidies het R482 duisend of 1.0% van die totale uitgawes beloop.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Kantoor van die DH | 6 070 | 5 982 | 88 | 5 455 | 5 172 | 283 |
| Finansiële Bestuur | 36 440 | 36 129 | 311 | 34 232 | 33 827 | 405 |
| Korporatiewe Dienste | 16 034 | 15 800 | 234 | 16 118 | 15 842 | 276 |
| Totaal | 58 544 | 57 911 | 633 | 55 805 | 54 841 | 964 |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

Program 1: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

## 4.2 PROGRAM 2: GEÏNTEGREERDE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSDIENSTE

Doel

Om 'n bemagtigende besigheidsomgewing vir die skepping van groei- en werksgeleenthede te bevorder en ondersteun.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling | Om by te dra tot die daarstelling van 'n instaatstellende besigheidsomgewing wat kleinsake en entrepreneurs bemagtig om te ontwikkel en te groei. |
| Subprogram 2.2: Streek- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling | Om werksgeleenthede en inklusiewe groei oor alle distrikte en plaaslike ekonomieë te skep. |
| Subprogram 2.3: Ekonomiese Bemagtiging | Om die proses van bemagtiging en die skepping van 'n instaatstellende besigheidsomgewing vir HBI'e te fasiliteer. *Hierdie subprogram is in Subprogram 2.1 opgeneem.* |
| Subprogram 2.4: Rompslompvermindering | Om die besigheidsomgewing te verbeter deur die regulatoriese las op besighede deur middel van beter wetgewing, prosesse en kommunikasie te verminder. |
| **Institusionele uitkomste** | |
| Program 2 dra by tot die volgende institusionele uitkoms | Gemak van sake doen het verbeter |

## Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 2.1: Ondernemingsontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Gemak van sake doen het verbeter | Besighede ondersteun deur die bevordering van entrepreneur-skap en/of ingrypings vir die ondersteuning van besigheids-ontwikkeling | 2.1 Getal ingrypings vir die bevordering van entrepreneur-skap en die ondersteuning van besigheids-ontwikkeling | 220 | 272 | 240 | 270 | 30 | Die eenheid Ondernemings-ontwikkeling is versoek om die Departement van Vervoer en Openbare Werke (Departement van Infrastruktuur) behulpsaam te wees met die implementering van hul Kontrakteurontwikkelings-program. Hulpverlening aan besighede deur middel van hierdie program het daartoe gelei dat die beplande prestasieteiken oorskry is. |
| | Besigheidsentiteite in onafhanklike besit wat deur township-inisiatiewe gevestig is | 2.1.1 Aantal besigheids-entiteite in onafhanklike besit wat deur township-inisiatiewe gevestig is | - | - | 3 | 4 | 1 | Die eenheid het meer informele besighede aan boord gebring as wat oorspronklik verwag is. Dit het gelei tot 'n bykomende versoek om hulp met formele registrasie. |
| | Fondse gewerf | 2.1.2 Waarde van fondse gewerf om ondersteuning vir KMMO's in die Wes-Kaap te versterk | - | - | R8m | R8 689 680,00 | R689 680,00 | Die befondsing wat deur vennote verbind is, het die aanvanklike verwagtinge van die departement oorskry. |

Opsomming van Subprogram 2.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om by te dra tot die daarstelling van 'n instaatstellende besigheidsomgewing wat kleinsake en entrepreneurs bemagtig om te ontwikkel en te groei. |
| Beduidende prestasies | Hierdie eenheid het verskeie inisiatiewe geïmplementeer om die departement se reaksie op KMMO's te verbeter, en met vennote om ekonomiese herstel te versnel en tot die daarstelling 'n meer instaatstellende omgewing vir besighede by te dra.<br><br>Die KMMO-versterkerfonds 2022 het sewe projekte ondersteun wat 191 besighede bygestaan het. Bystand wat aan hierdie besighede verskaf is, het spesialisopleiding en akkreditasies, voorsiening van toerusting en masjinerie, opleiding in besigheidsvaardighede, toegang tot markbystand en markskakels, afrigting en besigheidsmentorskap ingesluit. Die besighede wat deur die sewe organisasies ondersteun is, is geleë in gebiede soos Mitchells Plain, Grabouw, Mosselbaai, Langa, Khayelitsha, Hermanus, Robertson, Elsiesrivier, Merweville en Bellville. Die KMMO-versterkerfonds 2022 het die WomHub-besigheidsontwikkeling en die South African Agri Academy Food-Path bekendgestel.<br><br>Die eenheid het voortgegaan met die uitrol van die KMMO-versterkerfonds 2021-projekte wat gedurende die boekjaar 2022/23 afgehandel is. Die projekte is tot op hede met sukses geïmplementeer.<br><br>Die departement het in vennootskap met die Drakenstein Munisipaliteit 'n ondersteuningsprogram vir klein en mikro-ondernemings (KMO's) deur die Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling geloods. Besighede is met die nodige niefinansiële ondersteuning (insluitend toerusting en masjinerie, bemarkingsondersteuning, finansiële stelsels, ens.) bygestaan op grond van 'n assessering wat gedoen is en wat tot hul volhoubaarheid en groei sal bydra. Die program het in vennootskap met Seda vier informele besighede geformaliseer.<br><br>Die Langstraat Kiosks-program het vyf klein en mikro-ondernemings (KMO's) ondersteun met masjinerie en toerusting om die werksaamhede van die besighede te versterk. Die besighede het Finest Frozen Yoghurt, Imbizo African Coffee Company, Hotchefs, Ikamva Youth Entrepreneurship en Ground Culture ingesluit.<br><br>Die eenheid het deur middel van die inligtingsessies vir kontrakteurs met die Departement van Vervoer en Openbare Werke saamgewerk om besighede te ondersteun om nakomend te wees en om sakegeleenthede in die openbare sektor te identifiseer. Werkswinkels is in Kuilsrivier, Ashton, Grabouw en Mosselbaai gehou. Die inisiatief het 70 besighede bygestaan. |
| Uitkoms(te) | Gemak van sake doen het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die inisiatiewe van die eenheid (bv. KMMO-versterkerfonds) en die gepaardgaande impak het daartoe bygedra dat die departement se uitkoms bereik is. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Inisiatiewe wat deur die eenheid vir Ondernemingsontwikkeling geïmplementeer is, was daarop gemik om die strategiese prioriteite van die regering na te kom, met 'n fokus om KMMO's te laat groei en die besigheidsekosisteem te implementeer; dit het tot werkskepping en besigheidsuitbreiding as 'n sleutelprioriteit van die regering bygedra. Die inisiatiewe stem ooreen met die mediumtermyn-uitgaweraamwerk, Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan. Die ingrypings wat deur die subdirektoraat geïmplementeer is, het gefokus op die ondersteuning van besighede om hul kapasiteit en bedrywighede te ontwikkel wat hulle in staat gestel het om te groei en werk te skep. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die KMMO-versterkerfonds 2022 het sterk gefokus op besighede wat in besit is van vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede. Besighede wat deur die fonds ondersteun is, was dienooreenkomstig in besit van jeugdiges (36%), van vroue (59%) en van persone met gestremdhede (1%). |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 2.2: Streek- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 2.2: Streek- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Gemak van sake doen het verbeter | Besighede bygestaan deur munisipale ondersteunings ingrypings | 2.2 Getal besighede bygestaan deur munisipale ondersteunings-ingrypings | - | 50 | 50 | 54 | 4 | Die departement kon nog vier besighede met die bestaande ingryping behulpsaam wees. |
| | Koördinerings-ingrypings ondersteun om distrik-ekonomiese lewering te versterk | 2.3.1 Getal Koördinerings-ingrypings ondersteun om distrik- ekonomiese lewering te versterk | - | - | 4 | 4 | - | - |

Opsomming van Subprogram 2.2 se prestasies

| Doel | Om werksgeleenthede en inklusiewe groei oor alle distrikte en plaaslike ekonomieë te skep. |
|---|---|
| Beduidende prestasies | Hierdie eenheid het die Vennootskapsprogram vir Ekonomiese Herstel geïmplementeer om die departement se reaksie op en met vennote te versterk om ekonomiese herstel te versnel en ’n meer instaatstellende omgewing vir sake in munisipaliteite te skep. Die subprogram het in die besonder:<br>• In vennootskap met die munisipaliteite van Hessequa, Langeberg, Mosselbaai en Swellendam die vestiging van nuwe (of opgegradeerde bestaande) handelsruimtes vir KMMO’s en informele handelaars in dorpe aangespoor om plaaslike kleinsake in staat stel om te groei en aan werkskepping deel te neem. Die eenheid het sy beplande teiken van hulpverlening aan 50 besighede oorskry en kon ondersteuning aan vier bykomende besighede by hierdie nuwe fasiliteite bied. Van die 54 besighede wat van hulp met handelsruimtes en opleidingsondersteuning voorsien is, was 16% in besit van jeugdiges en 50% in besit van vroue.<br>• ’n Koördinerende ondersteuningsfunksie aan die departement verskaf deur leiding te gee met distriks- en plaaslike ekonomiese herstelplanne en GDMB-implementeringsplanne, en met WKR-belynde pogings ter ondersteuning van beplanning vir geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP’e), munisipale ruimtelike ontwikkelingsraamwerke (MROR’e), menslike nedersettings en area-gebaseerde spanne vir die Veiligheid-prioriteit. Distriksplanne is gemonitor en suksesvol by die nasionale regering ingedien, soos voorgeskryf. Die eenheid het ’n ruimtelike kartering van die departement se leweringsvoetspoor regoor die provinsie ontwikkel en distrik- ekonomiese klusters geoperasionaliseer om te verseker dat platforms vir gesprekvoering en ondersteuning geaktiveer word en dat reaksie op navrae op plaaslike vlak gehandhaaf word ter bevordering van die versterking van die munisipale koppelvlak met nasionale en provinsiale regering. Die eenheid het sy |

Opsomming van Subprogram 2.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | ingrypings gefokus op die diensleweringsbehoeftes van munisipaliteite, asook om 'n koördinerende ondersteuningsfunksie aan die departement te lewer wat aan die gesamentlike distrik-en-metrobenadering (GDMB) en die distriksontwikkelingsmodel uitvoering gee.<br><br>Twee vennootskapsprojekte vir besigheidsnetwerke is geïmplementeer om skakels te vestig en betrekkinge tussen plaaslike munisipaliteite en hul plaaslike privaat sektor in 'n distrik te bou. Hierdie projekte (een in die Overberg en die ander in Saldanhabaai) help met die versterking en uitbreiding van die rol van deelnemers in die plaaslike privaat sektor (soos plaaslike sakekamers, georganiseerde sake of sektorspesifieke liggame, ens.) om inligting met eweknieë te ruil oor hoe om kleinsake in lokaliteite te ondersteun en hoe om met hul plaaslike munisipaliteite saam te werk. Hierdie vennootskapsprojekte vir besigheidsnetwerke koöpteer die sakesektor as 'n aktiewe speler in die plaaslike ekosisteem van ekonomiese aktiwiteit, groeiplanne en werksgeleenthede van munisipaliteite en ondersteun hulle om 'n platform vir sakebetrokkenheid te skep om aan gesamentlike plaaslike prioriteite te werk. Hierdie inisiatief het 'n gekarteerde ekosisteem per streek, samewerkingsplanne en gevallestudies gelewer om met ander streke te deel. |
| Uitkoms(te) | Gemak van sake doen het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die teikens wat bereik is dra by tot die bemagtiging van die munisipale en plaaslike privaat sektor in streke om 'n omgewing te skep wat dit vir plaaslike kleinsake makliker maak om sake te doen, ekonomiese aktiwiteit te stimuleer en werk in die meer landelike gebiede van die provinsie te skep. Dit dra ook daartoe by om die doeltreffendheid van die departement om sy prioriteit, naamlik die gemak van sake doen, te verbeter. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die eenheid se inisiatiewe is ontwikkel om Visie-geïnspireerde prioriteit 2: Groei en Werksgeleenthede asook die ruimtelike transformasie van Visie-geïnspireerde prioriteit 4 te bevorder. Die eenheid se werk stem in die besonder ooreen met die mediumtermyn- strategiese raamwerk se sleutelpilaar om "die gemak van sake doen te versnel", en met die Wes-Kaapse Ekonomiese Herstelplan se prioriteit, Werksgeleenthede.<br><br>Die projekte wat geïmplementeer is, was doelbewus daarop gefokus om te erken dat die privaat sektor die verskaffer van werksgeleenthede is, en dat dit die rol van die departement en sy eenheid vir munisipale ondersteuning is om hulp te verleen om instaatstellende toestande vir werksgeleenthede en lewensbestaan in munisipale streke te skep. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die eenheid het in samewerking met die eenheid Ondernemingsontwikkeling die KMMO-versterkerfonds 2021 aangewend om te fokus en konsentreer op besighede wat in besit is van vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede. Met hierdie doel voor oë het besighede wat deur die munisipale Versterker-projekte ondersteun is, een in besit van jeugdiges (16%) en 50% in besit van vroue ingesluit. |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie

## Subprogram 2.4: Rompslompvermindering

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 2.4: Rompslompvermindering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbetering in die gemak van sake doen | Gevalle opgelos | 2.5 Persentasie gevalle opgelos | - | 91% (639/703) | 85% | 91% | 6% | Die effektiwiteit van DEOT se doeltreffendheid in die oplossing van gevalle het gelei tot ’n hoër oplossingskoers a wat aanvanklik voorspel is. |
| | Verbeterings-maatreëls vir besigheidsgerigte regeringsdienste geïmplementeer | 2.7 Getal verbeterings-maatreëls vir besigheidsgerigte regeringsdienste geïmplementeer | - | - | 15 | 19 | 4 | Die eenheid kon daarin slaag om oor bykomende verbeterings binne sy bestaande begroting te rapporteer. |
| | Regulatoriese en/of beleids-hervormings aan munisipaliteite voorgestel | 2.8 Getal regulatoriese en/of beleids-hervormings aan munisipaliteite | - | - | 10 | 10 | - | - |
| | Ingrypings vir kapasiteitsbou in gemak van sake doen uitgevoer | 2.9 Getal ingrypings vir kapasiteitsbou in gemak van sake doen uitgevoer om bewustheid oor GvSD te verhoog | - | - | 15 | 16 | 1 | Die eenheid kon op versoek van die Kaap Agulhas Munisipaliteit daarin slaag om bykomende ingrypings oor bewustheid te bied. |
| | Besigheids-ingrypings uitgevoer om nakoming te bevorder | 2.10 Getal besigheids-ingrypings uitgevoer om nakoming te bevorder | - | - | 5 | 9 | 4 | Die eenheid het oorpresteer as gevolg van bykomende versoeke, ingrypings en vennootskappe bo en behalwe dié wat aanvanklik in lyn met die eenheid se kapasiteit voorspel is. |
| | Regulatoriese en/of beleids-hervormings aan nasionale en/of WKR-departemente of sy entiteite voorgestel | 2.11 Getal regulatoriese en/of beleidshervormings aan nasionale en/of WKR-departemente of sy entiteite voorgestel | - | - | 4 | 9 | 5 | Hierdie aanwyser is vraaggedrewe. Die eenheid is versoek om namens DEOT kommentaar te lewer. |

Opsomming van Subprogram 2.4 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om die sake-omgewing te verbeter deur die regulatoriese las op besighede deur middel van beter wetgewing, prosesse en kommunikasie te verminder. |
| Beduidende prestasies | Die eenheid het ingrypings geïmplementeer wat bygedra het tot die vermindering van rompslomp en die ontwikkeling van 'n Gemak van Sake Doen-omgewing vir ekonomiese groei en herstel in sowel die Wes-Kaapse Regering as die munisipale konteks vir die provinsie.<br><br>A. Persentasie gevalle opgelos<br>Die Hulplyndiens vir Besigheidsondersteuning het 519 gevalle aangeteken wat deur besighede ingedien is, met 'n oplossingskoers van 91% vir die departement. Nadat opnames gedoen is onder besighede wat hulp ontvang het, het die tevredenheidskoers op 80% gestaan.<br><br>B. Aantal verbeteringsmaatreëls wat vir besigheidsgerigte regeringsdienste geïmplementeer is<br>Die eenheid het die implementering van verbeteringsmaatreëls vir verskeie besigheidsgerigte regeringsdienste befonds.<br><br>1. Wes-Kaapse Drankowerheid (WKDO)<br>Die eenheid het in vennootskap met die WKDO die ontwikkeling, implementering, integrasie en toetsing van verskeie modules vir die bekendstelling van 'n e-Lisensie- aanlyn portaal befonds. Deur 'n aanlyn platform te skep en kliëntedienste te stroomlyn, sal die WKDO sy diensleweringsvoetspoor in die Wes-Kaap aansienlik uitbrei, en deur middel van meer doeltreffende prosedures en administratiewe stelsels inwoners se ervaring en gemak van sake doen verbeter.<br><br>2. R10 miljoen- munisipale fonds vir gemak van sake doen<br>Die eenheid het verskeie projekte in verskillende munisipaliteite befonds wat daarop gemik is om prosesse te stroomlyn en besigheidsgerigte regeringsdienste te digitaliseer met die hoofdoelwit om bedryfsdoeltreffendheid in munisipaliteite te verbeter. Die ingrypings wat suksesvol geïmplementeer en afgehandel is, maak voorsiening vir die volgende besigheidsgerigte regeringsdienste in die genoemde munisipaliteite:<br><br>2.1 Langeberg Munisipaliteit: Ontwikkeling van 'n elektroniese geografiese inligtingstelsel (GIS) vir Stadsbeplanning en Boubeheer.<br>Die GIS-sagtewarestelsel en die lisensies is verkry en aan die munisipaliteit gelewer. Die verkryging van die GIS maak dit moontlik dat elektroniese aansoeke deur die verskillende departemente in die munisipaliteit ontvang, vasgelê en verwerk te word.<br><br>2.2. Prince Albert Munisipaliteit: Verbeterings aan Collaborator-stelsel.<br>Digitalisering van aansoeke om deurgangsreg:<br>Konsultante, ingenieurs en telekommunikasiemaatskappye kan nou aansoeke om deurgangsreg digitaal indien.<br><br>Besigheidslisensie-aansoeke:<br>Besighede in die Prins Albert-omgewing kan nou 'n aansoek om 'n nuwe besigheidsperseel digitaal registreer.<br><br>Aansoeke om informele handelspermitte:<br>Informele handelaars kan nou 'n aansoek digitaal voltooi. 'n Nuwe besigheidsproses is ook ter plaatse geskep.<br><br>2.3 Drakenstein Munisipaliteit: Aansoeke om digitalisering van toerismetekens.<br>Hierdie ingryping gaan oor die ontwikkeling van 'n aanlyn aansoekproses vir toerismetekens om die bestaande datamodel en besigheidsprosesse in die sagtewarestelsel wat deur die munisipaliteit gebruik word, te optimaliseer om 'n goedkoper en minder omslagtige proses te verseker. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | 2.4 Swellendam Munisipaliteit: Implementering van geografiese inligtingstelsels<br>Hierdie ingryping behels die implementering van 'n geografiese inligtingstelsel (GIS) om die portaal vir stadsbeplanningsaansoeke en die indiening van bouplanne in 'n enkele, gekonsolideerde stelsel te integreer.<br><br>2.5 Knysna Munisipaliteit: Verbeterings aan die mobiele app vir inwoners 00 digitalisering van besigheidsgerigte regeringsdienste.<br>Aansoekproses vir besigheidslisensies:<br>Verbeterings is aangebring om gebruikers in staat te stel om inligting oor die indiening van aansoeke om 'n besigheidslisensiepermit by die munisipaliteit aan te vra.<br><br>Verbeterings aan besigheidsproses vir boubeheer:<br>Gebruikers kon aanvanklik aansoeke via die Collaborator-portaal indien. Die Boubeheer-aansoekproses is egter hersien en verbeter om vir bykomende tipes hoofgeboue voorsiening te maak.<br><br>2.6 Bitou Munisipaliteit: Mobiele toepassing vir inwoners: Digitalisering van besigheidsgerigte regeringsdienste.<br>Besigheidsproses vir buite-eetgeriewe:<br>Dit verwys na die ontwikkeling van die digitale aansoekproses wat gevolg word vir die toestaan van regte vir buitesitplekke/tafels en stoele in 'n openbare gebied vir handelsdoeleindes. Besighede kan nou digitaal om permitte vir buite-eetgeriewe aansoek doen.<br><br>Besigheidsproses vir aansoek om besigheidslisensie:<br>Besighede in die Bitou Munisipaliteit kan nou digitaal om 'n nuwe besigheidsperseel aansoek doen. Dit stel besighede in staat om 'n aansoekvorm aanlyn via 'n portaal in te vul.<br><br>2.7 Mosselbaai Munisipaliteit: Digitalisering van besigheidsgerigte regeringsdienste.<br>Opgradering van die bestaande aanlyn Boubeheer-module en -portaal:<br>Besighede kan nou bouplanaansoeke met veelvuldige aanhegsels op dieselfde ondersteunende tipe dokument oplaai.<br><br>Ontwikkeling van module vir aansoeke om besigheidslisensies:<br>Besighede in die Mosselbaai-omgewing kan nou 'n aansoek om 'n nuwe besigheidsperseel digitaal registreer.<br><br>Ontwikkeling van 'n module vir aansoeke om 'n permit vir buite-eetgeriewe:<br>Restaurante en verwante geleentheidsmaatskappye kan nou 'n aansoekvorm via 'n aanlyn portaal invul. Besighede kan nou digitaal aansoek doen om permitte vir buite-eetgeriewe.<br><br>Ontwikkeling van 'n module vir aansoeke om rolprentpermitte:<br>Maatskappye en individue in die Mosselbaai-omgewing kan nou aansoeke om rolprentpermitte via die aanlyn portaal indien. Die gedigitaliseerde aansoek om 'n rolprentpermit maak nou ook voorsiening vir groter produksies.<br><br>Ontwikkeling van modules vir aansoeke om 'n geleentheidspermit:<br>Besighede en individue in die Mosselbaai-omgewing kan nou aansoeke om geleentheidspermitte via die aanlyn portaal indien. Addisionele velde is ook bygevoeg om statistiek oor ekonomiese ontwikkeling te verskaf. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | C. Getal regulatoriese en/of beleidshervormings aan munisipaliteite voorgestel<br>Regulatoriese Impakbepalings (RIB's) met die Stad Kaapstad (die Stad)<br><br>1. Beleid oor Vroeëkindontwikkeling (VKO)<br>Die eenheid het verskeie hindernisse met munisipale nakoming geïdentifiseer wat vroeëkind-ontwikkelingsentrums (VKO-sentrums) verhoed om geregistreer te word. Die eenheid het geïdentifiseer dat die VKO-beleid die grondoorsaak van die hindernisse was en het aan die Stad voorgestel dat die VKO-beleid hersien word, en dat 'n RIB uitgevoer word in 'n poging om die gehalte van die beleid te verbeter. Die eenheid het met die Stad saamgewerk om die beleid te hersien en die aanvanklike RIB af te handel. Die finale RIB (wat amper voltooi is) sluit 'n kostevoordeelontleding in van die impak van nakoming deur VKO-sentrums om geregistreer te word. Die algehele voordeel en impak sal VKO-sentrums in staat stel om vir staatsubsidies en eksterne befondsingsgeleenthede te kwalifiseer en sodoende volhoubare werksgeleenthede te skep.<br><br>2. Konsepbeleid oor mobiele besighede (die beleid)<br>Die eenheid het aan die Stad Kaapstad 'n RIB voorgestel oor die beleid wat aan mobiele besighede toegang sal gee tot geleenthede wat tans deur die verordening insake informele handel gereguleer word. 'n Aanvanklike RIB is in samewerking met die Stad deur die eenheid uitgevoer en die aanbevelings is aan die Stad se beleidseenheid voorgelê.<br><br>3. Ekonomiese oorlegsone – Stellenbosch Munisipaliteit<br>Die eenheid het deur middel van sy munisipale fonds vir gemak van sake doen die ontwikkeling van 'n ekonomiese oorlegsone en konsepregulasies vir insluiting as 'n bylae tot die Stellenbosch Munisipaliteit se Verordening insake Soneringskema verseker. Geleentheidsorganiseerders en die Stellenbosch Munisipaliteit (die munisipaliteit) sal albei op talle maniere baat vind, d.w.s. aansoeke om geleentheidspermitte sal aan grondgebruiksvereistes voldoen, aansoeke om geleenthede sal vinniger goedgekeur word, en die manier waarop aansoeke verwerk word, sal minder ingewikkeld wees. Die instelling van die ekonomiese oorlegsone sal regulatoriese hervorming vir die munisipaliteit teweegbring deur beperkings te verwyder en die gemak van sake doen moontlik te maak.<br><br>4. Verbetering in die toestaan van permitte vir rolprente en geleenthede<br>Ter erkenning van die rol en bydrae wat die rolprent- en geleentheidsektore tot die ekonomie van die provinsie lewer, het die eenheid regulatoriese instrumente ontwikkel wat die tyd en koste sal verminder wat munisipaliteite dikwels met die verwerking van rolprent- en geleentheidspermitte ervaar. Die projek sal Wes-Kaapse munisipaliteite behulpsaam wees met regulatoriese instrumente om prosedures rondom hul geleentheidspermitte deur die aanvaarding van 'n gestandaardiseerde benadering te verbeter.<br><br>Twee modelbeleide: die beleid oor standaard- munisipale rolprentpermitte en die beleid oor standaard- munisipale geleentheidspermitte is as gevolg van die projek deur die eenheid ontwikkel. Die beleide is daarna opgevolg deur twee modelverordenings: die verordening insake standaard- munisipale rolprentpermitte en die verordening insake standaard- munisipale geleentheidspermitte. Al vier ingrypings het ten doel gehad om munisipaliteite regoor die Wes-Kaap te voorsien van die nodige beleids- en wetgewende raamwerk wat hulle in staat sal stel om hul onderskeie prosedures vir die toestaan van rolprent- en geleentheidspermitte te verbeter. |

| | |
|---|---|
| | 5. Model-KMME-beleid<br>Die eenheid het ’n modelbeleid ontwikkel om die beleidsomgewing vir kleinsake in die Wes-Kaap te verbeter sodat ’n bemagtigende omgewing vir KMMO-ontwikkeling op plaaslike regeringsvlak geskep kan word. Die modelbeleid sal by ’n voorafgekose paar munisipaliteite getoets word op grond van hul reaksie op die Munisipale GvSD-fonds. Indien die beleid aanvaar word, sal dit die munisipaliteite se benadering tot die ondersteuning van die ontwikkeling en groei van KMMO’s in hul streke inlig. Daar word voorsien dat die beleid in die toekoms na ander munisipaliteite afgewentel sal word.<br><br>D. Regulatoriese en/of beleidshervormings aan nasionale en/of WKR-departemente of -entiteite voorgestel<br>Voorstelle vir regulatoriese hervorming<br>Die eenheid het kommentaar gelewer op ’n aantal beleide en wetgewing om die algehele besigheidsomgewing van die Wes-Kaap te verbeter om te verseker dat wetgewing ’n regulatoriese omgewing ondersteun wat doeltreffender en besigheidsvriendeliker is. Dit word hieronder uiteengesit:<br>1. Kommentaar op Nasionale Beleid oor Arbeidsmigrasie (NLMP)<br>Kommentaar met betrekking tot die NLMP is ingedien by die Departement van Indiensneming en Arbeid (DIA) wat ’n fundamentele rol daarin speel om Suid-Afrika se doelwitte ten opsigte van vaardigheidsverwerwing en werkskepping en -behoud vir alle werkers, plaaslik én van die buiteland, te bereik. Kommentaar op Konsepwysigingswetsontwerp op Indiensnemingsdienste.<br>2. Kommentaar op Konsepwysigingswetsontwerp op Indiensnemingsdienste:<br>Soos met die NLMP, is kommentaar oor die konsepwetsontwerp by die DIA ingedien om te verseker dat voldoende beheermaatreëls ingestel word om die werwing van buitelandse burgers in geïdentifiseerde ekonomiese sektore te reguleer.<br>3. Kommentaar op Nasionale Meesterplan vir Geïntegreerde Kleinsake-ontwikkeling:<br>Kommentaar is by die Departement van Kleinsake-ontwikkeling ingedien om te verseker dat die meesterplan ’n gekoördineerde strategiese benadering tot die ondersteuning en ontwikkeling van kleinsake verteenwoordig.<br>4. Kommentaar op Konsepkodes vir die Regsektor:<br>Kommentaar is ingedien op die Konsepkodes vir die Regsektor wat ’n nuwe raamwerk vir die bepaling van BSEB-nakoming in die regsektor uiteensit. Kommer is uitgespreek oor die doeltreffendheid van die kodes om in die behoefte aan transformasie in die regsektor ten koste van ekonomiese doelmatigheid te voorsien.<br>5. Kommentaar op Konsepregulasies oor Blokvrystelling vir Klein, Mikro- en Mediumgrootte Ondernemings:<br>Kommentaar is ingedien op die Konsepregulasies oor Blokvrystelling, ’n noodsaaklike regulatoriese ingryping wat ten doel het om kategorieë van ooreenkomste of praktyke met betrekking tot KMMO’s vry te stel van die toepassing van artikel 4(1) en 5(1) van die Wet op Mededinging, Wet 89 van 1998 (die Wet).<br>6. Kommentaar op Konsepbeleid oor Mobiele Besighede:<br>Aanbevelings is aan die Stad Kaapstad gemaak oor die kruis-departementele implementering van die Konsepbeleid oor Mobiele Besighede wat daarop gemik is om die groeiende sektor van mobiele besighede te ondersteun deur maatreëls in te stel wat dit vir sulke besighede makliker sal maak om permitte te bekom en sake te doen. |

| | |
|---|---|
| | 7. Kommentaar op Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Verskepingsmaatskappy:<br>Kommentaar op die eerste konsep van die Wetsontwerp op Suid-Afrikaanse Verskepingsmaatskappy is by die Departement van Vervoer ingedien. Dié wetsontwerp is daarop gemik om ’n nasionale vervoerder vir die land te vestig as ’n manier om Suid-Afrikaanse strategiese nasionale verskepingskapasiteit en -vermoë te bou.<br>8. Kommentaar op Wetsontwerp op Ekonomiese Regulering van Vervoer:<br>Kommentaar op die Wetsontwerp op Ekonomiese Regulering van Vervoer is by die nasionale Departement van Vervoer ingedien. Dié wetsontwerp is bedoel om ekonomiese groei in Suid-Afrika te stimuleer deur ’n doeltreffende, effektiewe en produktiewe vervoersektor te bevorder.<br>9. Kommentaar op die Wysigingswetsontwerp op Kopiereg:<br>Kommentaar op die Wysigingswetsontwerp op Kopiereg is by die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging ingedien. Dié wetsontwerp is oor ’n aantal jare ontwikkel om Suid-Afrika se kopieregwetgewing, die digitale era, asook ontwikkelings op ’n multilaterale vlak in ooreenstemming te bring.<br><br>E Aantal ingrypings vir kapasiteitsbou in gemak van sake doen uitgevoer om bewustheid oor GvSD te skep<br>Ten einde bewustheid oor GvSD te verbeter, het die eenheid gedurende die jaar ’n sterk rol van voorspraak gespeel, met altesaam 16 ingrypings vir voorspraak en bewusmaking wat met sowel provinsiale as munisipale amptenare plaasgevind het. ’n Opname is voor en na die aanbieding van elke ingryping gedoen om amptenare se bewustheid oor GvSD te bepaal.<br><br>F Aantal besigheidsingrypings om nakoming te verseker<br>Die eenheid het sy mandaat versterk deur te verseker dat belangrike nakomingsvereistes om in die ekonomie te kan meeding, deur ingrypings soos webinars, sosiale media en aanbiedings gedeel word. Die webinar oor belastingaansporings vir kleinsake wat saam met die SAID aangebied is, was ’n groot sukses. |
| Uitkoms(te) | Gemak van sake doen het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die verwydering van rompslomp sal tot kostebesparings/ekonomiese voordele vir besighede, die WKR en munisipale amptenare lei. Kostebesparings kan die vorm van besparings met betrekking tot tyd en/of werklike koste en/of kompleksiteit aanneem, sou aanbevelings aanvaar en suksesvol geïmplementeer word. Hierdie randwaarde sal gedurende die boekjaar 2023/24 gekwantifiseer word. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die eenheid se werk is ingevolge die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk gesetel in die prioriteit “Meer betaamlike werksgeleenthede volgehou en geskep”. Verder vind die eenheid se ingrypings relevansie in die provinsiale strategiese plan, Visie-geïnspireerde prioriteit 2: Groei en Werksgeleenthede. Laastens is “versnel die gemak om sake doen” ’n sleutelpilaar in die provinsie se ekonomiese herstelplan onder die werksgeleenthede-prioriteit asook as ’n sleutelfokusarea in die departement se ekonomiese herstelplan. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die eenheid het die prioriteitsgroepe van vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede geteiken as deel van sy bewusmakingsingrypings rondom rompslompvermindering, en die gemak van sake doen met munisipaliteite en WKR-departemente. Van die 16 ingrypings wat deur die eenheid geïmplementeer is, was 40% van die deelnemers vroue en 12% was jeugdiges in die aangewese prioriteitsgroepe wat geteiken word. |

### Koppeling van prestasie aan begrotings

’n Bedrag van R47.839 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken, waarvan die werklike uitgawes R47.159 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig werklike uitgawes van 98.6% van die program se totale begroting. ’n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R17.893 miljoen of 37.9% van die totale uitgawes uitgemaak;
- Goedere en dienste het R10.840 miljoen of 23.0% van die totale uitgawes beloop;
- Oordragte en subsidies het R17.766 miljoen of 37.7% van die totale uitgawes beloop; en
- Betalings vir kapitaalbates het R660 duisend of 1.4% van die totale uitgawes beloop.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 |
| Ondernemingsontwikkeling | 19 986 | 19 534 | 452 | 23 052 | 22 942 | 110 |
| Streek- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling | 7 324 | 7 313 | 11 | 16 720 | 16 718 | 2 |
| Rompslompvermindering | 20 529 | 20 312 | 217 | 13 904 | 13 544 | 360 |
| Totaal | 47 839 | 47 159 | 680 | 53 676 | 53 204 | 472 |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

### Program 2: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

# 4.3 PROGRAM 3: HANDEL- EN SEKTORONTWIKKELING

Doel

Om ekonomiese groei in geteikende sektore deur middel van bedryfsontwikkeling en handels- en investeringsbevordering te stimuleer.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 3.1: Handels- en Investeringsbevordering | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf ten einde sy mandaat uit te voer, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig). |
| Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling | Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore te stimuleer deur middel van tasbare programme, maatreëls vir bedryfsondersteuning en die implementering van planne en strategieë wat ekonomiese groei en werkskepping sal meebring deur die groei van uitvoeraktiwiteite en toenemende investering in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie. |
| Institusionele uitkomste | |
| Program 3 dra by tot die volgende institusionele uitkomste | • Verhoogde uitvoere<br>• Verhoogde randwaarde van investering |

## Subprogram 3.1: Handels- en Investeringsbevordering

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 3.1: Handels- en Investeringsbevordering | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Toesig oor Wesgro Handels-bevordering | 3.1 Getal oorsigverslae oor handelsbevordering saamgestel | 4 | 4 | 4 | 4 | - | - |
| Verhoogde randwaarde van investering | Toesig oor Wesgro Investerings-bevordering | 3.2 Getal oorsigverslae oor investerings-bevordering saamgestel | 4 | 4 | 4 | 4 | - | - |

Opsomming van Subprogram 3.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf ten einde sy mandaat uit te voer, soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig). |
| Beduidende prestasies | Die departement voorsien deur middel van ’n oordragbetalingsooreenkoms operasionele befondsing aan Wesgro vir aktiwiteite rondom handel- en investeringsbevordering. Die departement het sy toesighoudende rol oor die entiteit doeltreffend uitgevoer deur uitgebreide hersiening van Wesgro se sakeplanne, gereelde vergaderings tussen Wesgro- en DEOT-spanne, asook kwartaallikse oorsigte van Wesgro se prestasie en uitgawes.<br><br>Die entiteit se prestasie is ondersteun en spesifieke prestasies deur Wesgro sluit in:<br>• 83 handelsooreenkomste vir die boekjaar deur Wesgro se uitvoerbevorderingspan onderteken;<br>• Geskatte randwaarde van handelsooreenkomste wat onderteken is, beloop R3.1 miljard;<br>• 906 werksgeleenthede gefasiliteer uit handelsooreenkomste wat onderteken is;<br>• Veertien verbonde investeringsprojekte vir die boekjaar deur Wesgro se investeringsbevordering-span;<br>• R4.1 miljard se verbonde investerings; en<br>• 1 507 werksgeleenthede as gevolg van verbonde investerings in die provinsie gefasiliteer.<br><br>Die program ontwikkel ’n logistieke vermoë om vragvloei te fasiliteer as ’n strategie om investering in uitvoerbare kommoditeite, ekonomiese groei en werkskepping aan te moedig. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere<br>Verhoogde randwaarde van investering |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die program is verantwoordelik vir toesig oor die entiteit om te verseker dat die mandaat van investerings- en uitvoerbevordering, wat deur Wesgro uitgevoer word, in ooreenstemming met die JPP, derdeparty-ooreenkomste en besigheidsplanne gedoen word.<br><br>Die prestasies van Wesgro oor die afgelope boekjaar het bygedra tot ’n toename in buitelandse direkte investering en die leiding van binnelandse investering na die Wes-Kaap wat nie net belangrik is om die vyfjaaruitkomste te bereik nie, maar ook vir ekonomiese herstel ná COVID-19. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die versterking van uitvoer- en investeringsaktiwiteite stem ooreen met die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan (2021) asook die NOP (2013).<br><br>Wesgro se handel- en investeringsbevordering het tot die bereiking van VIP 2, die PSP en die WK-herstelplan bygedra, met ’n spesifieke fokus op die versterking van uitvoere, investering en werkskepping, deur middel van:<br>• 83 handelsooreenkomste onderteken en 906 werksgeleenthede uit ondertekende handelsooreenkomste gefasiliteer; en<br>• 14 investeringsprojekte gerealiseer en 1 507 werksgeleenthede gefasiliteer.<br><br>Die departement verseker deur sy toesighoudende funksie dat daar ooreenstemming tussen Wesgro en DEOT se strategiese prioriteite is wat in Wesgro se besigheidsplanne uiteengesit is.<br><br>Die departement het deur middel van verskeie meganismes ’n kwartaallikse oorsig van Wesgro se prestasie gedoen om prestasie en hersiening te monitor. Oorsigverslae in hierdie verband is kwartaalliks deur die program ingedien. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Daar was geen onderprestasie deur die subprogram teenoor sy JPP-aanwysers nie aangesien alle teikens bereik is.

Enige prestasie ten opsigte van Wesgro sal in die entiteit se Jaarverslag gerapporteer word.

## Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies – soos hersien tydens die proses van hervoorlegging van in-jaar-veranderinge

| Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 tot datum van her-voorlegging | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings | Redes vir hersiening van die uitsette/ uitset-aanwysers/ jaarlikse teikens |
| Verhoogde uitvoere | Sektor-instaatstellende inisiatiewe ondersteun | 3.4 Getal PGHA-aksieplanne ontwikkel | - | - | 6 | - | - | 2022/23 JPP weer voorgelê sonder prestasie wat vir kwartaal 1 en 2 aangetoon is | Aanwyser gestaak weens onsuksesvolle versoek om befondsing van die Provinsiale Transversale Steunfonds. |

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 3.2: Sektorontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Sektor-instaatstellende inisiatiewe ondersteun | 3.3 Getal sektor-instaatstellende inisiatiewe ondersteun | 9 | 8 | 4 | 4 | - | - |

Opsomming van Subprogram 3.2 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om ekonomiese groei in verhandelbare sektore te stimuleer deur middel van tasbare programme, maatreëls vir bedryfsondersteuning en die implementering van planne en strategieë wat ekonomiese groei en werkskepping sal meebring deur die groei van uitvoeraktiwiteite en toenemende investering in geprioritiseerde sektore van die Wes-Kaapse ekonomie. |
| Beduidende prestasies | Agriverwerkingsektor<br>Die nagevolge van COVID-19 en die nasionale inperkingsregulasies was gedurende 2022/23 steeds tasbaar in die waardekettings van globale nywerhede, en het 'n uitdaging vir die groei en ontwikkeling van die Agriverwerkingsektor gestel. Die departement se eenheid Agriverwerking het dus voortgegaan met gesprekvoering met verskeie belanghebbendes en rolspelers om die impak en meganismes te assesseer wat die bedryf in hul besigheidsmodelle opneem om na enige nalopende gevolge van die nasionale inperkingsregulasies te kyk. In die tweede helfte van 2022 het die gereelde kragonderbrekings nog 'n uitdaging gestel aan besighede wat reeds onder erge druk verkeer, en die eenheid Agriverwerking het dus sy pogings versterk om met verskillende maatskappye te skakel. Tydens die interaksie met belanghebbendes het die eenheid Agriverwerking gepoog om inligting in te samel, lessenaarontledings van subsektore te doen en hindernisse tot uitvoer en markvereistes uiteengesit om 'n idee te kry van die impak van die stadiums van nasionale inperking en die gebrek aan internasionale handel.<br><br>Vergaderings is gehou en daar was deelname aan platforms met bedryfsverenigings, entiteite en ander regeringsdepartemente soos die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing (DBVO), Departement van Kleinsake-ontwikkeling (DKO), Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM), Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), WK Departement van Landbou (DL), AquaSA; SA Vrugtesapvereniging; SA Olyfvereniging en WESGRO om gesprekke te voer en 'n dieper begrip van belangrike bedryfskwessies te kry. Die uitkomste van skakeling met die sektor sal aangewend word vir ontleding van die subsektore wat voortdurend deur die eenheid uitgevoer word, aangesien data en markintelligensie gereeld verander. Dit het ook gehelp om vorm te gee aan die benadering tot die komende ontleding van mediumtermyngeleenthede wat ooreenstem met die oefening van die provinsiale uitvoerstrategie om produkkompleksiteit te karteer.<br><br>Die voortdurende skakeling met strategiese belanghebbendes en vennote in spesifieke subsektore van voedselverwerking het die eenheid Agriverwerking in staat gestel om geleenthede vir samewerking te identifiseer sodat uitdagings behandel en ingrypings geïmplementeer kan word om die agriverwerkingsektor in die provinsie asook nasionaal te laat groei. Die versterking van vennootskappe in subsektore van voedselverwerking het gehelp om netwerke met die bedryf, akademiese instellings, regeringsagentskappe, betrokke regeringsdepartemente en ander steunorganisasies te bou om saam te werk om tendense met hoë geleenthede en gebiede vir gesamentlike optrede te bepaal.<br><br>Vervaardigingsektor<br>Die vervaardigingsektor is in die boekjaar 2022/23 negatief beïnvloed deur faktore soos stadige ekonomiese groei, tekorte in infrastruktuur, inflasie en rentekoerse asook die nadelige impak van beurtkrag op die sektor; dit het die land na raming R900 miljoen per dag per stadium van die kragonderbrekings gekos. Die eenheid vir die ontwikkeling van die vervaardigingsbedryf was egter steeds betrokke by die fasilitering van en deelname aan ingrypings om geleenthede te skep om die bedryf te laat groei.<br><br>Hierdie ingrypings sluit in:<br>i. Die seremonie vir die formele ondertekening om die Bestuurskomitee vir die Mosselbaai Olie- en Gasforum van stapel te stuur. Die forum sal programme fasiliteer om die olie- en gas- en energiesektor in die Tuinroete-streek te laat groei en te ontwikkel. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | ii. Instelling van die Wes-Kaapse Forum vir Skeepsherstelwerk om te kyk na uitdagings en geleenthede te identifiseer om die skeepsherstelwerkbedryf te ontwikkel, met die fokus op die volgende:<br>• Opgradering van infrastruktuur;<br>• Operasionele doeltreffendheid; en<br>• Bemarking van kapasiteit en vermoëns.<br>iii. Phoenix Marine is in samewerking met Stad Kaapstad, Wesgro en die Suid-Afrikaanse Raad vir Skeepsbou-uitvoer gehelp en ondersteun om ’n 5-as-freesmasjien aan te skaf om die vermoëns van die skeepsbou- en ander verwante bedrywe te versterk.<br>iv. Deelname aan die ontwikkeling van die Oseane-ekonomie-meesterplan wat in samewerking met die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) deur die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) gekoördineer is, asook werkswinkels wat vir die Wes-Kaapse Oseane-ekonomie-werkgroep aangebied is.<br>v. Gesprekvoering met belanghebbendes en maatskappye en strategiese vennote in die sektor kleding, tekstiele, skoeisel en leer is gefasiliteer, en dit het daartoe gelei dat studente van Northlink Kollege vir praktiese opleiding by Cape Union Mart aangestel is.<br><br>Die ingrypings en projekte vir die volgende boekjaar (2023/24) sal belyn wees met die Groei vir Werksgeleenthede- (G4J-) strategie wat daarop gemik sal wees om ondersteuning en bystand te bied aan vervaardigers om uitvoere te verhoog.<br><br>Logistiek<br>Die fokus vir die kort termyn was om samewerking in die houerlogistiekketting vir die hawe van Kaapstad te bevorder, want dit is waarheen die meeste van die uitvoervrag van die Wes-Kaap (vrugte en wyn) vervoer word. Toegepaste navorsing is ook oor dringende elemente van logistieke ontwikkeling onderneem.<br><br>Die provinsiale ingryping om samewerking tussen primêre agentskappe in die houerlogistiekketting te bevorder, was in baie opsigte suksesvol. Weeklikse vergaderings vir die koördinering van werksaamhede word gehou. Vergaderings vir die koördinering van kommoditeitsuitvoere word elke twee weke tydens onderskeidelik die sagtevrugte- en sitrusuitvoerseisoene gehou; en kwartaallikse strategiese beplanningsessies word gehou. Die Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede hou elke jaar ’n vergadering vir belanghebbendes in hawelogistiek waartydens vordering met prioriteite waaroor gesamentlik ooreengekom is, bespreek en nuwe prioriteite oorweeg word.<br><br>Toegepaste navorsing oor die groeipotensiaal van die houerlogistiekketting en oor die grondoorsake van vervoerderopeenhoping is onderneem. Bewyse is ingesamel dat vrag in die volgende vyf jaar moontlik met 26% kan groei en dat 20 000 nuwe werksgeleenthede in die proses geskep kan word. Klem word daarop gelê om hierdie hoëgroei-scenario te verwesenlik. Die grondoorsake van vervoerderopeenhoping is ontleed en die resultate is aan primêre agentskappe in die logistiekketting voorgelê. ’n Projekbestuursplan om die aanbevelings te implementeer, word tans saamgestel.<br><br>’n Prototipe-oorsigskerm vir houerlogistiek is vir die hawe van Kaapstad ontwikkel en een van die prioriteite vorentoe is om die oorsigskerm voortdurend te verbeter as ’n bestuursinstrument om kapasiteit en doeltreffendheid in die houerlogistiekketting te ondersteun. Dit sal na verwagting bydra tot die hoëgroei-scenario vir Wes-Kaapse uitvoere en die skepping van 20 000 nuwe werksgeleenthede waarna hierbo verwys is. |

| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere |
|---|---|
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die fokus van die eenheid Agriverwerking in die boekjaar 2022/23 was op skakeling met sektorliggame, bedryfsverenigings, rolspelers in waardekettings, maatskappye, ens. Die benadering was om al die inligting wat ingesamel is uit die skakeling met die sektorliggame, te gebruik om regeringsentiteite te betrek vir samewerking en vennootskappe om te kyk na sekere van die uitdagings en hindernisse van toetrede vir agriverwerkers se penetrasie van en deelname aan die internasionale markte. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die subprogram is belyn met die Nasionale Ontwikkelingsplan, NBAP, Sektormeesterplanne asook as die Suid-Afrikaanse Ekonomiese Heropbou- en Herstelplan. Die subprogram het inisiatiewe vir sektorondersteuning gefasiliteer wat met VIP 2 asook die Werksgeleenthede-tema in die Wes-Kaapse Herstelplan ooreenstem. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

### Koppeling van prestasie aan begrotings

’n Bedrag van R74.799 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken, waarvan die werklike uitgawes R74.413 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig werklike uitgawes van 99.5% van die program se totale begroting. ’n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R10.529 miljoen of 14.1% van die totale uitgawes uitgemaak;
- Goedere en dienste het R1.679 miljoen of 2.2% van die totale uitgawes beloop; en
- Oordragte en subsidies het R62.205 miljoen of 83.6% van die totale uitgawes uitgemaak.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 |
| Handels- en Investeringsbevordering | 62 113 | 62 113 | - | 62 113 | 62 113 | - |
| Sektorontwikkeling | 12 686 | 12 300 | 386 | 11 877 | 11 863 | 14 |
| Totaal | 74 799 | 74 413 | 386 | 73 990 | 73 976 | 14 |

### Program 3: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

# 4.4 PROGRAM 4: BESIGHEIDSREGULERING EN REGERINGSBESTUUR

Doel

Om ’n billike, maatskaplik verantwoordelike besigheidsomgewing in die Wes-Kaap te verseker – deur middel van algemene ingrypings in die handelsomgewing en spesifieke ingrypings volgens mandate van die Grondwet en nasionale en provinsiale wetgewing en beleide.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming | Om maatreëls wat die regte en belange van alle verbruikers te ontwikkel, te implementeer en te bevorder. |
| Institusionele uitkomste | |
| Program 4 dra by tot die volgende institusionele uitkoms | ’n Verbeterde omgewing wat bevorderlik vir regverdige besigheidspraktyk en ingeligte kliënte is |

## Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| ’n Verbeterde omgewing wat bevorderlik vir billike besigheids-praktyk en ingeligte verbruikers is | Ingrypings oor gebruiker-opvoeding uitgevoer | 4.1 Getal ingrypings oor gebruiker-opvoeding uitgevoer | 329 | 292 | 200 | 215 | 15 | Die vraag na dienste van die KVB het deur die loop van die jaar marginaal toegeneem. As ’n inwonergesentreerde diens binne die departement, is die KVB verplig om op hierdie versoeke om diens te reageer. |

| Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | Klagtes binne 90 dae opgelos | 4.2 Persentasie klagtes binne 90 dae opgelos (totale klagtes binne 90 dae opgelos/ totale klagtes ontvang) | 87% | 93% (1 250/ 1 342) | 75% | 94% | 19% | Hierdie teiken is vraaggedrewe en hang af van 'n aantal faktore buite die program se beheer. Die nasionaal ooreengekome standaard vir gevalle-oplossing 75% binne 'n tydperk van 90 dae. Die Wes-Kaap het dié norm gedurende die lopende boekjaar gebruik. 'n Aantal sake wat by die KVB ingedien is, kon op die eerste stadium van ingryping opgelos word. Die gevolg was 'n vinniger getal gevalle-oplossings binne 'n korter tydperk. Verder het die KVB 'n stelsel geïmplementeer waarvolgens vergaderings oor geskil-beslegting met geaffekteerde partye gehou word. Dit het positiewe uitkomste tot gevolg gehad aangesien meer aangeleenthede nou vinnig opgelos word, in vergelyking met virtuele skakeling. Hierdie faktore het tot die oorprestasie bygedra. |

| Subprogram 4.1: Verbruikersbeskerming | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | Tribunaal vir Verbruikersake ingestel | 4.3 Instelling van die Tribunaal vir Verbruikersake | - | - | Tribunaal ingestel | Tribunaal nie ingestel nie | (Tribunaal nie ingestel nie) | Die program het al die vereiste wetgewende verpligtinge nagekom om tribunaallede aan te stel. Onderhoude is vir 23 Maart 2023 geskeduleer, met aanstelling wat teen 30 Maart 2023 bevestig sou word. 'n Deugsaamheidsevaluering van kandidate vóór die onderhoude het aan die lig gebring dat die meerderheid van die kandidate ongeskik vir aanstelling was. Die onderhoud- en aanstellingsproses kon gevolglik nie afgehandel word nie. |

Opsomming van Subprogram 4.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om maatreëls wat die regte en belange van alle verbruikers te ontwikkel, te implementeer en te bevorder. |
| Beduidende prestasies | Verbruikersopvoedingsuitsette:<br>Ten spyte van hulpbron- en ander beperkings, kon die subprogram daarin slaag om die teiken wat gestel is vir die uitvoering van veldtogte vir verbruikersopvoeding in die provinsie, te oorskry. Die veldtogte wat uitgevoer is, het gefokus op belangrike onderwerpe oor verbruikersbeskerming wat op alle verbruikers betrekking het, veral in die lig van die uitdagende ekonomiese toestande wat deur die afswaai in die ekonomiese toestande in die land veroorsaak is. 'n Groot aantal verbruikers het steeds finansieel swaargekry as gevolg van verhoogde rentekoerse en die uitwerking van inflasie. Dit het daartoe gelei dat baie geaffekteerde verbruikers uitdagings met skuldbestuur ervaar, aangesien kredietverskaffers steeds aandring dat verskuldigde bedrae vereffen word, ongeag die persoonlike omstandighede van verbruikers. Die ingrypings van die subprogram was dus uiters belangrik aangesien verbruikers as gevolg van dié ingrypings met relevante belanghebbendes kon skakel en weens die ingrypings van die subprogram ondersteuning kon ontvang. Altesaam 215 ingrypings is gedurende 2022/23 uitgevoer, waarvan die meerderheid in die formaat van werkswinkels en/of inligtingsessies was. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | Uitsette van Klagtebestuur:<br>Die subprogram het in die klagtebestuurskomponent goed gevaar. Altesaam 1 289 klagtes is gedurende die 2022/23-boekjaar van verbruikers ontvang en altesaam 1 203 daarvan is binne die teiken van 90 dae opgelos. Die eenheid kon dus daarin slaag om toe te sien dat 94% van verbruikersklagtes wat vir ondersoek ingedien is, binne 'n tydperk van 90 dae opgelos is. Die oplossing van hierdie gevalle dui die afhandeling van die geskil aan, maar is nie noodwendig 'n oplossing ten gunste van die verbruiker nie. Alle geskille word op grond van feitelike en wetlike meriete afgehandel, en sommige aangeleenthede wat deur verbruikers ingedien word, word dikwels nie in hul guns opgelos nie, aangesien dit geen meriete het nie. Die resultate wat die eenheid behaal het, dui egter daarop dat die omkeertyd vir die oplossing van geskille bogemiddeld was en prysenswaardig is. |
| Uitkoms(te) | 'n Verbeterde omgewing wat bevorderlik vir regverdige besigheidspraktyk en ingeligte kliënte is |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die program se ingrypings op die gebied van verbruikersopvoeding en alternatiewe geskilbeslegting het bygedra tot die daarstelling van 'n billike transaksionele omgewing tussen besighede en verbruikers. Die dienste het ook daartoe bygedra dat doeltreffende en effektiewe inwonergefokusde dienslewering plaasgevind het. Verbruikers kon deur die program toegang tot doeltreffende verbruikersverhaal kry, sonder dat hulle self enige koste moes dra. Besighede het ook by die diens baat gevind aangesien duur en tydrowende litigasie vermy is. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die program het 'n doeltreffende bydrae tot die departement se strategiese prioriteite gelewer, insluitend die MTSR, PSP en die WKHP, veral gegewe die werk wat gedoen is met verbruikers wat finansiële uitdagings ervaar het as gevolg van die negatiewe ekonomiese toestande in die land. Die program het gesorg dat hulp aan inwoners verskaf is, hetsy deur inligting en leiding te verskaf oor hoe om sekere aangeleenthede te hanteer of deur verbruikers te verwys na ander regulatoriese owerhede wat direkte hulp kan verleen. Die program het ook deur sy eenheid Klagtebestuur verseker dat die transaksionele omgewing tussen verbruikers en besighede op 'n billike en deursigtige wyse gereguleer word. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die subprogram het spesifieke ingrypings vir verbruikersopvoeding geïnisieer in kategorieë waar verbruikers dit as prioriteit geïdentifiseer het. In hierdie verband is die subprogram se ingrypings vir verbruikersopvoeding deur 2 808 vroue, 2 282 jeugdiges, 92 persone met gestremdhede en 410 bejaarde inwoners bygewoon. Die ingrypings het op spesifieke onderwerpe oor verbruikersbeskerming gefokus wat op die geïdentifiseerde teikengroep betrekking gehad het. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Die program kon in die boekjaar 2022/23 ongelukkig nie die instelling van die Wes-Kaapse Tribunaal vir Verbruikersake afhandel nie. Die provinsiale wetgewing (Wes-Kaapse Wet op Verbruikersake, 2002) maak voorsiening vir 'n gereguleerde proses vir die aanstelling van lede van die Tribunaal vir Verbruikersake. Die program het al die gereguleerde prosesse voltooi wat vir die benoeming en verifiëring van en die onderhoudvoering met benoemdes vereis word. Dit het ongelukkig tydens die deugsaamheidsevaluering van benoemdes (wat voor onderhoude gedoen is) geblyk dat sekere benoemdes nie vir oorweging geskik was nie. Gevolglik moes daar met 'n nuwe proses vir nuwe benoemdes begin word. Dit was te wyte aan die feit dat 'n beperkte aantal benoemdes as geskik vir aanstelling geag is. Die program het met die nuwe proses begin en daar word verwag dat die lede van die tribunaal binne die nuwe boekjaar aangestel sal word.

Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R10.636 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken, waarvan die werklike uitgawes R10.431 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig werklike uitgawes van 98.1% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R8.698 miljoen of 83.4% van die totale uitgawes beloop; en
- Goedere en dienste het R1.366 miljoen of 13.1% van die totale uitgawes uitgemaak.
- Betalings vir kapitaalbates het R358 duisend of 3.4% van die totale uitgawes beloop.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Verbruikersbeskerming | 10 636 | 10431 | 205 | 9 580 | 9 392 | 188 |
| Totaal | 10 636 | 10 431 | 205 | 9 580 | 9 392 | 188 |

Program 4: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

## 4.5 PROGRAM 5: EKONOMIESE BEPLANNING

Doel

Die doel van hierdie program is om ondersteuning aan die provinsiale leierskap te bied en ekonomiese groei moontlik te maak deur die generering en koördinering van ekonomiese navorsing en beplanning, en deur die aktiewe ondersteuning van belangrike ekonomiese tematiese aandrywers en instaatstellers wat ekonomiese groei regoor die ekonomie en binne afdelings van die ekonomie sal stimuleer.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning | Om die ontwikkeling van provinsiale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun. |
| Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling | Om ekonomiese navorsing te onderneem.<br>*Let wel: Die uitsette van Subprogram 5.1 en 5.2 is in die Jaarlikse Prestasieplan gekombineer en sal as sodanig in die Jaarverslag gerapporteer word.* |
| Subprogram 5.3: Kennisbestuur | Om die koördinering van die ekonomiese ekosisteem en ekonomiese voorspraak te fasiliteer. |
| Subprogram: 5.4: Monitering en Evaluering | *Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering is by Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer.* |
| Subprogram 5.5: Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe (ook bekend as Katalitiese Inisiatiewe) | Om deur middel van katalitiese ingrypings en infrastruktuur 'n instaatstellende ekonomiese omgewing te ontwikkeling en/of te stimuleer. |

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (ook bekend as Digitale Ekonomie) | Om die gebruik, gereedheid en toeganklikheid van digitale tegnologie deur inwoners en besighede te ondersteun en te stimuleer. |
| Subprogram 5.7: Groenekonomie | Om die ontwikkeling van die groenekonomie en verwante nywerhede te stimuleer en verbeterde hulpbronveerkragtigheid te fasiliteer om die mededingendheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te versterk. |
| Institusionele uitkomste | |
| Program 5 dra by tot die volgende institusionele uitkomste | • Verhoogde uitvoere<br>• Verhoogde randwaarde van investering<br>• Hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie het verbeter |

## Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning en Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling

*Let wel: Die uitsette van Subprogram 5.1 en 5.2 word in die tabel hieronder gekombineer.*

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 5.1: Ekonomiese Beleid en Beplanning<br>Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Ekonomiese navorsing oor beleid en beplannings-verslae ontwikkel | 5.1 Getal navorsingsverslae opgestel | 10 | 5 | 5 | 5 | - | - |

Opsomming van Subprogram 5.1 en 5.2 se prestasies

| Doel | 5.1 Om provinsiale ekonomiese beleide en strategieë te ondersteun en te ontwikkel.<br>5.2 Om ekonomiese navorsing te onderneem. |
|---|---|
| Beduidende prestasies | Groeidiagnostiek<br>Die eenheid het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van 'n groeidiagnostiek wat die Groei vir Werksgeleenthede Strategiese Raamwerk ingelig het. Die groeidiagnostiek het gekyk na 'n grondige ontleding van die Wes-Kaapse ekonomie en wat gedoen kan word om die ekonomie te laat groei.<br>Groei vir Werksgeleenthede Strategiese Raamwerk<br>Die eenheid het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van die Groei vir Werksgeleenthede Strategiese Raamwerk, wat die Groei vir Werksgeleenthede-strategie ingelig het. Die Groei vir Werksgeleenthede Strategiese Raamwerk het die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie en -implementeringsplan vir die Wes-Kaap. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | **Groei vir Werksgeleenthede-strategie**<br>Die eenheid het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie wat saamgestel is vir goedkeuring deur die Kabinet aan die begin van die boekjaar 2023/24.<br><br>**Ekonomiese intelligensie**<br>Die eenheid het talle verslae van hoë gehalte saamgestel om ekonomiese intelligensie te deel, insluitend 'n strategiese ontleding van die kwartaallikse arbeidsmagopname, ontleding van Suid-Afrika se gryslys, asook ontleding van tendense in hoëfrekwensiedata. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die eenheid het 'n sleutelrol gespeel in die ontwikkeling van die groeidiagnostiek, Groei vir Werksgeleenthede Strategiese Raamwerk asook die Groei vir Werksgeleenthede-strategie, wat groeiende uitvoere identifiseer as een van die prioriteitsfokusareas om die ekonomie van die Wes-Kaap te laat groei. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die eenheid se rol in die verskaffing van data en die ondersteuning van regeringsbestuur is gerig op wat geïdentifiseer is as 'n instaatsteller wat al die strategiese prioriteite ondersteun. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Dit is volgens die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) nie moontlik om sonder 'n bevoegde regering maatskaplike en ekonomiese transformasie wat vroue, jeugdiges en persone met gestremdhede vooropstel, te bewerkstellig nie. 'n Bevoegde regering werk op 'n strategiese en ingeligte manier om te verseker dat die samelewing en die ekonomie floreer.<br><br>In sy rol as 'n steunfunksie help die eenheid om 'n bevoegde regering te bou deur bewysgebaseerde beplanning, strategie en beleidsontwikkeling moontlik te maak om die groei van die ekonomie en werkskepping vir almal te ondersteun, insluitend prioriteitsgroepe. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 5.3: Kennisbestuur

### Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 5.3: Kennisbestuur | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde randwaarde van investering | Vennootskappe gevestig en versterk | 5.2 Getal vennootskappe gevestig/versterk | 25 | 15 | 15 | 15 | - | - |

Opsomming van Subprogram 5.3 se prestasies

| Doel | Om die koördinering van die ekonomiese ekosisteem en ekonomiese voorspraak te fasiliteer. |
|---|---|
| Beduidende prestasies | DEOT het die WKR se betrekkinge met belangrike ekonomiese belanghebbendes binne die ekosisteem benut – deur inligting en ekonomiese intelligensie te deel, vennootskappe te bou en hulpbronne aan te wend om 'n gemeenskaplike doel te bereik, naamlik om die negatiewe ekonomiese impak van die pandemie te weerstaan en veerkragtigheid te bou.<br><br>In hierdie verband is die volgende bereik om die WKR se inentingsveldtog te versterk en die privaat sektor te ondersteun:<br>• 'n Vennootskap is met die USAID aangegaan om die "Boost for Business"-veldtog vir inentingsertifisering te loods.<br>• Daar is met Wellth-ai.com saamgewerk om hulle in hul ter plaatse inentingsprogram te ondersteun.<br><br>DEOT het provinsiale, regeringswye vennootskappe aangegaan om innovasie in die openbare sektor te bevorder deur:<br>• Die Innovasiekampioene-inisiatief.<br>• In vennootskap met die Departement van die Premier (DvdP) gewerk as deel van hul innoverende program vir die openbare sektor: Innovasie vir Impak.<br><br>Om innovasie in die privaat sektor te bevorder, het DEOT:<br>• In vennootskap met die Tegnologie- en Innovasie-agentskap (TIA) en die Handwerk- en Ontwerpinstituut (HOI) saamgewerk om die Saadfonds vir Ontwerpinnovasie te implementeer – 'n fonds wat daarop gemik is om die ontwikkeling van konsepte in kommersiële produkte te ondersteun.<br>• In vennootskap met belangrike belanghebbendes in die bedryf gewerk aan die WKR se Dreuntuig/Onbemande Lugvaartuig-inisiatief om medewerking te bevorder en die groei en ontwikkeling van die dreuntuigbedryf in die WK te ondersteun.<br><br>DEOT het betrekkinge met nasionale maatskappye in staatsbesit versterk om beplanning en lewering van infrastruktuur te ondersteun via 'n vennootskap met Transnet, en gekoördineerde werk tussen nasionale regering, die WK en Noord-Kaap en die privaat sektor om die groenwaterstofsektor en uitvoerprojek via 'n vennootskap met ArcelorMittal Suid-Afrika Beperk (AMSA) (Waterstof) te ondersteun.<br><br>DEOT was die leierdepartement vir die koördinering en bestuur van die Ekonomiese Kluster wat verantwoordelik is vir die implementering van die WKR Herstelplan se Werksgeleenthede-tema en later die Groei vir Werksgeleenthede-strategie (G4J). As deel van die ontwikkelingsproses van die G4J-strategie het DEOT:<br>• Die G4J-dinktenk en verwante bestuurstrukture ingestel om die Ekonomiese Kluster-departemente en hul entiteite te koördineer.<br>• Vennootskappe met belanghebbendes in die korporatiewe privaat sektor aangegaan, naamlik Accelerate Cape Town (ACT), die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys (KKHO), die Kaapse Kamer van Koophandel en Nywerheid (KKKN) en Suid-Afrikaanse Raad vir Groenbou (SARG).<br><br>DEOT sal vir hierdie doeleinde voortgaan om die vennootskappe tussen die Ekonomiese Kluster-departemente, hul entiteite en, waar nodig, belanghebbendes in die privaat sektor te koördineer, fasiliteer en ondersteun om te verseker dat die doelwitte van die G4J-strategie verwesenlik word.<br><br>Laastens, as deel van DEOT se funksie van Regeringsbestuur (bv. openbare entiteite), is die vennootskap met die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap (EOV) versterk wat die EOV in staat stel om vennootskappe te bou om aktiwiteite rondom ekonomiese herstel en werkskepping in die WK te bevorder en om vennootskapspraktyke te voorsien op gebiede waar die regering, besighede en die gemeenskap saamwerk om uitdagings in die ekonomie op te los. |

| Uitkoms(te) | Verhoogde randwaarde van investering |
|---|---|
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Ondersteun investering- en uitvoer-ekosisteem vir groei en werkskepping.<br><br>Die subprogram dra by tot die uitkoms van investering en uitvoere en poog om die bevoegdheid, kapasiteit en mededingendheid van die ekonomie te bou om investering te lok en uitvoere te laat groei. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die ondersteuning van en samewerking met besighede en ander ekonomiese belanghebbendes stel die subeenheid in staat om investering te beskerm en die mededingendheid van besighede te bevorder. Dit stem ooreen met die strategiese prioriteit 'Investerings en uitvoere' van die MTSR, PSP en WK Herstelplan, asook die doelwitte van die G4J-strategie. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering

Die aktiwiteite vir Subprogram 5.4: Monitering en Evaluering is by Subprogram 5.2: Navorsing en Ontwikkeling geïnkorporeer.

## Subprogram 5.5: Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe (ook bekend as katalitiese inisiatiewe)

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 5.5: Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde randwaarde van investering | Katalitiese infrastruktuur-projekte ondersteun | 5.3 Getal katalitiese infrastruktuur-projekte ondersteun | 5 | 5 | 3 | 3 | - | - |

Opsomming van Subprogram 5.4 en 5.5 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om deur middel van katalitiese ingrypings en infrastruktuur 'n instaatstellende ekonomiese omgewing te ontwikkeling en/of te stimuleer. |
| Beduidende prestasies | Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha)<br>• Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. werk saam met die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT) om die Wes-SAOW Groenwaterstofkorridor te bevorder en te bou.<br>• Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. beskou homself as van kardinale belang en bied ondersteuning aan verskeie projekte om uitvoerbaarheidstudies te voltooi en finansiële afsluiting in die volgende jaar of twee te bereik, veral die groenwaterstof-SIP-projekte wat in die staatskoerant afgekondig is.<br>• Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. het deelgeneem aan 'n aantal donateurstudies via die GIZ, Wêreldbank en ander nasionale asook provinsiale entiteite om die instelling van 'n Groenwaterstofsentrum te bevorder.<br>Wat ankerprojekte ten opsigte van grondinvesteerders in die sone aanbetref:<br>• Twee gesprekke vind tans met investeerders plaas om ooreenkomste vir 17 ha grond in beginsel uit te reik.<br>• 'n Uitdrukking van Belangstelling (UVB) is in die mark geadverteer om vir 50 jaar ontwikkelingsregte vir 20 ha grond te huur.<br>• VSNOS werk nou saam met vier ankerprojekte om finansiële afsluiting te bereik of om met bouwerk te begin.<br>• Die aansoek van die Kaapse Oseane Terminaal- Vroeë Werke NOS was suksesvol en bouwerk sal eersdaags begin.<br>• VSNOS werk saam met vier katalitiese en drie loodsprojekte in groenwaterstof om na uitvoerbaarheidstudies te vorder. Potensiële investeringswaardes en ramings vir werkskepping is nog nie van investeerders beskikbaar nie.<br>Vryhawe Saldanha het infrastruktuursbefondsing ter waarde van R229 784 492 gedurende die oorsigjaar ontvang.<br>Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone<br>• Die ASES-maatskappy het voorbereidings vir die konstruksiefase afgehandel, en die kontrakteurs is in Mei 2023 op die terrein verwag. Die entiteit het geskakel met meer as 50 maatskappye wat in die ASES belangstel, met belangrike pyplynmaatskappye wat na verwagting in die eerste helfte van die 2023/24-boekjaar vir investering goedgekeur sal word.<br>• Die ASES-maatskappy het infrastruktuursbefondsing ter waarde van R102 948 163 gedurende die oorsigjaar ontvang. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde randwaarde van investering |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Infrastruktuurbefondsing van R102 948 163 vir die ASES.<br>Infrastruktuurbefondsing van R229 784 492 Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Deur die ASES en Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. (Vryhawe Saldanha) te ondersteun om investering te werf (en 1 875 werksgeleenthede in die Saldanhabaai NOS te skep), is die subdirektoraat se werk belyn met die strategiese doelwitte 'Investering en uitvoere' van die MTSR, PSP en WKHP, asook die Groei vir Werksgeleenthede-strategie. |

| | |
|---|---|
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die ASES se programme vir vaardigheid- en ondernemingsontwikkeling neem sowel jeugdiges as vroue in ag. Op die gebied van vaardighede werk programme met hoërskoolleerders asook jongmense in vakleerlingskappe om vir ambagstoetse voor te berei. Die ASES het in 2022/23 elf inisiatiewe vir die ontwikkeling van tegniese vaardighede ondersteun; dit het 290 deelnemers bereik waarvan 60% vroulik was. ’n Loopbaanuitstalling oor groentegnologie wat 200 leerders gelok het, is ook aangebied.<br><br>Ondersteuning word deurlopend gebied aan klein besighede wat in vrouebesit is. Daar is oor die afgelope boekjaar op samewerking met KMMO’s in die konstruksiesektor gefokus, en ongeveer 40% van die deelnemers aan die programme oor ondernemingsontwikkeling was vroue.<br><br>Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. ondersteun verskeie programme vir vaardigheid- en ondernemingsontwikkeling. Sewentig leerders is tans vir vakleerlingskappe vir beroepspesifieke ambagte ingeskryf.<br><br>Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. bied deur die Innovasiekampus en in vennootskap met Sasol ’n Energie-oorgangsprogram op die gebied van waterstof aan. Die Skoolontwikkelingsprogram is die afgelope jaar suksesvol in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement uitgevoer. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie (ook bekend as digitale ekonomie)

### Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde randwaarde van investering | Digitale ekonomie-projekte ondersteun | 5.4.1 Getal persone met vaardighede in digitale geletterdheid ondersteun | - | - | 70 | 78 | 8 | Die diensverskaffer het drie opleidingskursusse aangebied, naamlik IC3, werkgereedheid en mobiele geletterdheid. Tydens die werwingsproses is meer deelnemers as die teiken ingeskryf om vir natuurlike afname voorsiening te maak, wat tot die oorprestasie van hierdie aanwyser gelei het. |

| Subprogram 5.6: Breëband vir die Ekonomie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | | 5.4.2 Getal persone ondersteun met sake-vaardighede op saad-stadium | - | - | 15 | - | (15) | Fondse is laat in die boekjaar oorgedra. Die beplanning en ontwerp van die projek is eers in Februarie 2023 voltooi. Die aanstelling van 'n diensverskaffer en werwing van deelnemers is laat in Maart 2023 afgehandel. Die werklike implementering van die program is nou vir kwartaal 1 van die boekjaar 2023/24 geskeduleer. |

*Aantekening: Aanwyser 5.4.1 en 5.4.2 is tydens die in-jaar-veranderingsproses by die 2022/23 JPP ingesluit en aan die Provinsiale Parlement van die Wes-Kaap voorgelê. Die werk van die subprogram Digitale Ekonomie het d.m.v. die G4J- Strategiese Raamwerk en die DG Omsendbrief 57 beleidsrigting ontvang om toegang tot IKT-konnektiwiteit en opleiding in digitale vaardighede uit te brei. Gevolglik is begroting hiervoor vir die tweede helfte van die jaar toegeken.*

### Opsomming van Subprogram 5.6 se prestasies

Die Jaarlikse Prestasieplan vir 2022/23 het aangedui dat daar in die departement 'n beleidsverskuiwing was vanaf die fokus op die digitale en tegnologiese ekonomie as 'n sleutelaandrywer van ekonomiese groei, en dat die subprogram in die boekjaar 2022/23 moontlik sy stel van vyf projekte na nuwe eienaars sal oordra – hetsy binne DEOT of na eksterne belanghebbendes.

In reaksie op die bogenoemde het die Digitale Ekonomie-span gevorder met verskeie van die inisiatiewe oor die gemak van sake doen waarmee die departement in die boekjaar 2021/22 begin het en die volgende is bereik:

1. Deur ons eie werk en dié van Operasie Vulindlela in die Presidensie is standaard-konsepverordeninge vir deurgangsreg vir telekommunikasiedoeleindes in die Staatskoerant afgekondig. Dit word vir aanvaarding deur Wes-Kaapse munisipaliteite oorweeg.
2. Die eerste Wes-Kaapse Forum vir Dreuntuie is aangebied; dit het sleutelbelanghebbendes in die bedryf uit die openbare sektor en privaat sektor byeen gebring met die doel om 'n regulatoriese sandbak-area te skep waar sake- en ander konsepte getoets kan word.
3. Drie interaktiewe sakegidse is bekendgestel om entrepreneurs te voorsien van noodsaaklike inligting oor die stappe, kontakte, koste en tydraamwerke om nuwe besighede op die gebied van (i) voedsel- en drankkleinhandel, (ii) klerekleinhandel en (iii) kommersiële skoonmaak oop te maak.

Die Digitale Ekonomie-span is ná die proses van begrotingsaansuiwering in die derde kwartaal die verantwoordelikheid vir twee befondsde projekte gegee wat tot die heraktivering van die subprogram in die departement gelei het. Hierdie programme was: Wes-Kaapse Drankowerheid se program vir sake-outomatisering: Die tweede fase van die Wes-Kaapse Drankowerheid se program vir sake-outomatisering is deur die departement se Program 2 befonds en die projek word deur die Digitale Ekonomie-eenheid bestuur. Hierdie werk is betyds, volgens begroting en tot die tevredenheid van kliënte in Maart 2023 voltooi, en die formele bekendstelling het op 1 April 2023 plaasgevind. Die bekendstelling van hierdie tweede fase stel inwoners

in staat om verskeie aansoeke vir nuwe lisensietipes aanlyn in te dien en betalings te maak. Dit is ter aanvulling van die eerste fase van werk wat op lisensiehernuwings gefokus het en in Oktober 2022 in werking getree het. Hierdie projek sal onder Program 2 gerapporteer word.

I-CAN-sentrum in Elsiesrivier: Die tweede befondsde projek was die ondersteuning van die I-CAN-sentrum in Elsiesrivier om vaardigheidsopleiding te bied in digitale geletterdheid en besighede in die beginstadium, met die fokus op jeugdiges om hul eie ruimtes te skep en infrastruktuur te verbeter.

Die Digitale Ekonomie-span het ook basislynnavorsing oor verskeie onderwerpe gedoen, insluitend visums vir skaars vaardighede, valutabeheer en tegnologievaardighede by skole. Hierdie inligting lig verskeie sleutelinisiatiewe in wat in die Groei vir Werksgeleenthede-strategie geïdentifiseer is en in die komende boekjaar geïmplementeer sal word.

Benewens die bogenoemde het verskeie lede van die Digitale Ekonomie-span belangrike vaardighede aan die MEV-program verskaf, insluitend ondersteuning vir MEV-fondse aan agt munisipaliteite, die aanstelling van ’n diensverskaffer vir munisipale gepoelde aankope, ’n modelleringstudie oor munisipale inkomste, finansiële en befondsingstelsels, en die projekte oor energie-infrastruktuur en -berging.

Ander aktiwiteite wat deur die Digitale Ekonomie-span uitgevoer is, het die uitdiensstelling van die I-CAN Leer OMS- en LMS-stelsels, werk saam met ’n derde party vir die oordrag van JUMP, en die ontwikkeling van betrekking op die gebied van innovasie ingesluit. Die span het ook insette gelewer tot die departement se strategie en die provinsiale ekonomiese strategie wat lei tot die PFA (prioriteitsfokusarea) Tegnologie en Innovasie van die Groei vir Werksgeleenthede-strategie.

## Opsomming van Subprogram 5.6

| | |
|---|---|
| Doel | Om die gebruik, gereedheid en toeganklikheid van digitale tegnologie deur inwoners en besighede te ondersteun en te stimuleer. |
| Beduidende prestasies | 1. Drie interaktiewe sakegidse is bekendgestel.<br>2. Konsepverordeninge vir deurgangsreg is Operasie Vulindlela in ’n Staatskoerante gepubliseer.<br>3. Die eerste Wes-Kaapse Forum vir Dreuntuie is aangebied en dit het beduidende handelsmerk-ekwiteit vir die Wes-Kaap in hierdie opkomende sektor beteken.<br>4. ’n Projek vir befondsing aan die Wes-Kaapse Drankowerheid vir fase 2 van hul program vir besigheidsoutomatisering is bestuur.<br>5. Befondsing vir die I-CAN Elsiesrivier-sentrum wat voorsiening maak vir innoverende opleiding vir jeugdiges, is bestuur. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde randwaarde van investering |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | As gevolg van die laat aktivering van die Digitale Ekonomie-subprogram in die boekjaar, sal die gevolge van bydrae tot die uitkomsteiken eers in die toekoms plaasvind. Die I-CAN- en Dreunvaartuie-projek is spesifiek daarop gerig om die mededingendheid van plaaslike besighede te verbeter.<br>Die deurgangsreg- en Wes-Kaapse Drankowerheid-projek dra daartoe by om die instaatstelling van die besigheidsomgewing te verbeter om hoër investering te realiseer. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die projekte en fokus van die Digitale Ekonomie-eenheid bevorder die VIP 2, spesifiek met betrekking tot die pilaar “gemak van sake doen” wat in die Herstelplan geïdentifiseer is.<br>Verder stem dit by voorbaat ooreen met die Groei vir Werksgeleenthede-strategie, veral die pilaar Tegnologie en Innovasie as ’n prioriteitsfokusarea. Die I-CAN- en Dreunvaartuie-projek is ’n aanduiding van bydrae tot die hantering van produktiwiteit. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Ondersteuning van jeugdiges met die opleiding wat by die I-CAN Elsiesrivier-sentrum aangebied is. |

## Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 5.7: Groenekonomie

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies – soos hersien tydens die proses van hervoorlegging van in-jaar-veranderinge

| Subprogram 5.7: Groenekonomie | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 tot datum van her-voorlegging | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings | Redes vir veranderinge aan die uitsette/ uitset-aanwysers/ jaarlikse teikens |
| Hulpbron-veer-kragtigheid van die ekonomie het verbeter | Besighede met hulpbron-veerkragtig-heid ondersteun | 5.6 Getal besighede in Hulpbron-veerkragtigheid ondersteun | - | - | 500 | - | - | 2022/23 JPP weer voorgelê sonder enige prestasie vir kwartaal 1 en 2 | Die teikens moet aangepas word as gevolg van die begrotings-toekenning vir hierdie projek wat verminder is. |
| | Water-veerkragtig-heidsprojekte ondersteun/ gelewer | 5.9 Getal water-veerkragtig-heidsprojekte ondersteun/ gelewer | - | - | 2 | - | - | 2022/23 JPP weer voorgelê sonder enige prestasie vir kwartaal 1 en 2 | Die energiekrisis is 'n prioriteits-area wat deur die departement bestuur word en gevolglik is alle interne kapasiteit daarop gerig om op energie te fokus. |

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 5.7: Groenekonomie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Hulpbron-veerkragtig-heid van die ekonomie het verbeter | Besighede met hulpbron-veerkragtigheid ondersteun | 5.6 Getal besighede met hulpbron-veerkragtigheid ondersteun | - | - | 200 | 218 | 18 | Die energiekrisis het daartoe gelei dat meer besighede hulp benodig het. |

| Subprogram 5.7: Groenekonomie | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | | 5.7 Getal munisipaliteite met hulpbron-veerkragtigheid ondersteun | - | - | 25 | 25 | - | - |
| | Energie-veerkragtigheid-projekte ondersteun | 5.8 Getal water water-veerkragtigheid-projekte ondersteun | - | - | 5 | 5 | - | - |
| | Water-veerkragtigheid-projekte ondersteun/ gelewer | 5.9 Getal water-veerkragtigheid-projekte ondersteun/ gelewer | - | - | - | - | - | - |

Opsomming van Subprogram 5.7

| | |
|---|---|
| Doel | Om die ontwikkeling van groennywerhede te stimuleer en hulpbronveerkragtigheid te fasiliteer om die mededingendheid en veerkragtigheid van die hele ekonomie te versterk. |
| Beduidende prestasies | Hoë energiegebruikers<br>Skakeling met ’n groot aantal hoë-elektrisiteit-gebruikers in die privaat sektor in die provinsie het die studie in staat gestel om ’n bondige en waardevolle oorsig van die huidige en toekomstige status van ’n groot deel van die energieverbruik in die Wes-Kaap te bied. Die werk bied ’n kwantifiseerbare basis van huidige en toekomstige energieverbruik van die grootste privaatsektor- munisipale kliënte in die provinsie, het aansienlik tot die impakbepaling van die kragvervoerinkomste bygedra en sal tot ander projekte soos die Wes-Kaapse Geïntegreerde Hulpbronplan (WKGH) bydra. ’n Spesifieke hoogtepunt was die bydrae van hierdie projek tot die Premier se Energiebosberaad in November 2022, waar die diensverskaffer ’n paar tussentydse bevindings van skakeling met gebruikers kon voorlê en waar twee groot kraggebruikers in die privaat sektor die geleentheid gebied is om ’n aanbieding te doen oor hul benadering tot die verbetering van hul energieveerkragtigheid en ondersteuning wat van die openbare sektor nodig is om hierdie planne te ontsluit.<br><br>Opstel van gestandaardiseerde Gebruik-van-Stelsels-ooreenkomste vir kragvervoer<br>Die Gebruik-van-Stelsels-projek het gefokus op die ontleding van bestaande dokumente vir kragvervoerooreenkomste wat ’n insig gegee het van die komplikasies (en gepaardgaande koste) wat deur sowel munisipaliteite as die privaat sektor met die implementering van kragvervoer ervaar word. ’n Suksesvolle werkswinkel vir skakeling met belanghebbendes is gehou waar daar ’n algemene aanvaarding van die belangrikste klousules in die konsepooreenkomste was. Gestandaardiseerde dokumente is ontwikkel wat maklik aangepas kan word deur middel van die gebruikersgids en deur kapasiteitsbouwerkswinkels wat vir 2023/24 beplan word. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | **Impakassessering van inkomste uit munisipale kragvervoer**<br>’n Modelleringsinstrument is ontwikkel wat munisipaliteite in staat stel om die impak van verskeie kragvervoerpenetrasie-scenario’s op hul inkomste te ondersoek en te evalueer. Die model het data van George en Overstrand munisipaliteite gebruik, maar is ontwerp vir breër implementering wat sal volg op kapasiteitsbouwerkswinkels met Wes-Kaapse munisipaliteite. Die modelleringsinstrument sal na verwagting deur munisipaliteite buite die Wes-Kaap gebruik word deur middel van ander munisipale opleidingsprogramme in die land (wat deur eksterne organisasies aangebied word).<br><br>**Munisipale gepoelde aankope**<br>Die meganisme vir munisipale gepoelde aankope word ondersoek om verskeie munisipaliteite in staat te stel om krag van veelvuldige OKP’e te verkry (wat daarop gemik is om risiko’s en koste te verminder). Die opsie-ontleding vir ’n gepoelde aankoopfasiliteit is gevorderd en sal lei tot die ontwikkeling van ’n sakegeval vir ’n meganisme vir gepoelde aankope in die boekjaar 2023/24. Die sakegeval sal beteken dat ’n ingeligte besluit oor die instelling van ’n meganisme vir gepoelde aankope geneem kan word; dit is noodsaaklik gegewe die aansienlike die investering en langtermynverbintenis wat van die deelnemers vereis sal word.<br><br>**MEV-fonds – ondersteuning van Grondslagenergiestudies**<br>Die elektrisiteitsmeesterplanne (EMP’e) wat met toelaes van die MEV-fonds deur munisipaliteite bygewerk is (voltooi: Swartland, George, Witzenberg en Bitou), kan nou deur die munisipaliteite gebruik word om te identifiseer waar hulle kapasiteit op die netwerk het wat aan energieprojekte wat met die netwerk verbind moet word (vir kragvervoer, KSVK of munisipale OKP-verkrygingsdoeleindes), beskikbaar gestel kan word. Dit sal projekte in die privaat sektor fasiliteer en sal munisipaliteite wat met munisipale verkryging wil begin, in staat stel om terrein- en koste-oorwegings by hul spesifikasies in te bou. Die studies oor die koste van voorsiening (CoSS) wat ook deur die MEV-fonds (Mosselbaai, Overstrand, Witzenberg en Bitou) gefinansier is, kan deur munisipaliteite gebruik word om toepaslike tariewe vir kragvervoer te bereken waar projekte die munisipale netwerk moet gebruik, en om KSVK-invoertariewe te bereken vir projekte wat aan die munisipale netwerk gekoppel is. Die gepaste vasstelling van tariewe is belangrik om munisipale inkomste te beskerm asook om as aansporing vir die implementering van alternatiewe energiestelsels te dien. Sowel die EMP’e as CoSS kan aangewend word in die werk vir munisipale infrastruktuurbeplanning wat reeds aan die gang is, en sal saam met die resultate van die studie oor hoë-energie-elektrisiteitsverbruikers help om investering in munisipale netwerkversterking en -uitbreiding te identifiseer en te prioritiseer.<br><br>**Koördinering van MEV**<br>Die MEV-span het breedvoerig daaraan gewerk om die voornemens en vordering met die MEV-inisiatief te kommunikeer om openbare sigbaarheid te verbeter, bewustheid te verhoog, beleidsekerheid te verskaf, kapasiteit te bou, belangstelling te kweek en munisipaliteite te inspireer; alles daarop gemik om energieveerkragtigheid te verbeter, sakevertroue en die aanlokking van investering te versterk, en die WKR-handelsmerk te bou. ’n Kwartaallikse MEV-forum is gehou wat die Stad Kaapstad en tien munisipaliteite ingesluit het; energieverwante inligting is gedeel en kapasiteit tussen alle groepe kon gebou word.<br><br>Verder kon die span ook daarin slaag om 218 navrae te hanteer, die 25 Wes-Kaapse munisipaliteite te ondersteun en die paneel van energiediensverskaffers te stig, insluitend die uitbreiding van die paneel tydens die tweede ronde van versoeke om deelname.<br><br>**Infrastruktuur vir instaatstelling van MEV**<br>Hierdie komponent van werk het gelei tot die gesamentlike verbreding van die kennisbasis en kontekstualisering van die Wes-Kaapse netwerkinfrastruktuur en opsies vir energieberging. Verder is sleutelbetrekkinge met strategiese belanghebbendes gebou. Die WKR is nou beter toegerus om die energie-infrastruktuur en vereistes vir energieberging vir die provinsie te bepaal. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | MEV-kommunikasie<br>Die 110% Groen-webwerf word deurlopend bygewerk om die algehele gebruikerservaring te verbeter; die voorkoms en 'gevoel' van die webwerf is verander en enige verouderde inligting is bygewerk en nuwe en relevante inligting is opgelaai. Die nuwe 'Kontak ons'-vorm wat op 13 Maart 2023 bekendgestel is, het reeds heelwat nuwe navrae van die publiek, besighede, potensiële investeerders, energie-ontwikkelaars en verskaffers gelok. Die opknapping van die vorm is gedoen om besighede/organisasies wat navrae het, dienste wil aanbied, voorstelle wil maak of ondersteuning wil aanbied, ens., in staat te stel om meer gefokusde inligting te verskaf sodat lewensvatbare projekte, tegnologieë, ens. meer doeltreffend gesif en geprioritiseer kan word. |
| Uitkoms(te) | Hulpbronveerkragtigheid van die ekonomie het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Al die huidige werk sal daartoe bydra dat die vermoë van en vertroue in spelers in die privaat sektor en openbare sektor om energie slimmer te gebruik en alternatiewe energiestelsels te implementeer, versterk word en sal dus sodoende tot verbeterde hulpbronveerkragtigheid bydra. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die werk van die groenekonomie (met die fokus op die MEV-inisiatief) het alles bygedra tot die strategiese prioriteite van hulpbronveerkragtigheid (energie en water) in die provinsiale strategiese plan. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

### Koppeling van prestasie aan begrotings

'n Bedrag van R150.089 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken, waarvan die werklike uitgawes R144.989 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig werklike uitgawes van 96.6% van die program se totale begroting. 'n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R30.677 miljoen of 21.2% van die totale uitgawes uitgemaak;
- Goedere en dienste het R12.507 miljoen of 8.6% van die totale uitgawes uitgemaak; en
- Oordragte en subsidies het R101.805 miljoen of 70.2% van die totale uitgawes uitgemaak.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Ekonomiese Beleid en Beplanning | 8 551 | 8 385 | 166 | 6 183 | 6 157 | 26 |
| Navorsing en Ontwikkeling | 7 233 | 7 168 | 65 | 8 935 | 8 487 | 448 |
| Kennisbestuur | 15 211 | 15 210 | 1 | 17 106 | 17 105 | 1 |
| Instaatstelling van Groei-infrastruktuur en -inisiatiewe | 87 783 | 87 757 | 26 | 91 245 | 91 181 | 64 |
| Breëband vir die Ekonomie | 8 618 | 8 486 | 132 | 9 263 | 9 249 | 14 |
| Groenekonomie | 22 693 | 17 983 | 4 710 | 27 588 | 25 076 | 2 512 |
| Totaal | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 160 320 | 157 255 | 3 065 |

### Program 5: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

## 4.6 PROGRAM 6: TOERISME, KUNSTE EN VERMAAK

Doel

Om die implementering van 'n geïntegreerde toerismestrategie te fasiliteer wat tot volgehoue en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf sal lei.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 6.1: Toerismebeplanning | Om die strategiese toerisme-agenda te ontwikkel en te koördineer. |
| Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling | Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.<br>Om die gehalte van die besoeker se ervaring van die bestemming deur die voorsiening van toerisme-ondersteuningsdienste van gehalte te verbeter. |
| Subprogram 6.3: Transformasie van die Toerismesektor | Om voorsiening te maak vir die doeltreffende registrasie en regulering van toergidse. Om deur middel van verbeterde besoekerveiligheid en geïntegreerde bestemmingsbestuur die reputasie van die bestemming te beskerm. |
| Subprogram 6.4: Bemarking van die Toerismebestemming | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf ten einde sy mandaat uit te voer soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig). |
| **Institusionele uitkomste** | |
| Program 6 dra by tot die volgende institusionele uitkoms | • Verhoogde uitvoere<br>• Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid |

## Subprogram 6.1: Toerismebeplanning

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 6.1: Toerismebeplanning | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Ontwikkelings-inisiatiewe in die toerismesektor geïmplementeer | 6.1 Getal verslae oor inisiatiewe in die toerismesektor saamgestel | 2 | 2 | 2 | 2 | - | - |

Opsomming van Subprogram 6.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om die strategiese agenda te ontwikkel en te koördineer. |
| Beduidende prestasies | Hoewel die afhandeling van Toerisme-bloudruk 2030 tydelik gestaak is hangende die finalisering van G4J, het die eenheid steeds strategiese ondersteuning aan die sektor verskaf deur middel van:<br>• Ad hoc-navorsing om sektorintelligensie te bou; en<br>• Kapasiteitsontwikkeling van munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van plaaslike toerisme.<br><br>Baie moeite is ook gedoen om strategiese gesprekvoering met die privaat sektor te hou, veral oor drukpunte waarvoor die bedryf te staan kom ter voorbereiding vir ’n besige 2022/23-somerseisoen.<br><br>Die eenheid het ’n dialoog met die toerismebedryf gekoördineer wat deur Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede, Mireille Wenger, aangebied is. Die geleentheid het gefokus op die toerismebedryf se stand van seisoengereedheid in afwagting van die 2022/23-somerseisoen. Sleutelrolspelers is na die sessie genooi om as paneellede deel te neem om die stand van gereedheid van die Kaapstadse sentrale sakedistrik ten opsigte van veiligheid, aantreklikheid en dinamiek te bespreek. Die interaktiewe paneelsessies het gesentreer rondom die bestemming se gereedheid en toeganklikheid, asook die werkmag se gereedheid.<br><br>Die eenheid het kitsmeningspeilings in die bedryf gedoen om ’n gevoel te kry van die bedryf se sentiment oor sekere aangeleenthede waarvoor hulle te staan kom. Die volgende is uitgevoer:<br>• Meningspeiling oor halaaltoerisme;<br>• Meningspeiling oor toerismevaardighede; en<br>• Meningspeiling oor opvoedkundige toerisme. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die subprogram voorsien intelligensie en institusionele ondersteuning aan die bedryf met die doel om die herstel van die bedryf te versnel en sodoende die verdienstepotensiaal van die uitvoerbedryf te realiseer. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die subprogram dra by tot die verwesenliking van VIP 2. Die daarstelling van ’n bevorderlike ekosisteem vir die herstel van die toerismebedryf beteken dat die indiensnemingspotensiaal van die bedryf gemaksimeer kan word. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

## Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Gegewe die afname in hulpbronne wat toegeken is aan die ontwikkeling van die toerisme-aanbod om uitvoering aan die konsep-Toerismebloudruk 2030 te gee, ondersoek die direktoraat alternatiewe bronne van befondsing en finansiering om die produkbasis in die toekoms te stabiliseer en te laat groei.

# Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 6.2: Toerismegroei en -ontwikkeling | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Toerisme-produkte ontwikkel | 6.3 Getal vorderings-verslae oor die implementering van die toerismeproduk-ontwikkelingsprogram | 2 | 2 | 2 | 2 | - | - |

Opsomming van Subprogram 6.2 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om die groei en ontwikkeling van die toerismebedryf te fasiliteer.<br>Om die gehalte van die besoeker se ervaring van die bestemming deur die voorsiening van toerisme-ondersteuningsdienste van gehalte te verbeter. |
| Beduidende prestasies | Die eenheid Toerismegroei en -ontwikkeling het twee verslae oor die implementering van die ontwikkelingsprogram vir toerismeprodukte saamgestel en ingedien.<br>**Ondersteuning van geleenthede:**<br>Die eenheid het op 27 September 2022 Wêreldtoerismedag ondersteun deur R300 000 by te dra tot die geleentheid wat saam met die nasionale Departement van Toerisme gereël en aangebied is. Minister Wenger het by hierdie geleentheid die hoofrede gelewer.<br>DEOT en Wesgro het die Formule E/e-Prix-geleentheid in Februarie 2023 ondersteun. R3 000 000 se finansiële ondersteuning is gesamentlik in vennootskap met ander provinsiale departemente deur DEOT en Wesgro gebied. Die departement het ook voor dié geleentheid op verskeie betrokke komitees. Die eenheid het ook die departement op die Wes-Kaapse Forum vir Geleenthede en die Provinsiale Werkkomitee van die 2023 Netbal Wêreldbeker verteenwoordig.<br>**Natuurgebaseerde toerisme:**<br>Die Toerisme-eenheid het gereelde strategiese vergaderings met CapeNature, SANParks en die SATSA Adventure Chapter gehou om sake van belyning te bespreek. Projekte van belyning het infrastruktuurontwikkeling, gehalteversekering en bemarking ingesluit.<br>**Toerismeprodukontwikkelingsfonds:**<br>Die DEOT-projekbestuurspan het terreinbesoeke by al die begunstigdes van die Ontwikkelingsfonds vir Toerismeprodukte afgelê as deel van die toesighoudende meganisme om te verseker dat die projekte volgens die oordragbetalingsooreenkomste afgehandel is. ’n Omvattende afsluitingsverslag is opgestel met inligting soos die aansoek-, evaluerings- en oordragbetalingsprosesse wat gevolg is. Dit het ook besonderhede verskaf oor die 15 geselekteerde begunstigdes se projekte en die besigheidsimpak van elke projek. Die verslag is afgesluit met fotografiese bewyse van die terreinbesoeke wat afgelê is.<br>**Gehalteversekering:**<br>Die Toerisme-eenheid het tweemaandelikse vergaderings met die Toerismegraderingsraad van Suid-Afrika (TGRSA) ingestel as gevolg van die kommer oor diensgehalte in die toerismebedryf. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere |

| | |
|---|---|
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Ondersteuning is gebied aan die provinsie om toerismeverdienste te herwin en sodoende oor die lang termyn uitvoere te verhoog om die bereiking van VIP 2 te ondersteun.<br>Finansiële en strategiese ondersteuning aan geleenthede en toerisme-organisasies het organisasies in staat gestel om meer toeriste te lok en het tot die Wes-Kaap se ekonomie bygedra. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | DEOT het met die ondersteuning wat aan geleenthede en natuurgebaseerde toerisme gebied is, die toerismebedryf ondersteun ooreenkomstig die Nasionale Herstelplan vir die Toerismesektor en die PSP-visie wat tot prioriteit 2: Groei en Werksgeleenthede aanleiding gegee het. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Gegewe die afname in hulpbronne wat toegeken is aan die ontwikkeling van die toerisme-aanbod om uitvoering aan die konsep-Toerismebloudruk 2030 te gee, ondersoek die direktoraat alternatiewe bronne van befondsing en finansiering om die produkbasis in die toekoms te stabiliseer en te laat groei.

## Subprogram 6.3: Transformasie van die Toerismesektor

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 6.3: Transformasie van die Toerismesektor | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Toergidse ontwikkel | 6.4 Getal toergidse ontwikkel | 43 | 35 | 25 | 89 | 64 | Benewens die CATHSSETA-geakkrediteerde toergids-opleiding in kultuur- en natuurterreine wat in die Weskus aangebied is, is ’n ingryping vir Internasionale Toergidsdag saam met PRASA gehou. |
| | Toergidse geregistreer | 6.5 Getal individue geregistreer (as toergidse) | 502 | 697 | 600 | 1 500 | 900 | Die eenheid het geen beheer oor hoeveel toergidse in ’n boekjaar registreer nie. Die oorprestasie kan aan herstel ná COVID-19 toegeskryf word. Baie gidse het nie hul registrasie gedurende die vorige twee boekjare hernu nie. |

| Subprogram 6.3: Transformasie van die Toerismesektor | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| | Individue/ toerisme-verwante besighede geïnspekteer of gemonitor | 6.6 Getal individue/ toerisme-verwante besighede geïnspekteer of gemonitor (toergidse) | 20 | 72 | 100 | 110 | 10 | Die departement het geen beheer oor die aantal toergidse wat tydens veldinspeksies teëgekom word nie, en daar kon dus nie teen die geringe oorprestasie gematig word nie. |
| | Toerisme-ondernemings/ individue deur die toerisme-veiligheids-eenheid ondersteun | 6.7 Getal toerisme-ondernemings/ individue ondersteun | 389 | 306 | 100 | 139 | 39 | Gegewe die vinnige herstel van internasionale toerisme, het die program ’n toename ervaar in die getal voorvalle waarby toeriste betrokke was en die eenheid se ondersteuning genoodsaak het. Dit is ’n vraaggebaseerde diens en daar kan nie teen oorprestasie gematig word nie. |
| | Toesig oor die instelling van die eenheid Wets-toepassing vir Toerisme-veiligheid in vennootskap met die Stad Kaapstad | 6.8 Getal oorsigverslae oor die instelling van die eenheid Wets-toepassing vir Toerisme-veiligheid | 4 | 4 | 1 | 1 | - | - |
| | Strategie vir Toerisme-veiligheid is geïmplementeer | 6.9 Getal verslae oor die implement-tering van Strategie vir Toerisme-veiligheid | 4 | 2 | 2 | 2 | - | - |

Opsomming van Subprogram 6.3 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om voorsiening te maak vir die registrasie en regulering van toergidse.<br>Om deur middel van verbeterde besoekerveiligheid en geïntegreerde bestemmingsbestuur die reputasie van die bestemming te beskerm. |
| Beduidende prestasies | Toerismeregulasies:<br>1 500 toergidse (nuut en hernuwings) is gedurende hierdie boekjaar in die Wes-Kaap geregistreer. Dit is ’n positiewe teken dat daar ná COVID-19 herstel in die sektor is. Die aantal toergidse wat geregistreer is, is gelyk aan die registrasiesyfers voor COVID-19. Verder het die eenheid 110 toergidse regoor die Wes-Kaap geïnspekteer en 89 toergidse in die Weskus en Kaapse Metropool ontwikkel.<br>Toerismeveiligheid:<br>Risiko’s wat verband hou met veiligheid en sekuriteit het met die vinnige herstel van toerisme teruggekeer. Dit is veral kommerwekkend gegewe die sosio-ekonomiese toestande wat agteruitgaan. Om hierdie rede het DEOT gesprekke met die bedryf gereël oor toerismeveiligheid en gereedheid vir die spitsseisoen. ’n Uitkoms van hierdie gesprekvoering was die samestelling en implementering van ’n seisoengereedheidsplan vir die 2022/23-seisoen. Aktiwiteite het ’n sosialemediaveldtog ingesluit wat binnelandse reisigers van toerismeveiligheidswenke voorsien het. Die veldtog het tot meer as 3.7 miljoen gelewerde indrukke op sosiale media gelei. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere<br>Verbeterde persepsie van toerismeveiligheid |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die eenheid Toerismeregulasies ondersteun ’n toergidsgemeenskap wat na raming uit 6 000 lede bestaan. Toergidse vorm ’n belangrike komponent van die toerisme-ekosisteem wat uitvoerverdienste vir die provinsie tot gevolg het. Toerismeveiligheid is die grootste risikofaktor waarvoor die herstel van die bedryf te staan kom. Inisiatiewe om die toerismeveiligheid-ekosisteem te verbeter sal daartoe lei dat die provinsie die uitvoerpotensiaal van die toerismebedryf realiseer. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Die subprogram dra by tot die bereiking van VIP 2. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Uit die 89 toergidse wat gedurende die boekjaar ontwikkel is, was 53 vrouens en 20 was jeugdiges. |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 6.4: Bemarking van die Toerismebestemming

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 6.4: Bemarking van die Toerismebestemming | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verhoogde uitvoere | Toesig oor Wesgro se funksie van toerisme-bestemmings-bemarking | 6.11 Getal oorsigverslae oor toerisme-bestemmings-bemarking | 2 | 2 | 2 | 2 | - | - |

Opsomming van Subprogram 6.4 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om hulpbronne aan die openbare entiteit vir die bevordering van toerisme, handel en investering te verskaf ten einde sy mandaat uit te voer soos omskryf in die Wet op die Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap, 1996 (Wet 3 van 1996) (soos gewysig). |
| Beduidende prestasies | Die eenheid Toerismegroei en -ontwikkeling het twee oorsigverslae oor toerismebestemmings-bemarking saamgestel en ingedien.<br><br>Gedurende die jaar is gereelde vergaderings gehou en dokumente is hersien as deel van DEOT se toesighoudende rol.<br><br>Wesgro BMO het die volgende behaal:<br>• Wesgro het ’n geskatte ekonomiese impak van altesaam R423,8 miljoen deur die getal omgeskakelde bieë behaal. Hoewel hierdie bedrag nie die jaarlikse teiken van R530 miljoen bereik het nie, is dit steeds R159.8 miljoen meer as die vorige boekjaar.<br>• Internasionale en binnelandse reise het grotendeels gedurende die boekjaar onder oorsig herstel. 19 gesamentlike bemarkingsooreenkomste teenoor ’n teiken van 15 is aangegaan, 51 bemarkingsooreenkomste vir ontspanningsgeleenthede teenoor ’n jaarlikse teiken van 35 is aangegaan, 30 bieë teenoor ’n jaarlikse teiken van 15 is gewen. |
| Uitkoms(te) | Verhoogde uitvoere |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die R423.8 miljoen geskatte ekonomiese waarde vir die boekjaar wat deur Wesgro BMO behaal is, het bygedra tot die departement se uitkoms van verhoogde uitvoere. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | Wesgro BMO het bygedra tot die bereiking van VIP 2 (versterking van die ekonomie en werkskepping), die PSP (uitvoere) asook die nasionale en provinsiale herstelplanne (wat internasionale, streeks- en binnelandse markte prioritiseer) deur:<br>• Die verkryging van 30 konferensiebieë met ’n totale geskatte ekonomiese waarde van R423.8 miljoen<br><br>Die uitvoer van verskeie bemarkings- en verkoopsaktiwiteite soos die bywoning van handel- en padskoue, die aanbieding van na-skou-toere vir kopers en die uitvoering van bemarkingsveldtogte om meer toeriste na die Wes-Kaap te lok. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Daar was geen onderprestasie met betrekking tot die subprogram se JPP-teikens nie. Prestasie ten opsigte van Wesgro sal in die entiteit se Jaarverslag gerapporteer word.

### Koppeling van prestasie aan begrotings

’n Bedrag van R71.909 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken, waarvan die werklike uitgawes R71.875 miljoen beloop het. Dit verteenwoordig werklike uitgawes van 100.0% van die program se totale begroting. ’n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R7.027 miljoen of 9.8% van die totale uitgawes uitgemaak;
- Goedere en dienste het R1.218 miljoen of 1.7% van die totale uitgawes uitgemaak; en
- Oordragte en subsidies het R63.576 miljoen of 88.5% van die totale uitgawes uitgemaak.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 |
| Toerismegroei en -ontwikkeling | 8 334 | 8 301 | 33 | 16 196 | 15 763 | 433 |
| Transformasie van die Toerismesektor | 2 | 0 | 2 | - | - | - |
| Bemarking van die Toerismebestemming | 63 573 | 63 573 | 0 | 58 401 | 58 398 | 3 |
| Totaal | 71 909 | 71 874 | 35 | 74 597 | 74 161 | 436 |

### Program 6: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

# 4.7 PROGRAM 7: VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN INNOVASIE

Doel

Om die voorsiening van menslike kapitaal en innovasievaardighede te fasiliteer om aan die behoefte aan ekonomiese menslikehulpbronontwikkeling in die Wes-Kaap te voldoen.

Programstruktuur

| Subprogramme | Doel |
|---|---|
| Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap | Om vennootskappe en medewerking met belanghebbendes op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te koördineer om sistemiese veranderinge aan te dryf met die doel om die aanbod van toepaslike vaardighede in ooreenstemming met die huidige en toekomstige vaardigheidseise van prioriteitsgroeisektore in die Provinsie te verhoog. |
| Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte | Om werklose of onderbesette jeug te fasiliteer/ondersteun om toegang tot werk te kry. |
| Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings | Om befondsingsgeleenthede in die vaardigheidspyplyn te benut. |
| **Institusionele uitkomste** | |
| Program 7 dra by tot die volgende institusionele uitkoms | • Verbeterde indiensneembaarheid van ondersteunde begunstigdes. |

## Subprogram 7.1: Provinsiale Vaardighede en Vennootskap

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasies

| Subprogram 6.1: Toerismebeplanning | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitsetaanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde indiensneembaarheid van begunstigdes wat ondersteun is | Inisiatiewe vir vaardigheidsontwikkeling ondersteun | 7.2.1 Getal inisiatiewe vir vaardigheidsontwikkeling om wanverhouding tussen vaardighede en aanbod van vaardighede en die bedryf se behoeftes reg te stel | - | - | 4 | 5 | 1 | Aangedryf deur bedryfsvereistes en -behoeftes en samewerking met die Wes-Kaap Onderwysdepartement en hoër onderwys, is bykomende geleenthede geskep om nuwe kurrikulums en/of modaliteite op die gebied van hernubare-energie, meganiese tegnologie, kleinhandel, finansies en rekeningkunde te ontwikkel. Die subprogram kon gevolglik sy jaarlikse teiken van vier ontwikkelde kurrikulums oorskry. |

Opsomming van Subprogram 7.1 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om vennootskappe en medewerking met belanghebbendes op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak te koördineer om sistemiese veranderinge aan te dryf met die doel om die aanbod van toepaslike vaardighede in ooreenstemming met die huidige en toekomstige vaardigheidseise van prioriteitsgroeisektore in die Provinsie te verhoog. |
| Beduidende prestasies | Die subprogram behandel sistemiese uitdagings waarvoor die vaardigheidsekosisteem te staan kom deur middel van koördinering, lewering van voorspraak en die beïnvloeding van die verskillende rolspelers soos Basiese Onderwys, verskaffers van naskoolse opleiding, die drie vlakke van regering, en nywerheid om nouer saam te werk ter ondersteuning van inisiatiewe rondom vaardigheidsontwikkeling. Hierdie inisiatiewe het gefokus op die verfyning of wysiging van die kurrikulum, asook die aanvaarding van nuwe, innoverende opleidingsmodaliteite om die gehalte en relevansie van en toegang tot vaardigheidsaanbiedinge te bevorder sodat nywerheid se vaardigheidsvereistes nagekom word om meer werksgeleenthede te skep.<br><br>Die inisiatiewe oor vaardigheidsontwikkeling wat gedurende die boekjaar ondersteun is, het aandag geskenk aan die wanverhouding in vaardighede tussen die aanbod van vaardighede en nywerheid se behoeftes daaraan; ’n nuwe kurrikulum en nuwe opleidingsmodaliteite is onder meer ontwikkel om relevansie vir die werkplek te maksimeer, insluitend die aangaan van vennootskappe met die bedryf en openbare vennote.<br><br>Die subprogram het finansiële en niefinansiële hulpbronne in die openbare en privaat sektor aangewend vir ontwikkeling om akademiese instrumente te beïnvloed. Die subprogram het gesprekvoering tussen opvoeders, nywerheid en openbare vennote gefasiliteer om blootstelling aan die werkplek te verhoog sodat hulle meer in pas is met die vereistes van die werkplek, en kurrikuluminhoud behoorlik kan interpreteer en leerders kan lei.<br><br>Hierby ingesluit was meganismes om onderrigpedagogie te versterk om opvoeders, dosente en leerders bloot te stel aan relevante opleidingsbehoeftes in die bedryf, en aan meer praktiese bedryfsblootstelling om die gehalte, relevansie en toegang van vaardighede te verbeter sodat daar aan nywerheid se vaardigheidsvereistes voldoen word ten einde meer werksgeleenthede te skep.<br><br>JPP-samewerking het klem gelê op die beduidende prestasies en voortgesette werk om kurrikulums/ opleidingsmodaliteite te bevorder om die aanbod van vaardighede met nywerheid se vaardigheidsbehoeftes te belyn:<br><br>Die Groei vir Werksgeleenthede-strategie beklemtoon die behoefte om individue met wetenskap te ondersteun en SETA-befondsing te benut vir die kapasiteitsbou van nuwe wiskunde- en wetenskapopvoeders, tutorondersteuning vir leerders asook inisiatiewe oor loopbaanbewustheid om te help om die onderrigpedagogie te versterk wat tot beter opvoedkundige uitkomste vir hierdie sleutelvakke sal lei vir beter artikulasie in naskoolgekoppelde studies en beroepe waar hierdie vakke in hoë aanvraag is.<br><br>Die bekendstelling van nuwe opleidingsmodaliteite op die gebied van tegnies-motorboukundige studie by hoër tegniese skole deur nuwe tegniese modaliteite aan te bied, en werkgroepe tussen nywerheid en die akademie te vestig ter bevordering van hierdie inisiatiewe wat daarop gemik is om die kapasiteit van opvoeders en leerders in meganika te bou en blootstelling aan tendense en standaarde in die bedryf te kry. Hierby ingesluit was die ondersteuning van vennote om met beoordeling by die Provinsiale WKOD Skolekompetisie te help en die skole te ondersteun om met bedryfstandaarde en -praktyk te belyn.<br><br>Koördinering van twee Premier se Raad vir Vaardighede (PRV) wat as die Provinsiale Raad vir Menslike Hulpbronontwikkeling se formele platform dien, en wat vennote van regoor die vaardighede-ekosisteem insluit. Dit het die mede-ontwikkelde, nuwe Sonkrag-FV-tegnikuskwalifikasie asook ’n nuutgestigte Sonkrag-FV-opleidingsentrum in die Weskusstreek ingesluit, in vennootskap met merSETA en openbare TBOO-kolleges in die provinsie op grond van ’n nuwe tweeledige modaliteit vir beroepsgerigte opleiding. |

| | |
|---|---|
| Beduidende prestasies | Die tweede PRV het gefokus op die vestiging van 'n internasionale vennootskap tussen die departement, die openbare TBOO-kolleges en internasionale vennote via die Gesamentlike Aksieplan wat tussen die Vrystaat Beiere en die provinsie aangegaan is. Nuwe samewerkende inisiatiewe is ingestel ter ondersteuning van die kapasiteitsbou van die akademie om hierdie tweeledige modaliteit te implementeer, insluitend die vaardigheidsontwikkeling van opvoeders en dosente om digitale leertoepassings te onderrig, sagte vaardighede te ontwikkel en medewerking in belangrike groeisektore te versterk.<br><br>Verdere het die subprogram ook belangrike interdepartementele en nywerheidsgerigte vennootskappe gelei om innoverende, samewerkende projekte te ondersteun. Dit sluit die WKOD en die Departement van Kultuursake en Sport (DKS) se YearBeyond-projek in deur die medebefondsing van ervaringsleer van werklose jeugdiges wat geplaas word by NRO's wat skoolondersteuningsinisiatiewe implementeer om opvoedkundige uitkomste te verbeter. Die samewerkende projek is by die Premier se Toekennings vir Diensvoortreflikheid as naaswenner aangewys vir die Innovasie in die Staatsdiens-toekenning vir die "duplikasie van aanpassing van innoverende oplossings" en het 'n bronstoekenning vir beste samewerkende projek ontvang.<br><br>Fasilitering van SETA-samewerking om befondsing vir ervaringsleer in die kleding- en tekstielsektor vir die volgende boekjaar te verskaf, wat die bedryf en werklose jeugdiges sal ondersteun om toegang te verkry tot vaardigheidsopleiding en werkplekervaring in sleutelberoepe wat in die sektor vereis word en tot werkskepping sal lei. |
| Uitkoms(te) | Indiensneembaarheid van ondersteunde begunstigdes het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die vennootskapsnetwerk wat deur ons gevestigde platforms saamgestel is, asook direkte vennootskappe, het toegang tot bedryfs- en openbare hulpbronne gefasiliteer om inhoud gekoppel aan kurrikulums en/of opleidingsmodaliteite te beïnvloed en te verfyn om meer bedryfsverwante praktiese vaardighede in te sluit ten einde beter vorm te verleen aan loopbaanpaaie wat die indiensneembaarheid van jeugdiges sal verbeter. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | In ooreenstemming met DEOT se 2020 – 2025 vyfjaarstrategie en goed belyn met die Provinsiale Strategiese Plan en die Wes-Kaapse Herstelplan, het die subprogram gefokus op die vaardigheidsleemtes wat deur nywerheid geïdentifiseer is en vennootskappe aangegaan om nuwe kurrikulums en leweringsmodaliteite te ontwikkel wat ten beste in nywerheid se vaardigheidsbehoeftes sal voorsien. Verder is hulp verleen om jeugdiges te ondersteun om hul toegang tot loopbaanpaaie en toegang tot ekonomiese geleenthede te verbeter en om hulle meer indiensneembaar te maak. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die samewerking het aandag geskenk aan jeugdiges wat toegang tot geleenthede kan kry om bewustheid oor loopbane te skep en bykomende tutoriale steun en praktiese opleiding te ontvang wat meer in lyn is met nywerheid se vaardigheidsbehoeftes, alles met die doel om die lewe ná skool beter te artikuleer. Geleenthede vir jeugdiges om hul toegang tot werkopleiding en naskoolse institusionele opleiding te verbeter, is ook verwesenlik om hul indiensneembaarheid te verbeter. Die nuwe opleidingsmodaliteite het dosente, opvoeders en leerders ook in staat gestel om blootstelling te kry aan opleidingsbehoeftes wat op nywerheid betrekking het. Dit sluit vroue en jeugdiges in. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 7.2: Vaardigheidsprogramme en -projekte

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 6.1: Toerismebeplanning | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde indiens-neembaarheid van begunstigdes wat ondersteun is | Begunstigdes d.m.v. vaardigheids-ingrypings ondersteun | 7.3 Getal begunstigdes d.m.v. vaardigheids-ingrypings ondersteun | 4 153 | 2 429 | 2 500 | 4 684 | 2 184 | Die program het sy jaarlikse teiken met 87% oorskry, gedeeltelik as gevolg van 'n beduidende oorprestasie in eksterne befondsing wat benut is met die doel om vaardigheidsontwikkeling te ondersteun. |

Opsomming van Subprogram 7.2 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om werklose of onderbesette jeug te fasiliteer/ondersteun om toegang tot werk te kry. |
| Beduidende prestasies | Die subprogram het sy teiken om 2 500 werklose jeugdiges deur middel van vaardigheidsingrypings te ondersteun, met 87% of 2 184 persone oorskry. Die primêre instrumente vir die ondersteuning van werklose jeugdiges was deur middel van inisiatiewe vir ervaringsleer, tesame met geakkrediteerde vaardigheidsprogramme. Inisiatiewe vir ervaringsleer het geleenthede vir indiensneming by maatskappye wat indiensopleiding aanbied (hoofsaaklik die privaat sektor) gefasiliteer.<br><br>Die subprogram se ondersteuning aan vaardigheidsontwikkeling in die BPU-sektor het daartoe gelei dat die sektor globale mededingendheid verbeter het, met 'n toename van 7 900 netto nuwe werksgeleenthede wat buitelandse BPU-bestemmings bedien. Die netto nuwe werksgeleenthede het 'n toename van meer as R2.7 miljard in buitelandse inkomste verdien vir BPU-maatskappye wat in die Wes-Kaap gesetel is. |
| Uitkoms(te) | Indiensneembaarheid van ondersteunde begunstigdes het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Begunstigdes se indiensneembaarheid is verbeter deur middel van indiensgeleenthede om ervarings-leer op te doen en vaardigheidsoordrag deur hoofsaaklik geakkrediteerde vaardigheidsprogramme. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | PSP, MTSR en die Wes-Kaapse Herstelplan fokus op werksgeleenthede, 'n prioriteit wat direk deur die subprogram ondersteun word deur die aansporing van werksgeleenthede aan werklose jeug in die Provinsie. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Die begunstigdes wat in hierdie boekjaar ondersteun is, was 100% jeugdiges en vroue het die 67% van die ondersteunde jeugdiges uitgemaak. |

Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

## Subprogram 7.3: Vaardigheidsaansporings

Uitkomste, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

| Subprogram 6.1: Toerismebeplanning | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitkoms | Uitset | Uitset-aanwyser | Geouditeerde werklike prestasie 2020/21 | Geouditeerde werklike prestasie 2021/22 | Beplande jaarlikse teiken 2022/23 | Werklike prestasie 2022/23 | Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie 2022/23 | Redes vir afwykings |
| Verbeterde indiens-neembaarheid van ondersteunde begunstigdes | Fondse benut | 7.4 Waarde van fondse benut | R105 564 039.19 | R143 327 713 | R50m | R201 699 123 | R151 699 123 | Toenemende pogings met benutting van fondse en beskikbare befondsing van eksterne bronne. |

Opsomming van Subprogram 7.3 se prestasies

| | |
|---|---|
| Doel | Om befondsingsgeleenthede in die vaardigheidspyplyn te benut |
| Beduidende prestasies | Die subprogram Vaardigheidsaansporings het oorpresteer as gevolg van toenemende pogings om befondsing van eksterne bronne te benut en die program se uitstekende rekord om bo verwagting aan befondsers se vereistes te voldoen. Die subprogram het sy teiken van R50 miljoen met 303% oorskry; dit verteenwoordig ’n prestasie van R151 699 123. |
| Uitkoms(te) | Indiensneembaarheid van ondersteunde begunstigdes het verbeter |
| Opsomming van bydrae tot uitkoms(te) | Die benutting van befondsing van eksterne bronne was ’n groot rede waarom daar ’n oorprestasie van 88% was in die getal begunstigdes wat met inisiatiewe vir vaardigheidsontwikkeling ondersteun is. Dié fondse was hoofsaaklik vir stipendiums vir werklose jeugdiges uit gemarginaliseerde gemeenskappe. |
| Bydrae tot strategiese prioriteite | PSP, MTSR en die Wes-Kaapse Herstelplan fokus op werksgeleenthede, ’n prioriteit wat direk deur die subprogram ondersteun word deur die aansporing van werksgeleenthede aan werklose jeug in die Provinsie. |
| Reaksie op prioriteitsgroepe | Nie van toepassing nie. |

### Strategie om gebiede van onderprestasie op te los

Nie van toepassing nie.

### Koppeling van prestasie aan begrotings

’n Bedrag van R96.214 miljoen is gedurende die boekjaar 2022/23 aan die program toegeken om ingrypings te ondersteun wat daarop gemik is om die leemte tussen die aanbod van vaardighede en die vraag van die ekonomie te vul. Die werklike uitgawes het R96.106 miljoen beloop wat op werklike uitgawes van 99.9% van die program se totale begroting neerkom. ’n Oorsig van die fondse wat per ekonomiese klassifikasie bestee is, is soos volg:

- Vergoeding van werknemers het R11.595 miljoen of 12.1% van die totale uitgawes uitgemaak.
- Goedere en dienste het R6.328 miljoen of 6.6% van die totale uitgawes uitgemaak.
- Oordragte en subsidies het R78.114 miljoen of 81.3% van totale uitgawes uitgemaak, met die grootste deel geoormerk vir die betaling van stipendiums aan begunstigdes om ervaringsleer in die werkplek te ondersteun.
- Betalings vir finansiële bates het R69 duisend of 0.1% van die totale uitgawes uitgemaak.

| Naam van subprogram | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Provinsiale Vaardighede en Vennootskappe | 7 359 | 7 297 | 62 | 6 753 | 6 514 | 239 |
| Vaardigheidsprogramme en -projekte | 84 847 | 84 809 | 38 | 60 328 | 59 208 | 1 120 |
| Vaardigheidsaansporings | 4 008 | 4 000 | 8 | 4 850 | 4 845 | 5 |
| Totaal | 96 214 | 96 106 | 108 | 71 931 | 70 567 | 1 364 |

Program 7: Prestasie met betrekking tot gestandaardiseerde uitsette en uitsetaanwysers vir sektore met samelopende funksies

Nie van toepassing nie

# 5. OORDRAGBETALINGS

## 5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag na die openbare entiteit oorgedra (R'000) | Bedrag deur die openbare entiteit bestee (R'000) | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling | | | | |
| Wes-Kaapse Bestemmings-bemarking-, Investerings- en Handels-bevorderings-agentskap (Wesgro) | Operasionele befondsing ter ondersteuning van Wesgro se aktiwiteite rondom handel- en investerings-bevordering | 62 113 | 62 113 | Wesgro het R4.1 miljard verbonde investerings vir die provinsie gefasiliteer en handelsooreenkomste ter waarde van R3.1 miljard vir die boekjaar 2022/23 onderteken. |
| Program 5: Ekonomiese Beplanning | | | | |
| Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (ASES) | Bedryfs-befondsing vir die entiteit | 39 182 | 36 845 | R102.9 miljoen is vir infrastruktuurontwikkeling ontvang, en bouwerk sal in K1 van 2023/24 begin.<br><br>Die ASES-Maatskappy het 'n huurooreenkoms met die investeerder aangegaan ten opsigte waarvan R13.84 miljoen vir die befondsing van bostrukture ontvang is (ingesluit by die bedrag hier bo), en ontwerpe is voorberei vir die oprigting van 'n nuwe fasiliteit vir die investeerder.<br><br>Die ASES-maatskappy het 'n gebou in die sone gekoop wat een huurder huisves en met wie die tweede huurooreenkoms onderteken is. |
| Saldanhabaai Nywerheids-ontwikkeling-sone Lisensiërings-maatskappy | Bedryfs-befondsing vir die entiteit | 41 977 | 41 977 | Die beplanning en voorlopige ontwerp vir SES 5-fasiliteit is voltooi. Die fasiliteit dek 'n voetspoor van 1 500 m$^2$ en sluit bergingsruimte in. Die Cartol-pompstasie-projek was vanaf die laaste kwartaal van 2022 tot die eerste kwartaal van 2023 aan die gang. Die projek het op 1 Maart 2023 die praktiese voltooiingstadium bereik. Die kontrak vir die ontwerp en bou van SES 4-fasiliteit is in Januarie 2023 formeel aan die kwalifiserende bieër toegeken. Die ontwerp van die SES 4-fasiliteit is aan die gang.<br><br>Hierdie fasiliteit akkommodeer klein pakhuisbedrywe met 'n fokus op kleinskaalse produksie/vervaardiging<br><br>Die konstruksie van die "Oostelike Toegangspad" nader praktiese voltooiing. |

| Naam van openbare entiteit | Sleuteluitsette van die openbare entiteit | Bedrag na die openbare entiteit oorgedra (R'000) | Bedrag deur die openbare entiteit bestee (R'000) | Prestasies van die openbare entiteit |
|---|---|---|---|---|
| Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | |
| Wes-Kaapse Bestemmings-bemarking-, Investerings- en Handels-bevorderings-agentskap (Wesgro) | Operasionele befondsing ter ondersteuning van Wesgro se aktiwiteite rondom bemarking van die toerisme-bestemming | 63 573 | 63 573 | Wesgro het 'n geskatte ekonomiese impak van R423,8 miljoen deur die omskakeling van 30 konferensiebieë behaal.<br>Wesgro BBO het sy jaarlikse teikens vir die getal bieë gewen, getal gesamentlike bemarkings-ooreenkomste aangegaan en die getal bemarkings-ooreenkomste vir ontspanningsgeleenthede oorskry. |

## 5.2 Oordragbetalings aan organisasies buiten openbare entiteite

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2022 tot 31 Maart 2023 gemaak is.

| Naam van ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die dept. aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur entiteit bestee (R'000) | Redes waarom die fondse nie deur entiteit bestee is nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Program 1: Administrasie | | | | | | |
| Suid-Afrikaanse Uitsaai-korporasie | Departe-mentele agentskap | Hernuwing van televisielisensies in die departement | Ja | 7 | 7 | N.v.t. |
| Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | | |
| Edge Growth | Privaat maatskappy | Ter ondersteuning van mentorskap-program genaamd die Sanlam Foundation ESD Accelerator Programme | Ja | R1 003 | R1 232 | N.v.t. |
| ASISA | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die ASISA Foundation Trust FLAME Programme | Ja | R3 430 | R3 035 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare en 'n gedeelte van die befondsing is in Maart 2023 oorgedra. |

| Naam van ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die dept. aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur entiteit bestee (R'000) | Redes waarom die fondse nie deur entiteit bestee is nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| SA Agri Academy | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die KMMO-ontwikkelings-program (opleiding en afrigting) | Ja | R1 325 | R647 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare en 'n gedeelte van die befondsing is in Maart 2023 oorgedra. |
| WomHub | Privaat maatskappy | Ter ondersteuning van die Incubator-program wat KMMO's in vrouebesit in STEM teiken. | Ja | R2 820 | R2 393 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare en 'n gedeelte van die befondsing is in Maart 2023 oorgedra. |
| Bicycle Empowerment Network (BEN) | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die BEN KMMO-steunprogram | Ja | R1 978 | R1 821 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare. |
| Reconstructed Living Lab | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die Innovasie en Onderneming-program | Ja | R1 410 | R1 405 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare en 'n gedeelte van die befondsing is in Maart 2023 oorgedra. |
| Productivity SA | Departe-mentele agentskap | Ter ondersteuning van die Kaizen – Continuous Improvement Project | Ja | R1 314 | R339 | Die tydsduur van die projek strek oor twee boekjare en 'n gedeelte van die befondsing is in Maart 2023 oorgedra. |
| Langeberg Munisipaliteit | Munisipaliteit | Ter ondersteuning van die ontwikkeling, verbetering en opgradering van die Langeberg Munisipaliteit se informele handelspersele | Ja | R2 221 | R1 230 | Finale verpligtinge ten opsigte van die konstruksie en opgradering van Bonnievale- en Montagu- informele handelsgebiede is in April 2023 gefaktureer en bestee. |
| Wes-Kaapse Drankowerheid | Statutêre liggaam | Befondsing ter ondersteuning van die daarstelling van 'n aanlyn platform en vaartbelyning van kliëntedienste | Ja | R2 227 | R2 227 | Ontwikkeling van e-lisensie-profiel en -platform. |

| Naam van ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die dept. aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur entiteit bestee (R'000) | Redes waarom die fondse nie deur entiteit bestee is nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Program 5: Ekonomiese Beplanning | | | | | | |
| Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelings-vennootskap (WKEOV) | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die werksaamhede van die WKEOV | Ja | R15 210 | R15 165 | Die onbestede bedrag is geverifieer en vir April 2023 toegewys. |
| Bitou Munisipaliteit | Munisipaliteit | Ter ondersteuning van die studie oor die koste van voorsiening en die opdatering van die elektriese meesterplan | Ja | R600 | R1 350 | N.v.t. |
| Stellenbosch Munisipaliteit | Munisipaliteit | Ter ondersteuning van die implementering van projekte vir hernubare energie en energie-veerkragtigheid in die munisipaliteit. | Ja | R1 184 | R1 405 | Die verkrygingsproses is vertraag om enige relevante uitkomste van die Mini-GHP by die CoSS en EMP se verwysingsraamwerk te inkorporeer. Verder het die suksesvolle bieër vir die CoSS minder gekwoteer as wat die munisipaliteit verwag het. |
| Swartland Munisipaliteit | Munisipaliteit | Grondslag-energiestudies: Elektrisiteits-meesterplan | Ja | R0 | R400 | N.v.t. |
| Overstrand Munisipaliteit | Munisipaliteit | Grondslag-energiestudies: Koste van voorsiening | Ja | R0 | R375 | N.v.t. |
| George Munisipaliteit | Munisipaliteit | Grondslag-energiestudies: Elektrisiteits-meesterplan | Ja | R0 | R400 | N.v.t. |
| Mosselbaai Munisipaliteit | Munisipaliteit | Grondslag-energiestudies: Koste van voorsiening | Ja | R0 | R500 | |
| Kaap Agulhas Munisipaliteit | Munisipaliteit | Ter ondersteuning van die implementering van projekte vir hernubare energie en energie-veerkragtigheid in die munisipaliteit. | Ja | R625 | R60 | As gevolg van vertragings in die verkrygingsproses en die suksesvolle bieërs vir die projekte wat minder gekwoteer het as wat die munisipaliteit verwag het. |

| Naam van ontvanger | Tipe organisasie | Doel waarvoor fondse aangewend is | Het die dept. aan artikel 38(1)(j) van die WOFB voldoen | Bedrag oorgedra (R'000) | Bedrag deur entiteit bestee (R'000) | Redes waarom die fondse nie deur entiteit bestee is nie |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Witzenberg Munisipaliteit | Munisipaliteit | Ter ondersteuning van die implementering van projekte vir hernubare energie en energie-veerkragtigheid in die munisipaliteit. | Ja | R1 762 | R1 761 | N.v.t. |
| ICAN Elsiesrivier | Instelling sonder winsbejag | Ter ondersteuning van die werksaamhede van die ICAN Elsiesrivier. | Ja | R990 | R562 | Die meerderheid (95%) van die Januarie 2023-betaling is voor jaareinde bestee. Die tweede bedrag is volgens die ooreenkoms laat in Maart 2023; vandaar die onbestede fondse wat teen 30 Junie 2023 bestee sal word. |
| Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | | | | | | |
| Huishoudings | Huishoudings | Stipendiums betaal aan leerders in die Ambagsman-ontwikkelings-program | Ja | R14 728 | R13 645 | Vooruitbetalings is gemaak om te verseker dat begunstigdes nie benadeel is deur die sluiting van die boekjaar wat stipendium-betalings kon vertraag nie. |
| Huishoudings | Huishoudings | Stipendiums betaal aan leerders in BPU | Ja | R52 932 | R50 745 | Vooruitbetalings is gemaak om te verseker dat begunstigdes nie benadeel is deur die sluiting van die boekjaar wat stipendium-betalings kon vertraag nie. |
| Huishoudings | Huishoudings | Stipendiums betaal aan leerders in die Experiential Work Placement Supply Project | Ja | R10 402 | R9 075 | Vooruitbetalings is gemaak om te verseker dat begunstigdes nie benadeel is deur die sluiting van die boekjaar wat stipendium-betalings kon vertraag nie. |

# 6. VOORWAARDELIKE TOELAES

## 6.1 Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse betaal

Nie van toepassing nie.

## 6.2. Voorwaardelike toelaes en geoormerkte fondse ontvang

Die tabel(le) hier onder toon die geoormerkte fondse wat vir die tydperk 1 April 2022 tot 31 Maart 2023 ontvang is.

| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
|---|---|
| Doel van die toelae | Die toelae is spesifiek en uitsluitlik daarop gerig om Wesgro se inisiatiewe vir uitvoergroei en handel- en investeringsbevordering te ondersteun. Die voorwaardelike befondsing is aan die openbare entiteit verskaf ter bevordering van aktiwiteite om die Wes-Kaap as ’n primêre investeringsbestemming te posisioneer en om investering in die Wes-Kaap te fasiliteer. Die entiteit het ook die mandaat om die befondsing aan te wend om ons uitvoeraktiwiteite te laat groei en die Wes-Kaap se kommoditeite aan globale markte te bemark. Daarbenewens het die entiteit die befondsing aangewend om die Wes-Kaap as ’n globale en binnelandse toerismebestemming te posisioneer. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • 50-70 handelsooreenkomste onderteken<br>• 15-20 investeringsprojekte gerealiseer |
| Werklike uitsette behaal | • 83 handelsooreenkomste onderteken<br>• 14 investeringsprojekte gerealiseer |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R’000) | R62 113 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R’000) | R62 113 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | Kwartaallikse oorsigverslae. |

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
| Doel van die toelae | Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • 3 standaardbedryfsprotokolle in plek.<br>• 28-dae omkeertyd vir bouplanne.<br>• 8 ondertekende huurder- en operateurhuurooreenkomste.<br>• 2 kontrakteurs- en professionele panele gehandhaaf.<br>• 3 vennootskapsooreenkomste ingestel.<br>• 3 generiese ooreenkomste deur vakbonde vir onderhandelings met investeerders gehandhaaf.<br>• 30% beskikbare ruimte verhuur.<br>• 100% zero-afhanklikheid van provinsiale operasionele finansiële ondersteuning. |
| Werklike uitsette behaal | • 3 standaardbedryfsprotokolle in plek.<br>• 11 ondertekende huurder- en operateurhuurooreenkomste.<br>• 2 kontrakteurs- en professionele panele gehandhaaf.<br>• 6 vennootskapsooreenkomste ingestel.<br>• 3 generiese ooreenkomste deur vakbonde vir onderhandelings met investeerders gehandhaaf.<br>• 35% beskikbare ruimte verhuur. |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R'000) | R41 977 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | R41 977 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | Aandeelhouervergaderings en gestruktureerde gesprekvoering met die entiteit. |

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
| Doel van die toelae | Ondersteuning van die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone |
| Verwagte uitsette van die toelae | • 4 ASES- operasionele raadsvergaderings.<br>• 2 bestuurshuurooreenkomste vir kommersiële eiendom onderteken.<br>• 2 aansoeke om bostrukture.<br>• 2 Living Lab-strategieë vir energie, water en afval.<br>• 4 kwartaallikse investeerderpyplyne gehandhaaf.<br>• 2 ondertekende investeringsverbintenisse.<br>• 1 investeerderbemarkingsplan.<br>• 2 ondertekende MVO'e met vennote.<br>• 7 inisiatiewe vir vaardigheidsontwikkeling wat 180 persone van opleiding voorsien.<br>• 6 inisiatiewe vir ondernemingsontwikkeling ondersteun, wat 30 ondernemings bevoordeel.<br>• 5 inisiatiewe vir gemeenskapsprojekte. |
| Werklike uitsette behaal | • 4 raadsvergaderings soos vereis; een bykomende spesiale raadsvergadering<br>• 2 huurooreenkomste met investeerders onderteken<br>• 1 aansoek om bostruktuur ingedien.<br>• 2 Living Lab-strategieë goedgekeur: water en afval.<br>• Investeerderspyplyn gehandhaaf – altesaam 59 investeerders betrek.<br>• Geen nuwe investeringsverbintenisse onderteken nie.<br>• Investeerderbemarkingsplan geïmplementeer.<br>• 2 MVO'e met vennote onderteken – Wesgro en die Korea-Afrika Foundation.<br>• 7 inisiatiewe vir vaardigheidsontwikkeling is ondersteun of onderneem en het meer as 280 persone bereik.<br>• 6 inisiatiewe vir ondernemingsontwikkeling is ondersteun of onderneem en het 40 ondernemings bevoordeel.<br>• 5 inisiatiewe vir gemeenskapsprojekte is onderneem. |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R'000) | R39 182 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | 39 182 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | Kwartaallikse verslag en bestuurskomiteevergaderings |

| | |
|---|---|
| Departement wat die toelae oorgedra het | Provinsiale Tesourie |
| Doel van die toelae | Geoormerkte fonds vir Munisipale Energieveerkragtigheid (MEV)<br><br>Om energieveerkragtigheid (energiesekerheid, energiebekostigbaarheid en lae koolstof) in munisipaliteite regoor die Wes-Kaap te verbeter deur die implementering van energie-infrastruktuurontwikkeling (openbaar en privaat) wat ekonomiese groei, munisipale finansiële volhoubaarheid en ’n laekoolstofpad bevorder, te fasiliteer, ondersteun en posisioneer. Hierdie oormerk sluit aan by die klimaatsveranderingtema van die provinsie. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • WK MEV-fonds Witzenberg: 1 studie oor finale koste van voorsiening en 1 finale elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds Stellenbosch: 1 studie oor finale koste van voorsiening en 1 finale GHP<br>• WK MEV-fonds Kaap Agulhas: 1 studie oor finale koste van voorsiening en 1 finale elektrisiteitsmeesterplan<br>• Profielsamestelling van die toekomstige aanvraag van hoë elektrisiteitsverbruikers in die Wes-Kaap: 1<br>Finale plan vir samesprekings en modellering van toekomstige tendense oor energiebehoeftes<br>• MEV Munisipale Instaatstelling: Voorsiening van sektorintelligensiedienste en verskaffing van direkte ondersteuning aan besighede<br>• Ontwikkeling van groenwaterstofsektor (ondersteuning deur Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy MSB Bpk.): Omvangsbepaling van werk is aan die gang<br>• Inkomste-impakassessering van munisipale kragvervoer: Verslag oor die impak van kragvervoer op munisipale inkomste<br>• Opstel van ooreenkoms vir kragvervoergebruik van stelsels (UoS): Konsep-standaardooreenkoms oor Gebruik van Stelsels<br>• Multi-jurisdiksionele spesialedoelvoertuig (besigheidsplan vir munisipale gepoelde aankoopentiteit): Besigheidsplan vir gepoelde aankope<br>• WK MEV-fonds Bitou: Studie oor finale koste van voorsiening en finale elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds Mosselbaai: Studie oor koste van voorsiening<br>• WK MEV-fonds Overstrand: Studie oor koste van voorsiening<br>• WK MEV-fonds Swartland: Elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds George: Elektrisiteitsmeesterplan |
| Werklike uitsette behaal | • WK MEV-fonds Witzenberg: Voltooiing van studie oor koste van voorsiening en elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds Stellenbosch: Konsepstudie oor koste van voorsiening<br>• Profielsamestelling van die toekomstige aanvraag van hoë elektrisiteitsverbruikers in die Wes-Kaap: ’n Model oor toekomstige tendense in energiebehoeftes is voltooi en ’n impakontleding en finale opsommende verslag is voltooi<br>• MEV Munisipale Instaatstelling: Beroep op voorstelle voltooi<br>• Ontwikkeling van groenwaterstofsektor (ondersteuning deur SBNOS): Beraad voltooi<br>• Inkomste-impakassessering van munisipale kragvervoer: Verslag oor impakontleding voltooi |

| | |
|---|---|
| | • Opstel van ooreenkoms vir kragvervoergebruik van stelsels (UoS): Gestandaardiseerde ooreenkomste vir die gebruik van stelsels voltooi, en konsepwysigings aan die huidige kliëntvoorsieningsooreenkoms voltooi<br>• Multi-jurisdiksionele spesialedoelvoertuig (besigheidsplan vir munisipale gepoelde aankoopentiteit): Opsie-ontleding vir kommentaar vrygestel<br>• WK MEV-fonds Bitou: Voltooiing van studie oor koste van voorsiening en elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds Mosselbaai: Studie oor koste van voorsiening<br>• WK MEV-fonds Overstrand: Studie oor koste van voorsiening<br>• WK MEV-fonds Swartland: Finale elektrisiteitsmeesterplan<br>• WK MEV-fonds George: Finale elektrisiteitsmeesterplan |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R'000) | R12 000 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | R9 038 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | Diensverskaffers van twee munisipaliteite wat minder vir die MEV-fonds gekwoteer het as die geskatte bedrag wat deur die munisipaliteite verskaf is, asook 'n vertraging in die verkrygingsproses met die aanstelling van die diensverskaffers het daartoe gelei dat munisipaliteite die hele befondsde bedrag onderbenut het. |
| Redes vir afwyking van prestasie | Soos hierbo. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | Die departement het 'n paneel diensverskaffers vir munisipale energieveerkragtigheid (MEV) ingestel om doeltreffende, nakomende en deursigtige verkrygingsprosesse te verseker vir projekwerk wat vir die MEV-inisiatief benodig word. Die bieërs op die paneel is vooraf goedgekeur en dit het 'n versnelde proses moontlik gemaak (in vergelyking met 'n oop verkrygingsproses).<br><br>Ons kyk tans na projekbeampte-tipe kapasiteit om Stellenbosch Munisipaliteit by te staan en ondersteun intussen die rol van munisipale projekbeampte met interne hulpbronne. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | Formele maandelikse vergaderings is in die TPA's en DVO'e met die munisipaliteite en diensverskaffers gestruktureer om DEOT in staat te stel om versekering te verkry dat vordering met projekte plaasvind, soos vereis. |

| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
|---|---|
| Doel van die toelae | Ondersteuning van die Wes-Kaapse Agentskap vir Bestemmingsbemarking, Investerings- en Handelsbevordering (Wesgro) met die doel om inisiatiewe vir bestemmingsbemarking te bevorder en op te gradeer om ekonomiese groei en werkskepping in die Wes-Kaap aan te dryf. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • Tussen R530 miljoen en R848 miljoen totale geskatte ekonomiese impak,<br>• 15 gesamentlike bemarkingsooreenkomste aangegaan,<br>• 35 bemarkingsooreenkomste vir ontspanningsgeleenthede aangegaan,<br>• 15 bieë gewen. |

| | |
|---|---|
| Werklike uitsette behaal | • R423.8 miljoen totale geskatte ekonomiese impak,<br>• 19 gesamentlike bemarkingsooreenkomste aangegaan<br>• 51 bemarkingsooreenkomste vir ontspanningsgeleenthede aangegaan, en<br>• 30 bieë gewen. |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R'000) | R65 573 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | R65 573 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | N.v.t. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | N.v.t. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | • Tweemaandelikse BBO- en DEOT-projekspanvergaderings,<br>• Tweejaarlikse bilaterale BBO-, T&I- en DEOT- vergaderings, en<br>• Kwartaallikse DEOT-oorsigvergaderings van Wesgro BBO-besigheidsplan. |

| Departement wat die toelae oorgedra het | Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme |
|---|---|
| Doel van die toelae | Die voorsiening van befondsing om werksgeleenthede en vaardigheidsontwikkeling aan werklose jeugdiges in die BPU- en tegnologiesektor te verskaf. |
| Verwagte uitsette van die toelae | • Altesaam 1 200 werklose begunstigdes bo die ouderdom van 18 jaar om werkservaring op te doen om indiensneembaarheid te verbeter en werkskepping te ondersteun. |
| Werklike uitsette behaal | • Altesaam 2 574 begunstigdes is met werksgeleenthede in die BPU-sektor ondersteun. |
| Bedrag per gewysigde DORA | N.v.t. |
| Bedrag ontvang (R'000) | R32 949 |
| Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie | N.v.t. |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | R32 949 |
| Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie | N.v.t. |
| Redes vir afwyking van prestasie | Die vraag na die program was baie hoër as wat verwag is. |
| Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter | Geen. |
| Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement | Die departement doen terreinbesoeke om die doeltreffende uitrol van die inisiatief te verseker. |

# 7. DONATEURSFONDSE

## 7.1 Donateursfondse ontvang

Die tabel(le) hieronder toon die donateursfondse wat vir die tydperk 1 April 2022 tot 31 Maart 2023 ontvang is.

| Naam van donateur | Werkfonds – GTAC 1 |
|---|---|
| Volle bedrag van die befondsing (R'000) | R39 270 |
| Tydperk van verbintenis | 16 April 2013 – 31 Desember 2023 |
| Doel van die befondsing | Om die werkplasingsprogram te ondersteun. |
| Verwagte uitsette | • Getal begunstigdes wat in permanente poste by projekvennote geplaas is – 1 755<br>• Getal begunstigdes wat tydgebonde internskappe voltooi het – 2 700 |
| Werklike uitsette behaal | • Getal begunstigdes wat in permanente poste by projekvennote geplaas is – 1 877<br>• Getal begunstigdes wat tydgebonde internskappe voltooi het – 4 489 |
| Bedrag ontvang in lopende tydperk (R'000) | NUL |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | R2 312 |
| Rede vir onbestede fondse | Projekmoniteringstydperk tot 31 Desember 2022 |
| Moniteringsmeganisme van donateur | Terreinbesoeke, vorderings- en moniteringsverslae |

| Naam van donateur | Werkfonds – GTAC |
|---|---|
| Volle bedrag van die befondsing (R'000) | R11 447 |
| Tydperk van verbintenis | 01 April 2022 – 30 Junie 2023 |
| Doel van die befondsing | Ondersteun Wes-Kaapse BPO Pathway Project |
| Verwagte uitsette | • Altesaam 763 begunstigdes sal deur hierdie projek in die BPU-sektor ondersteun word |
| Werklike uitsette behaal | • Altesaam 1 038 begunstigdes is deur hierdie projek ondersteun. |
| Bedrag ontvang in lopende tydperk (R'000) | R5 091 |
| Bedrag deur die departement bestee (R'000) | NUL |
| Rede vir onbestede fondse | Die departement het eers DEOT-fondse gebruik en in die nuwe boekjaar vir GTAC-fondse begroot en dit bestee. |
| Moniteringsmeganisme van donateur | Kwartaallikse verslagdoening en terreinbesoeke deur projekbestuurders van die Werksgeleenthedefonds. |

# 8. KAPITAALINVESTERING

## 8.1 Kapitaalinvestering, instandhouding en batebestuursplan

Lewer kommentaar op die volgende:

Vordering met die implementering van die kapitaal-, investerings- en batebestuursplan
Nie van toepassing nie

Infrastruktuurprojekte wat in die lopende jaar voltooi is en vordering in vergelyking met wat aan die begin van die jaar beplan is. Verskaf redes vir wesenlike afwykings (2% afwyking)
Nie van toepassing nie

Infrastruktuurprojekte wat tans aan die gang is (lys projekte) en wanneer dit na verwagting voltooi sal wees
Bates sal ingevolge die batebestuursbeleid vervang word. In vergelyking met die vorige boekjaar sal die departement gedurende die boekjaar 2022/23 voortgaan met die herstrukturering van verdiepings en kantore.

Planne om enige huidige fasiliteite te sluit of afgradeer
Nie van toepassing nie

Vordering met die instandhouding van infrastruktuur
Nie van toepassing nie

Verwikkelinge met betrekking tot bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die departement se lopende uitgawes sal hê
Nie van toepassing nie

Besonderhede oor hoe batebesit gedurende die oorsigtydperk verander het, insluitend inligting oor vervreemding, afskrywing en verlies as gevolg van diefstal
Die departement het gedurende die boekjaar 2022/23 met 'n vervreemdingsproses begin waarvolgens die batebasis met R6 007 732.61 (altesaam 241 bates) verminder is. In hierdie verband het die departement faktore soos die departement se sosio- en ekonomiese verantwoordelikheid oorweeg en entiteite in die openbare sektor bygestaan om hul mandaat van dienslewering aan die breë publiek na te kom.

Bates is aldus aan nieregeringsorganisasies (NRO's), organisasies sonder winsbejag (OSW's) en openbare entiteite geskenk om hulle te help om hul verpligtinge effektief en doeltreffend na te kom.

Verspreiding het die volgende behels:

- Altesaam 99 bates ter waarde van R944 280 is aan NRO's en OSW's geskenk.
- Een bate ter waarde van R18 635 is na ander openbaresektorentiteite van die staat oorgedra

Die batebasis is verder verminder deur:

- Altesaam 4 bates ter waarde van R19 532 is deur middel van die verantwoordelike herwinning van "e-afval" vervreem.
- Altesaam 8 bates ter waarde van R3 245 217 is afgeskryf.
- Altesaam 11 bates ter waarde van R161 851 is van die bateregister verwyder en vir verdere ondersoek na verliesbeheer verwys.
- Altesaam 51 bates ter waarde van R865 553 was Verkope-aan-Personeel.

Maatreëls wat ingestel is om te verseker dat die departement se materegister gedurende die oorsigtydperk bygehou is.

Die baterekords word daagliks bygehou, met inagneming van alle toepaslike voorskrifte en riglyne vir batebestuur. Die materegister en die BRS word maandeliks gerekonsilieer om te verseker dat die register volledig en korrek is.

Die huidige stand van die departement se kapitaalbates, byvoorbeeld watter persentasie is in ’n goeie, billike of swak toestand:

- 1% is in ’n goeie toestand
- 96% is in ’n billike toestand
- 3% is in ’n swak toestand

Groot instandhoudingsprojekte wat gedurende die oorsigtydperk onderneem is.

Geen groot instandhoudingsprojekte is gedurende die oorsigtydperk onderneem nie. Bates word in stand gehou volgens die vervaardiger se diensboek en soos nodig.

Vordering gemaak om die agterstand in instandhouding gedurende die oorsigtydperk te behandel, byvoorbeeld, het die agterstand gegroei of kleiner geword? Is die tempo van vordering volgens plan? Indien nie, waarom nie en watter maatreëls is ingestel om op koers te bly

Nie van toepassing nie

Die uitgawes wat vir nuwe en vervangingsbates aangegaan is, verskyn in die tabel hieronder.

| Infrastruktuurprojekte | 2022/2023 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding | Finale begroting | Werklike uitgawes | (Oor-)/ onder-besteding |
| | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 | R’000 |
| Nuwe en vervangingsbates | 1 411 | 1 411 | - | - | - | - |
| Bestaande infrastruktuurbates | - | - | - | - | - | - |
| 1 Opgraderings en aanbouings | - | - | - | - | - | - |
| 2 Rehabilitasie, opknapping en herstelwerk | - | - | - | - | - | - |
| 3 Instandhouding en herstelwerk | - | - | - | - | - | - |
| Infrastruktuuroordrag | - | - | - | - | - | - |
| 4 Lopend | - | - | - | - | - | - |
| 5 Kapitaal | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 1 411 | 1 411 | - | - | - | - |







# C

# REGERINGSBESTUUR

## 1. INLEIDING

Die Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede ten opsigte van regeringsbestuursvereistes word in artikel 38 en 40 van die WOFB bepaal. Ingevolge hierdie wetgewende plig en verantwoordelikheid vir goeie regeringsbestuur, is die Regeringsbestuurskomitee onder voorsitterskap van die Rekenpligtige Beampte en bestaan uit alle senior bestuurslede, insluitend provinsiale vennote op die gebied van risikobestuur, inligtingstegnologie, interne oudit en forensiese wetenskap. Die Regeringsbestuurskomitee se sleutelverantwoordelikheid is om te verseker dat regeringsbestuurstrukture in plek en funksionerend is sodat die departement se strategiese agenda op ’n etiese en maatskaplik verantwoordelike wyse gelewer word. Die Regeringsbestuurskomitee se strategiese agenda is gegrond op die sleutelbeginsels van King IV om te verseker dat besluitneming deur goeie bestuursvoorneme ondersteun word.

Die kern van die departement se mandaat is die oogmerk om die las van werkloosheid in die provinsie te verlig. Hierdie hoë ideaal moet binne die bestek van die regeringsbestuursuitkomste van etiese kultuur, goeie prestasie, doeltreffende beheermaatreëls en regmatigheid bereik word. In hierdie verband is protokolle vir regeringsbestuur sonder uitsondering in alle prosesse geïmplementeer om besighede en die Wes-Kaapse inwoners te ondersteun.

Vennootskappe met die privaat en openbare sektor het ontwikkel as ’n natuurlike gevolg van die gesonde regeringsbestuursomgewing wat in die departement geskep is. Hierdie vennootskappe het uiteindelik gegroei om die verskaffing van finansiële hulp en donateursfondse aan departementele projekte en programme in te sluit.

Voorbeelde van hierdie vennootskappe word veral gesien in die vaardigheidsprojekte en -programme wat in die departement onderneem word. In hierdie verband het organisasies in die privaat en openbare sektor finansiële hulpbronne aan departementele projekte verskaf om die reikwydte en omvang van die projekte uit te brei. ’n Ander voorbeeld van dié vertroue in die departement se regeringsbestuurstrukture is die befondsing wat aangewend is om verskeie fondse te ondersteun wat in die departement geïmplementeer is, soos die Toerismenis- en Produkontwikkelingsfonds en die KMMO-versterkerfonds wat daarop gemik is om kleinsake in die Wes-Kaap te help. Die departement is met albei hierdie fondse in staat om sy diensverskaffingsaanbod aan die ekonomie uit te brei deur vennootskappe met en bydraes van die privaat sektor te benut. Die nastrewing en integrasie van ’n regeringsbestuurskultuur in die departement het ook ’n behoefte aan innovasie in die departement geïdentifiseer. Daar was nie net ’n poging om prosedures en prosesse deur middel van outomatisering en die aanvaarding van metodologieë soos LEAN-bestuursbeginsels te vereenvoudig nie, maar daar was ook ’n hernude ywer om maniere te vind waarop hulp en ondersteuning op ’n niefinansiële wyse aan die ekonomie gebied kan word. In hierdie verband was die departement instrumenteel daarin om ’n agenda vir die gemak van sake doen binne die Wes-Kaapse Regering en die ekonomie voor te staan. Met ’n konstante oog daarop om die ekonomie te verbeter en alle rolspelers bymekaar te bring, is doeltreffendheid byvoorbeeld in die hawe van Kaapstad gerealiseer.

## 2. RISIKOBESTUUR

Die departement het ’n Regeringsbestuurskomitee (RBK) gestig om die Rekenpligtige Beampte (RB) behulpsaam te wees met die uitvoering van sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur.

### Ondernemingsrisikobestuursbeleid en -strategie

Die departement het op 1 April 2020 ’n Beleid oor Ondernemingsrisikobestuur (ORB) vir die boekjare 2019/20 – 2024/25 aanvaar. Hierdie beleid gee uiting aan die risikobestuursfilosofie en bepaal op ’n hoë vlak die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers. Dit verskaf die grondslag vir die risikobestuursproses wat met die fyner besonderhede in die strategie aangevul word.

Die ORB-strategie en -implementeringsplan bied ’n uiteensetting van hoe die departement te werk sal gaan om die ORB-beleid wat deur die Rekenpligtige Beampte (RB) aanvaar is, te implementeer. Hierdie ORB-strategie word ingelig deur die Provinsiale Beleid en Strategie oor Ondernemingsrisikobestuur (PBSORB) asook sy eie ORB-beleid en risikoprofiele. Die ORB-strategie en -implementeringsplan vir die boekjaar 2022/23 is op 31 Maart 2022 goedgekeur.

## Verantwoordelikheid van RBK

Die RBK rapporteer dat hy voldoen het aan sy verantwoordelikhede wat voortspruit uit artikel 38(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesouriereregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die RBK doen ook verslag dat die toepaslike, formele verwysingsraamwerk goedgekeur is (op 16 April 2021 deur die RBK-voorsitter goedgekeur) en dat sy werksaamhede ter nakoming van hierdie verwysingsraamwerk gereguleer is en alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, nagekom is.

## RBK-lede

Die RBK bestaan uit die RB, topbestuur, SBD- en gekose lede van die departement se bestuurspan. Ingevolge die verwysingsraamwerk is daar van die RBK verwag om vier keer gedurende die oorsigjaar te vergader, maar as gevolg van botsende skedules en die onbeskikbaarheid van sekere lede weens ander verpligtinge het die RBK net drie keer gedurende die oorsigjaar vergader. Alle vergaderings is deur lede of hul verteenwoordiger bygewoon.

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor RBK-lede:

| Naam | Posisie | Vergaderings bygewoon | Datum aangestel |
|---|---|---|---|
| Mnr. V. Dube | Rekenpligtige Beampte (Voorsitter) | 3 | 28 April 2022 |
| Mnr. R. Toefy | Adjunk-direkteur-generaal: Ekonomiese Bedrywighede | 3 | 23 April 2021 |
| Mnr. J. Peters | Hoofdirekteur: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 3 | 23 April 2021 |
| Me. M. Abrahams | Hoof Finansiële Beampte (HFB) - Risiko-kampvegter | 3 | 23 April 2021 |
| Me. C. Julies | Direkteur: Strategiese Bedrywighede | 2 | 23 April 2021 |
| Me. I. van Schalkwyk | Hoofdirekteur: Ekonomiese Koördinasie en Belanghebbendeskakeling | 3 | 23 April 2021 |
| Me. H. Davies | Hoofdirekteur: Groenekonomie | 1 | 23 April 2021 |
| Mnr. N. Joseph | Hoofdirekteur: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | 3 | 23 April 2021 |
| Mnr. A. Searle | Direkteur: Besigheidsregulasies en Regeringsbestuur | 3 | 23 April 2021 |
| Mnr. T. Parle | Hoofdirekteur: Digitale Ekonomie | 1 | 23 April 2021 |
| Me. F. Dharsey | Waarnemende Hoofdirekteur: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 2 | N.v.t. |
| Me. B. Mott | Adjunkdirekteur: Interne Beheer | 3 | 23 April 2021 |
| Me. J. Lombard | RBK-sekretariaat | 3 | 23 April 2021 |

Die volgende is ’n aanduiding van ander amptenare wat die RBK-vergaderings gedurende die oorsigjaar bygewoon het:

| Naam | Posisie | Vergaderings bygewoon |
|---|---|---|
| Me. A. Haq | Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur: DvdP | 3 |
| Mnr. R. Arendse | Adjunkdirekteur: Ondernemingsrisikobestuur: DotP | 3 |
| Me. N. Mabude | Assistentdirekteur: Ondernemingsrisikobestuur: DvdP | 3 |
| Me. E. de Bruyn | Diensbestuurder: Se-I: DvdP | 1 |
| Mnr. E. Peters | IKT-risikokonsultant: Se-I: DvdP | 1 |
| Mnr. S. Martin | Direkteur: Interne Oudit: DvdP | 3 |

| Naam | Posisie | Vergaderings bygewoon |
|---|---|---|
| Mnr. S. Mjongile | Adjunkdirekteur: Interne Oudit: DvdP | 1 |
| Me. B. Cebekhulu | Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste: DvdP | 3 |
| Mnr. C. Pieterse | Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste: DvdP | 2 |
| Me. P. Thaba | Direkteur: Provinsiale Forensiese Dienste: DvdP | 1 |

## Sleutelaktiwiteite van Regeringsbestuurskomitee

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die RBK en die Hoof Finansiële Beampte is die Risiko-kampioen van die departement. Die RBK het gedurende die jaar die volgende sleutelaktiwiteite uitgevoer:

- Die departement se ORB-strategie en -implementeringsplan is voor aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die RB hersien;
- Risiko's in vasgestelde, gegroepeerde kategorieë van aptytreekse is gemonitor en hersien, en toepaslike risikoaptyt en -toleransies volgens die PBSORB wat deur provinsiale topbestuur aanvaar is, is hersien en toegepas;
- Enige wesenlike veranderinge aan die risikoprofiel van die departement is aan die RB gerapporteer;
- Die departement se inwonergesentreerde strategiese risiko's is bevestig. Dit illustreer die departement se pogings om aandag te skenk aan die bydraende faktore en impakte wat direk met die burger verband hou;
- Risiko-intelligensie en tendensverslae is ontvang en oorweeg;
- Opkomende risiko's is geïdentifiseer;
- Risiko's wat buite die toleransievlakke vir verdere optrede/aandag val, is hersien;
- Die Implementeringsplan vir die Voorkoming van Bedrog en Korrupsie is gemonitor;
- Die implementering van die departementele ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan is gemonitor;
- Die doeltreffendheid en versagtende strategieë om die wesenlike, etiese en ekonomiese misdaadrisiko's te behandel, is geëvalueer; en
- Toesig is oor die etiekbestuur in die departement gehou.

## Sleutelrisiko's wat gedurende die jaar oorweeg en behandel is

Die ondergemelde risiko's was deur die loop van die boekjaar van toepassing. Die departement het egter gedurende die vierde kwartaal 'n nuwe Groei vir Werksgeleenthede-strategie (G4J) geïmplementeer. Dit het daartoe gelei dat nuwe strategiese risiko's geïdentifiseer is wat in lyn met die nuwe strategie is. Aangesien hierdie nuwe risiko's eers in die vierde kwartaal uiteengesit is, word dit as opkomende risiko's onder die opskrif hier onder, "Belangrike opkomende risiko's vir die volgende boekjaar", vasgelê.

- Risiko 1: Die wisselvallige herstel tussen verskillende markte en marksegmente in binnelandse en internasionale besoekersgetalle. Die toerismesektor is erg geraak tydens die pandemie. 'n Belangrike inisiatief vir die herstel van die toerismebedryf sluit die Toerismeherstelplan en Toerismebloudruk, die tienjaarstrategie, en die implementering daarvan in. Om herstel aan te spoor, moet ons nuwe investerings lok, werksgeleenthede met toegevoegde waarde ontwikkel, nuwe talent werf en innovasie 'n hupstoot gee. Daar is 'n behoefte om aandag te skenk aan die drie sleutelrisiko's rondom veiligheid, gehalte van die aanbod en bestemmingsbestuur. Die toename in toerismegetalle het teen die einde van die boekjaar 'n positiewe herstel aangedui.
- Risiko 2: Onvoldoende energieveerkragtigheid (sekerheid, bekostigbaarheid en koolstofvrystellings) vir ekonomiese groei wat besighede en inwoners in die Wes-Kaap raak. Suid-Afrikaanse besighede en huishoudings is sedert 2007 erg geraak deur die verhoogde risiko van beurtkrag. Die Munisipale Energieveerkragtigheid- (MEV)- projek, wat 'n sleutelinisiatief is om hierdie risiko te versag, het ten doel om hernubare energieprojekte te bevorder, energiesekerheid te bou, en huishoudings en besighede teen beurtkrag te beskerm. Die MEV-projek benodig nog befondsing in die buitenste jare om ná die boekjaar 2022/23 te kan voortgaan.

- Risiko 3: Die departement se pogings om aandag te skenk aan werkloosheid wat met vaardigheidstekorte geassosieer word, word deur interne en eksterne omgewingsbeperkings in die gedrang gebring. Hierdie risiko is wyd bewoord, maar gaan oor die aangeleenthede wat 'n struikelblok is in die pad van die departement se pogings om die risiko van werkloosheid te hanteer. Faktore behels onder meer die wanverhouding van vaardighede, aangesien die vaardighede-ekosisteem en akademiese uitkomste nie voldoende met huidige en toekomstige bedryfsvereistes belyn is nie. Daar was ook 'n afname en skaars befondsing vir vaardigheidsinisiatiewe in die departement asook in die openbare/privaat sektor. 'n Belangrike inisiatief is om aansoek te doen om befondsing by donateurs om te verseker dat daar deurlopende en onderskeidende strome van befondsing is om indiensneembaarheid en opleidingsgeleenthede te verhoog. Die departement het ook 'n plan van aksie saamgestel om meer bronne vir hefboomfinansiering te vind. Ten einde die wanverhouding van vaardighede reg te stel, is die departement in gesprek met belanghebbendes om samewerking tussen basiese onderwys, naskoolse onderwys en die privaat sektor te bevorder om te verseker dat die aanbod van vaardighede met bedryfsvereistes ooreenstem.

## Belangrike opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die volgende risiko's is die opkomende risiko's wat op grond van onsekerheid met die implementering van die G4J-strategie geïdentifiseer is. Hierdie risiko's sal in die volgende boekjaar deeglik ondersoek word.

- Dalende investerings vanweë die feit dat die Wes-Kaap nie die investeringsbestemming van keuse vir plaaslike en internasionale investeerders in 'n reeks groeigeleenthede is nie, en nie 'n bemagtigde omgewing en sterk netwerke van ekosisteme bied nie.
- Onvermoë om ekonomiese groei in geteikende sektore (toerisme ingesluit) te stimuleer.
- Bekwame, ekonomies aktiewe inwoners wat nie toegang tot ekonomiese geleenthede en werk kan kry nie.
- Onvermoë van KMMO's om toegang tot ekonomiese geleenthede en ondersteuning te verkry om hul besighede in staat te stel om te groei en veerkragtig te wees.
- Wes-Kaap word nie gesien/beskou as die 'tegnologie-, finansiële, innovasie- en ontwerphoofstad van Afrika' nie.

## Bestuur van risiko's

Gereelde strategiese en programrisiko-assesserings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die departement se risikobestuurstrategie te bepaal en om nuwe en opkomende risiko's te identifiseer op grond van veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing. Elke program se risiko's is gedurende die jaar beraadslaag en gedebatteer en by die kwartaallikse RBK-vergaderings aangebied. Daar is van senior bestuurders verwag om terugvoer te gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's sal voorkom en/of die impak daarvan indien dit sou voorkom, te verlaag. Die RBK het ook risiko's terugverwys na die onderskeie programme wat meer omvattend ontleed moet word, en het bykomende versagtings of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur. Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risiko-aangeleenthede op verskeie platforms as deel van sy kultuur in 'n poging om risiko's op 'n samewerkende en innoverende wyse te beperk. Die departement se ORB-beleid en -strategie word jaarliks aan alle amptenare gestuur sodat alle vlakke van personeel op hoogte kan bly van verbeterings wat aangebring is en as 'n manier om risikobestuur regdeur die departement te veranker. Gepasmaakte en generiese bewusmakingsessies oor risiko is ook gehou om elemente van normering te deel sodat risikobestuur in die departement rypheid kan bereik. Aktiwiteite wat in die implementeringsplan uiteengesit word, word deurlopend gemonitor en periodiek verslag oor gelewer, op dieselfde manier waarop JPP- lewerbare uitsette gemonitor word, om moontlike risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomste en nienakoming van wetgewende en beleidsmandate na te spoor.

Die Ouditkomitee: Ekonomiese Kluster het onafhanklike toesig oor die departement se stelsel van risikobestuur uitgevoer. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en risikoregisters ten einde hul onafhanklike toesighoudende rol te vervul.

## Afsluiting

Die institusionalisering van risikobestuur in die departement het in verskeie vorme plaasgevind. Die risikobestuursdialoog was intens gefokus op risikobestuursverbeterings op die gebied van risikokategorieë, strategiese risiko-ontwikkelings en die

bekendstelling van konsepte soos risikosnelheid. Laasgenoemde konsep is deur die departement verwelkom om risiko's op grond van vordering tot realisering noukeuriger te prioritiseer. Verder het die departement se eenheid Ondernemings-risikobestuur twee bykomende risikokategorieë geïdentifiseer: Kubersekuriteit en Besigheidsonderbreking as gevolg van toenemende, provinsiewye kommer oor die blootstelling en nadelige uitwerking van IKT-risiko's op die regering se diensaanbod.

Nieteenstaande die ingeboude uitdagings wat met die ontwikkeling van 'n nuwe strategie gepaard gaan, het die geleentheid om 'n zero-gebaseerde risikoprofiel gelyktydig te ontwikkel die gesprekvoering oor sowel risiko as strategie verryk. Daar word verwag dat die instrumente vir risikorypheid wat in die 2022/23-boekjaar ingestel is, gebruik en veranker sal word om die departement se bestuur van risiko's en die beskerming van sy mandaat te versterk.

## 3. BEDROG EN KORRUPSIE

Bedrog en korrupsie hou beduidende potensiële risiko vir die departement se bates in en kan 'n negatiewe impak op die doeltreffendheid van dienslewering en die departement se reputasie hê.

Die WKR het 'n Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die Provinsie se standpunt van zero-toleransie teenoor bedrog, diefstal en korrupsie bekragtig. In ooreenstemming met hierdie strategie is die departement verbind tot zero-toleransie ten opsigte van korrupte, bedrieglike of ander misdaadaktiwiteite aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg met mening en deur middel van alle beskikbare geregtelike stappe enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen.

Die departement het 'n Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n samelopende implementeringsplan wat uitvoering aan die voorkomingsplan gee.

Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog, diefstal en korrupsie en dit word breedvoerig in die provinsiale Anti-bedrog-en-korrupsiestrategie en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan uiteengesit. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel opgeteken en dit word gebruik as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer oor vordering wat gemaak is met gevalle wat op die departement betrekking het en om statistiek aan die WKR en die departement te voorsien.

Personeel en werkers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, word beskerm as die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmaking, Wet 26 van 2000, bv. as die bekendmaking ter goeder trou gedoen is). Die WKR se Fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan personeel en werkers oor hoe om besorgdhede by die betrokke lynbestuur, bepaalde aangewese persone in die WKR of eksterne instansies aan te meld, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of ongerymdhede in die WKR gepleeg is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Indien 'n ondersoek bevestig dat bedrog, diefstal of korrupsie plaasgevind het, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het, aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. Daar word van die WKR-verteenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie*-bewys van misdaadgedrag bespeur word, word 'n strafregtelike saak aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens gerapporteer.

PFD het in die oorsigjaar 'n Gevallebewegingsertifikaat vir die departement uitgereik, met aantekeninge oor die volgende:

| Gevalle | Getal gevalle |
|---|---|
| Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2022 | 0 |
| Nuwe gevalle (2022/23) | 0 |
| Afgehandelde gevalle (2022/23) | (0) |
| Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2023 | 0 |

## 4. MINIMERING VAN BELANGEBOTSING

’n Belangrike element van korporatiewe regeringsbestuur is die doeltreffende bestuur van belangebotsings. Die departement beskou dit as ’n belangrike fokusarea in voorsieningskanaalbestuur en vir alle oordragbetalings. Die departement het dienooreenkomstig in die boekjaar 2022/23 belangebotsings behandel en gepoog om dit te verhoed deur sy standpunt ten opsigte van etiese diensleweringspraktyke te bekragtig en die volgende te verseker:

- Alle departementele bodkomiteelede teken ’n verklaring van belange vir elke bod en indien daar enige belangebotsing bestaan, word die betrokke lede van die vergadering verskoon. Hierdie verklaring matig ook enige moontlike kwessies oor vertroulikheid wat mag ontstaan.
- Daar word van verskaffers verwag om ’n WCBD4-dokument te voltooi wat van hulle vereis om enige familielede wat by die verkrygingsproses betrokke is of in diens van die departement is, bekend te maak. Die inligting op die WCBD4 word vóór die beoordeling van die bod of kwotasie deur die departement geverifieer.
- Verklarings van belange word voltooi deur alle personeel wat kwotasies vir aankope onder R10 000 aanvra.
- Verklarings van belange word voltooi deur alle personeel wat by oordragbetalings aan begunstigdes betrokke is.
- Verifiëring van VKB-amptenare en senior bestuur
- Die verifiëring van bieërs se optrede volgens die register van tenderwanpresteerders en databasis van beperkte verskaffers.

Daarbenewens het die departement vir die oorsigtydperk 100% nakoming van die Staatsdiensregulasies (2001) verseker, wat bepaal dat alle aangewese werknemers in die staatsdiens die besonderhede van hul finansiële belange op ’n jaarlikse grondslag aan die betrokke uitvoerende gesag openbaar.

## 5. GEDRAGSKODE

’n Gedragskode vir Voorsieningskanaalbestuur (VKB) is opgestel om te verseker dat VKB-amptenare fidusiêre funksies tydens die uitvoering van hulle normale pligte verrig. Alle amptenare van voorsieningskanaalbestuur onderteken ’n gedragskode wanneer hulle begin werk, en jaarliks daarna. Die inhoud van die gedragskode word deeglik met elke personeellid bespreek sodat hulle bewus is van die erns van die dokument.

Ten einde ’n standaard van professionele etiek in die werkplek te bevorder, het die departement verseker dat alle nuwe werknemers ’n induksieprogram bywoon, wat handel oor die gedragskode en wat werknemers aanmoedig om eties te dink en op te tree.

## 6. GESONDHEID-, VEILIGHEID- EN OMGEWINGSKWESSIES

Ingevolge artikel 8(1) van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid moet elke werkgewer ’n werksomgewing voorsien en handhaaf wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van hul werknemers is, en wat beskik oor ’n toegewyde sekuriteitsbestuurder, veiligheidskomitee en ’n beroepsgesondheid- en veiligheidskomitee vir die departement.

’n Aantal departemente is gehuisves in die Waldorf-gebou, waarvoor die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme as die leierdepartement vir alle gesondheids- en veiligheidskwessies dien. Vergaderings van die beroepsgesondheid- en veiligheidskomitee word gedurende die jaar gehou om aangeleenthede oor gesondheid- en veiligheidsnakoming wat die werknemers in die gebou raak, te bespreek en te monitor.

Die departement verseker dat alle nuwe beroepsgesondheid- en veiligheidsverteenwoordigers voldoende in hul aangestelde rolle opgelei is.

Die departement het gedurende die verslagtydperk twee suksesvolle ontruimingsoefeninge gehou, en die verslag word gebruik om die departementshoof mee te deel oor enige risikokwessies wat aandag moet geniet.

# 7. PORTEFEULJEKOMITEES

Die departement het gedurende die verslagtydperk insette gelewer by die volgende vergaderings van die Staande Komitee oor Finansies, Ekonomiese Geleenthede en Toerisme:

| Datum | Sake aangeroer | Reaksie deur DEOT |
|---|---|---|
| 28 September 2022 | 1. Aanbevelings:<br>1.1 Die afvaardiging het aanbeveel dat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme geprys word vir hul pogings om die KMMO-programme lewensvatbaar te hou, veral te midde van die COVID-19-pandemie, wat gelei het tot die Ou Meule Korridor Munisipale Versterkingsprojek; en<br>1.2 Die afvaardiging het aanbeveel dat die departement dit oorweeg om KMMO's deur middel van die Versterkerfonds met die hantering van beurtkrag te help.<br><br>2. Die afvaardiging het versoek dat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme die volgende inligting verskaf:<br>2.1 'n Verslag oor die departement se interaksies en skakeling met die Stad Kaapstad om besighede te help om permitte vir informele handel te bekom;<br><br>2.2 'n Verslag met 'n uiteensetting van die befondsing wat die departement bestee het aan die Ou Meule Korridor Versterkingsprojek asook die ander versterkersprojekte wat in die Wes-Kaap geïmplementeer word, met die tydlyne verbonde aan al die onderskeie projekte, insluitend projekte wat nog in die volgende twee boekjare geïmplementeer moet word;<br>2.3 'n Verslag met 'n uiteensetting van die R20 miljoen se befondsing wat in die afgelope twee boekjare ten opsigte van die KMMO-versterkerfonds aan projekte bestee is, insluitend 'n lys van al die projekte wat befonds is en of dié besighede nog lewensvatbaar is en of hulle toegemaak het;<br>2.4 'n Studie oor die aantal persone in die Lesedi Square-gebied sedert die implementering van die handelsruimte; en<br>2.5 'n Verslag oor die ondersteuning wat verskaf is om hierdie besighede by kontantlose betaalstelsels in te sluit.<br><br>3. Die afvaardiging het verder versoek dat die Kaap Agulhas Munisipaliteit 'n lys verskaf van die besigheidseienaars (en die name van die besighede) wat houers in Lesedi Square huur en of die eienaars van die besighede in die munisipale gebied woonagtig is of nie. | Besluite aan die komitee voorgelê |

| Datum | Sake aangeroer | Reaksie deur DEOT |
|---|---|---|
| 19 Oktober 2022 | Die Komitee het VERSOEK dat:<br>5.2.1 Wesgro die komitee voorsien van 'n verslag met die aanpassings wat gemaak is om te verseker dat hulle in die volgende boekjaar 'n ongekwalifiseerde ouditmening behaal;<br>5.2.2 Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme die komitee voorsien van 'n verslag oor sy rol en die Provinsiale Tesourie se rol met betrekking tot aandeelhouerstoesig oor entiteite soos Wesgro ten opsigte van prestasie;<br>5.2.3 Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme met mnr M Mbiko opvolg oor die kwessies wat tydens die beraadslaging oor die Jaarverslag geopper is; en<br>5.2.4 Vryhawe Saldanha NOS mnr P Bester voorsien van 'n antwoord oor sake wat tydens die besprekings oor die Jaarverslag geopper is | Besluite aan die komitee voorgelê |
| 9 November 2022 | Die komitee het die volgende versoek:<br>'n Verslag van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en Wesgro oor die rol wat hulle speel met konferensie- en geleentheidsinstellings (soos die KIKS) om toerismepakkette saam te stel vir persone wat konferensies bywoon sodat hulle deur ander dele van die provinsie kan toer; hoe hulle verseker dat gebiede buite die metro by toerisme baat, en hoe hulle verseker dat kleinsake by toerisme baat. | Besluite aan die komitee voorgelê |

## 8. SKOOR-BESLUITE

| Besluit-nommer | Onderwerp | Besonderhede | Reaksie deur die betrokke departement (Ja/Nee) | |
|---|---|---|---|---|
| 16.3.1 | DEOT: Die komitee neem kennis van die oudit-bevindings van Wesgro waarvolgens 'n gekwalifiseerde ouditmening vir die boekjaar 2021/22 behaal is. | Dat die departement die Komitee oor Openbare Rekeninge inlig oor sy toesigfunksie oor die entiteit, asook die ondersteuning wat gedurende die boekjaar 2021/22 aan die Wesgro gebied is en daartoe gelei het dat die entiteit 'n gekwalifiseerde ouditmening ontvang het. | Moet deur die Komitee oor Openbare Rekeninge geskeduleer word. Die datum hiervoor moet nog gekommunikeer word. | Nee |
| 25.3.1. | Wesgro se Jaarverslag: Die komitee neem kennis van die ouditbevindings van Wesgro waarvolgens 'n gekwalifiseerde ouditmening vir die boekjaar 2021/22 behaal is. | Dat die entiteit die komitee inlig oor sy aksie- en versekeringsplanne om die herhaling van 'n toekomstige gekwalifiseerde ouditemuitkoms te verhoed. | Moet deur die Komitee oor Openbare Rekeninge geskeduleer word. Die datum hiervoor moet nog gekommunikeer word. | Nee |
| 26.3.1 | ASES: Die komitee neem kennis van die samestelling van die rekenpligtige gesag van die raad ten opsigte van die netwerk belanghebbendes in die gemeenskap. | Dat die entiteit die komitee inlig oor die betrokkenheid en status van die netwerk belanghebbendes in die gemeenskap en die impak wat dit op doelwitte vir dienslewering het, insluitend die waarde vir geld ten opsigte van die uitgawes van R301,458 op hierdie lynitem. | Moet deur die Komitee oor Openbare Rekeninge geskeduleer word. Die datum hiervoor moet nog gekommunikeer word. | Nee |

## 9. VORIGE WYSIGING AAN OUDITVERSLAE

Geen.

## 10. INTERNE BEHEEREENHEID

Die Interne Beheereenheid vervul 'n interne funksie wat in die Hoofdirektoraat: Finansiële Bestuur uitgevoer word. Die eenheid stel jaarliks 'n risikogebaseerde bedryfsplan op wat ontwerp is om te verseker dat die beheeromgewing gepas is. Die funksies van die eenheid sluit interne versekeringsdienste, regeringsbestuur, bedrog en verliese in.

Die Interne Beheereenheid is binne die model van gekombineerde versekering 'n tweede vlak van versekering, onafhanklik van direkte lynbestuur en toevertrou om die nakoming van beleide en prosedures, norme en standaarde en/of raamwerke te assesseer, insluitend om 'n algehele organisatoriese assessering te doen. Die Interne Beheereenheid vervul 'n moniteringsrol aangesien die eenheid evalueer of die beheermaatreëls op die bestuursvlak van versekering behoorlik ontwerp is, in plek is en werk soos dit moet.

Die subeenheid Regeringsbestuur se bydrae tot die strategie van finansiële bestuur is in die vorm van risikobestuur, die voorkoming van bedrog en korrupsie, finansiële regeringsbestuur, kommunikasie, en ondersoekwerk. Wat laasgenoemde betref verseker die eenheid 'n stelsel om nienakoming en finansiële onreëlmatighede te bestuur. Die bedryfsplan van Interne Beheer is ontwerp om te sorg dat onreëlmatighede geïdentifiseer en ondersoek word deur middel van oudits wat beheerverbeterings verder inlig en die departement se interne beheeromgewing beskerm. Spesialiste in interne beheer beskik oor die tegniese vaardighede om allerlei finansiële onreëlmatighede te identifiseer en te ondersoek. Die eenheid pas ook gevolgebestuur op 'n konsulterende wyse met bestuur toe om te verseker dat regstelling plaasvind.

Die eenheid Versekering het nakomings- en finansiële ondersoeke oor sleutelrisiko-areas in Finansiële Bestuur met sukses uitgevoer. Die eenheid verskaf ook versekering oor die tussentydse en finansiële jaarstate. Die subeenheid het in vennootskap met die diensleweringsprogramme daartoe bygedra om 'n struktuur van regeringsbestuur vir verskeie projekte te bou. Dit behels onder meer samewerking met projekbestuurders ten opsigte van beplanning, die ontwikkeling van standaardbedryfsprosedures, marknavorsing, leiding oor oproepe vir voorstelle, die uitvoer van pre-evaluasies, deelname aan die fondskomitee en die verskaffing van hulpbronne vir terreinbesoeke aan begunstigdes.

Die eenheid het ter bevordering van die hoofdirektoraat se kliëntediensstrategie in samewerking met die eenheid Voorsieningskanaalbestuur ook die departement se openbare entiteit (Wesgro) bygestaan met 'n omkeerstrategie wat daarop gemik is om hul ouditUitkomste te verbeter en sodoende openbare persepsie en investeerdervertroue te handhaaf.

Die subeenheid is ook verantwoordelik vir eksterne versekeringsverskaffers, naamlik Interne Oudit en die Ouditeur-Generaal. Hierdie funksie is toereikend vervul deurdat elke versekeringsverskaffer hul oudits suksesvol uitgevoer het.

## 11. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en raadgewende dienste wat bedoel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die departement voortdurend te verbeter. Dit behoort die departement by te staan met die bereiking van sy doelwitte deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te volg om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Assesseer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die regeringsbestuursprosesse ter bereiking van die departement se doelwitte;
- Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid van en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses; en
- Lewer bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheer deur die evaluering van maatreëls om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal en maak aanbevelings vir verbetering of versterking.

Interne Oudit se werk wat gedurende die oorsigjaar vir die departement voltooi is, het vier interaksies oor versekering ingesluit. Besonderhede van hierdie interaksies word by die verslag van die Ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en hou onafhanklik toesig oor die bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse in die departement, wat toesig en verantwoordelikhede insluit met betrekking tot:

- Interne Oudit se funksie;
- Eksterne Oudit se funksie (die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Departementele rekeningkunde en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleid;
- Hersiening van die OGSA se bestuurs- en ouditverslag;
- Hersiening van departementele in-jaar-monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte; en
- Etiek en forensiese ondersoeke.

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

| Naam | Kwalifikasies | Intern of ekstern | Indien intern, posisie in departement | Datum aangestel | Datum bedank | Getal vergaderings bygewoon |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Mnr. Comfort Bunting (voorsitter) | ND: Interne Oudit MBA | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (1e termyn) | N.v.t. | 7 |
| Me. Annelise Cilliers | GR (SA)<br>Hons. B.Compt; CTA (UNISA)<br>B.Compt (UNISA) | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (2e termyn) | N.v.t. | 7 |
| Me. Lynne Tromp | GR (SA)<br>MBA | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (1e termyn) | N.v.t. | 7 |
| Mnr. Tsepo Lesihla | ND: IT<br>Meester van Tegnologie in IT | Ekstern | N.v.t. | 1 Januarie 2022 (1e termyn) | N.v.t. | 6 |

# 12. VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE

Ons bied met genoeë ons verslag aan vir die boekjaar wat op 31 Maart 2023 geëindig het.

## Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee doen verslag dat al sy verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur artikel 38(1)(a)(ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB) en Nasionale Tesourieregulasies 3.1. Die Ouditkomitee doen ook verslag dat ’n toepaslike, formele verwysingsraamwerk goedgekeur is en dat sy werksaamhede ter nakoming van hierdie raamwerk gereguleer is en alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, nagekom is.

## Die doeltreffendheid van interne beheer

Daar word van die departement verwag om stelsels van interne beheer te ontwikkel en te handhaaf wat die waarskynlikheid om sy doelwitte te bereik, sal verbeter, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin dit werksaam is en om die doeltreffendheid en doelmatigheid van bedrywighede te bevorder, ondersteun deur betroubare verslagdoening en die nakoming van wetgewing en regulasies. Die WKR het ’n gekombineerde versekeringsraamwerk aanvaar wat versekeringsverskaffers identifiseer en integreer en vir beplanningsdoeleindes gebruik word. Die eerste vlak van versekering is bestuursversekering; dit vereis van lynbestuur om doeltreffende interne beheermaatreëls te handhaaf en dié prosedures op ’n daaglikse basis uit te voer deur toesighoudende beheermaatreëls toe te pas en regstellende stappe te doen, waar nodig. Die tweede vlak van versekering is interne versekering wat verskaf word deur funksies wat afsonderlik van direkte lynbestuur is en die nakoming van beleide, prosedures, norme, standaarde en raamwerke moet assesseer. Die derde vlak van versekering is onafhanklike versekeringsverskaffers wat gelei word deur professionele standaarde wat die hoogste vlakke van onafhanklikheid vereis.

’n Risikogebaseerde gekombineerde versekeringplan is vir die departement ontwikkel en word deur Interne Oudit wat ook ’n onafhanklike versekeringsverskaffer is, gefasiliteer. Interne Oudit verskaf aan die Ouditkomitee en bestuur redelike versekering dat die interne beheermaatreëls voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur ’n goedgekeurde, risikogebaseerde interne ouditplan, Interne Oudit wat assesseer of beheermaatreëls wat die risiko’s mitigeer, voldoende is en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende stappe monitor.

Die volgende interne ouditaktiwiteite is gedurende die oorsigjaar deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur Interne Oudit voltooi:

### Versekeringsfunksies

- Vaardigheidsontwikkelingsprogram;
- Assessering van Interne Beheer-eenheid;
- Oordragbetalings;
- IKT-regeringsbestuur;
- Groenekonomie – Energie; en
- Voldoende implementering van die WBPI (transversale oudit).

Die interne ouditplan vir die jaar is voltooi. Die areas vir verbetering soos deur Interne Oudit uitgewys gedurende hul werkverrigting, is deur bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee gaan voort om die werkverrigting op ’n kwartaallikse basis te monitor.

## In-jaar-bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in-jaar-bestuurs- en prestasieverslag wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die departement ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste uitgereik is.

## Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate hersien wat by die jaarverslag ingesluit moet word;
- die OGSA se bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien; en
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien, soos in die finansiële jaarstate aangeteken.

## Nakoming

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse vir nakoming van wetgewende en regulatoriese bepalings hersien. Terugvoer oor nuwe bepalings wat ’n impak op die departement het, word kwartaalliks aan die Ouditkomitee voorsien.

## Provinsiale forensiese dienste

Die Ouditkomitee het die verslae wat op ’n kwartaallikse basis deur Provinsiale Forensiese Dienste aangebied word, nagegaan. Geen aangeleenthede is onder ons aandag gebring wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis het nie.

## Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag aangeteken, hersien.

## Verslag van die Ouditeur-generaal Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het op ’n kwartaallikse basis die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, word op ’n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die OGSA se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en met hulle verslag saamgelees word.

Die Ouditkomitee prys die departement vir die handhawing van ’n ongekwalifiseerde ouditmening en spreek waardering uit teenoor die bestuur van die departement, die Ouditeur-Generaal en die Wes-Kaapse Regering se tak Korporatiewe Versekering vir hul samewerking en ondersteuning.



Mnr. Comfort Bunting
Voorsitter van die Ekonomie Kluster Ouditkomitee
Datum: 13 Augustus 2023

## 13. PRESTASIE-INLIGTING OOR BSEB-NAKOMING

| Het die departement/openbare entiteit enige toepaslike kode van goeie praktyk (BSEB-sertifkaatvlak 1–8) ten opsigte van die volgende toegepas: | | |
|---|---|---|
| **Kriteria** | **Antwoord Ja / Nee** | **Bespreking (sluit 'n bespreking van u antwoord in en dui aan watter maatreëls ingestel is om nakoming te verseker)** |
| Word kwalifikasiekriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet vasgestel? | N.v.t. | 1. Die Regulasies insake Voorkeurverkryging, 2022 (PPR 2022) is op 4 November 2022 uitgevaardig en die datum van inwerkingtreding was 16 Januarie 2023.<br>2. Die Kabinet het 'n tussentydse strategie vir die WKR goedgekeur ingevolge Kabinetsminuut 544 van 2022, met inagneming van die feit dat staatsorgane ingevolge artikel 5 van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid hul eie voorkeur-verkrygingsbeleide kan ontwikkel, en om bestuursleiding te verskaf oor die WKR se pad vorentoe in reaksie op die Regulasies insake Voorkeurverkryging, 2022:<br>i. Om ná 16 Januarie 2023 stabiliteit in die huidige verkrygingstelsel te verseker, sal die WKR intussen voortgaan om die doelwitte van voorkeurverkryging toe te pas wat in artikel 2(1)(d) van die Wet op die Raamwerk vir Voorkeur-verkrygingsbeleid beoog word, en die betrokke BSEB-telkaarte sal aanvaar word as stawende bewyse om voorkeurpunte op te eis tot tyd en wyl die toepaslike uitvoerende beleidsvoorskrifte en tegniese oorsigte afgehandel is;<br>ii. Dat 'n tegniese oorsig oor die huidige verkrygingstelsel onderneem word om 'n wettige pad vorentoe in die provinsie te definieer wat fokus op waarde vir geld, toepaslike regstelling en hervorming van die huidige verkrygingstelsel oor tyd, ingelig deur beleidsvoorskrifte van uitvoerende bestuur;<br>iii. Dat die Kabinet gereeld op hoogte gehou word van enige verwikkelinge en vordering met situasieskrifte en die oorsig. Dit moet verwikkelinge in munisipale verkrygingsbeleide asook benaderings tot plaaslike inhoud en lokalisering insluit.<br>3. Die departementele Rekenpligtige Beampte-stelsel is bygewerk ingevolge die tussentydse strategie vir die WKR om uitvoering aan voorkeurverkrygingsregulasies te gee. |
| Is 'n voorkeurverkrygingsbeleid ontwikkel en geïmplementeer? | Ja | |
| Is kwalifikasiekriteria vir die verkoop van ondernemings in staatsbesit vasgestel? | Nee | |
| Is kriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaat sektor ontwikkel? | Nee | |
| Is kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en investering-skemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging vasgestel? | Nee | |







# Deel D

# MENSLIKE-HULPBRON-BESTUUR

# 1. INLEIDING

Ons vermoë om doeltreffend tot die Wes-Kaapse Regering (WKR) se werk by te dra, is 'n direkte uitkoms van die volgehoue en dikwels onbaatsugtige pogings van die individue in die departement.

Die hedendaagse landskap van mensebestuur het in onlangse jare beduidende veranderinge ondergaan en is vererger deur die aanvang van COVID-19 wat ingewikkelde navigasie deur verskeie mededingende faktore genoodsaak het. Hierdie faktore is nie net onderling verbind nie, maar is ook onderhewig aan streng reëls en regulasies wat uitdagings stel wanneer inisiatiewe geïmplementeer word om talent te lok en te behou.

Van hierdie uitdagings behels onder meer om 'n balans te vind tussen diensleweringsvereistes, die aanlokking en behoud van kritieke en skaars vaardighede, die bemagtiging van die werkmag, die bestuur van loopbaanontwikkeling, opvolgbeplanning, die bevordering van diensbillikheid en die daarstelling van 'n omgewing wat werknemersgroei en -vervulling moontlik maak. Die departement funksioneer ook binne 'n beperkte begrotingsomgewing wat van bestuurders vereis om te oorweeg wat die impak sou wees as meer met beperkte hulpbronne bereik word.

Ten spyte van die ontwikkelende patrone en eise wat die moderne werkplek beïnvloed, het ons toegewyde werknemers konsekwent hul onwrikbare toewyding getoon; die resultaat was noemenswaardige prestasies en verbeterings in dienslewering deur die loop van die oorsigjaar.

# 2. STATUS VAN MENSEBESTUUR IN DIE DEPARTEMENT

## 2.1 Departementele prioriteite vir werkmagbeplanning

- Die rol van werkmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die departement die vereiste aantal mense met die vereiste vaardighede, kennis en ingesteldheid het om die werk te verrig. Die departement assesseer jaarliks deur middel van hierdie proses sy werkmagprofiel volgens huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes.
- Die doel van hierdie assessering is om te identifiseer in watter mate die huidige werkmagprofiel uitvoering gee aan die belangrikste uitkomste van mensebestuur om dienskontinuïteit en waarde te waarborg.
- Die Werkmagplan 2021 - 2026 is dus in lyn met die visie en missie van die departement se Strategiese Plan.
- Die aannames waarvolgens hierdie Werkmagplan ontwikkel is, is steeds geldig en die aksieplan is hersien om te sorg dat strategieë (volgens die gelyste prioriteite) die uitkomste bereik:
  - Identifisering en ontwikkeling van die vereiste organisatoriese bevoegdheid;
  - Waarde- en bevoegdheidgebaseerde werwingspraktyke (insluitend die moontlikheid van 'n aanlyn aansoek- en keuringstelsel om die werwingspraktyke te verbeter en die regte kandidate te lok wat toekoms- en kultuurgepas is);
  - Diversifisering van die talentpoel;
  - Talent- en vaardigheidsontwikkeling vir werknemers in nuwe opkomende vaardighede (bv. 4IR-meta-bevoegdhede/ funksionele en tegniese vaardighede asook gedragsvaardighede wat krities nodig is om die toekomsgepaste organisasie te ondersteun);
  - Prioritisering van opleidingsingrypings ingevolge die vereistes van die Departementele Plan vir Kritiese Bevoegdhede en Loopbaanontwikkeling;
  - Ontwikkeling en implementering van die Strategie vir Toekomsgepaste Vaardighede;
  - Jeugontwikkelingsprogramme om met die samestelling van talentpyplyne (internskappe) te help;
  - Herstrukturering van die Provinsiale Opleidingsinstituut (POI) in 'n provinsiale leer- en innovasiesentrum;
  - Skenk aandag aan die prioriteite van diensbillikheid (DB), soos aangedui in die departementele DB-plan om die werwing- en keuringsbesluite van die departement te rig;
  - Lewering van ingrypings/dienste oor gesondheid en welstand ter ondersteuning van werknemerwelstand; en
  - Ontwikkeling en implementering van die projek vir die oorgang na 'n nuwe werkwyse/WKG- inwonergesentreerde kultuur.

## 2.2 Prestasiebestuur van werknemers

Die doel van prestasiebestuur is om prestasie te verhoog deur individuele toewyding, verantwoordbaarheid en motivering aan te moedig.

Daar word van alle werknemers verwag om elke jaar voor 31 Mei ’n prestasie-ooreenkoms te voltooi. Die ooreenkoms is in wese ’n kontrak tussen die werkgewer en die werknemer wat die projekte, programme, aktiwiteite, verwagtinge en standaarde vir die vereiste dienslewering bevat. Die Wes-Kaapse Regering het ’n elektroniese prestasiebestuurinligtingstelsel, naamlik PERMIS (*Performance Management Information System*) ontwerp om ’n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer wat vir die vaslegging, monitering en bestuur van die algehele prestasiebestuursproses voorsiening maak.

Die prestasiebestuursproses vereis dat ’n halfjaarlikse oorsig en ’n jaarlikse assessering uitgevoer word, maar dat die operasionele teikens en prestasies wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, op ’n deurlopende basis gemonitor en gekommunikeer word. In gevalle waar prestasieteikens of -verwagtinge nie realiseer nie, word die leemtes deur die bestuur van swak prestasie behandel. In hierdie konteks is ’n prestasie- raadplegende eenheid in die Departement van die Premier (Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke) gestig om lynbestuurders (mensebestuurders) met die hantering van swak prestasie te help. Die proses is ontwikkelingsgerig, maar in gevalle waar individue ingevolge die wetgewende raamwerk as swak presteerders geïdentifiseer is, word daar van hulle verwag om hulself aan ’n ontwikkelingsplan of andersins aan dissiplinêre stappe te onderwerp.

## 2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se transversale Werknemergesondheid- en -welstandsprogram (WGWP) volg ’n holistiese benadering tot werknemerwelsyn en is grotendeels voorkomend van aard en bied primêre asook sekondêre dienste.

Die WGWP word in die departement gemonitor deur maandelikse benuttingsverslae vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-Sorgdiens en verslagdoening) en sekondêre dienste (persoonlike berading, trauma- en kritieke insidente, opleiding en geteikende ingryping, bestuursonderrig, voorspraak).

’n Kwartaalverslag word deur die Direktoraat: Organisatoriese Gedrag in die Departement van die Premier saamgestel wat ’n tendensontleding van benutting, risiko-identifisering en die impak op produktiwiteit uiteensit. Verder is voortdurende verslagdoening aan die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSA) ’n vereiste en hierdie verslagdoening fokus op vier gebiede, naamlik MIV/Vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandsbestuur en VGORH-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing, risiko en gehalte).

## 2.4 Monitering van mensebestuur

Die departement monitor in samewerking met die Departement van die Premier die implementering van ’n reeks nakomingsaanwysers vir mensebestuur. Die maandelikse Barometerfeitelêer wat deur die Hoofdirektoraat: Mensebestuurspraktyke in die Departement van die Premier ontwikkel is, voorsien die departement van gereelde bywerkings oor die werkmagprofiel en ander relevante mensebestuursdata om met besluitneming te help. Die aanwysers sluit onder meer inligting in oor die diensstaat, koppetelling, vooruitskattings van uitgawes op mensebestuur, siekteverlofpatrone, die geldwaarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinegevalle, vakaturekoerse, personeelbeweging, diensbillikheid, ensovoorts in.

# 3. OORSIG VAN MENSEBESTUURSTATISTIEK

## 3.1 PERSONEELVERWANTE UITGAWES

Die volgende tabelle is 'n opsomming van finale geouditeerde uitgawes per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2).

Die syfers in Tabel 3.1.1 is onttrek uit die Basiese Rekeningkundige Stelsel en die syfers in Tabel 3.1.2 is onttrek uit die PERSAL-stelsel (personeelsalarisstelsel). Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil in die totale uitgawes op hierdie stelsels kan wees.

Die sleutel in onderstaande tabel is 'n beskrywing van die programme in die departement. Programme sal voorts na program se nommer verwys word.

| Program | Programnaam |
|---|---|
| Program 1 | Administrasie |
| Program 2 | Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste |
| Program 3 | Handel- en Sektorontwikkeling |
| Program 4 | Besigheidsregulering en Regeringsbestuur |
| Program 5 | Ekonomiese Beplanning |
| Program 6 | Toerisme, Kunste en Vermaak |
| Program 7 | Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie |

Tabel 3.1.1: Personeeluitgawes per program, 2022/23

| Program | Totale uitgawes (R'000) | Personeel-uitgawes (R'000) | Opleidings-uitgawes (R'000) | Goedere en dienste (R'000) | Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes | Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000) | Getal werknemers vergoed |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Program 1 | 57 911 | 40 917 | 1 652 | 12 930 | 70,7 | 344 | 119 |
| Program 2 | 47 159 | 17 893 | 45 | 10 840 | 37,9 | 617 | 29 |
| Program 3 | 74 413 | 10 530 | 28 | 1 678 | 14,2 | 479 | 22 |
| Program 4 | 10 431 | 8 697 | 52 | 1 368 | 83,4 | 621 | 14 |
| Program 5 | 144 989 | 30 675 | 19 | 12 509 | 21,2 | 614 | 50 |
| Program 6 | 71 874 | 7 027 | 2 | 1 218 | 9,8 | 469 | 15 |
| Program 7 | 96 106 | 11 597 | 20 | 6 325 | 12,1 | 374 | 31 |
| Totaal | 502 883 | 127 336 | 1 818 | 46 868 | 25,3 | 455 | 280 |

*Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (d.w.s. Premier se Vordering van Jeug [PAY], matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit. Die getal werknemers is kumulatief en nie 'n flitsbeeld op 'n spesifieke datum nie.*

Tabel 3.1.2: Personeeluitgawes per salarisband, 2022/23

| Salarisbande | Personeel-uitgawes (R'000) | % van totale personeel-uitgawes | Gemiddelde personeel-uitgawes per werknemer (R'000) | Getal werknemers |
|---|---|---|---|---|
| Interns | 1 481 | 1,1 | 34 | 44 |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 386 | 0,3 | 193 | 2 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 8 210 | 6,3 | 216 | 38 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 28 036 | 21,4 | 374 | 75 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 62 054 | 47,4 | 653 | 95 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 30 767 | 23,5 | 1 183 | 26 |
| Totaal | 130 934 | 100,0 | 468 | 280 |

*Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (d.w.s. Premier se Vordering van Jeug [PAY], matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit. Die getal werknemers is kumulatief en nie 'n flitsbeeld op 'n spesifieke datum nie.*

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes uitmaak nie. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeeluitgawes wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2022/23

| Program | Salarisse | | Oortyd | | Behuisingstoelae | | Mediese bystand | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R'000) | Salarisse as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Behuisings-toelae as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes |
| Program 1 | 31 197 | 23,8 | 96 | 0,1 | 831 | 0,6 | 1 996 | 1,5 |
| Program 2 | 10 372 | 7,9 | - | - | 177 | 0,1 | 375 | 0,3 |
| Program 3 | 7 481 | 5,7 | - | - | 75 | 0,1 | 315 | 0,2 |
| Program 4 | 6 345 | 4,8 | - | - | 112 | 0,1 | 235 | 0,2 |
| Program 5 | 22 155 | 16,9 | - | - | 275 | 0,2 | 800 | 0,6 |
| Program 6 | 4 962 | 3,8 | 0 | 0,0 | 148 | 0,1 | 212 | 0,2 |
| Program 7 | 9 039 | 6,9 | 32 | 0,0 | 118 | 0,1 | 260 | 0,2 |
| Totaal | 91 551 | 69,9 | 128 | 0,1 | 1 737 | 1,3 | 4 192 | 3,2 |

*Let wel: Die syfers in Tabel 3.1.3 en 3.1.4 is uit PERSAL-stelsel [personeelsalarisse] en onttrek, en nie uit die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente af nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv. salarisse, oortyd, behuising en mediese bystand. Verder maak die tabel hierbo nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes uitmaak nie. Die bogemelde uitgawes weerspieël alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (PAY, matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit.*

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per salarisband, 2022/23

| Salarisband | Salarisse | | Oortyd | | Behuisingstoelae | | Mediese bystand | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag (R'000) | Salarisse as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Oortyd as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Behuisings-toelae as 'n % van personeel-uitgawes | Bedrag (R'000) | Mediese bystand as 'n % van personeel-uitgawes |
| Interns | 1 450 | 1,1 | - | - | - | - | - | - |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 244 | 0,2 | - | - | 19 | 0,0 | 41 | 0,0 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 5 240 | 4,0 | 12 | 0,0 | 226 | 0,2 | 590 | 0,5 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 19 823 | 15,1 | 40 | 0,0 | 855 | 0,7 | 1 834 | 1,4 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 44 472 | 34,0 | 76 | 0,1 | 581 | 0,4 | 1 683 | 1,3 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 20 321 | 15,5 | - | - | 56 | 0,0 | 45 | 0,0 |
| Totaal | 91 551 | 69,9 | 128 | 0,1 | 1 737 | 1,3 | 4 192 | 3,2 |

*Let wel: Die syfers in Tabel 3.1.3 en 3.1.4 is uit PERSAL-stelsel [personeelsalarisse] en onttrek, en nie uit die Basiese Rekeningkundige Stelsel nie. Die twee stelsels is nie gesinkroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en -bedankings en/of oorplasings na en van ander departemente af nie. Dit beteken dat daar 'n verskil kan wees in die uitgawes wat op hierdie stelsels weerspieël word, bv. salarisse, oortyd, behuising en mediese bystand. Verder maak die tabel hierbo nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelaes wat die totale personeeluitgawes uitmaak nie. Die bogemelde uitgawes weerspieël alle individue wat tydens die verslagtydperk vergoed is, insluitend interns (PAY, matrikulant, gegradueerde, student), maar die Provinsiale Minister uitgesluit.*

## 3.2 INDIENSNEMING EN VAKATURES

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (interns en die Provinsiale Minister uitgesluit) en die persentasie aktiewe vakante poste aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word ten opsigte van drie veranderlikes aangedui, naamlik: Program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling is 'n flitsbeeld soos dit aan die einde van die oorsigjaar gestaan het.

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2023

| Program | Getal aktiewe poste | Getal poste gevul | Vakaturekoers % |
|---|---|---|---|
| Program 1 | 85 | 76 | 10.6 |
| Program 2 | 21 | 21 | - |
| Program 3 | 13 | 11 | 15.4 |
| Program 4 | 12 | 12 | - |
| Program 5 | 37 | 37 | - |
| Program 6 | 11 | 11 | - |
| Program 7 | 17 | 17 | - |
| Totaal | 196 | 185 | 5.6 |

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisband soos op 31 Maart 2023

| Salarisband | Getal aktiewe poste | Getal poste gevul | Vakaturekoers % |
|---|---|---|---|
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | 2 | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 29 | 27 | 6.9 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 63 | 57 | 9.5 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 80 | 77 | 3.8 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 22 | 22 | - |
| Totaal | 196 | 185 | 5.6 |

Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2023

| Program | Getal aktiewe poste | Getal poste gevul | Vakaturekoers % |
|---|---|---|---|
| Ekonome | 3 | 3 | - |
| Ingenieur* | 3 | 3 | - |
| Totaal | 6 | 6 | - |

*Let wel: Kritieke beroepe – verwys na beroepe wat kritiek vir dienslewering is. As hierdie beroepe nie in die departement beskikbaar is nie, sal die funksie/dienste ineenstort.*

**Die kritieke beroep van ingenieur hou verband met die funksie van energieveerkragtigheid.*

## 3.3 POSEVALUERING

Posevaluering is geïmplementeer as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Daar word van uitvoerende owerhede verwag om binne 'n nasionaal bepaalde raamwerk elke nuwe pos in hul organisasie te evalueer of enige pos waarvan die posmandaat of -inhoud beduidend verander het, te herevalueer. Hierdie posevalueringsproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Geliewe kennis te neem dat posevaluering en personeelprestasiebestuur verskil in die opsig dat posevaluering verwys na die waarde/gewig van die aktiwiteite wat met die pos geassosieer word, en personeel-prestasiebestuur verwys na die hersiening van 'n individu se prestasie.

Tabel 3.3.1 is 'n opsomming van die getal poste wat gedurende die oorsigjaar geëvalueer is. Die tabel bied ook statistieke oor die getal poste wat op- of afgegradeer is.

Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisband | Getal aktiewe poste soos op 31 Maart 2023 | Getal poste geëvalueer | % van poste geëvalueer | % poste opgradeer | | Poste afgradeer | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | Getal | Poste opgradeer as 'n % van totale poste | Getal | Poste afgradeer as 'n % van totale poste |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | - | - | - | - | - | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 29 | - | - | - | - | - | - |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 63 | - | - | - | - | - | - |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 80 | 12 | 6.1 | - | - | - | - |
| Senior bestuursdiens Band A (Vlak 13) | 14 | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuursdiens Band B (Vlak 14) | 5 | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuursdiens Band C (Vlak 15) | 2 | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuursdiens Band D (Vlak 16) | 1 | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 196 | 12 | 6.1 | - | - | - | - |

*Let wel: Die "getal poste geëvalueer" per salarisband weerspieël die finale goedgekeurde posvlak na posevaluering.*

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgradeer is as gevolg van hul poste wat opgradeer is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Begunstigdes | Swart | Bruin | Indiër | Wit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Geen | | | | | |

Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die getal gevalle waar salarisvlakke die graad oorskry het wat deur posevaluering bepaal is of waar hoër kerwe aan werknemers op 'n bepaalde salarisvlak toegeken is. Elke salarisvlak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir die afwyking word in elke geval voorsien.

Tabel 3.3.3: Werknemers aan wie hoër salarisse toegeken is as wat deur posevaluering per belangrike beroep bepaal is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Belangrike beroep | Getal werknemers | Posevalueringvlak | Vergoeding op 'n hoër salarisvlak | Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarisvlak | Rede vir afwyking |
|---|---|---|---|---|---|
| Geen | | | | | |

Tabel 3.3.4: Profiel van werknemers aan wie hoër salarisse toegeken is as wat deur posevaluering bepaal is, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Begunstigdes | Swart | Bruin | Indiër | Wit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Geen | | | | | |

## 3.4. VERANDERINGE IN INDIENSNEMING

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle is 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling sluit nie inligting ten opsigte van interns in nie.

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisband | Getal werknemers soos op 31 Maart 2022 | Omset-koers % 2021/22 | Aan-stellings in departe-ment | Oor-plasings na departe-ment | Diens-beëindigings uit departement | Oorplasings uit departement | Omsetkoers % 2022/23 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | 33.3 | - | - | - | - | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 25 | 51.9 | 14 | 1 | 11 | 2 | 52.0 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 62 | 11.8 | 9 | - | 9 | 5 | 22.6 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 81 | 18.6 | 6 | - | 11 | - | 13.6 |
| Senior bestuursdiens Band A (Vlak 13) | 14 | - | 1 | - | 1 | - | 7.1 |
| Senior bestuursdiens Band B (Vlak 14) | 6 | - | - | - | 1 | - | 16.7 |
| Senior bestuursdiens Band C (Vlak 15) | 2 | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuursdiens Band D (Vlak 16) | 1 | - | 2 | - | 2 | | 200.0 |
| Totaal | 193 | 19.1 | 32 | 1 | 35 | 7 | 21.8 |
| | | | 33 | | 42 | | |

*Let wel: "Oorplasings" verwys na die laterale verskuiwing van werknemers van een staatsdiensdepartement na 'n ander (sowel provinsiaal as nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale uittredes te bereken as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2022).*

*Die hoë omset in die senior bestuur-band D (vlak 16) is as gevolg van die uittrede van die vorige DH, asook sy heraanstelling en daaropvolgende kontrakverstryking, om bystand te lewer met sakekontinuïteit tot die aanstelling van die nuwe DH met ingang van 01 Mei 2022.*

Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Kritieke beroep | Getal werknemers soos op 31 Maart 2022 | Omset-koers % 2021/22 | Aanstellings in departement | Oorplasings na departement | Diens-beëindigings uit departement | Oorplasings uit departement | Omsetkoers % 2022/23 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ekonoom | 3 | - | - | - | - | - | - |
| Ingenieur* | 4 | - | - | - | 1 | - | 25.0 |
| Totaal | 7 | - | - | - | 1 | - | 14.3 |
| | | | - | | - | | |

*Let wel: "Oorplasings" verwys na die laterale verskuiwing van werknemers van een staatsdiensdepartement na 'n ander (sowel provinsiaal as nasionaal). Die omsetkoers word bepaal deur die totale uittredes te bereken as 'n persentasie van die basislyn (getal werknemers soos op 31 Maart 2022).*

**Die kritieke beroep vir ingenieur hou verband met die funksie van energieveerkragtigheid.*

Tabel 3.4.3: Werknemers wat die diens van die departement verlaat het, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Soort beëindiging | Getal | % van totale beëindigings | Getal beëindigings as 'n % van totale getal werk-nemers soos op 31 Maart 2022 |
|---|---|---|---|
| Sterfte | - | - | - |
| Bedanking * | 25 | 59.5 | 13.0 |
| Verstryking van kontrak | 7 | 16.7 | 3.6 |
| Ontslag - bedryfsveranderinge | - | - | - |
| Ontslag - wangedrag | - | - | - |
| Ontslag - onbekwaamheid | - | - | - |
| Ontslaan weens swak gesondheid | - | - | - |
| Aftrede | 3 | 7.1 | 1.6 |
| Werknemer-geïnisieerde skeidingspakket | - | - | - |
| Oorplasings na statutêre liggaam | - | - | - |
| Oorplasings na ander staatsdiensdepartemente | 4 | 9.5 | 2.1 |
| Bevordering na 'n ander WKR-departement | 3 | 7.1 | 1.6 |
| Totaal | 42 | 100.0 | 21.8 |

*Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskeie kategorieë van beëindigings vir personeellede wat die diens van die departement verlaat het.*

** Bedankings word verder in Tabel 3.4.4 en 3.4.5 bespreek.*

Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Redes vir bedanking | Getal | % totale bedankings |
|---|---|---|
| Gesins-/persoonlike omstandighede | 1 | 4.0 |
| Benodig 'n ander loopbaan | 3 | 12.0 |
| Geen rede verskaf nie | 19 | 76.0 |
| Begin eie besigheid | 1 | 4.0 |
| Werk-lewe-balans | 1 | 4.0 |
| Totaal | 25 | 100.0 |

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Ouderdomsgroep | Getal | % totale bedankings |
|---|---|---|
| Ouderdom <19 | - | - |
| Ouderdom 20 tot 24 | 2 | 8.0 |
| Ouderdom 25 tot 29 | 3 | 12.0 |
| Ouderdom 30 tot 34 | 4 | 16.0 |
| Ouderdom 35 tot 39 | 7 | 28.0 |
| Ouderdom 40 tot 44 | 4 | 16.0 |
| Ouderdom 45 tot 49 | 3 | 12.0 |
| Ouderdom 50 tot 54 | 1 | 4.0 |
| Ouderdom 55 tot 59 | 1 | 4.0 |
| Ouderdom 60 tot 64 | - | - |
| Ouderdom 65> | - | - |
| Totaal | 25 | 100.0 |

Tabel 3.4.6 Werknemer-geïnisieerde skeidingspakkette

| | |
|---|---|
| Totale getal werknemer-geïnisieerde skeidingspakkette aangebied in 2022/23 | Geen |

Tabel 3.4.7: Bevorderings per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisband | Getal werknemers soos op 31 Maart 2022 | Bevorderings na 'n ander salarisvlak | Bevorderings as 'n % van totale werknemers | Vorderings na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak | Kerfvorderings as 'n % van totale werknemers |
|---|---|---|---|---|---|
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | - | - | 2 | 100.0 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 25 | - | - | 10 | 40.0 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 62 | 1 | 1.6 | 32 | 51.6 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 81 | 3 | 3.7 | 37 | 45.7 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 23 | - | - | 14 | 60.9 |
| Totaal | 193 | 4 | 2.1 | 95 | 49.2 |

*Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat na 'n hoër posvlak binne die departement gevorder het deur aansoek te doen om, en suksesvol te wees vir, 'n geadverteerde pos volgens die werwing- en keuringsproses. Die inligting weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer nadat hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie vir kerfvorderings kwalifiseer nie, is nie ingesluit nie.*

Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Kritieke beroep | Getal werknemers soos op 31 Maart 2022 | Bevorderings na 'n ander salarisvlak | Bevorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe | Vorderings na 'n ander kerf binne 'n kritieke beroep | Kerf-vorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe |
|---|---|---|---|---|---|
| Ekonoom | 3 | - | - | 1 | 33.3 |
| Ingenieur* | 4 | - | - | 3 | 75.0 |
| Totaal | 7 | - | - | 4 | 57.1 |

*Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat na 'n hoër posvlak binne die departement gevorder het deur aansoek te doen om, en suksesvol te wees vir, 'n geadverteerde pos volgens die werwing- en keuringsproses. Die inligting weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer nadat hy/sy bevorder is. Werknemers wat nie vir kerfvorderings kwalifiseer nie, is nie ingesluit nie.*

**Die kritieke beroep vir ingenieur hou verband met die funksie van energieveerkragtigheid.*

## 3.5. DIENSBILLIKHEID

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle is 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling sluit nie inligting ten opsigte van interns in nie.

Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) op elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2023)

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | 2 | 4 | - | 3 | - | 6 | 1 | 2 | 1 | - | 19 |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12) | 5 | 15 | 4 | 4 | 9 | 31 | 1 | 7 | 1 | - | 77 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | 9 | 9 | 1 | - | 16 | 21 | - | 2 | - | - | 58 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | 5 | 5 | - | - | 5 | 10 | - | 1 | - | - | 26 |
| Ongeskoolde en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | 1 | 1 | - | - | - | - | 2 |
| Totaal | 22 | 34 | 5 | 7 | 31 | 70 | 2 | 12 | 2 | - | 185 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | 22 | 34 | 5 | 7 | 31 | 70 | 2 | 12 | 2 | - | 185 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Die syfers per beroepsvlak aangedui sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in, maar sluit interns uit. Verder word die inligting per salarisvlak aangebied en nie volgens posvlak nie.*

*Vir die getal werknemers met gestremdhede, verwys na Tabel 3.5.2.*

Tabel 3.5.2: Totale getal werknemers (slegs met gestremdhede) op elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2023

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12) | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | - | - | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Ongeskoolde en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 2 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | - | 1 | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 2 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Die syfers per beroepsvlak aangedui sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in, maar sluit interns uit. Voorts word die inligting per salarisvlak voorgelê en nie volgens posvlak nie.*

Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | 1 | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12) | 2 | - | - | - | 4 | - | - | - | - | - | 6 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | 2 | 3 | - | - | 3 | 1 | - | - | - | - | 9 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | 3 | 2 | - | - | 5 | 5 | - | - | - | - | 15 |
| Ongeskoolde en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 8 | 7 | - | - | 12 | 6 | - | - | - | - | 33 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | 8 | 7 | - | - | 12 | 6 | - | - | - | - | 33 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Werwing verwys na die aanstelling van nuwe werknemers op die departement se diensstaat, maar sluit interns uit. Die totale sluit oorplasings van ander staatsdepartemente en/of -instansies in, soos per Tabel 3.4.1.*

Tabel 3.5.4: Bevorderings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12) | 1 | 1 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 3 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | - | 1 | - | - | - | - | - | - | - | - | 1 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Ongeskoolde en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 1 | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 4 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | 1 | 2 | - | - | - | 1 | - | - | - | - | 4 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Bevorderings verwys na die totale getal werknemers wat na 'n hoër posvlak binne die departement gevorder het deur aansoek te doen om, en suksesvol te wees vir, 'n geadverteerde pos volgens die werwing- en keuringsproses soos per Tabel 3.4.7.*

Tabel 3.5.5: Beëindigings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | - | 2 | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | - | 1 | - | - | 1 | - | - | - | - | - | 2 |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (Vlak 9-12) | 1 | 3 | - | 2 | - | 4 | - | 1 | - | - | 11 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | 2 | 5 | - | - | 2 | 5 | - | - | - | - | 14 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | - | 3 | - | 1 | 3 | 5 | - | 1 | - | - | 13 |
| Ongeskoolde en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Totaal | 3 | 14 | - | 3 | 6 | 14 | - | 2 | - | - | 42 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | 3 | 14 | - | 3 | 6 | 14 | - | 2 | - | - | 42 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Beëindigings verwys na werknemers (interns uitgesluit) wat die diens van die departement verlaat het, insluitend oorplasings na ander departemente, soos per Tabel 3.4.1.*

Tabel 3.5.6: Dissiplinêre optrede, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Dissiplinêre optrede | Manlik | | | | Vroulik | | | | Buitelandse burgers | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | Manlik | Vroulik | |
| Geen | | | | | | | | | | | |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

Tabel 3.5.7: Vaardigheidsontwikkeling, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepsvlakke | Manlik | | | | Vroulik | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | S | B | I | W | S | B | I | W | |
| Topbestuur (Vlak 15-16) | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| Senior bestuur (Vlak 13-14) | 2 | 3 | 1 | 2 | - | 5 | 1 | 1 | 15 |
| Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelbestuur (vlak 9-12) | 6 | 9 | 4 | 2 | 8 | 27 | 1 | 8 | 65 |
| Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, toesighouers, voormanne en superintendente (Vlak 6-8) | 10 | 10 | - | - | 15 | 26 | - | 2 | 63 |
| Halfgeskoold en diskresionêre besluitneming (Vlak 3-5) | 4 | 8 | 1 | - | 7 | 12 | - | 1 | 33 |
| Ongeskoold en bepaalde besluitneming (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| Totaal | 22 | 30 | 6 | 4 | 30 | 72 | 2 | 12 | 178 |
| Tydelike werknemers | - | - | - | - | - | - | - | - | - |
| Groottotaal | 22 | 30 | 6 | 4 | 30 | 72 | 2 | 12 | 178 |

*S = Swart; B = Bruin; I = Indiër; W = Wit.*

*Let wel: Die tabel hierbo verwys na die totale getal werknemers wat in die oorsigtydperk opleiding ontvang het, en nie na die getal opleidingsingrypings wat deur individue bygewoon is nie. Vir verdere inligting oor die werklike opleiding voorsien, verwys na Tabel 3.13.2.*

## 3.6. ONDERTEKENING VAN PRESTASIE-OOREENKOMSTE DEUR SBD-LEDE

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement gedurende die oorsigjaar. Die volgende tabelle is 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling sluit nie inligting ten opsigte van interns in nie.

Tabel 3.6.1: Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede soos op 31 Mei 2022

| SBD-posvlak | Getal aktiewe SBD-poste per vlak | Getal SBD-lede per vlak | Getal ondertekende prestasie-ooreenkomste per vlak | Ondertekende prestasie-ooreenkomste as 'n % van SBD-lede per vlak |
|---|---|---|---|---|
| Departementshoof | 1 | 1 | 1 | 100.0 |
| Salarisvlak 15 | 2 | 2 | 2 | 100.0 |
| Salarisvlak 14 | 6 | 6 | 6 | 100.0 |
| Salarisvlak 13 | 15 | 15 | 14 | 93.3 |
| Totaal | 24 | 24 | 23 | 95.8 |

*Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) aangestel word. Werknemers wat hoër as salarisvlak 12 vergoed word, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit. Verder weerspieël die tabel die pos se salarisbesonderhede en nie die individuele salarisvlak van werknemers nie. Die toekenning van prestasieverwante belonings (kontantbonus) vir SBD-lede word later in die verslag behandel. Verwys na Tabel 3.8.5 in die hierdie verband.*

Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie soos op 31 Mei 2022 met alle SBD-lede aangegaan is nie

| Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede aangegaan is nie |
|---|
| Een SBD-lid is op 1 Mei 2022 aangestel. Nuut-aangestelde personeel word drie maande toegestaan om hierdie vereiste na te kom, en die werknemer het op 31 Mei 2022 nog twee maande gehad om sy/haar prestasie-ooreenkoms te voltooi. |

Tabel 3.6.3: Dissiplinêre stappe ingestel teen SBD-lede wat nie teen 31 Mei 2022 prestasie-ooreenkomste onderteken het nie

| Dissiplinêre stappe ingestel teen SBD-lede wat nie prestasie-ooreenkomste onderteken het nie |
|---|
| Nie vereis nie |

## 3.7. VULLING VAN SBD-POSTE

Die tabelle in hierdie afdeling verskaf inligting oor indiensneming en vakatures soos dit verband hou met lede van die SBD per salarisvlak. Dit verskaf ook inligting oor advertensies wat geplaas is en die vulling van SBD-poste, redes waarom voorgeskrewe tydraamwerke nie nagekom is nie en dissiplinêre stappe wat in gevalle van nienakoming geneem is.

Tabel 3.7.1: Inligting oor SBD-poste soos op 30 September 2022

| SBD-vlak | Getal aktiewe SBD-poste per vlak | Getal SBD-poste gevul per vlak | % SBD-poste gevul per vlak | Getal SBD-poste vakant per vlak | % SBD-poste vakant per vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| Departementshoof | 1 | 1 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 15 | 2 | 2 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 14 | 5 | 5 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 13 | 14 | 14 | 100.0 | - | - |
| Totaal | 22 | 22 | 100.0 | - | - |

*Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) aangestel word. Werknemers wat hoër as salarisvlak 12 vergoed word, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit.*

Tabel 3.7.2: Inligting oor SBD-poste soos op 31 Maart 2023

| SBD-vlak | Getal aktiewe SBD-poste per vlak | Getal SBD-poste gevul per vlak | % SBD-poste gevul per vlak | Getal SBD-poste vakant per vlak | % SBD-poste vakant per vlak |
|---|---|---|---|---|---|
| Departementshoof | 1 | 1 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 15 | 2 | 2 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 14 | 5 | 5 | 100.0 | - | - |
| Salarisvlak 13 | 14 | 14 | 100.0 | - | - |
| Totaal | 22 | 22 | 100.0 | - | - |

*Let wel: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior Bestuursdiens (SBD) aangestel word. Werknemers wat hoër as salarisvlak 12 vergoed word, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit.*

Tabel 3.7.3: Inligting oor SBD-poste soos op 31 Maart 2023

| SBD-vlak | Advertensies | Vulling van poste | |
|---|---|---|---|
| | Getal vakatures per vlak geadverteer binne 6 maande nadat dit vakant geraak het | Getal vakatures per vlak gevul binne 6 maande nadat dit vakant geraak het | Getal vakatures per vlak wat nie binne 6 maande nie maar wel binne 12 maande gevul is |
| Departementshoof | - | 2 | - |
| Salarisvlak 15 | - | - | - |
| Salarisvlak 14 | - | - | - |
| Salarisvlak 13 | 1 | 1 | - |
| Totaal | 1 | 3 | - |

Tabel 3.7.4: Redes waarom daar die vulling van aktiewe vakante SBD-poste nie nagekom is nie – geadverteer binne 6 maande en gevul binne 12 maande nadat dit vakant geraak het

| Salarisband | Redes vir nienakoming |
|---|---|
| Departementshoof | N.v.t. |
| Salarisvlak 15 | N.v.t. |
| Salarisvlak 14 | N.v.t. |
| Salarisvlak 13 | N.v.t. |

Tabel 3.7.5: Dissiplinêre stappe wat ingestel is vir die nienakoming van voorgeskrewe tydraamwerke vir die vulling van SBD-poste binne 12 maande

| Dissiplinêre stappe wat ingestel is vir die nienakoming van voorgeskrewe tydraamwerke vir die vulling van SBD-poste |
|---|
| Geen |

## 3.8. WERKNEMERPRESTASIE

Die volgende tabelle toon die getal personeel per salarisband (tabel 3.8.1) en personeel in kritieke beroepe (3.8.2) wat as gevolg van prestasiebestuur 'n kerfvordering ontvang het (d.w.s. kwalifiserende werknemers wat 'n telling tussen 3-4 in hul prestasiegraderings behaal het).

Tabel 3.8.1: Kerfvorderings per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisband | Werknemers soos op 31 Maart 2022 | Vorderings na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak | Kerfvorderings as 'n % van werknemers per salarisband |
|---|---|---|---|
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | 2 | 100.0 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 25 | 10 | 40.0 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 62 | 32 | 51.6 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 81 | 37 | 45.7 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 23 | 14 | 60.9 |
| Totaal | 193 | 95 | 49.2 |

Tabel 3.8.2: Kerfvorderings per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Kritieke beroepe | Werknemers soos op 31 Maart 2022 | Vorderings na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak | Kerfvorderings as 'n % van werknemers per salarisband |
|---|---|---|---|
| Ekonome | 3 | 1 | 33.3 |
| Ingenieur* | 4 | 3 | 75.0 |
| Totaal | 7 | 4 | 57.1 |

**Die kritieke beroep vir ingenieur hou verband met die funksie van energieveerkragtigheid.*

Tabel 3.8.3: Prestasiebelonings per ras, geslag en gestremdheid, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Ras en geslag | Profiel van begunstigde | | | Koste | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Getal begunstigdes | Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022 | % van totaal in groep | Koste (R'000) | Gemiddelde koste per begunstigde (R) |
| Geen | | | | | |

Tabel 3.8.4: Prestasiebelonings (kontantbonus) per salarisband vir personeel onder senior bestuursdiensvlak, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisbande | Profiel van begunstigde | | | Koste | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal begunstigdes | Getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022 | % van totaal in salarisband | Koste (R'000) | Gemiddelde koste per begunstigde (R) | Koste as 'n % van die totale personeel-uitgawes |
| Geen | | | | | | |

Tabel 3.8.5: Prestasiebelonings (kontantbonus) per salarisband vir senior bestuursdiensvlak, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisbande | Profiel van begunstigde | | | Koste | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal begunstigdes | Getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022 | % van totaal in salarisband | Koste (R'000) | Gemiddelde koste per begunstigde (R) | Koste as 'n % van die totale personeel-uitgawes |
| Geen | | | | | | |

Tabel 3.8.6: Prestasiebelonings (kontantbonus) per kritieke beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisbande | Profiel van begunstigde | | | Koste | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal begunstigdes | Getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2022 | % van totaal in salarisband | Koste (R'000) | Gemiddelde koste per begunstigde (R) | Koste as 'n % van die totale personeel-uitgawes |
| Geen | | | | | | |

# 3.9 BUITELANDSE WERKERS

Die tabelle hieronder som die indiensneming van buitelandse werkers in die departement op ten opsigte van salarisband (Tabel 3.9.1) en belangrike beroep (Tabel 3.9.2). Die tabelle bied ook 'n opsomming van die veranderinge in die totale getal buitelandse werkers in elke salarisband en per elke belangrike beroep.

Tabel 3.9.1: Buitelandse werkers per salarisband, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Salarisbande | 1 April 2022 | | 31 Maart 2023 | | Verandering | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % van totaal | Getal | % van totaal | Getal | % verandering |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | - | - | | - | - | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | - | - | - | - | - | - |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | - | - | - | - | - | - |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | - | - |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | - | - |
| Totaal | 2 | 100.0 | 2 | 100.0 | - | - |

*Let wel: Die tabel hierbo sluit nieburgers met permanente burgerskap in die Republiek van Suid-Afrika in.*

Tabel 3.9.2: Buitelandse werkers per belangrike beroep, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Belangrike beroep | 1 April 2022 | | 31 Maart 2023 | | Verandering | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Getal | % van totaal | Getal | % van totaal | Getal | % verandering |
| Adjunkdirekteur: Verbruikersbewustheid en -opvoeding | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | - | - |
| Direkteur | 1 | 50.0 | 1 | 50.0 | - | - |
| Totaal | 2 | 100.0 | 2 | 100.0 | - | - |

*Let wel: Die tabel hierbo sluit nieburgers met permanente burgerskap in die Republiek van Suid-Afrika in.*

## 3.10. VERLOFGEBRUIK VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE 2022 TOT 31 DESEMBER 2022

Die volgende tabelle gee ’n aanduiding van die gebruik van siekteverlof (Tabel 3.10.1) en ongeskiktheidsverlof (Tabel 3.10.2). In albei gevalle word die geskatte koste van die verlof ook aangedui.

Tabel 3.10.1: Siekteverlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

| Salarisband | Totale dae | % dae met mediese sertifisering | Getal werknemers wat siekteverlof neem | Totale getal werknemers | % van totale getal werknemers wat siekteverlof neem | Gemiddelde dae per werknemer | Geskatte koste (R’000) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Interns | 89 | 53,9 | 25 | 28 | 89,3 | 4 | 21 |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 2 | 100,0 | 1 | 3 | 33,3 | 2 | 1 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 188 | 79,3 | 26 | 48 | 54,2 | 7 | 134 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 349 | 78,2 | 57 | 83 | 68,7 | 6 | 439 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 440 | 80,7 | 65 | 94 | 69,1 | 7 | 942 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 232 | 94,4 | 20 | 24 | 83,3 | 12 | 728 |
| Totaal | 1 300 | 80,5 | 194 | 280 | 69,3 | 7 | 2 265 |

*Let wel: Die verlofbedeling, soos bepaal in die “Verlofbepalings”, gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werkdae in ’n siekteverlofsiklus van drie jaar. Die siekteverlofsiklus van drie jaar het in Januarie 2022 begin en eindig in Desember 2024. Die inligting in elke geval toon die totale, met uitsondering van ongeskiktheidsverlof wat deur werknemers geneem is. Vir ’n aanduiding van ongeskiktheidsverlof wat geneem is, verwys na Tabel 3.10.2.*

Tabel 3.10.2: Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

| Salarisband | Totale dae | % dae met mediese sertifisering | Getal werknemers wat ongeskiktheids-verlof neem | Totale getal werknemers | % van totale getal werknemers wat ongeskiktheids-verlof neem | Gemiddelde dae per werknemer | Geskatte koste (R'000) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Interns | - | - | - | 28 | - | - | - |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | - | - | - | 3 | - | - | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | - | - | - | 48 | - | - | - |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | - | - | - | 83 | - | - | - |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 110 | 100,0 | 1 | 94 | 1,1 | 110 | 178 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 47 | 100,0 | 1 | 24 | 4,2 | 47 | 152 |
| Totaal | 157 | 100,0 | 2 | 280 | 0,7 | 79 | 330 |

*Let wel: Die verlofbedeling, soos bepaal in die "Verlofbepalings", gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werkdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Wanneer 'n werknemer sy of haar normale siekteverlof uitgeput het, moet die werkgewer ondersoek instel oor die aard en omvang van die werknemer se ongeskiktheid. Sulke ondersoeke moet uitgevoer word ingevolge item 10(1) van bylae 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV).*

*Ongeskiktheidsverlof is nie 'n onbeperkte aantal bykomende siekteverlofdae tot 'n werknemer se beskikking nie. Ongeskiktheidsverlof is bykomende siekteverlof wat voorwaardelik toegeken word na die werkgewer se goeddunke, soos daar voorsiening voor gemaak is in die Verlofbepaling en Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR).*

Tabel 3.10.3 is ’n opsomming van die benutting van jaarlikse verlof. Die loonooreenkoms wat in 2000 met die vakbonde in die Staatsdiens- Koördinerende Bedingingsraad (SKB) aangegaan is, vereis dat jaarlikse verlof bestuur word om te verhoed dat hoë vlakke van opgelope verlof by diensbeëindiging uitbetaal word.

Tabel 3.10.3: Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

| Salarisband | Totale dae geneem | Totale getal werknemers wat jaarlikse verlof neem | Gemiddelde getal dae geneem per werknemer |
|---|---|---|---|
| Interns | 233 | 24 | 10 |
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | 48 | 2 | 24 |
| Geskoold (Vlak 3-5) | 597 | 42 | 14 |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 1 440 | 78 | 18 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 1 996 | 88 | 23 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 512 | 24 | 21 |
| Totaal | 4 826 | 258 | 19 |

Tabel 3.10.4: Opgehoopte verlof, 1 Januarie 2022 tot 31 Desember 2022

| Salarisband | Totale opgehoopte verlof beskikbaar soos op 31 Des 2021 | Totale dae opgehoopte verlof geneem | Getal werknemers wat opgehoopte verlof neem | Gemiddelde getal dae geneem per werknemer | Getal werknemers met opgehoopte verlof soos op 31 Des 2022 | Totale opgehoopte verlof beskikbaar soos op 31 Des 2022 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Laer geskoold (Vlak 1-2) | - | - | - | - | - | - |
| Geskoold (Vlak 3-5) | - | - | - | - | - | - |
| Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8) | 39,21 | - | - | - | 3 | 19,87 |
| Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12) | 77,80 | 18,71 | 2 | 9,36 | 9 | 63,09 |
| Senior bestuur (Vlak 13-16) | 16,76 | - | - | - | 2 | 0,69 |
| Totaal | 133,77 | 18,71 | 2 | 9,36 | 14 | 83,65 |

*Let wel: Dit is moontlik dat die totale getal opgehoopte verlofdae toeneem namate werknemers wat bevorder is of na die departement oorgeplaas is, hulle opgehoopte verlofkrediete behou, wat deel van daardie spesifieke salarisband en uiteindelik van die departementele totaal uitmaak.*

Tabel 3.10.5: Verlofuitbetalings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Rede | Totale bedrag (R'000) | Getal werknemers | Gemiddelde betaling per werknemer |
|---|---|---|---|
| Verlofuitbetalings gedurende 2022/23 weens verlof wat nie in die vorige siklus geneem is nie | - | - | - |
| Uitbetaling van opgehoopte verlof met diensbeëindiging | - | - | - |
| Uitbetaling van lopende verlof met diensbeëindiging | 599 | 39 | 15 371 |

## 3.11. GESONDHEIDBEVORDERINGSPROGRAMME, INSLUITEND MIV EN VIGS

Tabel 3.11.1: Stappe gedoen om die risiko van beroepsblootstelling te verminder, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Eenhede/kategorieë van werknemers wat geïdentifiseer is as hoë risiko om MIV en verwante siektes op te doen (indien enige) | Sleutelstappe wat gedoen is om die risiko te verminder |
|---|---|
| Die aard van die werk in die departement stel werknemers nie bloot aan toenemende risiko om MIV en Vigs op te doen nie. Ten spyte van die baie lae beroepsrisiko, is alle werknemers op alle vlakke in die departement geteiken. | Werknemergesondheids- en -welstandsdienste word gelewer aan alle werknemers wat dit nodig het, insluitend die volgende:<br>• Welstandstoetse vir werknemers om hul MIV-status te wete te kom;<br>• Verspreiding van kondome;<br>• Inligtings-, kommunikasie- en opvoedingsveldtogte;<br>• Psigo-sosiale ontwikkelingsingrypings; en<br>• Berading. |

Tabel 3.11.2: Besonderhede oor gesondheidsbevordering, insluitend MIV- en Vigs-programme, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Vraag | Ja | Nee | Besonderhede, indien ja |
|---|---|---|---|
| 1. Het die departement 'n lid van die SBD aangewys om die bepalings soos vervat in Deel VI E van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016 te implementeer? Indien wel, verskaf sy/haar naam en posisie. | ✓ | | Letitia Isaacs, Direkteur (waarnemend): Organisatoriese Gedrag (Departement van die Premier). |
| 2. Het die departement 'n toegewyde eenheid of het dit spesifieke personeellede aangewys om die gesondheid en welsyn van werknemers te bevorder? Indien wel, dui die getal werknemers aan wat by hierdie taak betrokke is, en die jaarlikse begroting wat vir hierdie doel beskikbaar is. | ✓ | | Die Departement van die Premier lewer 'n transversale diens aan elf (11) WKR-kliëntdepartemente, insluitend die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme.<br>'n Toegewese Werknemergesondheid- en Welsynseenheid in die Direktoraat Organisatoriese Gedrag en die Hoofdirektoraat Organisasie-ontwikkeling is verantwoordelik om die gesondheid en welsyn van werknemers in die elf (11) kliëntdepartemente te bevorder.<br>Die eenheid bestaan uit 'n adjunkdirekteur, drie (3) assistent-direkteure, en twee (2) WGW-praktisyns.<br>Die jaarlikse begroting was R3 261 000.00. |
| 3. Het die departement 'n werknemersbystandsprogram of gesondheid-bevorderingsprogram vir werknemers geïmplementeer? Indien wel, dui die belangrikste elemente/dienste van hierdie program aan. | ✓ | | Die Departement van die Premier het 'n diensvlakooreenkoms met Metropolitan Health (eksterne diensverskaffer) aangegaan om 'n werknemergesondheid- en -welstandsdiens aan elf (11) provinsiale departemente te lewer.<br>Die volgende ingrypings is uitgevoer: berading; trauma-onderhoude en -bewusmaking; bestuurskonsultasies; psigo-sosiale ontwikkelingsingrypings; inligting, kommunikasie en opvoeding; afrigting; groepterapie; redelike akkommodasie.<br>Hierdie ingrypings is gegrond op tendense wat in die kwartaallikse verslae aangedui en geïmplementeer word om in werknemer- of departementele behoeftes te voorsien.<br>Inligting oor hoe om toegang tot die Werknemergesondheid- en Welstandsprogram (WGWP) te verkry, is aanlyn versprei. |

| Vraag | Ja | Nee | Besonderhede, indien ja |
|---|---|---|---|
| 4. Het die departement ('n) komitee(s) ingestel soos bedoel in Deel VI E.5(e) van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016? Indien wel, verskaf die name van die lede van die komitee en die belanghebbende(s) wat deur hulle verteenwoordig word. | ✓ | | Die Provinsiale Beheerkomitee oor Werknemergesondheid en -welstand is ingestel, met lede wat deur elke departement genomineer is.<br>Die departement word deur Mymona Jacobs verteenwoordig. |
| 5. Het die departement sy indiensnemingsbeleide en -praktyke hersien om te verseker dat daar nie onbillik teen werknemers op grond van hulle MIV-status gediskrimineer word nie? Indien wel, lys die indiensnemingsbeleide/-praktyke wat as sulks hersien is. | ✓ | | Die transversale bestuursraamwerk vir werknemergesondheid- en -welsynsprogramme in die Wes-Kaapse Regering is in werking en is in Desember 2016 deur die Koördinerende Kamer van die SKB vir die Wes-Kaap Provinsie aanvaar.<br>In hierdie verband maak alle personeelbeleide voorsiening vir billike praktyke, ongeag die MIV-status van werknemers of aansoekers. Praktyke in die werkplek word voortdurend gemonitor om nakoming van beleid en billikheid te verseker.<br>Vier WGW-beleide is onder die WGW-vaandel goedgekeur, insluitend MIV & VIGS- en TB-bestuur wat reageer op die voorkoming van diskriminasie in die werkplek teen werknemers wat deur MIV & VIGS en TB geraak en besmet is.<br>Daarenteen het die Departement van Gesondheid, die leierdepartement vir MIV & VIGS, die Transversale MIV en VIGS/SOI Werkplekbeleid en -program goedgekeur wat op alle departemente van die Wes-Kaapse Regering van toepassing is. Hierdie dokument stem ooreen met die vier pilare van die Nasionale WGW Strategiese Raamwerk 2018, soos gewysig.<br>Die transversale WGW-beleide, insluitend die beleid oor MIV & VIGS- en TB-bestuur, is gedurende die verslagtydperk nagegaan teenoor die DSA-beleide asook die Nasionale Strategiese Plan vir MIV, TB en SOI's (2023-2028) wat inklusiwiteit verseker en diskriminasie en stigma teen werknemers met MIV uitwis. |

| Vraag | Ja | Nee | Besonderhede, indien ja |
|---|---|---|---|
| 6. Het die departement maatreëls ingestel om MIV-positiewe werknemers of diegene wat as MIV-positief beskou word, teen diskriminasie te beskerm? Indien wel, lys die sleutelelemente van sodanige maatreëls. | ✓ | | Die Provinsiale Strategiese Plan oor MIV en Vigs, SOI's en TB is geïmplementeer om MIV en TB en die geslag- en regte-gebaseerde dimensies daarvan by die belangrikste mandate in te sluit om MIV-verwante stigma te verminder.<br>Die doel is om:<br>• MIV- en TB-diskriminasie in die werkplek te verminder. Dit sluit veldtogte teen onbillike diskriminasie en bemagtiging van werknemers in.<br>• Onbillike diskriminasie tydens toegang tot dienste te verminder. Dit behels onder meer om toe te sien dat die Direktoraat Werknemer-verhoudinge klagtes of griewe ten opsigte van onbillike diskriminasie behandel en opleiding aan werknemers bied.<br>Die departement het die volgende maatreëls ingestel om die stigma en diskriminasie te behandel teen diegene wat met MIV besmet is of beskou word as met MIV besmet te wees:<br>• Opvoedkundige veldtogte<br>• Herdenking van Wêreld Vigs-dag<br>• Grieweproses<br>• Ingrypings soos diversiteitsbestuur |
| 7. Moedig die departement sy werknemers aan om MIV-berading en -toetsing (MBT) te ondergaan? Indien wel, noem die resultate wat u hiermee bereik het. | ✓ | | MBT-SESSIES:<br>Die departement het aan een MBT- en welsynstoetssessie deelgeneem.<br>Een werknemer is vir MIV, tuberkulose en seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) getoets en van berading voorsien. |
| 8. Het die departement maatreëls/aanwysers ontwikkel om die impak van sy gesondheidsbevorderings-program te monitor en te evalueer? Indien wel, noem hierdie maatreëls/aanwysers. | | | Die WGW-program word deur middel van kwartaallikse en jaarlikse verslagdoening gemonitor, en tendensontleding kan afgelei word deur die vergelyking van departementele benutting en demografie, d.w.s. ouderdom, geslag, profilering van probleme, gebruik deur werknemers teenoor bestuur, en die getal gevalle. Temas en tendense verskaf ook 'n beeld van die risiko's en impak wat die WGW-kwessies op individue en die werkplek het. |

## 3.12. ARBEIDSVERHOUDINGE

Die volgende provinsiale kollektiewe ooreenkomste is in die oorsigtydperk met vakbonde aangegaan:

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Onderwerp | Datum |
|---|---|
| SKB Besluit 2 van 2023 – Ooreenkoms oor die Salarisaanpassing 2023-2025 | 31/3/2023 |

Tabel 3.12.2 is 'n opsomming van die uitkoms van dissiplinêre verhore wat vir die tydperk in die departement uitgevoer is.

Tabel 3.12.2: Wangedrag- en dissiplinêre verhore afgehandel, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Uitkomste van dissiplinêre verhore | Getal gevalle afgehandel | % van totaal |
|---|---|---|
| Geen | | |

Tabel 3.12.3: Tipes wangedrag tydens dissiplinêre verhore behandel, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Tipe wangedrag | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Geen | | |

Tabel 3.12.4: Griewe aanhangig gemaak, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Griewe aanhangig gemaak | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Getal griewe opgelos | 4 | 40.0 |
| Getal griewe nie opgelos nie | 6 | 60.0 |
| Totale getal griewe aanhangig gemaak | 10 | 100.0 |

*Let wel: Griewe aanhangig gemaak verwys na gevalle wat in die verslagtydperk afgehandel is. Onopgeloste griewe verwys na gevalle waar die uitkoms nie ten gunste van die gegriefde party was nie. Alle gevalle, opgelos en nie opgelos nie, is afgehandel.*

Tabel 3.12.5: Geskille by rade aanhangig gemaak, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Geskille by rade aanhangig gemaak | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Getal geskille bekragtig | - | - |
| Getal geskille afgewys | 1 | 100.0 |
| Totale getal geskille aanhangig gemaak | 1 | 100.0 |

*Let wel: Rade verwys na die Staatsdiens- Koördinerende Bedingingsraad (SKB) en Algemene Staatsdienssektor Bedingingsraad (ASB). Wanneer 'n geskil "bekragtig" word, beteken dit dat die raad ten gunste van die gegriefde party beslis. Wanneer ''n geskil "afgewys" word, beteken dit dat die raad ten gunste van die departement beslis.*

Tabel 3.12.6: Stakings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Stakings | Getal |
|---|---|
| Geen | |

Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Voorkomende skorsings | Getal |
|---|---|
| Geen | |

*Let wel: Voorkomende skorsings verwys na werknemers wat geskors is met volle betaling terwyl die saak ondersoek is.*

## 3.13. VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

Hierdie afdeling beklemtoon die departement se pogings ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Tabel 3.13.1 weerspieël die opleidingsbehoeftes aan die begin van die oorsigtydperk en Tabel 3.13.2 die werklike opleiding aangebied.

Tabel 3.13.1: Geïdentifiseerde opleidingsbehoeftes, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 1 April 2022 | Opleidingsbehoeftes aan begin van verslagtydperk geïdentifiseer | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerderskappe | Vaardigheids-programme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | Totaal |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders (Salarisband 13-16) | Vroulik | 11 | - | 27 | - | 27 |
| | Manlik | 11 | - | 24 | - | 24 |
| Professionele persone (Salarisband 9-12) | Vroulik | 48 | - | 61 | - | 61 |
| | Manlik | 33 | - | 56 | - | 56 |
| Tegnici en verwante professionele persone (Salarisband 6-8) | Vroulik | 44 | - | 43 | - | 43 |
| | Manlik | 19 | - | 26 | - | 26 |
| Klerke (Salarisband 3-5) | Vroulik | 15 | - | 34 | - | 34 |
| | Manlik | 10 | - | 28 | - | 28 |
| Elementêre beroepe (Salarisband 1-2) | Vroulik | 2 | - | 1 | - | 1 |
| | Manlik | - | - | - | - | - |
| Subtotaal | Vroulik | 120 | - | 166 | - | 166 |
| | Manlik | 73 | - | 134 | - | 134 |
| Totaal | | 193 | - | 300 | - | 300 |
| Werknemers met gestremdhede | Vroulik | 2 | - | 7 | - | 7 |
| | Manlik | 1 | - | 1 | - | 1 |

*Let wel: Bovermelde tabel identifiseer die opleidingsbehoeftes aan die begin van die verslagtydperk volgens die departement se Werkplekvaardigheidsplan.*

Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Beroepskategorieë | Geslag | Getal werknemers soos op 31 Maart 2023 | Opleiding in die verslagtydperk verskaf | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Leerderskappe | Vaardigheids-programme en ander kort kursusse | Ander vorme van opleiding | Totaal |
| Wetgewers, senior beamptes en bestuurders (Salarisband 13-16) | Vroulik | 10 | - | 43 | - | 43 |
| | Manlik | 12 | - | 15 | - | 15 |
| Professionele persone (Salarisband 9-12) | Vroulik | 48 | - | 171 | - | 171 |
| | Manlik | 29 | - | 80 | - | 80 |
| Tegnici en verwante professionele persone (Salarisband 6-8) | Vroulik | 39 | - | 217 | - | 217 |
| | Manlik | 19 | - | 95 | - | 95 |
| Klerke (Salarisband 3-5) | Vroulik | 16 | - | 121 | - | 121 |
| | Manlik | 10 | - | 77 | - | 77 |
| Elementêre beroepe (Salarisband 1-2) | Vroulik | 2 | - | 2 | - | 2 |
| | Manlik | - | - | - | - | - |
| Subtotaal | Vroulik | 115 | - | 554 | - | 554 |
| | Manlik | 70 | - | 267 | - | 267 |
| Totaal | | 185 | - | 821 | - | 821 |
| Werknemers met gestremdhede | Vroulik | 1 | - | 10 | - | 10 |
| | Manlik | 1 | - | 1 | - | 1 |

*Let wel: Bovermelde tabel identifiseer die getal opleidingskursusse wat gedurende die oorsigtydperk deur individue bygewoon is.*

## 3.14. BESERING AAN DIENS

Hierdie afdeling verskaf basiese inligting oor beserings wat opgedoen is tydens amptelike dienslewering.

Tabel 3.14.1: Besering aan diens, 1 April 2022 tot 31 Maart 2023

| Aard van besering aan diens | Getal | % van totaal |
|---|---|---|
| Geen | | |

## 3.15. BENUTTING VAN KONSULTANTE

Die benutting van konsultante in die departement word goedgekeur deur ’n gestruktureerde proses waartydens die behoefte aan ’n konsultant eers gemotiveer en geregverdig word. Dit word gedoen by wyse van ’n assessering (leemte-ontleding) van die departement se huidige kapasiteit in terme van beskikbare menslike hulpbronne en vaardighede wat benodig word. Hierdie assessering neem die vorm aan van ’n besigheidsgeval vir die benutting van konsultante wat ’n sleutelkomponent in die departement se Projekvoorstel-dokument is. Geliewe kennis te neem dat die samestelling van hierdie besigheidsgeval in ooreenstemming is met die Nasionale Tesourie-instruksie oor die benutting van konsultante.

Tabel 3.15.1: Aanstelling van konsultante met bewilligde fondse

| Program | Konsulterende firma | Titel van projek | Aard van die projek | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur: werkdae/ ure | Kontrakwaarde in Rand | Totale getal projekte | Totale individuele konsultante | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Departement van Kultuursake en Sport | Vertaling van die Jaarlikse Prestasieplan | Vir deskundige vertaaldienste ten opsigte van die departement se Jaarlikse Prestasieplan. | 1 | 30 dae | 89 001.00 | 1 | 1 | N.v.t. |
| 1 | Departement van Kultuursake en Sport | Vertaling van die Jaarverslag | Vir deskundige vertaaldienste ten opsigte van die departement se Jaarverslag. | 1 | 30 dae | 200 861.00 | 1 | 1 | N.v.t. |
| 2 | Matlotlo Trading 180 (Edms.) Bpk. | Toestaan van permitte vir rolprente en geleenthede het verbeter | Aanstelling van ’n professionele diens-verskaffer om ’n oorsig te doen van die bestaande munisipale beleide en verordeninge regoor die Wes-Kaap wat met film- en geleentheidspermitte verband hou | 2 | 151 dae | 447 700.00 | 1 | 2 | 4 |
| 2 | HS Business Solutions | Model-KMME-beleid | Om ’n professionele diensverskaffer aan te stel om ’n uniforme modelbeleid vir klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO’s) vir vier Wes-Kaapse munisipaliteite (Bergrivier, Matzikama, Swartland en Overstrand) op te stel. | 6 | 189 dae | 511 186.50 | 1 | 6 | 4 |

| Program | Konsulterende firma | Titel van projek | Aard van die projek | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur: werkdae/ ure | Kontrakwaarde in Rand | Totale getal projekte | Totale individuele konsultante | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | H2P Project Management | Proses vir Besigheids-proses-verbetering in Stellenbosch Munisipaliteit | Om 'n professionele diensverskaffer aan te stel om 'n oefening oor besigheidsproses-verbetering ten opsigte van die goedkeuringsproses van bouplanne in die Stellenbosch Munisipaliteit te onderneem | 2 | 90 dae | 144 540.00 | 1 | 2 | 4 |
| 2 | Genesis Analytics (Edms.) Bpk. | Regulatoriese hervorming vir nuwe maatskappye | Om 'n diensverskaffer aan te stel om die impak van bestaande regulasies op die ekosisteem van nuwe maatskappye te ondersoek; dit het 'n assessering ingesluit van die ekonomiese lewensvatbaarheid van regulatoriese hervormings wat ingestel word om die groei van nuwe ondernemings te ondersteun. | 4 | 31 dae | 560 000.00 | 1 | 4 | 4 |
| 2 | Gain Group (Edms.) Bpk. | Versterking van die vragaanvraag-model vir die hawe van Kaapstad | Om 'n diensverskaffer aan te stel om die Provinsiale Vragaanvraagmodel te versterk om as 'n geïntegreerde bewysbasis te dien vir die beplanning en implementering van ingrypings om doeltreffendheid in die vraghouerlogistiekketting van die hawe van Kaapstad te verbeter. | 3 | 60 dae | 215 625.00 | 1 | 3 | 4 |
| 2 | Bureau for Food and Agricultural Policy | Versterking van die instrument vir besluit-ondersteuning vir die hawe van Kaapstad | Om 'n diensverskaffer aan te stel om die instrument vir besluitondersteuning vir beter doeltreffendheid van houervraguitvoere deur die hawe van Kaapstad, te versterk – spesifiek vir wynuitvoere | 3 | 60 dae | 126 100.50 | 1 | 3 | 4 |

| Program | Konsulterende firma | Titel van projek | Aard van die projek | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur: werkdae/ ure | Kontrakwaarde in Rand | Totale getal projekte | Totale individuele konsultante | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Impact Economix | Impakstudie oor houerterminale | Om ’n diensverskaffer aan te stel om ’n impakbepaling te doen van houerterminale en om aanbevelings te maak oor die mees gepaste rol wat die WKR kan speel om beter diensvlakke en doeltreffendheid in die houerterminale in die hawe van Kaapstad te fasiliteer. | 3 | 91 dae | 485 760.00 | 1 | 3 | 2 |
| 2 | Strategic Economic Solutions | GvSD-impak-assessering | Om ’n professionele diensverskaffer aan te stel om ’n koste-besparings- en voordele-ontleding te doen van geïmplementeerde ingrypings vir gemak van sake doen (GvSD) vir die eenheid Rompslompvermindering. | 6 | 90 dae | 665 275.00 | 1 | 6 | 4 |
| 3 | Econogistics (Edms.) Bpk. | Diagnostiek oor vervoerder-opeenhoping in die hawe van Kaapstad se logistieke ketting | Om ’n professionele diensverskaffer aan te stel om aksienavorsing te onderneem oor die vermindering van vervoerderopeenhoping in die hawe van Kaapstad se logistieke ketting | 7 | 84 dae | 822 712.00 | 1 | 7 | 1 |
| 4 | Moore CT Forensic Services (Edms.) Bpk. | Deugsaamheids-evaluering van tribunaallede | Om ’n diensverskaffer aan te stel om deugsaamheids-evaluerings uit te voer op die kandidate wat genomineer is om op die Wes-Kaapse Verbruikers-tribunaal te dien | 3 | 30 dae | 37 500.00 | 1 | 3 | 1 |
| 5 | Intellidex | Groei-diagnostiek | Om ’n diensverskaffer aan te stel om ’n groei-diagnostiek uit te voer om geleenthede en beperkings tot ekonomiese groei op ’n hoë vlak asook op ’n korrelvlak te identifiseer en aanbevelings te maak om beperkings op ekonomiese groei te oorkom | 9 | 90 dae | 571 816.26 | 1 | 9 | 4 |

| Program | Konsulterende firma | Titel van projek | Aard van die projek | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur: werkdae/ ure | Kontrakwaarde in Rand | Totale getal projekte | Totale individuele konsultante | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | Sustainable Energy Africa | Profilering van die energievraag | Om ’n diensverskaffer aan te stel om die huidige en toekomstige energie-behoeftes van hoë elektrisiteitsverbruikers in die privaat sektor van die Wes-Kaap te bepaal en te bereken | 7 | 150 dae | 1 192 307.00 | 1 | 7 | 1 |
| 5 | Price Waterhouse Coopers (Edms.) Bpk. | Ontwikkeling van ’n besigheidsplan vir ’n meganisme vir munisipale gepoelde aankope | Om ’n spesialis-diensverskaffer aan te stel om ’n opsie-ontleding te onderneem en ’n besigheidsgeval saam te stel vir die vestiging van ’n multi-jurisdiksionele munisipale gepoelde aankoopmeganisme vir die verkryging van hernubare energie vanaf OKP’s vir deelnemende Wes-Kaapse munisipaliteite | 7 | 40 dae | 817 967.00 | 1 | 7 | 1 |
| 5 | Sustainable Energy Africa | Impak-assessering van inkomste uit munisipale kragvervoer | Om ’n professionele diensverskaffer aan te stel om ’n munisipale inkomste-impakbepaling te doen om kragvervoer by geselekteerde munisipaliteite moontlik te maak | 4 | 90 dae | 1 026 935.00 | 1 | 4 | 1 |
| 5 | Pegasys (Edms.) Bpk. | Standaard-gebruik van stelsels-ooreenkomste vir kragvervoer | Die aanstelling van ’n professionele diensverskaffer vir die opstel van ’n standaard-gebruik van stelsels-ooreenkoms vir kragvervoer | 5 | 48 dae | 1 499 945.00 | 1 | 5 | 1 |
| 5 | C-Institute | G4J Strategiese Raamwerk | Die aanstelling van ’n professionele diens-verskaffer vir die ontwikkeling van die Groei vir Werksgeleenthede (G4J) Strategiese Raamwerk | 4 | 120 dae | 3 509 629.00 | 1 | 4 | 1 |

Tabel 3.15.2: Aanstelling van konsultante met donateursfondse

| Program | Konsulterende firma | Titel van projek | Aard van die projek | Totale getal konsultante wat op die projek gewerk het | Duur: werkdae/ ure | Kontrakwaarde in Rand | Totale getal projekte | Totale individuele konsultante | BSEB-vlak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Nie van toepassing nie. | | | | | | | | | |





# E

# VERSLAG OOR WOFB-NAKOMING

# 1. ONREËLMATIGE, VRUGTELOSE EN VERKWISTENDE, ONGEMAGTIGDE UITGAWES EN WESENLIKE VERLIESE

## 1.1. Onreëlmatige uitgawes

### a) Rekonsiliasie van ongemagtigde uitgawes

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 1 469 | 1 469 |
| Plus: Onreëlmatige uitgawes bevestig | 4 | - |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes gekondoneer | | |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes nie gekondoneer nie en verwyder | (29) | - |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes verhaalbaar | - | - |
| Minus: Onreëlmatige uitgawes nie verhaal nie en afgeskryf | - | - |
| Eindsaldo | 1 444 | 1 469 |

Die syfers vir 2021/2022 bestaan uit onreëlmatige uitgawes wat onderskeidelik in 2020 en 2021 geïdentifiseer en aangegaan is.

Onreëlmatige uitgawes ten bedrae van R1 440 000 en R29 325 hou verband met nienakoming van VKB-prosesse. Eersgenoemde ondergaan tans die proses van kondonasie deur die PT CWC en laasgenoemde is deur die Rekenpligtige Beampte verwyder op grond van die PT CWC se assessering dat die uitgawes nie onreëlmatig was nie.

Die bedrag van R3 777.34 hou verband met nienakoming van Menslikehulpbronbeleide en is gedurende die boekjaar 2022/23 geïdentifiseer.

### Rekonsiliasie-aantekeninge

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022[8] |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes is in 2021/22 geassesseer | | 1 469 |
| Onreëlmatige uitgawes wat met 2021/22 verband hou en in 2022/23 geïdentifiseer is | - | - |
| Onreëlmatige uitgawes vir die lopende jaar | 4 | - |
| Totaal | 4 | 1 469 |

### b) Besonderhede van lopende en vorige jaar se onreëlmatige uitgawes (word geassesseer, bereken en ondersoek)

| Beskrywing[9] | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes wat geassesseer word | - | - |
| Onreëlmatige uitgawes wat bereken word | - | - |
| Onreëlmatige uitgawes wat ondersoek word | - | - |
| Totaal[10] | - | - |

*8 Teken bedrae aan in die jaar wat dit aangegaan is.*
*9 Groepeer soortgelyke items*
*10 Totale onbevestigde onreëlmatige uitgawes (assessering), verliese (berekening) en misdaadgedrag (ondersoek)*

## c) Besonderhede van lopende en vorige jaar se onreëlmatige uitgawes gekondoneer

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes gekondoneer | - | - |
| Totaal | - | - |

## d) Besonderhede van lopende en vorige jaar se onreëlmatige uitgawes verwyder (nie gekondoneer nie)

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes NIE gekondoneer nie en verwyder | 29 | - |
| Totaal | 29 | - |

Die onreëlmatige uitgawes ter waarde van R29 325 hou verband met nienakoming van VKB-prosesse wat gedurende die 2020/2021-oudit van die Ouditeur-Generaal geïdentifiseer is. Die PT CWC het die onreëlmatige uitgawes geassesseer en die waarde as reëlmatig beskou. Die Rekenpligtige Beampte het gevolglik die onreëlmatige uitgawes op 9 Februarie 2023 verwyder.

## e) Besonderhede van lopende en vorige jaar se onreëlmatige uitgawes verhaal

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes verhaal | - | - |
| Totaal | - | - |

Die onreëlmatige uitgawes wat oor die twee boekjare aangegaan is, het nie vir verhaling in aanmerking gekom nie aangesien die gevalle vir kondonasie ingedien is of verwyder is.

## f) Besonderhede van lopende en vorige jaar se onreëlmatige uitgawes afgeskryf (onverhaalbaar)

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes afgeskryf | - | - |
| Totaal | - | - |

Die onreëlmatige uitgawes wat oor die twee boekjare aangegaan is, het nie vir afskrywing in aanmerking gekom nie aangesien die gevalle vir kondonasie ingedien is of verwyder is.

Bykomende bekendmaking in verband met inter-institusionele reëlings

g) Besonderhede van gevalle van nienakoming waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie nie vir die nienakoming verantwoordelik is nie)

| Beskrywing |
|---|
| Nie van toepassing nie |
| Totaal |

Die departement het geen gevalle van nienakoming in verband met inter-institusionele reëlings gehad nie.

h) Besonderhede van gevalle van nienakoming waar 'n instansie by 'n inter-institusionele reëling betrokke is (waar sodanige instansie nie vir die nienakoming verantwoordelik is nie)

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Nie van toepassing nie | - | - |
| Totaal | - | - |

Die departement het geen gevalle van nienakoming in verband met inter-institusionele reëlings gehad nie.

i) Besonderhede van lopende en vorige jaar se dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van onreëlmatige uitgawes gedoen is

| Dissiplinêre stappe gedoen |
|---|
| Dissiplinêre aksie is teen alle verantwoordelike amptenare ingestel, soos voorgeskryf. Waar die verantwoordelike amptenaar nie meer in diens van die departement was nie, is geen verdere aksie ingestel nie. Geen elemente van misdadigheid is vir die gevalle van onreëlmatige uitgawes geïdentifiseer nie. |

## 1.2. Vrugtelose en verkwistende uitgawes

a) Rekonsiliasie van vrugtelose en verkwistende uitgawes

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 63 | 1 |
| Plus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes bevestig | | 63 |
| Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes afgeskryf | (63) | |
| Minus: Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaalbaar | | (1) |
| Eindsaldo | - | 63 |

Die vrugtelose en verkwistende uitgawes hou verband met die bedrieglike betaling van die salarisse. Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) het die ondersoek afgehandel en die departement versoek om die vrugtelose en verkwistende uitgawes aan te gaan aangesien dit teen die departement se begroting aangegaan is. Die oortreding het in die DvdP: Mensebestuurspraktyke (MBP) voorgekom en die PFD-verslag het aanbeveel dat dissiplinêre stappe teen die DvdP-amptenaar ingestel word. Die SAPD-diefstalondersoek was aan die einde van die boekjaar 2022/23 steeds 'n oop ondersoek. Met inagneming van die feit dat beheerverbeterings in die PFD-direktoraat geïmplementeer is en dat die verhaling van fondse nie op hande was nie, het die departement die vrugtelose en verkwistende uitgawes afgeskryf.

## Rekonsiliasie-aantekeninge

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in 2021/22 geassesseer is | - | 63 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat met 2021/22 verband hou en in 2022/23 geïdentifiseer is | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die lopende jaar | - | - |
| Totaal | - | 63 |

## b) Besonderhede van lopende en vorige jaar se vrugtelose en verkwistende uitgawes (word geassesseer, bereken en ondersoek)

| Beskrywing[11] | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat geassesseer word | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat bereken word | - | - |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes wat ondersoek word | - | - |
| Totaal[12] | - | - |

## c) Besonderhede van lopende en vorige jaar se vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaal

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes verhaal | - | - |
| Totaal | - | - |

Die departement het gedurende 2021/2022 vrugtelose en verkwistende uitgawes ter waarde van R1 167.00 verhaal en niks gedurende die boekjaar 2022/2023 nie.

*11 Groepeer soortgelyke items*
*12 Totale onbevestigde vrugtelose en verkwistende uitgawes (assessering), verliese (berekening) en misdaadgedrag (ondersoek)*

### d) Besonderhede van lopende en vorige jaar se vrugtelose en verkwistende uitgawes nie verhaal nie, en afgeskryf

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Vrugtelose en verkwistende uitgawes afgeskryf | 63 | - |
| Totaal | 63 | - |

Vrugtelose en verkwistende uitgawes ter waarde van R63 330.91 is gedurende die boekjaar 2022/2023 as onverhaalbaar afgeskryf.

### e) Besonderhede van lopende en vorige jaar se dissiplinêre of strafregtelike stappe wat as gevolg van vrugtelose en verkwistende uitgawes gedoen is

| Dissiplinêre stappe gedoen |
|---|
| Die PFD-ondersoek het die DotP-amptenaar as die oortreder geïdentifiseer (beleide en prosedures is nie geïmplementeer soos bedoel nie) en dissiplinêre stappe is in die lopende jaar teen die amptenaar ingestel. |
| Totaal |

Die oortreding het in die DvdP: Mensebestuurspraktyke (MBP) voorgekom en die PFD-verslag het aanbeveel dat dissiplinêre stappe teen die DvdP-amptenaar ingestel word. 'n Strafregtelike saak van diefstal is by SAPD geopen om die bedrieër vas te trek en die geld terug te kry. Die saak was teen jaareinde 'n lopende ondersoek.

## 1.3. Ongemagtigde uitgawes

### a) Rekonsiliasie van ongemagtigde uitgawes

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | - | - |
| Plus: ongemagtigde uitgawes bevestig | - | - |
| Minus: ongemagtigde uitgawes goedgekeur met befondsing | - | - |
| Minus: ongemagtigde uitgawes goedgekeur sonder befondsing | - | - |
| Minus: ongemagtigde uitgawes verhaalbaar | - | - |
| Minus: ongemagtigde uitgawes nie verhaal nie en afgeskryf[13] | - | - |
| Eindsaldo | - | - |

Die departement het gedurende die lopende jaar geen ongemagtigde uitgawes gehad nie.

13. *Hierdie bedrag mag slegs teen beskikbare besparings afgeskryf word*

### Rekonsiliasie-aantekeninge

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022[14] |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Ongemagtigde uitgawes wat in 2021/22 geassesseer is | - | - |
| Ongemagtigde uitgawes wat met 2021/2022 verband hou en in 2022/2023 geïdentifiseer is | - | - |
| Ongemagtigde uitgawes vir die lopende jaar | - | - |
| Totaal | - | - |

### b) Besonderhede van lopende en vorige jaar se ongemagtigde uitgawes (word geassesseer, bereken en ondersoek)

| Beskrywing[15] | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Ongemagtigde uitgawes wat geassesseer word | - | - |
| Ongemagtigde uitgawes wat bereken word | - | - |
| Ongemagtigde uitgawes wat ondersoek word | - | - |
| Totaal[16] | - | - |

Die departement het geen ongemagtigde uitgawes vir die vorige en lopende jaar gehad nie.

## 1.4. Bykomende bekendmaking ten opsigte van wesenlike verliese kragtens artikel 40(3)(b)(i) & (iii)) van die WOFB

### a) Besonderhede van lopende en vorige jaar se wesenlike verliese weens misdaadgedrag

| Wesenlike verliese weens misdaadgedrag | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Diefstal | - | - |
| Ander wesenlike verliese | - | - |
| Minus: Verhaal | - | - |
| Minus: Nie verhaal nie en afgeskryf | - | - |
| Totaal | - | - |

Die departement het gedurende die lopende jaar geen ongemagtigde uitgawes gehad nie.

*14. Teken bedrae aan in die jaar wat dit aangegaan is*
*15. Groepeer soortgelyke items*
*16. Totale onbevestigde ongemagtigde uitgawes (assessering), verliese (berekening) en misdaadgedrag (ondersoek)*

## b) Besonderhede van ander wesenlike verliese

| Beskrywing | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Salaristerugbetaling | 63 | |
| Personeelskuld | 151 | 62 |
| Skade aan staatsmotorvoertuie | 8 | |
| Kontrakbestuursgelde | | 75 |
| Totaal | 222 | 137 |

Skulde is in ooreenstemming met die departementele Skuldbeleid afgskryf. Die gevalle hou verband met verlof sonder betaling, beursskuld en salarisverwante transaksies en bedankings. SMV-verwante verliese is op aanbeveling van die Staatsprokureur afgeskryf. VKB-verwante verliese wat in die vorige tydperk afgeskryf is, hou verband met bestuursgelde wat verdien is deur 'n diensverskaffer wat aangestel is om die Wes-Kaapse Befondsingskou-geleentheid te bestuur. As gevolg van Covid-19-beperkings kon die geleentheid nie plaasvind nie, maar die diensverskaffer was geregtig op die bestuursgelde aangesien hulle sekere lewerbare uitsette ingevolge die diensvlakooreenkoms nagekom het.

## c) Ander wesenlike verliese verhaal

| Aard van verliese | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Geen | | |
| Totaal | | |

Geen ander wesenlike verliese is deur die departement verhaal nie.

## d) Ander wesenlike verliese afgeskryf

| Aard van verliese | 2022/2023 | 2021/2022 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| Salaristerugbetaling | 63 | |
| Personeelskuld | 151 | 62 |
| Skade aan staatsmotorvoertuie | 8 | |
| Kontrakbestuursgelde | | 75 |
| Totaal | 222 | 137 |

Skulde is in ooreenstemming met die departementele Skuldbeleid afgeskryf. Die gevalle hou verband met verlof sonder betaling, beursskuld en salarisverwante transaksies en bedankings. SMV-verwante verliese is op aanbeveling van die Staatsprokureur afgeskryf. VKB-verwante verliese wat in die vorige tydperk afgeskryf is, hou verband met bestuursgelde wat verdien is deur 'n diensverskaffer wat aangestel is om die Wes-Kaapse Befondsingskou-geleentheid te bestuur. As gevolg van Covid-19-beperkings kon die geleentheid nie plaasvind nie, maar die diensverskaffer was geregtig op die bestuursgelde aangesien hulle sekere lewerbare uitsette ingevolge die diensvlakooreenkoms nagekom het.

## 2. LAAT EN/OF NIEBETALING VAN VERSKAFFERS

| Beskrywing | Getal fakture | Gekonsolideerde waarde |
|---|---|---|
| | | R'000 |
| Geldige fakture ontvang | 1627 | 51628 |
| Fakture binne 30 dae of ooreengekome tydperk betaal | 1620 | 50172 |
| Fakture na 30 dae of ooreengekome tydperk betaal | 20 | 162 |
| Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaal en sonder dispuut) | - | - |
| Fakture ouer as 30 dae of ooreengekome tydperk (onbetaal en in dispuut) | - | - |

Die departement het gedurende die lopende boekjaar betalings ter waarde van R51 miljoen aan verskaffers gemaak. 'n Minimum persentasie (0.3% of R162 000) van daardie waarde is na meer as 30 dae betaal. Die ondersoek- en opsporingsprosesse het stelselfoute en -sluitings asook 'n gebrek aan begrip van die betalingsiklus aan die kant van amptenare geïdentifiseer as bydraende faktore tot die nietydige betalings wat gemaak is. Gevolgebestuur is in alle gevalle van nienakoming geïmplementeer en beheerverbeterings en opleiding is toegepas om laat betalings uit te wis.

# 3. VOORSIENINGSKANAALBESTUUR

## 3.1. Verkryging op ander wyses

Die verkryging hier onder stel alle verkrygings voor wat deur ’n beperkte bodverkrygingsproses onderneem is. Die meerderheid van die beperkte bieë vir die oorsigjaar kan in twee hoofkategorieë gegroepeer word: Beperkte bod as gevolg van ’n vennootskap: Dit het alle beperkte bieë ingesluit wat onderneem is in verband met die strategiese ingrypings oor Munisipale Gemak van Sake Doen wat in vennootskap met verskeie munisipaliteite in die Wes-Kaap plaasgevind het. Die dienste het die verkryging van spesialisdienste ten opsigte van die verbetering van gedigitaliseerde munisipale besigheidsgerigte dienste ingesluit.

In hierdie gevalle is diensverskaffers reeds deur die munisipaliteite aangestel en dit sou as gevolg van die vennootskapbenadering vir die departement onprakties gewees het om ’n oop bodproses te volg.

Beperkte bod vir spesialis-/geakkrediteerde opleiding: Beperkte bieë in verband met opleiding en ontwikkeling vir spesialis-/geakkrediteerde opleiding wat slegs deur die spesifieke instansies aangebied is en dit dus onprakties sou maak om ’n oop bodproses te volg.

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe verkryging volgens ander middele | Kontrak-nommer | Waarde van kontrak R’000 |
|---|---|---|---|---|
| Om die huidige reeks besigheidsgerigte regerings-dienste in die Prins Albert Munisipaliteit te verbeter en aan te vul. | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005261 | 504 |
| Ontwikkeling en implementering van ’n kliëntesorg-besigheidsverwerkingsmodule vir die Matzikama Plaaslike Munisipaliteit; dit sal ’n bykomende module tot die bestaande stelsel van die munisipaliteit wees | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005281 | 403 |
| Om die huidige reeks besigheidsgerigte dienste ten opsigte van Mosselbaai Munisipaliteit se mobiele toepassing te versterk en aan te vul. | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005306 | 683 |
| Om die huidige reeks besigheidsgerigte dienste ten opsigte van Bitou Munisipaliteit se mobiele toepassing te versterk en aan te vul. | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005307 | 499 |
| Om ’n diensverskaffer aan te stel om ’n opgradering en uitbreiding van die bestaande Aanlyn Boubeheermodule en -portaal van die Mosselbaai Munisipaliteit te onderneem. | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005264 | 500 |
| Om die huidige reeks besigheidsgerigte dienste ten opsigte van Knysna Munisipaliteit se mobiele toepassing te versterk en aan te vul. | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005308 | 499 |
| Ontwikkeling van ’n elektroniese stadsbeplanning- en boubeheer- geografiese inligtingstelsel (GIS) vir Swellendam Munisipaliteit | ESRI South Africa | Beperkte bieëry | OR-005309 | 274 |
| Opstel en verifiëring van ’n soneringregister en bywerking van soneringskaarte vir Stellenbosch Munisipaliteit | Urban Dynamics South Cape | Beperkte bieëry | OR-005323 | 524 |

| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe verkryging volgens ander middele | Kontrak-nommer | Waarde van kontrak R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Hersiening van die bestaande munisipale beleide en verordeninge regoor die Wes-Kaap wat met film- en geleentheidspermitte verband hou | Matlotlo Trading 180 | Beperkte bieëry | OR-005315 | 229 |
| Ontwikkeling van 'n aanlyn toerismetekenstoepassing as 'n bykomende model en besigheidsprosesse binne die Collaborator Foundation Software System vir Drakenstein Munisipaliteit | Business Engineering (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005297 | 275 |
| Om spysenieringsdienste te lewer by die Premier se Raad oor Vaardighede as deel van die vennootskap tussen die Wes-Kaapse Regering en die Beierse regering. | Hope Cape Town Trust | Beperkte bieëry | OR-005282 | 9 |
| Aanstelling van 'n diensverskaffer om deugsaamheidskontroles uit te voer op die kandidate wat genomineer is om op die Wes-Kaapse Verbruikerstribunaal te dien | Moore CT Forensic Services (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005358 | 37 |
| Verskaffing van spysenieringsdienste vir die opleiding in regulatoriese impakassessering wat in vennootskap met die Stad Kaapstad aangebied is | NB Security Systems | Beperkte bieëry | OR-005354 | 18 |
| Ontwikkeling van 'n digitale prestasiepaneelbord vir Kaapstad-hawe en instandhouding van die paneelbord tot 31 Maart 2023 | South African Association of Freight Forwarders | Beperkte bieëry | OR-005341 | 285 |
| Om 'n kort kursus vir 'n e-Leer Parajuris-sertifikaat aan 'n amptenaar in die Kantoor van die Verbruikersbeskermer te voorsien | 2U Get Smarter | Beperkte bieëry | OR-005412 | 18 |
| Om geakkrediteerde opleiding op die gebied van voorsieningskanaalbestuur by die Geoktrooieerde Instituut vir Verkryging en Voorsiening te voorsien | Commerce Edge SA | Beperkte bieëry | OR-005403 | 86 |
| Om 'n 12-maande- geakkrediteerde diplomakursus op die gebied van voorsieningskanaalbestuur by die Geoktrooieerde Instituut vir Verkryging en Voorsiening te voorsien | Commerce Edge SA | Beperkte bieëry | OR-005334 | 179 |
| Om 'n opleidingswerkswinkel vir amptenare van voorsieningskanaalbestuur oor die implementering van die Regulasies insake Voorkeurverkryging, 2022 aan te bied | Commerce Edge SA | Beperkte bieëry | OR-005394 | 35 |


| Projekbeskrywing | Naam van verskaffer | Tipe verkryging volgens ander middele | Kontrak-nommer | Waarde van kontrak R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Verskaffing van aanlyn kort kursusse op die gebied van voorsieningskanaal in die openbare sektor, wat onder meer insluit:<br>• Ontwikkeling en bestuur van DVO'e<br>• Onderhandelingsvaardighede vir verkrygingsdeskundiges | Commerce Edge SA | Beperkte bieëry | OR-005333 | 253 |
| Verskaffing van aanlyn kort kursusse op die gebied van nakomingsbestuur | 2U Get Smarter | Beperkte bieëry | OR-005396 | 119 |
| Om die dienste van 'n derdepartysamevoeger te verkry om plaaslike en internasionale data-intekeninge vir 'n tydperk van een jaar te verskaf | WorldWide Information Services (Edms.) Bpk. | Beperkte bieëry | OR-005404 | 988 |
| Verskaffing van spesifieke intekeninge op en toegang tot besigheidskoerante en -tydskrifte | Calandria 159 h/a Newspaper Direct | Beperkte bieëry | OR-005418 | 215 |
| Totaal | | | | 6 632 |

## 3.2. Kontrakafwykings en -verlengings

Die departement het in die oorsigtydperk geen kontrakafwykings of -verlengings gehad nie.

| Projek-beskrywing | Naam van verskaffer<br>supplier | Tipe wysiging van kontrak (verlenging of afwyking)<br>Variation) | Kontraknommer<br>number | Oorspronklike kontrakwaarde | Waarde van vorige kontrak-verlenging(s) en/of afwyking(s) (indien van toepassing) | Waarde van huidige kontrak-verlenging of -afwyking |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | R'000 | R'000 | R'000 |
| Nie van toepassing nie | | | | | | |
| Totaal | | | | | | |







# Deel F

# FINANSIËLE INLIGTING

# Verslag van die Ouditeur-generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor begrotingspos 12: Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme

## Verslag van die oudit oor die finansiële state

### Mening

1. Ek het die finansiële state van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme wat op bladsy 202 tot 252 uiteengesit is, geoudit. Dit bestaan uit die begrotingstaat, staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2023, staat van finansiële prestasie, staat van veranderinge in netto bates, en die kontantvloeistaat vir die jaar toe geëindig, asook aantekeninge by die finansiële state, insluitend ’n opsomming van beduidende rekeningkundige beleide.

2. Na my mening is die finansiële state in alle wesenlike opsigte ’n billike voorstelling van die finansiële posisie van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme soos op 31 Maart 2023, en van sy finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, ooreenkomstig die Gewysigde Kontantstandaard (GKS) wat deur die Nasionale Tesourie en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999 (WOFB) bepaal word.

### Grondslag vir mening

3. Ek het my oudit in ooreenstemming met die Internasionale Ouditstandaarde (ISA’s) uitgevoer. My verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die verantwoordelikhede van die ouditeur-generaal vir die ouditering van die finansiële state-afdeling van my verslag.

4. Ek is onafhanklik van die departement, in ooreenstemming met die International Ethics Standards Board for Accountants se etiese kode vir professionele rekenmeesters (insluitend internasionale onafhanklike standaarde) (IESBA-kode) asook ander etiese vereistes wat betrekking het op my oudit in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede in ooreenstemming met hierdie vereistes en die IESBA-kode nagekom.

5. Ek glo dat die ouditbewyse wat ek bekom het, voldoende en gepas is om ’n grondslag vir my mening te verskaf.

### Ander aangeleenthede

6. Ek vestig die aandag op die volgende aangeleenthede. My mening ten opsigte van hierdie aangeleenthede het nie verander nie.

## Nasionale Tesourie Instruksie Nr. 4 van 2022/2023: WOFB-nakoming-en-verslagdoeningsraamwerk

7. Nasionale Tesourie het op 23 Desember 2022 Instruksienota Nr. 4: WFOB-nakoming-en-verslagdoeningsraamwerk van 2022-23 uitgereik kragtens artikel 76(1)(b), (e) en (f), 2(e) en (4)(a) en (c) wat op 3 Januarie 2023 in werking getree het. Die WOFB se nakoming- en verslagdoeningsraamwerk behandel ook die bekendmaking van ongemagtigde uitgawes, onreëlmatige uitgawes en vrugtelose en verkwistende uitgawes. Van die gevolge van hierdie raamwerk is dat onreëlmatige en vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in vorige boekjare aangegaan is en nie aandag geniet het nie, nie meer in die jaarverslag of die bekendmakingsaantekeninge van die finansiële jaarstate bekendgemaak word nie; slegs die lopende jaar en vorige jaar se syfers word aantekening 22 by die finansiële state bekendgemaak. Verder word die bewegings ten opsigte van onreëlmatige uitgawes en vrugtelose en verkwistende uitgawes nie meer in die aantekeninge by die finansiële jaarstate van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme bekendgemaak nie. Die bekendmaking van hierdie bewegings (bv. gekondoneer, verhaalbaar, verwyder, afgeskryf, word geassesseer, word bepaal en word ondersoek) word nou as deel van ander inligting by die jaarverslag van die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme ingesluit. Ek spreek nie ’n mening uit oor die bekendmaking van onreëlmatige uitgawes en vrugtelose en verkwistende uitgawes in die jaarverslag nie.

## Verslag van die eksterne ouditeur

### Ongeouditeerde aanvullende skedules

8. Die aanvullende inligting uiteengesit op bladsy 253 tot 262 vorm nie deel van die finansiële state nie en word as bykomende inligting voorgelê. Ek het nie hierdie bylaes geoudit nie en gevolglik spreek ek nie my mening daaroor uit nie.

### Rekenpligtige Beampte se verantwoordelikhede vir die finansiële state

9. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state ooreenkomstig die GKS soos deur Nasionale Tesourie voorgeskryf en die vereistes van die WOFB; en vir sodanige interne beheer wat deur die Rekenpligtige Beampte nodig geag word vir die opstel van finansiële state wat sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of fout.

10. Tydens die opstel van die finansiële state is die Rekenpligtige Beampte verantwoordelik om te assesseer of die departement die vermoë het om as ’n lopende saak voort te gaan; om, waar van toepassing, aangeleenthede met betrekking tot ’n lopende saak openbaar te maak; en om die lopende-saak-grondslag van rekeningkunde toe te pas, tensy die betrokke beheerstruktuur óf beoog om die departement te likwideer óf om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het anders as om dit te doen nie.

### Ouditeur-generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

11. My doelstellings is om redelike versekering te kry dat die finansiële state in die geheel sonder wesenlike wanvoorstelling is, hetsy weens bedrog of foute; en om ’n ouditeursverslag wat my mening insluit, uit te reik. Redelike versekering is ’n hoë vlak van versekering maar is nie ’n waarborg dat ’n oudit wat ooreenkomstig die ISA’s uitgevoer word, altyd ’n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor as dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan as gevolg van bedrog of foute ontstaan en word as wesenlik beskou as daar redelikerwys verwag kan word dat dit individueel of oor die geheel ’n invloed kan hê op die ekonomiese besluite wat op grond van hierdie finansiële state deur gebruikers geneem word.

12. ’n Verdere beskrywing van my verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state word in die bylae van hierdie ouditverslag ingesluit.

## Verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag

13. Kragtens die Wet op Openbare Oudit, Wet 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die gekose program wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, oudit en daaroor verslag doen. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die Jaarlikse Prestasieverslag.

14. Ek het die volgende program wat in die jaarlikse prestasieverslag vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 vir ouditering gekies. Ek het ’n program gekies wat die departement se prestasie in sy primêre, verpligte funksies meet en wat van beduidende nasionale, gemeenskaps- of openbare belang is.

| Program | Bladsynommers | Doel |
|---|---|---|
| Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak | 91-97 | Die program is gekies as deel van die departement se mandaat om die implementering van ’n geïntegreerde toerismestrategie te fasiliteer wat tot volgehoue en toenemende groei en werkskepping in die toerismebedryf sal lei. Die program stem ook met die Wes-Kaapse Herstelplan ooreen. |

15. Ek het die gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde program geëvalueer teen die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos omskryf in die algemene kennisgewing. Wanneer ’n jaarlikse prestasieverslag met hierdie kriteria opgestel word, verskaf dit aan gebruikers nuttige en betroubare inligting en insigte oor die departement se beplanning en lewering van sy mandaat en doelwitte.

## Verslag van die eksterne ouditeur

16. Ek het prosedures uitgevoer om te toets of:
    - die aanwysers wat vir beplanning en verslagdoening oor prestasie gebruik word, direk aan die departement se mandaat en die bereiking van sy beplande doelwitte gekoppel kan word
    - die aanwysers goed gedefinieer en verifieerbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan en konsekwent toe te pas, en dat ek die metodes en prosesse wat gebruik moet word vir die meting van prestasies kan bevestig
    - die teikens direk aan die bereiking van die aanwysers gekoppel kan word en spesifiek, tydgebonde en meetbaar is om te verseker dat dit maklik is om te verstaan wat gelewer moet word en teen wanneer, die vereiste vlak van prestasie asook hoe prestasie geëvalueer sal word
    - die gerapporteerde aanwysers en teikens in die jaarlikse prestasieverslag dieselfde is as waartoe daar in die goedgekeurde, aanvanklike of hersiene beplanningsdokumente verbind is
    - die gerapporteerde prestasie-inligting op die voorgeskrewe wyse in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word
    - daar voldoende stawende bewyse vir die gerapporteerde prestasies is en vir die redes wat vir enige oor- of onderbereiking van teikens verskaf is.
17. Ek het die prosedures uitgevoer met die doel om slegs wesenlike bevindings te rapporteer en nie om ’n gevolgtrekking oor versekering te maak nie.
18. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting van Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak geïdentifiseer nie.

## Verslag oor nakoming van wetgewing

19. Kragtens die WOO die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, moet ek die nakoming van toepaslike wetgewing rakende finansiële aangeleenthede, finansiële bestuur en ander verwante aangeleenthede oudit en daaroor verslag doen. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die departement se nakoming van wetgewing.
20. Ek het prosedures uitgevoer om die nakoming van gekose vereistes in sleutelwetgewing te toets, in ooreenstemming met die metodologie vir aktiwiteite rondom bevindings van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA). Hierdie aktiwiteit is nie ’n versekeringsaktiwiteit nie. Gevolglik spreek ek nie ’n mening of gevolgtrekking oor versekering uit nie.
21. Ek het deur middel van ’n gevestigde OGSA-proses vereistes in sleutelwetgewing vir die toetsing van nakoming gekies wat betrekking het op die finansiële en prestasiebestuur van die departement en duidelik is om konsekwente meting en evaluering te kan doen, en wat ook genoeg besonderhede bevat en geredelik beskikbaar is om op ’n verstaanbare wyse verslag te lewer. Die gekose wetgewende vereistes word by die bylae tot hierdie ouditeur se verslag ingesluit.
22. Ek het geen wesenlike nienakoming van die gekose wetgewende vereistes geïdentifiseer nie.

## Ander inligting in die jaarverslag

23. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is. Die ander inligting waarna verwys word, sluit nie die finansiële state, die ouditeursverslag en die gekose program wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word en spesifiek in die ouditeursverslag gerapporteer is, in nie.
24. My mening oor die finansiële state, die verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag en die verslag oor nakoming van wetgewing dek nie die ander inligting wat by die jaarverslag ingesluit is nie, en ek spreek nie ’n ouditmening of enige vorm van opsommende versekering daaroor uit nie.

## Verslag van die eksterne ouditeur

25. My verantwoordelikheid is om dié ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of dit wesenlik inkonsekwent is met die finansiële state en die gekose program wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word of met my kennis wat in die oudit opgedoen is, en of dit andersins blyk ’n wesenlike wanvoorstelling te wees.

26. As ek op grond van die werk wat ek verrig het, tot die gevolgtrekking kom dat daar ’n wesenlike wanvoorstelling in hierdie ander inligting is, word daar van my verwag om dit te rapporteer.

27. Ek het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

## Tekortkominge in interne beheer

28. Ek het interne beheer van toepassing op my oudit van die finansiële state, jaarlikse prestasieverslag en nakoming van tersaaklike wetgewing oorweeg; my doelwit was egter nie om enige vorm van versekering daaroor te gee nie.

29. Ek het nie enige beduidende tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer nie.

Auditor-General

Kaapstad
31 Julie 2023

AUDITOR-GENERAL
SOUTH AFRICA
Auditing to build public confidence

# Bylae tot die ouditeursverslag

Die bylae sluit die volgende in:

- die ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit
- die gekose wetgewende vereistes vir nakomingstoetsing.

## Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit

### Professionele oordeel en professionele skeptisisme

As deel van ’n oudit ingevolge die ISA’s oefen ek my professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme in my oudit van die finansiële state en die prosedures wat uitgevoer word op gerapporteerde prestasie-inligting vir die gekose program en van die departement se nakoming van gekose vereistes in sleutelwetgewing.

### Finansiële state

Benewens my verantwoordelikheid vir die oudit van die finansiële state soos in hierdie ouditeursverslag uiteengesit:

- identifiseer en evalueer ek die risiko’s van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute; ontwerp en voer ouditprosedures in reaksie op daardie risiko’s uit; en kry ouditbewyse wat voldoende en geskik is om ’n grondslag vir my mening te bied. Die risiko om nie ’n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog op te spoor nie, is hoër as vir een wat as gevolg van ’n fout voorkom, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, opsetlike weglatings, wanvoorstellings of die omverwerping van interne beheer kan behels.
- kry ek ’n begrip van interne beheer van toepassing op die oudit om ouditprosedures te ontwerp wat onder die omstandighede geskik is, maar nie met die doel om ’n mening oor die doeltreffendheid van die departement se interne beheer uit te spreek nie.
- evalueer ek die geskiktheid van rekeningkundige beleide wat gebruik is en die billikheid van rekeningkundige skattings en verwante bekendmakings wat gemaak is
- beslis ek oor die geskiktheid van die gebruik van die lopende-saak-grondslag van rekeningkunde in die opstel van die finansiële state. Ek beslis ook, op grond van die ouditbewyse verkry, of daar wesenlike onsekerheid bestaan oor gebeure of toestande wat beduidende twyfel kan wek oor die vermoë van die departement om as ’n lopende saak voort te gaan. As ek beslis dat daar wesenlike onsekerheid bestaan, word van my vereis om in my ouditeursverslag die aandag te vestig op die betrokke bekendmakings in die finansiële state oor die wesenlike onsekerheid of, indien sodanige bekendmakings onvoldoende is, om my mening oor die finansiële state te wysig. My beslissings is gegrond op die inligting wat op die datum van hierdie ouditeursverslag tot my beskikking is. Toekomstige gebeure of toestande kan egter veroorsaak dat ’n departement nie langer as ’n lopende saak bedryf kan word nie.
- evalueer ek die algehele aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitend die bekendmakings, en bepaal of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure voorstel op ’n wyse wat billike voorstelling verteenwoordig.

### Kommunikasie met diegene aan wie korporatiewe beheer opgelê is

Ek kommunikeer met die Rekenpligtige Beampte oor onder meer die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindings, insluitend enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ek tydens my oudit identifiseer.

Ek voorsien die Rekenpligtige Beampte ook van ’n verklaring dat ek aan die betrokke etiese vereistes rakende onafhanklikheid voldoen het, en maak alle verhoudinge en ander aangeleenthede bekend wat redelikerwys moontlik my onafhanklikheid kan beïnvloed en, waar toepaslik, stappe wat gedoen is om bedreigings uit te skakel of voorsorgmaatreëls wat toegepas is.

## Nakoming van wetgewing – gekose wetgewende vereistes

Die gekose wetgewende vereistes is soos volg:

| Wetgewing | Artikels of regulasies |
|---|---|
| Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet No.1 van 1999) (WOFB) | Artikel 38(1)(a)(iv); 38(1)(b); 38(1)(c); 38(1)(c)(i); 38(1) (c)(ii); 38(1)(d); 38(1)(h)(iii);<br>Artikel 39(1)(a); 39(2)(a);<br>Artikel 40(1)(a); 40(1)(b); 40(1)(c)(i)<br>Artikel 43(4); 44; 44 (1) and (2) ; 45(b);<br>Artikel 50(3); 50(3)(a) |
| Tesourieregulasies vir departemente, handelsentiteite, grondwetlike instansies en openbare entiteite (TR) | Tesourieregulasie 4.1.1; 4.1.3<br>Tesourieregulasie 5.1.1; 5.2.1; 5.2.3(a); 5.2.3(d); 5.3.1<br>Tesourieregulasie 8.1.1; 8.2.1; 8.2.2; 8.2.3; 8.4.1<br>Tesourieregulasie 9.1.1; 9.1.4<br>Tesourieregulasie 10.1.1(a); 10.1.2<br>Tesourieregulasie 12.5.1<br>Tesourieregulasie 15.10.1.2(c)<br>Tesourieregulasie 16A 3.1; 16A 3.2; 16A 3.2(a); 16A 6.1; 16A6.2(a) & (b) & (e); 16A 6.3(a) & (d); 16A 6.3(a)(i); 16A 6.3(b); 16A 6.3(c); 16A 6.3(e); 16A 6.4; 16A 6.5; 16A 6.6; 16A 8.3; 16A8.2 (1) en (2); 16A 8.3(d); 16A 8.4; 16A 9; 16A 9.1; 16A9.1(c); 16A9.1(b)(ii); 16A 9.1(d); 16A 9.1(e); 16A9.1(f); 16A 9.2(a)(ii) &(iii) Tesourieregulasie 17.1.1<br>Tesourieregulasie 18.2<br>Tesourieregulasie 19.6.1<br>Tesourieregulasie 19.8.4 |
| Staatsdiensregulasie | Staatsdiensregulasie 13(c );18; 18 (1) en (2); 25(1)(e)(i); 25(1)(e)(iii) |
| Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede (Wet No. 12 van 2004) (WVBKB) | Artikel 34(1) en artikel 29 |
| Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid | Artikel 1(i); 2.1(a); 2.1(b); 2.1(f) |
| Regulasies insake Voorkeurverkryging, 2017 | Paragraaf 4.1; 4.2<br>Paragraaf 5.1; 5.3; 5.6; 5.7<br>Paragraaf 6.1; 6.2; 6.3; 6.5; 6.6; 6.8<br>Paragraaf 7.1; 7.2; 7.3; 7.5; 7.6; 7.8<br>Paragraaf 8.2; 8.5<br>Paragraaf 9.1; 9.2<br>Paragraaf 10.1; 10.2<br>Paragraaf 11.1; 11.2<br>Paragraaf 12.1 en 12.2 |

## Verslag van die eksterne ouditeur

| | |
|---|---|
| SITA-wet | Artikel 7(3), artikel 7(6)(b), artikel 20(1)(a)(I) |
| SITA-regulasies | Regulasie 8.1.1 (b); 8.1.4; 8.1.7<br>Regulasie 9.6; 9.4<br>Regulasie 12.3<br>Regulasie 13.1(a)<br>Regulasie 14.1; 14.2 |
| Regulasies insake Voorkeurverkryging, 2022 | Paragraaf 3.1<br>Paragraaf 4.1; 4.2; 4.3; 4.4<br>Paragraaf 5.1; 5.2; 5.3; 5.4 |
| WOFB VKB Instruksie nr. 09 van 2022/2023 | Paragraaf 3.1; 3.3 (b); 3.3 (c ); 3.3 (e ); 3.6 |
| Nasionale Tesourie Instruksie nr.1 van 2015/16 | Paragraaf 3.1; 4.1; 4.2 |
| NT VKB Instruksienota 03 2021/22 | Paragraaf 4.1; 4.2 (b); 4.3; 4.4 (a) -(d); 4.6<br>Paragraaf 5.4<br>Paragraaf 7.2; 7.6 |
| NT VKB Instruksie 4A van 2016/17 | Paragraaf 6 |
| NT VKB Instruksienota 03 2019/20 | Paragraaf 5.5.1(vi); paragraaf 5.5.1(x); |
| NT VKB Instruksienota 11 2020/21 | Paragraaf 3.1; 3.4 (a) en (b); 3.9; 6.1;6.2;6.7 |
| NT VKB Instruksienota 2 van 2021/22 | Paragraaf 3.2.1; 3.2.2; 3.2.4(a) en (b) ; 3.3.1; 3.2.2<br>Paragraaf 4.1 |
| WOFB VKB Instruksie 04 van 2022/23 | Paragraaf 4(1); 4(2); 4(4) |
| Praktyknota 5 van 2009/10 | Paragraaf 3.3 |
| WOFB VKB Instruksie 08 van 2022/23 | Paragraaf 3.2<br>Paragraaf 4.3.2; 4.3.3 |
| NT Instruksienota 4 van 2015/16 | Paragraaf 3.4 |
| NT Instruksie 3 van 2019/20 - Bylae A | Artikel 5.5.1 (iv) en (x) |
| Tweede wysiging van NTI 05 van 2020/21 | Paragraaf 4.8; 4.9 ; 5.1 ; 5.3 |
| Erratum NTI 5 van 2020/21 | Paragraaf 1 |
| Erratum NTI 5 van 2020/21 | Paragraaf 2 |
| Praktyknota 7 van 2009/10 | Paragraaf 4.1. 2 |
| Praktyknota 11 van 2008/9 | Paragraaf 3.1<br>Paragraaf 3.1 (b) |
| NT-instruksienota 1 van 2021/22 | Paragraaf 4.1 |
| Staatsdienswet | Artikel 30 (1) |

## Inhoudsopgawe

| | |
|---|---|
| Begrotingstaat | 202 |
| Aantekeninge by die begrotingstaat | 211 |
| Staat van finansiële prestasie | 213 |
| Staat van finansiële posisie | 214 |
| Staat van veranderinge in netto bates | 215 |
| Kontantvloeistaat | 216 |
| Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide) | 217 |
| Bylaes | 253 |

# Begrotingstaat

| Begroting per program | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Begroting per program | | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Program | | | | | | | | | | |
| 1. | Administrasie | 59 031 | - | (487) | 58 544 | 57 911 | 633 | 98.9% | 55 805 | 54 841 |
| 2. | Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 47 839 | - | - | 47 839 | 47 159 | 680 | 98.6% | 53 676 | 53 204 |
| 3. | Handel- en Sektorontwikkeling | 74 799 | - | - | 74 799 | 74 413 | 386 | 99.5% | 73 990 | 73 976 |
| 4. | Besigheids-regulering en Regeringsbestuur | 10 636 | - | - | 10 636 | 10 431 | 205 | 98.1% | 9 580 | 9 392 |
| 5. | Ekonomiese Beplanning | 150 354 | - | (265) | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 96.6% | 160 320 | 157 255 |
| 6. | Toerisme, Kunste en Vermaak | 71 515 | - | 394 | 71 909 | 71 874 | 35 | 100.0% | 74 597 | 74 161 |
| 7. | Vaardigheids-ontwikkeling en Innovasie | 95 856 | - | 358 | 96 214 | 96 106 | 108 | 99.9% | 71 931 | 70 567 |
| TOTAAL | | 510 030 | - | - | 510 030 | 502 883 | 7 147 | 98.6% | 499 899 | 493 396 |
| Rekonsiliasie met staat van finansiële prestasie | | | | | | | | | | |
| PLUS | | | | | | | | | | |
| Departementele ontvangste | | | | | 47 303 | | | | 21 194 | |
| Bystandshulp | | | | | 5 091 | | | | - | |
| Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale inkomste) | | | | | 562 424 | | | | 521 093 | |
| PLUS | | | | | | | | | | |
| Bystandshulp | | | | | | 2 312 | | | | 3 316 |
| Vorige jaar ongemagtigde uitgawes goedgekeur sonder befondsing | | | | | | - | | | | - |
| Werklike bedrae per staat van finansiële prestasie (totale uitgawes) | | | | | | 505 195 | | | | 496 712 |

## Begrotingstaat

| Begroting per ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 181 321 | (2 176) | (358) | 178 787 | 174 204 | 4 583 | 97.4% | 179 835 | 173 784 |
| Vergoeding van werknemers | 129 403 | (464) | - | 128 939 | 127 336 | 1 603 | 98.8% | 131 140 | 129 191 |
| Goedere en dienste | 51 918 | (1 712) | (358) | 49 848 | 46 868 | 2 980 | 94.0% | 48 695 | 44 593 |
| | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 324 981 | 1 169 | 358 | 326 508 | 323 952 | 2 556 | 99.2% | 317 251 | 316 804 |
| Provinsies en munisipaliteite | 8 773 | - | - | 8 773 | 6 392 | 2 381 | 72.9% | 17 213 | 17 213 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 209 079 | 1 314 | - | 210 393 | 210 392 | 1 | 100.0% | 206 769 | 206 765 |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | 5 287 | (1 315) | - | 3 972 | 3 823 | 149 | 96.2% | 5 467 | 5 460 |
| Instansies sonder winsbejag | 24 343 | 1 | - | 24 344 | 24 344 | - | 100.0% | 32 581 | 32 578 |
| Huishoudings | 77 499 | 1 169 | 358 | 79 026 | 79 001 | 25 | 100.0% | 55 221 | 54 788 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | 3 664 | 846 | - | 4 510 | 4 505 | 5 | 99.9% | 2 673 | 2 671 |
| Masjinerie en toerusting | 3 664 | 233 | - | 3 897 | 3 893 | 4 | 99.9% | 2 648 | 2 646 |
| Ontasbare bates | - | 613 | - | 613 | 612 | 1 | 99.8% | 25 | 25 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | 64 | 161 | - | 225 | 222 | 3 | 98.7% | 140 | 137 |
| Totaal | 510 030 | - | - | 510 030 | 502 883 | 7 147 | 98.6% | 499 899 | 493 396 |

## Begrotingstaat

| Program 1: Administrasie | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | | |
| 1. | Kantoor van die DH | 6 232 | (61) | (101) | 6 070 | 5 982 | 88 | 98.6% | 5 455 | 5 172 |
| 2. | Finansiële Bestuur | 35 944 | 582 | (86) | 36 440 | 36 129 | 311 | 99.1% | 34 232 | 33 827 |
| 3. | Korporatiewe Dienste | 16 855 | (521) | (300) | 16 034 | 15 800 | 234 | 98.5% | 16 118 | 15 842 |
| Totaal vir sub-programme | | 59 031 | - | (487) | 58 544 | 57 911 | 633 | 98.9% | 55 805 | 54 841 |
| | | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | | 55 841 | (882) | (487) | 54 472 | 53 847 | 625 | 98.9% | 53 147 | 52 188 |
| Vergoeding van werknemers | | 41 717 | (220) | - | 41 497 | 40 917 | 580 | 98.6% | 41 412 | 41 234 |
| Goedere en dienste | | 14 124 | (662) | (487) | 12 975 | 12 930 | 45 | 99.7% | 11 735 | 10 954 |
| | | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | | 265 | 220 | - | 485 | 482 | 3 | 99.4% | 78 | 76 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | 7 | - | - | 7 | 6 | 1 | 85.7% | 7 | 6 |
| Huishoudings | | 258 | 220 | - | 478 | 476 | 2 | 99.6% | 71 | 70 |
| | | | | | | | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | | 2 925 | 565 | - | 3 490 | 3 486 | 4 | 99.9% | 2 525 | 2 524 |
| Masjinerie en toerusting | | 2 925 | (48) | - | 2 877 | 2 874 | 3 | 99.9% | 2 525 | 2 524 |
| Ontasbare bates | | - | 613 | - | 613 | 612 | 1 | 99.8% | - | - |
| | | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | | - | 97 | - | 97 | 96 | 1 | 99.0% | 55 | 53 |
| Totaal | | 59 031 | - | (487) | 58 544 | 57 911 | 633 | 98.9% | 55 805 | 54 841 |

## Begrotingstaat

| Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | |
| 1. Ondernemings-ontwikkeling | 20 048 | (62) | - | 19 986 | 19 534 | 452 | 97.7% | 23 052 | 22 942 |
| 2. Streek- en Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling | 7 262 | 62 | - | 7 324 | 7 313 | 11 | 99.8% | 16 720 | 16 718 |
| 3. Rompslomp | 20 529 | - | - | 20 529 | 20 312 | 217 | 98.9% | 13 904 | 13 544 |
| Totaal vir sub-programme | 47 839 | - | - | 47 839 | 47 159 | 680 | 98.6% | 53 676 | 53 204 |
| | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 29 219 | 43 | - | 29 262 | 28 733 | 529 | 98.2% | 24 692 | 24 225 |
| Vergoeding van werknemers | 18 308 | (35) | - | 18 273 | 17 893 | 380 | 97.9% | 18 833 | 18 379 |
| Goedere en dienste | 10 911 | 78 | - | 10 989 | 10 840 | 149 | 98.6% | 5 859 | 5 846 |
| | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 17 881 | 35 | - | 17 916 | 17 766 | 150 | 99.2% | 28 786 | 28 782 |
| Provinsies en munisipaliteite | 2 221 | - | - | 2 221 | 2 221 | - | 100.0% | 10 136 | 10 136 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 2 227 | 1 314 | - | 3 541 | 3 541 | - | 100.0% | 1 807 | 1 807 |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | 5 287 | (1 315) | - | 3 972 | 3 823 | 149 | 96.2% | 3 210 | 3 209 |
| Instansies sonder winsbejag | 8 143 | 1 | - | 8 144 | 8 144 | - | 100.0% | 12 462 | 12 460 |
| Huishoudings | 3 | 35 | - | 38 | 37 | 1 | 97.4% | 1 171 | 1 170 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | 739 | (78) | - | 661 | 660 | 1 | 99.8% | 123 | 122 |
| Masjinerie en toerusting | 739 | (78) | - | 661 | 660 | 1 | 99.8% | 123 | 122 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | - | - | - | - | - | - | - | 75 | 75 |
| Totaal | 47 839 | - | - | 47 839 | 47 159 | 680 | 98.6% | 53 676 | 53 204 |

## Begrotingstaat

| Program 3: Handel- en Sektorontwikkeling | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| **Subprogram** | | | | | | | | | |
| 1. Handels- en Investerings-bevordering | 62 113 | - | - | 62 113 | 62 113 | - | 100.0% | 62 113 | 62 113 |
| 2. Sektorontwikkeling | 12 686 | - | - | 12 686 | 12 300 | 386 | 97.0% | 11 877 | 11 863 |
| Totaal vir sub-programme | 74 799 | - | - | 74 799 | 74 413 | 386 | 99.5% | 73 990 | 73 976 |
| | | | | | | | | | |
| **Ekonomiese klassifikasie** | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 12 679 | (86) | - | 12 593 | 12 208 | 385 | 96.9% | 11 760 | 11 747 |
| Vergoeding van werknemers | 10 958 | (86) | - | 10 872 | 10 530 | 342 | 96.9% | 11 206 | 11 197 |
| Goedere en dienste | 1 721 | - | - | 1 721 | 1 678 | 43 | 97.5% | 554 | 550 |
| | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 62 120 | 86 | - | 62 206 | 62 205 | 1 | 100.0% | 62 227 | 62 227 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 62 113 | - | - | 62 113 | 62 113 | - | 100.0% | 62 113 | 62 113 |
| Huishoudings | 7 | 86 | - | 93 | 92 | 1 | 98.9% | 114 | 114 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | - | - | - | - | - | - | - | 3 | 2 |
| Totaal | 74 799 | - | - | 74 799 | 74 413 | 386 | 99.5% | 73 990 | 73 976 |

## Begrotingstaat

| Program 4: Besigheidsregulering en Regeringsbestuur | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | |
| 1. Verbruikers-beskerming | 10 636 | - | - | 10 636 | 10 431 | 205 | 98.1% | 9 580 | 9 392 |
| Totaal vir sub-program | 10 636 | - | - | 10 636 | 10 431 | 205 | 98.1% | 9 580 | 9 392 |
| | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 10 632 | (363) | - | 10 269 | 10 065 | 204 | 98.0% | 9 580 | 9 392 |
| Vergoeding van werknemers | 8 732 | - | - | 8 732 | 8 697 | 35 | 99.6% | 7 745 | 7 558 |
| Goedere en dienste | 1 900 | (363) | - | 1 537 | 1 368 | 169 | 89.0% | 1 835 | 1 834 |
| | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 4 | - | - | 4 | 4 | - | 100.0% | - | - |
| Huishoudings | 4 | - | - | 4 | 4 | - | 100.0% | - | - |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | - | 359 | - | 359 | 359 | - | 100.0% | - | - |
| Masjinerie en toerusting | - | 359 | - | 359 | 359 | - | 100.0% | - | - |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | - | 4 | - | 4 | 3 | 1 | 75.0% | - | - |
| Totaal | 10 636 | - | - | 10 636 | 10 431 | 205 | 98.1% | 9 580 | 9 392 |

## Begrotingstaat

| Program 5: Ekonomiese Beplanning | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | | |
| 1. | Ekonomiese Beleid en Beplanning | 4 863 | 3 688 | - | 8 551 | 8 385 | 166 | 98.1% | 6 183 | 6 157 |
| 2. | Navorsing en Ontwikkeling | 10 562 | (3 329) | - | 7 233 | 7 168 | 65 | 99.1% | 8 935 | 8 487 |
| 3. | Kennisbestuur | 15 211 | - | - | 15 211 | 15 210 | 1 | 100.0% | 17 106 | 17 105 |
| 4. | Instaatstelling van groei-infrastruktuur en -inisiatiewe | 87 631 | 152 | - | 87 783 | 87 757 | 26 | 100.0% | 91 245 | 91 181 |
| 5. | Breëband vir die Ekonomie | 8 639 | (21) | - | 8 618 | 8 486 | 132 | 98.5% | 9 263 | 9 249 |
| 6. | Groenekonomie | 23 448 | (490) | (265) | 22 693 | 17 983 | 4 710 | 79.2% | 27 588 | 25 076 |
| Totaal vir sub-programme | | 150 354 | - | (265) | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 96.6% | 160 320 | 157 255 |
| | | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | | 46 285 | (120) | (265) | 45 900 | 43 184 | 2 716 | 94.1% | 53 827 | 50 763 |
| Vergoeding van werknemers | | 30 943 | (120) | - | 30 823 | 30 675 | 148 | 99.5% | 32 011 | 31 932 |
| Goedere en dienste | | 15 342 | - | (265) | 15 077 | 12 509 | 2 568 | 83.0% | 21 816 | 18 831 |
| | | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | | 104 069 | 120 | - | 104 189 | 101 805 | 2 384 | 97.7% | 106 468 | 106 467 |
| Provinsies en munisipaliteite | | 6 552 | - | - | 6 552 | 4 171 | 2 381 | 63.7% | 3 410 | 3 410 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | | 81 159 | - | - | 81 159 | 81 159 | - | 100.0% | 84 441 | 84 441 |
| Instansies sonder winsbejag | | 16 200 | - | - | 16 200 | 16 200 | - | 100.0% | 18 505 | 18 505 |
| Huishoudings | | 158 | 120 | - | 278 | 275 | 3 | 98.9% | 112 | 111 |
| | | | | | | | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | | - | - | - | - | - | - | - | 25 | 25 |
| Ontasbare bates | | - | - | - | - | - | - | - | 25 | 25 |
| Totaal | | 150 354 | - | (265) | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 96.6% | 160 320 | 157 255 |

## Begrotingstaat

| Program 6: Toerisme, Kunste en Vermaak | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | Goed-gekeurde begroting | Ver-skuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | |
| 1. Toerismegroei en -ontwikkeling | 7 940 | - | 394 | 8 334 | 8 301 | 33 | 99.6% | 16 196 | 15 763 |
| 2. Bemarking van die Toerisme-bestemming | 63 573 | - | - | 63 573 | 63 573 | - | 100.0% | 58 401 | 58 398 |
| 3. Transformasie van die Toerismesektor | 2 | - | - | 2 | - | 2 | - | - | - |
| Totaal vir sub-programme | 71 515 | - | 394 | 71 909 | 71 874 | 35 | 100.0% | 74 597 | 74 161 |
| | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | 7 884 | - | 394 | 8 278 | 8 245 | 33 | 99.6% | 8 621 | 8 195 |
| Vergoeding van werknemers | 7 056 | - | - | 7 056 | 7 027 | 29 | 99.6% | 7 380 | 7 260 |
| Goedere en dienste | 828 | - | 394 | 1 222 | 1 218 | 4 | 99.7% | 1 241 | 935 |
| | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | 63 577 | - | - | 63 577 | 63 576 | 1 | 100.0% | 65 976 | 65 966 |
| Provinsies en munisipaliteite | - | - | - | - | - | - | - | 3 667 | 3 667 |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | - | - | - | - | - | - | - | 2 257 | 2 251 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 63 573 | - | - | 63 573 | 63 573 | - | 100.0% | 58 401 | 58 398 |
| Instansies sonder winsbejag | - | - | - | - | - | - | - | 1 614 | 1 613 |
| Huishoudings | 4 | - | - | 4 | 3 | 1 | 75.0% | 37 | 37 |
| | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | 54 | - | - | 54 | 53 | 1 | 98.1% | - | - |
| Totaal | 71 515 | - | 394 | 71 909 | 71 874 | 35 | 100.0% | 74 597 | 74 161 |

## Begrotingstaat

| Program 7: Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
| | | Goedgekeurde begroting | Verskuiwing van fondse | Virement | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Uitgawes as % van finale begroting | Finale begroting | Werklike uitgawes |
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Subprogram | | | | | | | | | | |
| 1. | Provinsiale Vaardighede en Vennootskap | 6 988 | 371 | - | 7 359 | 7 297 | 62 | 99.2% | 6 753 | 6 514 |
| 2. | Vaardigheidsprogram en -projekte | 85 227 | (738) | 358 | 84 847 | 84 809 | 38 | 100.0% | 60 328 | 59 208 |
| 3. | Vaardigheids-aansporings | 3 641 | 367 | - | 4 008 | 4 000 | 8 | 99.8% | 4 850 | 4 845 |
| Totaal vir subprogramme | | 95 856 | - | 358 | 96 214 | 96 106 | 108 | 99.9% | 71 931 | 70 567 |
| | | | | | | | | | | |
| Ekonomiese klassifikasie | | | | | | | | | | |
| Lopende betalings | | 18 781 | (768) | - | 18 013 | 17 922 | 91 | 99.5% | 18 208 | 17 274 |
| Vergoeding van werknemers | | 11 689 | (3) | - | 11 686 | 11 597 | 89 | 99.2% | 12 553 | 11 631 |
| Goedere en dienste | | 7 092 | (765) | - | 6 327 | 6 325 | 2 | 100.0% | 5 655 | 5 643 |
| | | | | | | | | | | |
| Oordragte en subsidies | | 77 065 | 708 | 358 | 78 131 | 78 114 | 17 | 100.0% | 53 716 | 53 286 |
| Huishoudings | | 77 065 | 708 | 358 | 78 131 | 78 114 | 17 | 100.0% | 53 716 | 53 286 |
| | | | | | | | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | | 10 | 60 | - | 70 | 70 | - | 100.0% | 7 | 7 |
| Totaal | | 95 856 | - | 358 | 96 214 | 96 106 | 108 | 99.9% | 71 931 | 70 567 |

## Aantekeninge by die begrotingstaat

### 1. Besonderhede oor oordragte en subsidies ingevolge die Begrotingswet (na virement)

Besonderhede oor hierdie transaksies is beskikbaar in die aantekening oor oordragte en subsidies en Bylae 1A-G van die finansiële jaarstate.

### 2. Besonderhede oor spesifieke en eksklusief bewilligde bedrae begroot (na virement)

Besonderhede oor hierdie transaksies is beskikbaar in die aantekening oor jaarlikse begroting in die finansiële jaarstate.

### 3. Besonderhede oor betalings vir finansiële bates

Besonderhede oor hierdie transaksies is beskikbaar in die aantekening oor betalings vir finansiële bates in die finansiële jaarstate.

### 4. Verduidelikings van wesenlike afwykings van bedrae begroot (na virement):

#### 4.1 Per program

| Program | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Afwyking as 'n % van finale begroting |
|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | % |
| Administrasie | 58 544 | 57 911 | 633 | 1.08% |
| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 47 839 | 47 159 | 680 | 1.42% |
| Handel- en Sektorontwikkeling | 74 799 | 74 413 | 386 | 0.52% |
| Besigheidsregulering en Regeringsbestuur | 10 636 | 10 431 | 205 | 1.93% |
| Ekonomiese Beplanning | 150 089 | 144 989 | 5 100 | 3.40% |
| Toerisme, Kunste en Vermaak | 71 909 | 71 874 | 35 | 0.05% |
| Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | 96 214 | 96 106 | 108 | 0.11% |
| Totaal | 510 030 | 502 883 | 7 147 | 1.40% |

Program 4: Besigheidsregulering en Regeringsbestuur: *Die onderbesteding is as gevolg van vertragings wat met die implementering van die Tribunaalondersteuning-projek ervaar is weens die ongunstige uitslae van deugsaamheidsevaluerings, en daar moes dus weer vir benoemings vir die tribunaal geadverteer word.*

Program 5: Ekonomiese Beplanning: *Die behoefte aan tegniese kundigheid het gelei tot vertragings met die implementering van die reeks projekte oor munisipale energieveerkragtigheid (MEV).*

## Aantekeninge by die begrotingstaat

### 4.2 Per ekonomiese

| Ekonomiese klassifikasie | Finale begroting | Werklike uitgawes | Afwyking | Afwyking as 'n % van finale begroting |
|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | % |
| Lopende betalings | | | | |
| Vergoeding van werknemers | 128 939 | 127 336 | 1 603 | 1.24% |
| Goedere en dienste | 49 848 | 46 868 | 2 980 | 5.98% |
| | | | | |
| Oordragte en subsidies | | | | |
| Provinsies en munisipaliteite | 8 773 | 6 392 | 2 381 | 27.14% |
| Departementele agentskappe en rekeninge | 210 393 | 210 392 | 1 | 0.00% |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | 3 972 | 3 823 | 149 | 3.75% |
| Instansies sonder winsbejag | 24 344 | 24 344 | - | 0.00% |
| Huishoudings | 79 026 | 79 001 | 25 | 0.03% |
| | | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | | | | |
| Masjinerie en toerusting | 3 897 | 3 893 | 4 | 0.10% |
| Ontasbare bates | 613 | 612 | 1 | 0.16% |
| | | | | |
| Betalings vir finansiële bates | 225 | 222 | 3 | 1.33% |
| Totaal | 510 030 | 502 883 | 7 147 | 1.40% |

Goedere en dienste: *Die onderbesteding op hierdie item hou hoofsaaklik verband met die vertragings met die implementering van die hoogs tegniese kundigheid wat benodig word vir die reeks MEV-projekte in Program 5: Ekonomiese Beplanning en met die implementering van die Verbruikerstribunaal in Program 4: Besigheidsregulering en Regeringsbestuur.*

Oordragte en subsidies: Provinsies en munisipaliteite: *Die onderbesteding op hierdie item hou hoofsaaklik verband met die vertragings deur munisipaliteite om die reeks MEV-projekte in Program 5: Ekonomiese Beplanning te implementeer.*

Oordragte en subsidies: Openbare korporasies en privaat ondernemings: *Die besparing op hierdie item is teweeggebring deur bykomende medebefondsing wat deur Womhub (Edms.) Bpk. vir hierdie projek in Program 2: Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste bygedra is.*

## Staat van finansiële prestasie

| | *Aantekening* | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| INKOMSTE | | | |
| Jaarlikse begroting | *1* | 510 030 | 499 899 |
| Departementele inkomste | *2* | 47 303 | 21 194 |
| Bystandshulp | *3* | 5 091 | - |
| TOTALE INKOMSTE | | 562 424 | 521 093 |
| | | | |
| UITGAWES | | | |
| Lopende uitgawes | | 176 449 | 177 014 |
| Vergoeding van werknemers | *4* | 127 336 | 129 191 |
| Goedere en dienste | *5* | 46 868 | 44 593 |
| Bystandshulp | *3* | 2 245 | 3 230 |
| | | | |
| Oordragte en subsidies | | 324 019 | 316 890 |
| Oordragte en subsidies | *7* | 323 952 | 316 804 |
| Bystandshulp | *3* | 67 | 86 |
| | | | |
| Uitgawes vir kapitaalbates | | 4 505 | 2 671 |
| Tasbare bates | *8* | 3 893 | 2 646 |
| Ontasbare bates | *8* | 612 | 25 |
| | | | |
| Betalings vir finansiële bates | *6* | 222 | 137 |
| | | | |
| TOTALE UITGAWES | | 505 195 | 496 712 |
| | | | |
| OORSKOT VIR DIE JAAR | | 57 229 | 24 381 |
| | | | |
| Rekonsiliasie van netto oorskot vir die jaar | | | |
| Begrote fondse | | | |
| Jaarlikse begroting | | 7 147 | 6 503 |
| Departementele inkomste en Provinsiale Inkomstefonds- (PNS-) ontvangste | *14* | 47 303 | 21 194 |
| Bystandshulp | *3* | 2 779 | (3 316) |
| OORSKOT VIR DIE JAAR | | 57 229 | 24 381 |

## Staat van finansiële posisie

| | Aantekening | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| BATES | | | |
| Bedryfsbates | | 15 509 | 22 596 |
| Kontant en kontantekwivalente | 9 | 13 252 | 20 291 |
| Ontvangbare rekeninge | 11 | 2 257 | 2 305 |
| Niebedryfsbates | | 304 097 | 304 238 |
| Investerings | 12 | 304 022 | 304 022 |
| Ontvangbare rekeninge | 11 | 75 | 216 |
| TOTALE BATES | | 319 606 | 326 834 |
| LASTE | | | |
| Bedryfslaste | | 14 035 | 20 925 |
| Begrote fondse wat in die Inkomstefonds teruggestort moet word | 13 | 7 147 | 6 503 |
| Departementele inkomste en PIF-ontvangste wat in die Inkomstefonds teruggestort moet word | 14 | 1 073 | 105 |
| Betaalbare rekeninge | 15 | 251 | 11 532 |
| Onbenutte bystandshulp | 3 | 5 564 | 2 785 |
| TOTALE LASTE | | 14 035 | 20 925 |
| NETTO BATES | | 305 571 | 305 909 |
| Voorgestel deur: | | | |
| Kapitalisasiereserwe | | 304 022 | 304 022 |
| Verhaalbare inkomste | | 1 549 | 1 887 |
| TOTAAL | | 305 571 | 305 909 |

## Staat van veranderinge in netto bates

| | *Aantekening* | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| Kapitalisasiereserwes | | | |
| Beginsaldo | | 304 022 | 303 853 |
| Oordragte: | | | |
| Beweging in ekwiteit | | - | 169 |
| Eindsaldo | | 304 022 | 304 022 |
| | | | |
| Verhaalbare inkomste | | | |
| Beginsaldo | | 1 887 | 90 |
| Oordragte: | | (338) | 1 797 |
| Skuld hersien | | (96) | (2) |
| Skuld verhaal (ingesluit by departementele inkomste) | | (1 744) | (63) |
| Skuld opgeneem | | 1 502 | 1 862 |
| Eindsaldo | | 1 549 | 1 887 |
| | | | |
| TOTAAL | | 305 571 | 305 909 |

## Kontantvloeistaat

| | *Aantekening* | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE | | | |
| Ontvangste | | 562 781 | 521 410 |
| Jaarlikse bewilligde fondse ontvang | *1.1* | 510 030 | 499 899 |
| Departementele inkomste ontvang | *2* | 47 623 | 21 492 |
| Rente ontvang | *2.2* | 37 | 19 |
| Bystandshulp ontvang | *3* | 5 091 | - |
| Netto (toename)/afname in netto bedryfskapitaal | | (11 233) | 9 847 |
| Teruggestort in aan Inkomstefonds | | (53 226) | (25 636) |
| Lopende betalings | | (176 449) | (177 014) |
| Betalings vir finansiële bates | | (222) | (137) |
| Oordragte en subsidies betaal | | (324 019) | (316 890) |
| Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite | *16* | (2 368) | 11 580 |
| | | | |
| KONTANTVLOEI UIT INVESTERINGSAKTIWITEITE | | | |
| Betalings vir kapitaalbates | *8* | (4 505) | (2 671) |
| Opbrengs uit verkoop van kapitaalbates | *2.3* | 31 | 54 |
| (Toename)/afname in investerings | | - | (169) |
| (Toename)/afname in nielopende ontvangbare rekeninge | *11* | 141 | (216) |
| Netto kontantvloei beskikbaar uit investeringsaktiwiteite | | (4 333) | (3 002) |
| | | | |
| KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE | | | |
| Toename/(afname) in netto bates | | (338) | 1 966 |
| Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite | | (338) | 1 966 |
| | | | |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | | (7 039) | 10 544 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | | 20 291 | 9 747 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | *17* | 13 252 | 20 291 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

# DEEL A: REKENINGKUNDIGE BELEIDE

## Opsomming van beduidende rekeningkundige beleide

Die finansiële state is in ooreenstemming met die onderstaande beleide voorberei, wat konsekwent in alle wesenlike aspekte toegepas is, tensy anders aangedui. Bestuur het tot die gevolgtrekking gekom dat die finansiële state 'n billike uiteensetting is van die departement se primêre en sekondêre inligting.

Die historiese koste-grondslag is gebruik, behalwe waar anders aangedui word. Bestuur het assesserings en skattings vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate gebruik. Dit is gegrond op die beste inligting wat ten tye van voorbereiding beskikbaar was.

Waar toepaslik en sinvol, is bykomende inligting bekendgemaak om die nuttigheid van die finansiële state te versterk en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999), en die Tesourieregulasies uitgereik ingevolge die WOFB en die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste.

### 1. Grondslag van voorbereiding

Die finansiële state is ooreenkomstig die gewysigde kontantstandaard opgestel.

### 2. Lopende onderneming

Die finansiële state is op 'n lopende-onderneming-basis voorberei.

### 3. Geldeenheid in aanbieding

Bedrae word in die geldeenheid van die Suid-Afrikaanse Rand (R) aangebied, wat ook die departement se funksionele geldeenheid is.

### 4. Afronding

Tensy anders vermeld, is finansiële syfers tot die naaste eenduisend Rand (R'000) afgerond.

### 5. Omrekening van buitelandse valuta

Kontantvloei wat voortspruit uit buitelandse valutatransaksies word na Suid-Afrikaanse Rand omreken deur die heersende wisselkoers op die datum van betaling/ontvangs te gebruik.

### 6. Vergelykende inligting

#### 6.1 Vergelykende inligting vir vorige tydperk

Vergelykende inligting vir die vorige tydperk word in die lopende jaar se finansiële state aangebied. Waar dit nodig is, is syfers wat in die vorige tydperk se finansiële state ingesluit is, herklassifiseer ten einde te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word, ooreenstem met die formaat van die lopende jaar se finansiële state.

#### 6.2 Vergelyking van lopende jaar met die begroting

'n Vergelyking tussen die goedgekeurde, finale begroting en werklike bedrae vir elke program en ekonomiese klassifikasie is by die begrotingstaat ingesluit.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

### 7. Inkomste

#### 7.1 Begrote fondse

Begrote fondse bestaan uit departementele toekennings, asook direkte heffings teen die inkomstefonds (d.w.s. statutêre begroting).

Begrote fondse word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die begroting in werking tree. Aansuiwerings wat ooreenkomstig die aansuiweringbegrotingsproses gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die aansuiwerings in werking tree.

Begrote fondse word teen die bedrae ontvangbaar gemeet.

Die netto bedrag van enige begrote fondse wat op die verslagdatum aan die betrokke fonds betaalbaar is, word in die staat van finansiële posisie as ’n las erken.

#### 7.2 Departementele inkomste

Departementele inkomste word by ontvangs in die staat van finansiële prestasie erken en word daarna in die toepaslike inkomstefonds inbetaal, tensy anders vermeld.

Departementele inkomste word teen die kontant ontvang erken.
In natura donasies ontvang word in die aantekeninge by die finansiële state op die datum van ontvangs aangeteken en word teen billike waarde gemeet.

Enige bedrag wat op die verslagdatum aan die toepaslike inkomstefonds verskuldig is, word in die staat van finansiële posisie as ’n las erken.

#### 7.3 Opgelope departementele inkomste

Toevallings ten opsigte van departementele inkomste (belastinginkomste uitgesluit) word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer:

- dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou, na die departement sal vloei; en
- die bedrag inkomste betroubaar gemeet kan word.

Die toegevalle inkomste teen die billike waarde van die bedrag ontvangbaar gemeet word.

Afskrywings vind volgens die departement se beleid oor skuldafskrywing plaas.

### 8. Uitgawes

#### 8.1 Vergoeding van werknemers

#### 8.1.1 Salarisse en lone

Salarisse en lone word in die staat van finansiële prestasie op die betaaldatum erken.

#### 8.1.2 Maatskaplike bydraes

Maatskaplike bydraes wat deur die departement ten opsigte van huidige werknemers gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken.

Maatskaplike bydraes wat deur die departement ten opsigte van vorige werknemers gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling as oordragte aan huishoudings geklassifiseer.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

### 8.2 Ander uitgawes

Ander uitgawes (soos goedere en dienste, oordragte en subsidies en betalings vir kapitaalbates) word in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken. Die uitgawe word as 'n kapitaaluitgawe geklassifiseer as die totale bedrag betaal meer as die kapitalisasiedrempel is.

Donasies wat in natura gemaak word, word in die aantekeninge by die finansiële state op die datum van oordrag aangeteken en word teen koste of billike waarde gemeet.

### 8.3 Toevallings en betaalbare rekeninge nie erken nie

Toevallings en betaalbare rekeninge nie erken nie word in die aantekeninge by die finansiële state opgeteken teen koste of billike waarde teen die verslagdoeningsdatum.

### 8.4 Huurooreenkomste

#### 8.4.1 Bedryfsbruikhuur

Betalings vir bedryfsbruikhuur wat gedurende die oorsigtydperk gemaak is, word as lopende uitgawes in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken.

Die verpligtinge vir bedryfsbruikhuur word by die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

#### 8.4.2 Finansiële bruikhuur

Betalings vir finansiële bruikhuur wat gedurende die oorsigtydperk gemaak is, word as kapitaaluitgawes in die staat van finansiële prestasie op die datum van betaling erken.

Die finansiële bruikhuurverpligtinge word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken en word nie tussen die kapitaal- en rentegedeeltes verdeel nie.

Finansiële bruikhuurbates wat aan die einde van die huurtermyn verkry word, word aangeteken en gemeet teen die laagste van:

- koste, naamlik die billike waarde van die bate; of
- die som van die minimum bruikhuurbetalings gemaak, insluitende enige betalings om eienaarskap aan die einde van die huurtermyn te bekom, rente uitgesluit.

## 9. Bystandshulp

### 9.1 Bystandshulp ontvang

Bystandshulp in kontant ontvang word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit ontvang word. Bystandshulp in natura word in die aantekeninge by die finansiële state op die datum van ontvangs aangeteken en word teen billike waarde gemeet.

CARA-fondse (*criminal asset recovery account*) word erken wanneer dit ontvangbaar is en word teen die bedrae ontvangbaar gemeet.

Bystandshulp wat nie vir die voorgenome doel bestee word nie en enige ongebruikte fondse van bystandshulp wat nodig is om aan die donateur terug te betaal, word as 'n betaalbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

### 9.2 Bystandshulp betaal

Bystandshulp word in die staat van finansiële prestasie op die betaaldatum erken. Betalings vir bystandshulp wat voor die ontvangs van die fondse gemaak word, word as 'n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

### 10. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen kosprys in die staat van finansiële posisie verklaar.

Bankoortrekkings word afsonderlik in die staat van finansiële posisie as n lopende las aangedui.

Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat, bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, deposito's gehou, ander korttermyn-, hoogs likiede investerings en bankoortrekkings in.

### 11. Vooruitbetalings en voorskotte

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die departement die kontant ontvang of uitbetaal.

Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en gevolglik teen kosprys gemeet.

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële prestasie erken as die bedrag wesenlik en begroot is as 'n uitgawe in die jaar waarin die werklike vooruitbetaling of voorskot gemaak is.

'n Vooruitbetaling sal as onkoste hanteer word wanneer die goedere en dienste ontvang word kragtens die ondertekende ooreenkoms met 'n nieregeringsentiteit. 'n Voorskot sal as onkoste hanteer word wanneer die goedere of dienste ontvang word kragtens die ondertekende ooreenkoms met 'n regeringsentiteit.

### 12. Lenings en ontvangbare rekeninge

Lenings en ontvangbare rekeninge word in die staat van finansiële posisie erken teen kosprys plus opgelope rente, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is. Afskrywings geskied in ooreenstemming met die departement se afskrywingsbeleid.

### 13. Investerings

Investerings word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

### 14. Finansiële bates

#### 14.1 Finansiële bates (nie elders gedek nie)

'n Finansiële bate word aanvanklik erken teen kosprys plus transaksiekoste wat regstreeks toeskryfbaar is aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate.

'n Departement sal op die verslagdatum sy finansiële bates meet teen kosprys minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is, behalwe erkende lenings en ontvangbare rekeninge wat gemeet word teen kosprys plus opgelope rente, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is.

#### 14.2 Waardedaling van finansiële bates

Waar daar 'n aanduiding van waardedaling van 'n finansiële bate is, word 'n skatting van die vermindering in die aangetekende drawaarde om die beste skatting van die bedrag van die toekomstige ekonomiese voordele wat na verwagting uit daardie bate ontvang sal word, te weerspieël, in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

### 15. Betaalbare rekeninge

Betaalbare rekeninge word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

## 16. Kapitaalbates

### 16.1 Roerende kapitaalbates

Roerende kapitaalbates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken. Roerende kapitaalbates wat deur ’n nieruiltransaksie verkry word, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging gemeet.

Waar die kosprys van roerende kapitaalbates nie betroubaar bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbates teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die roerende bates teen R1 gemeet.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of ’n later datum soos deur die KOG goedgekeur) kan teen R1 elk aangeteken word.

Roerende kapitaalbates word gevolglik teen kosprys gedra en is nie aan waardevermindering of waardedaling onderhewig nie.

Gevolglike uitgawes van ’n kapitale aard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit gereed vir gebruik is.

### 16.2 Ontasbare kapitaalbates

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken. Ontasbare bates wat deur ’n nieruiltransaksie verkry word, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging gemeet.

Intern-gegenereerde ontasbare bates word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die departement met die ontwikkelingsfase van die projek begin.

Waar die kosprys van ontasbare bates nie betroubaar bepaal kan word nie, word die ontasbare kapitaalbates teen billike waarde gemeet en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bates teen R1 gemeet.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of ’n later datum, soos deur die KOG goedgekeur) kan teen R1 aangeteken word. Ontasbare bates word gevolglik teen kosprys gedra en is nie aan skulddelging of waardedaling onderhewig nie. Gevolglike uitgawes van ’n kapitale aard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit gereed vir gebruik is.

### 16.3 Projekkoste: Onafgehandelde werk

Uitgawes van ’n kapitale aard word aanvanklik teen kosprys in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit betaal is.

Bedrae wat vir kapitaalprojekte betaal word, word geskei van die bedrae wat in onafgehandelde werk erken en opgeloop word totdat die onderliggende bate gereed is vir gebruik. Sodra dit gereed is vir gebruik, word die totale opgelope betalings in ’n bateregister aangeteken. Daaropvolgende betalings om die projek te voltooi word by die kapitaalbate in die bateregister gevoeg.

Waar die departement nie die bewaarder van die voltooide projekbate is nie, word die bate na voltooiing teen kosprys na die bewaarder oorgedra.

## 17. Voorsienings en voorwaardelikes

### 17.1 Voorsienings

Voorsienings word in die aantekeninge by die finansiële state bekendgemaak wanneer daar ’n heersende wettige of konstruktiewe verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur, en dit waarskynlik is dat ’n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal bevat, nodig sal wees om die verpligting na te kom en om ’n betroubare skatting van die verpligting te maak. Die voorsiening word gemeet as die beste skatting van die fondse wat nodig is om die huidige verpligting teen die verslagdatum te vereffen.

### 17.2 Voorwaardelike laste

Voorwaardelike laste word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer daar ’n moontlike verpligting uit gebeure in die verlede voortspruit en waarvan die bestaan slegs bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie binne die beheer van die departement is nie of wanneer daar ’n huidige verpligting is wat nie erken word nie, omdat dit nie waarskynlik is dat ’n uitvloei van hulpbronne nodig sal wees om die verpligting te vereffen nie of die bedrag van die verpligting nie betroubaar gemeet kan word nie.

### 17.3 Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer ’n moontlike bate uit gebeure in die verlede voortspruit en waarvan die bestaan bevestig sal word deur die voorkoms of nievoorkoms van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat nie binne die beheer van die departement is nie.

### 17.4 Kapitaalverpligtinge

Kapitaalverpligtinge word teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

## 18. Ongemagtigde uitgawes

Ongemagtigde uitgawes word gemeet teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde uitgawes.

Ongemagtigde uitgawes word in die staat van veranderinge in netto bates erken tot tyd en wyl die uitgawes óf:

- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer met befondsing goedgekeur word en die verwante fondse ontvang is; of
- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer sonder befondsing goedgekeur word
  en teen die begroting in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; of
- na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra word.

Ongemagtigde uitgawes wat in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken word, bestaan uit

- ongemagtigde uitgawes wat in die vorige boekjaar geassesseer is;
- ongemagtigde uitgawes wat op die vorige boekjaar betrekking het en in die lopende jaar geïdentifiseer is; en
- ongemagtigde uitgawes wat in die lopende jaar aangegaan is.

## 19. Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes- ontvangbare rekeninge word in die staat van finansiële posisie erken wanneer dit verhaalbaar is. Die ontvangbare rekening word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word onerken wanneer dit vereffen word of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer en teen bedrae wat bevestig is, en bestaan uit

- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in die vorige boekjaar geassesseer is;
- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat op die vorige boekjaar betrekking het en in die lopende jaar geïdentifiseer is; en
- vrugtelose en verkwistende uitgawes wat in die lopende jaar aangegaan is.

## 20. Onreëlmatige uitgawes

Verliese wat voortspruit uit onreëlmatige uitgawes word as ’n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken wanneer dit verhaalbaar is. Die ontvangbare rekening word gemeet teen die bedrag wat na verwagting verhaal sal word en word onerken wanneer dit vereffen word of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)

Onreëlmatige uitgawes word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer bevestig en teen bedrae wat bevestig is, en bestaan uit:

- onreëlmatige uitgawes wat in die vorige boekjaar geassesseer is;
- onreëlmatige uitgawes wat op die vorige boekjaar betrekking het en in die lopende jaar geïdentifiseer is; en
- onreëlmatige uitgawes aangegaan in die lopende jaar.

## 21. Veranderinge in rekeningkundige skattings en foute

Veranderinge in rekeningkundige skattings is as gevolg van nuwe inligting of nuwe ontwikkelings en is gevolglik nie ’n regstelling van foute nie.

Veranderinge in rekeningkundige skattings word vooruitwerkend in ooreenstemming met GKS-vereistes toegepas.

Die regstelling van foute word terugwerkend toegepas in die tydperk waarin die fout ontstaan het, in ooreenstemming met GKS-vereistes, behalwe in die mate dat dit onprakties is om die tydperk-spesifieke effek of die kumulatiewe effek van die fout te bepaal. In sulke gevalle sal die departement die beginsaldo’s van bates, laste en netto bates heraangee vir die vroegste tydperk waarvoor terugwerkende heraangewing prakties is.

## 22. Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Gebeure na die verslagdoeningsdatum wat as aansuiwerende gebeure geklassifiseer is, is in die finansiële state in berekening gebring. Gebeure na die verslagdoeningsdatum wat as nie-aansuiwerende gebeure na die verslagdoeningsdatum geklassifiseer is, word in die aantekeninge by die finansiële state bekendgemaak.

## 23. Kapitalisasiereserwe

Die kapitalisasiereserwe bestaan uit finansiële bates en/of laste wat in ’n vorige verslagtydperk ontstaan, maar vir die eerste keer in die staat van finansiële posisie in die lopende verslagtydperk erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwe erken wanneer dit in die lopende tydperk geïdentifiseer word en word na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate verkoop of die tersaaklike fondse ontvang word.

## 24. Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer ’n betaling wat in ’n vorige boekjaar gemaak is, in die lopende boekjaar van ’n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word na die Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit verhaal word, of word na die staat van finansiële prestasie oorgedra wanneer dit afgeskryf word.

## 25. Verwante party-transaksies

Verwante party-transaksies binne die Minister/LUR se portefeulje word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie op armlengte is nie.

Die volle vergoeding van sleutelbestuurspersoneel word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

## 26. Werknemervoordele

Die waarde van elke belangrike klas werknemervoordeelverpligting (toevallings, betaalbare rekeninge nie erken nie en voorsienings) word in die aantekening Werknemervoordele opgeteken.

Toevallings en betaalbare rekeninge wat nie vir werknemervoordele erken word nie, word op die verslagdatum teen kosprys of billike waarde gemeet.

Die voorsiening vir werknemervoordele word gemeet as die beste skatting van die fondse wat benodig word om die huidige verpligting teen die verslagdatum te vereffen.

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

# DEEL B: VERDUIDELIKENDE AANTEKENINGE

## 1. Jaarlikse begroting

### 1.1 Jaarlikse begroting

Ingeslote is fondse wat kragtens die Begrotingswet (en die Wet op Aansuiweringsbegrotings) vir nasionale departemente (begrote fondse) en provinsiale departemente begroot word:

| | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Programme | Finale begroting R'000 | Werklike fondse ontvang R'000 | Fondse nie versoek/ ontvang nie R'000 | Finale begroting R'000 | Begrotings ontvang R'000 | Fondse nie versoek/ ontvang nie R'000 |
| Administrasie | 58 544 | 58 544 | - | 55 805 | 55 805 | - |
| Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste | 47 839 | 47 839 | - | 53 676 | 53 676 | - |
| Handel- en Sektorontwikkeling | 74 799 | 74 799 | - | 73 990 | 73 990 | - |
| Besigheidsregulering en Regeringsbestuur | 10 636 | 10 636 | - | 9 580 | 9 580 | - |
| Ekonomiese Beplanning | 150 089 | 150 089 | - | 160 320 | 160 320 | - |
| Toerisme, Kunste en Vermaak | 71 909 | 71 909 | - | 74 597 | 74 597 | - |
| Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie | 96 214 | 96 214 | - | 71 931 | 71 931 | - |
| Totaal | 510 030 | 510 030 | - | 499 899 | 499 899 | - |

Administrasie: *Die toename in begrote toekenning vir 2022/23 sedert die boekjaar 2021/22 was hoofsaaklik te wyte aan die Rekenaarverfris-projek om vir die vervanging van IT-toerusting vir nuwe werknemers in die lopende boekjaar voorsiening te maak.*

Geïntegreerde Ekonomiese Ontwikkelingsdienste: *Die program se toekenning vir ontwikkelingsinisiatiewe vir klein, medium en mikro-ondernemings (KMMO's) is verminder as gevolg van 'n verandering in benadering in die lewering van die KMMO-strategie en 'n hernude fokus op die strategieë vir Groenekonomie en Vaardigheidsontwikkeling.*

Besigheidsregulering en Regeringsbestuur: *Die verhoging in begrote toekenning is ontvang om tot die implementering van die Verbruikerstribunaal-projek by te dra.*

Ekonomiese Beplanning: *Die afname in die begrote toekenning vir Program 5: Ekonomiese Beplanning is hoofsaaklik as gevolg van die geoormerkte toekenning vir die Groenekonomie en Energie wat in 'n Provinsiale Tesourie-reserwefonds geplaas is. Toegang tot hierdie fonds kon op grond van bestedingsvereistes verkry word.*

Toerisme, Kunste en Vermaak: *Die program se toekenning is verminder as gevolg van Toerismeveiligheid en Wetstoepassing asook die inisiatiewe vir Toerismenis- en Produkontwikkeling in die Toerismegroei-ontwikkelingsprogram wat nie in die lopende boekjaar geakkommodeer is nie.*

Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie: *Die begrote toekenning vir die Besigheidsprosesuitbestedingsprogram is verhoog as gevolg van die sukses wat met werkplasing vir werklose jeugdiges behaal is.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **2. Departementele inkomste** | | | |
| Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates | *2.1* | 348 | 1 144 |
| Rente, dividende en huurgeld vir grond | *2.2* | 37 | 19 |
| Verkoop van kapitaalbates | *2.3* | 31 | 54 |
| Transaksies in finansiële bates en laste | *2.4* | 46 588 | 19 654 |
| Oordrag ontvang | *2.5* | 687 | 694 |
| Totale inkomste ingevorder | | 47 691 | 21 565 |
| Minus: Eie inkomste ingesluit by begroting | *14* | (388) | (371) |
| Totaal | | 47 303 | 21 |

### 2.1. Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verkoop van goedere en dienste wat deur die departement geproduseer is | | 348 | 1 144 |
| Administratiewe gelde | | 328 | 273 |
| Ander verkope | | 20 | 871 |
| Totaal | *2* | 348 | 1 144 |

*Die* administratiewe gelde *hou verband met inkomste wat uit die registrasie van toergidse verdien is. Die toename in gelde verdien is as gevolg van meer toergidse wat na die opheffing van Covid-19-beperkings geregistreer het.*

*Die afname in* ander verkope *hou verband met gelde wat in 2021/22 verdien is ten opsigte van 'n ooreenkoms wat met die SETA vir vervaardiging, ingenieurswese en verwante dienste aangegaan is.*

### 2.2. Rente

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Rente | | 37 | 19 |
| Totaal | *2* | 37 | 19 |

*Rente ontvang hou verband met rente verdien op uitstaande skuld wat gedurende die lopende boekjaar aan die departement verskuldig is.*

### 2.3. Verkoop van

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| kapitaalbates Tasbare | | 31 | 54 |
| kapitaalbates | | 31 | 54 |
| Masjinerie en toerusting | | 31 | 54 |
| Totaal | *2* | | |

Masjinerie en toerusting *hou verband met inkomste wat uit die verkoop van verouderde IT-toerusting aan personeel gegenereer word.*

### 2.4. Transaksies in finansiële bates en laste

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ander ontvangste, insluitend verhaalbare inkomste | | 46 588 | 19 654 |
| Totaal | *2* | 46 588 | 19 654 |

*Die toename in die lopende jaar is hoofsaaklik as gevolg van die terugbetaling van kontantsurplusse van Wesgro.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|

## 2. Departementele inkomste (vervolg)

### 2.5. Oordragte ontvang

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ander staatseenhede | | 687 | 694 |
| Totaal | *2* | 687 | 694 |

*Die* Oordragte ontvang *in die lopende boekjaar hou verband met fondse wat van die Onderwys- en Opleidingsowerheid vir die Banksektor (BANKSETA) vir die Besigheidsprosesuitbesteding- (BPU)- projek ontvang is.*

*Die vorige jaar se fondse is van die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid vir Vervaardiging, Ingenieurswese en Verwante Dienste (merSETA) ontvang vir die Ambagsmanontwikkelingsprojek (AOP) wat in 2017 begin het.*

## 3. Bystandshulp

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Beginsaldo | | 2 785 | 6 101 |
| Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie | | 2 779 | (3 316) |
| Eindsaldo | | 5 564 | 2 785 |

Bystandshulp *hou verband met fondse wat van die Regering se Tegniese Adviessentrum (GTAC) vir die Besigheidsprosesuitbesteding- (BPU)- projek ontvang is.*

### 3.1. Ontleding van saldo per bron

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Bystandshulp - GTAC | | 5 564 | 2 785 |
| Eindsaldo | *3* | 5 564 | 2 785 |

### 3.2. Ontleding van saldo

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Onbenutte bystandshulp | | 5 564 | 2 785 |
| Eindsaldo | *3* | 5 564 | 2 785 |

### 3.3. Bystandshulpbesteding volgens ekonomiese klassifikasie

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Lopend | | 2 245 | 3 230 |
| Oordragte en subsidies | | 67 | 86 |
| Totale bystandshulpuitgawes | *Bylae 1F* | 2 312 | 3 316 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|

## 4. Vergoeding van werknemers

### 4.1. Ontleding van saldo

| | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|
| Basiese salaris | 89 838 | 90 852 |
| Diensgebaseerd | 43 | 54 |
| Vergoedend/gebeurlik | 655 | 968 |
| Ander niepensioendraende toelaes | 21 200 | 21 704 |
| Totaal | 111 736 | 113 578 |

*Die vermindering in* Vergoeding van werknemers *is toe te skryf aan verskeie senior personeelposte wat gedurende die boekjaar vakant geraak het. Hierdie personeellede kon nie onmiddellik vervang word nie as gevolg van die aanlooptyd wat dit neem om poste te vul. Aanlooptye word beïnvloed deur die siftingsproses en die aard van senior bestuursposte wat goedkeuring op kabinetsvlak vereis.*

Diensgebaseer *het betrekking op langdienstoekennings in die departement. Langdienstoekennings word gegee aan personeel wat onderskeidelik 20 jaar en 30 jaar in die staatsdiens werksaam is.*

Vergoedend/gebeurlik *het betrekking op betalings aan werknemers op grond van bepaalde voorwaardes of omstandighede soos deur die DSA voorgeskryf en ingevolge departementele prosedures, soos oortyd en vir koste wat uit bedryfs- of werkverwante vereistes voortspruit.*

Ander niepensioendraende toelaes *maak voorsiening vir salarisse en lone en ander toelaes wat nie by pensioendraende salaris ingesluit is nie.*

### 4.2. Maatskaplike bydraes

| | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|
| Werkgewerbydraes | | |
| Pensioen | 11 431 | 11 408 |
| Medies | 4 127 | 4 184 |
| Bedingingsraad | 42 | 21 |
| Totaal | 15 600 | 15 613 |
| Totale vergoeding van werknemers | 127 336 | 129 191 |
| Gemiddelde getal werknemers | 219 | 217 |

*Die toename in bedingingsraad is as gevolg van 'n verhoging in die heffing wat deur die Staatsdiens-Koördinerende Bedingingsraad (SKB) aan alle personeel gehef word.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **5. Goedere en dienste** | | | |
| Administratiewe gelde | | 3 664 | 3 420 |
| Advertensies | | 1 579 | 4 552 |
| Kleiner bates | *5.1* | 62 | 14 |
| Beurse (werknemers) | | 220 | 456 |
| Spysenieri ng | | 608 | 220 |
| Kommunikasie | | 819 | 794 |
| Rekenaardienste | *5.2* | 9 452 | 2 925 |
| Konsultante: Besigheids- en adviesdienste | | 12 925 | 17 277 |
| Regsdienste | | 87 | 442 |
| Kontrakteurs | | 853 | 1 226 |
| Agentskap- en steun-/uitbestede dienste | | 542 | 556 |
| Onthaal | | 21 | 17 |
| Ouditkoste – ekstern | *5.3* | 3 159 | 3 362 |
| Vlootdienste | | 891 | 807 |
| Verbruiksgoedere | *5.4* | 587 | 531 |
| Bedryfsbruikhuur | | 373 | 197 |
| Huur en verhuring | | 114 | 348 |
| Reis en verblyf | *5.5* | 809 | 203 |
| Lokale en fasiliteite | | 315 | 158 |
| Opleiding en ontwikkeling | | 8 922 | 6 215 |
| Ander bedryfsuitgawes | *5.6* | 866 | 873 |
| Totaal | | 46 868 | 44 593 |

Administratiewe gelde: *Die toename in uitgawes is as gevolg van 'n bykomende intekening wat aangekoop is en skommelinge in die wisselkoers vir internasionale data-intekeninge.*

Advertensies: *Die afname is hoofsaaklik weens die eenmalige advertering van die na-Covid-19 Ekonomiese Herstelreaksieprojek (Wes-Kaap Oop vir Besigheid-veldtog) in die vorige jaar.*

Agentskap- en steun-/uitbestede dienste: *Die afname in uitgawes is as gevolg van die Maart-fakturering wat in die boekjaar 2023/24 boekjaar betaal is.*

Beurse (werknemers): *Die afname in beurse is as gevolg van minder beursaansoeke.*

Spyseniering, vermaak, lokale en fasiliteite, en opleiding en ontwikkeling: *Die toename hou verband met die opheffing van Covid-19-beperkings wat tot die terugkeer van in-persoon-skakeling gelei het.*

Kommunikasie: *Die toename in uitgawes is as gevolg van inflasionêre verhogings.*

Konsultante: *Die afname in konsultante is as gevolg van die vertragings in die implementering van die reeks projekte vir Munisipale Energieveerkragtigheid (MEV) in Program 5: Ekonomiese Beplanning. Die projekte wat deur die MEV geïnisieer word, is tegnies van aard.*

Kontrakteurs: *Die afname in uitgawes is as gevolg van die Wes-Kaapse Erkenningstoekennings vir Entrepreneurskap-projek waarvoor daar in die lopende jaar as gevolg van begrotingsdruk nie begroot is nie.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | *Aantekening* | 2022/23 R'000 | 2021/22 |
|---|---|---|---|

## 5. Goedere en dienste (vervolg)

Vlootdienste: *Die toename is as gevolg van stygings in brandstof-, bedryfs- en instandhoudingskoste vir gehuurde staatsvoertuie.*

Regsdienste: *Die afname in uitgawes teen hierdie item is as gevolg van regskundigheid wat in die vorige jaar benodig is om die regulatoriese impak van die Stad Kaapstad se konsepverordeninge te assesseer wat in die eenheid Gemak van Sake Doen onderneem is.*

Bedryfshuurkontrakte en Huur en verhuring: *Die toename in Bedryfshuuruitgawes is te wyte aan die hernuwing van huurooreenkomste vir kantoortoerusting. Dit het tot 'n gepaardgaande vermindering in* Huur en verhuring *gelei*.

### 5.1. Kleiner bates

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | | 62 | 14 |
| Masjinerie en toerusting | | 62 | 14 |
| Totaal | *5* | 62 | 14 |

*Die toename in* Kleiner bates *word toegeskryf aan die vervanging van verouderde kantoortoerusting in die departement en die aankoop van toerusting deur die KMMO Besigheidsontwikkelingsprogram.*

### 5.2. Rekenaardienste

| | | | |
|---|---|---|---|
| SITA-rekenaardienste | | 298 | 339 |
| Eksterne rekenaardiensverskaffers | | 9 154 | 2 586 |
| Totaal | *5* | 9 452 | 2 925 |

*Die toename in* Rekenaardienste *word grootliks toegeskryf aan die outomatisering van besigheidsgerigte stelsels in munisipaliteite deur die stel ingrypings vir munisipale gemak van sake doen, asook die outomatisering van 'n interne opleidingsplatform om personeel met kennis van finansiële beleide en prosedures toe te rus.*

### 5.3. Ouditkoste - ekstern

| | | | |
|---|---|---|---|
| Regulatoriese oudits | | 3 159 | 3 362 |
| Totaal | *5* | 3 159 | 3 362 |

*Die afname in ouditgelde teenoor die vorige boekjaar is as gevolg van doeltreffendheid in die vermindering van die aantal beplanningsure en die aantal aanwysers wat op geselekteerde programme vir voorafbepaalde doelwitte getoets is. Bykomende besparings is ook verkry deur afstandwerk en stawende dokumentasie wat aanlyn beskikbaar was.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 5. Goedere en dienste (vervolg)

### 5.4. Verbruiksgoedere

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verbruikbare goedere | | 298 | 313 |
| Uniforms en kleding | | 3 | - |
| Huishoudelike voorraad | | 58 | 68 |
| Boumateriaal en -voorraad | | 42 | 29 |
| IT-verbruiksgoedere | | 145 | 115 |
| Ander verbruiksgoedere | | 50 | 101 |
| Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorraad | | 289 | 218 |
| Totaal | 5 | 587 | 531 |

*Die toename in uitgawes wat met Verbruiksgoedere verband hou, is hoofsaaklik weens inflasionêre verhogings.*

### 5.5. Reis en verblyf

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Binnelands | | 791 | 203 |
| Buitelands | | 18 | - |
| Totaal | 5 | 809 | 203 |

*Die toename hou verband met die opheffing van Covid-19-beperkings en gevolglike in-persoon-skakeling met belanghebbendes ten einde projekte te monitor en evalueer.*

### 5.6. Ander bedryfsuitgawes

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Professionele liggame, lidmaatskap en ledegeld | | 21 | 24 |
| Hervestigingskoste | | 24 | 22 |
| Ander | | 821 | 827 |
| Totaal | 5 | 866 | 873 |

*'Ander' sluit drukkoste in wat aangegaan is vir die organisasie se strategiese publikasies soos die Jaarlikse Prestasieplan, Jaarverslag, en bemarking- en bewusmakingspublikasies.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **6. Betalings vir finansiële bates** | | | |
| Ander wesenlike verliese afgeskryf | *6.1* | 72 | 75 |
| Skuld afgeskryf | *6.2* | 150 | 62 |
| Totaal | | 222 | 137 |
| **6.1. Ander wesenlike verliese afgeskryf** | | | |
| Aard van verliese | | | |
| Verliese afgeskryf (3 gevalle) | | 72 | 75 |
| Totaal | *6* | 72 | 75 |

*Ingevolge die Departementele Skuldbeleid word alle wesenlike verliese wat afgeskryf is, ondersoek en na die Staatsprokureur verwys. Skuld word op aanbeveling van die Staatsprokureur afgeskryf.*

*Die bedrag wat in die lopende jaar afgeskryf is, hou verband met skade aan voertuie van die staatsmotorhuis en 'n bedrieglike betaling van salarisse wat in die Departement van die Premier plaasgevind het: Mensebestuurspraktyke (MBP) Die bedrieglike betaling van salarisse is na die Suid-Afrikaanse Polisiedienste verwys.*

*Die bedrag wat in die vorige tydperk afgeskryf is, hou verband met bestuursgelde wat verdien is deur 'n diensverskaffer wat aangestel is om die Wes-Kaapse Befondsingskou-geleentheid te bestuur. As gevolg van Covid-19-beperkings kon die geleentheid nie plaasvind nie, maar die diensverskaffer was geregtig op die bestuursgelde aangesien hulle sekere lewerbare uitsette ingevolge die diensvlakooreenkoms nagekom het.*

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **6.2. Skuld afgeskryf** | | | |
| Aard van skuld afgeskryf | | | |
| Skuldrekeninge afgeskryf (10 gevalle) | | 150 | 62 |
| Totaal | | 150 | 62 |
| Totale skuld afgeskryf | *6* | 150 | 62 |

*Skulde word ingevolge die departementele Skuldbeleid afgskryf. Die tien (10) gevalle hou verband met verlof sonder betaling, beursskuld en salarisoorbetalings wat met onmiddellike bedankings van personeel verband hou.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **7. Oordragte en subsidies** | | | |
| Provinsies en munisipaliteite | *28; Bylae 1A* | 6 392 | 17 213 |
| Departementele agentskappe en rekeninge | *Bylae 1B* | 210 392 | 206 765 |
| Openbare korporasies en privaat ondernemings | *Bylae 1C* | 3 823 | 5 460 |
| Instansies sonder winsbejag | *Bylae 1D* | 24 344 | 32 578 |
| Huishoudings | *Bylae 1E* | 79 001 | 54 788 |
| Totaal | | 323 952 | 316 804 |

Provinsies en munisipaliteite
*Die afname hou verband met betalings wat aan munisipaliteite gemaak is ter ondersteuning van inisiatiewe wat in die vorige jaar geïmplementeer is om handelsruimtes vir KMMO's te ontwikkel.*

Departementele agentskappe en rekeninge
*Die toename is hoofsaaklik weens 'n inisiatief in Ondernemingsontwikkeling saam met Produktiwiteit SA en 'n inisiatief van Rompslompvermindering wat ondersteuning aan die Wes-Kaapse Drankowerheid gebied het om hul dranklisensiëringstelsel te verbeter.*

Openbare korporasies en privaat ondernemings
*Die afname in oordragte na Openbare Korporasies in Privaat Ondernemings is te wyte aan die afhandeling van die Toerismenis- en Produkontwikkelingsfonds gedurende die boekjaar 2021/22.*

Instansies sonder winsbejag
*Die afname hou verband met 'n laer toekenning vir 'n inisiatief oor Ondernemingsontwikkeling wat gerig was op organisasies sonder winsbejag wat KMMO's in die provinsie ondersteun. Bykomende befondsing is gedurende die vorige boekjaar deur die departement vanaf die Departement van Gemeenskapsveiligheid vir die Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap ontvang. Die afname ook verband met die afhandeling van die Toerismenis- en Produkontwikkelingsfonds gedurende die boekjaar 2021/22.*

Huishoudings
*Die begrote toekenning vir die Besigheidsprosesuitbestedingsprogram is verhoog as gevolg van die sukses wat met werkplasing vir werklose jeugdiges behaal is.*

| | Aantekening | 2022/23 R'000 |
|---|---|---|
| **7.1. Donasies in natura gemaak** | | |
| Langstraat Kiosk-projek | | 376 |
| Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling | | 494 |
| Organisasies sonder winsbejag | | 880 |
| Totaal | *Bylae 1G* | 1 750 |

*Die aantekening oor* Donasies in natura gemaak *is in die boekjaar 2022/23 ingestel en geen vergelykende syfers word dus bekendgemaak nie.*

*Verskeie bates is in die lopende boekjaar geskenk om die werksaamhede van ses-en-twintig (26) besighede te ondersteun wat deel van die KMMO Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling en Langstraat Kiosks-projek uitgemaak het.*

*Die departement het bates wat die einde van hul nuttige lewensduur bereik het, aan drie-en-twintig (23) organisasies sonder winsbejag geskenk.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **8. Uitgawes vir kapitaalbates** | | | |
| Tasbare kapitaalbates | | 3 893 | 2 646 |
| Masjinerie en toerusting | 25 | 3 893 | 2 646 |
| Ontasbare kapitaalbates | | 612 | 25 |
| Sagteware | 26 | 612 | 25 |
| Totaal | | 4 505 | 2 671 |

*Die bedrag vir masjinerie en toerusting sluit finansiële bruikhuurkontrakte in wat vir staatsvoertuighuurkontrakte betaal word.*

*Die toename in uitgawes vir kapitaalbates hou grotendeels verband met die Rekenaarverfris-projek om vervangende inligtingstegnologie- (IT-) toerusting aan nuwe werknemers te voorsien, en die aankoop van toerusting vir die Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling wat ten doel het om KMMO's by te staan.*

8.1. Ontleding van fondse aangewend vir verkryging van kapitaalbates - lopende jaar

| | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|
| | Begrote fondse | Bystands-hulp | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Tasbare kapitaalbates | 3 893 | - | 3 893 |
| Masjinerie en toerusting | 3 893 | - | 3 893 |
| Ontasbare kapitaalbates | 612 | - | 612 |
| Sagteware | 612 | - | 612 |
| Totaal | 4 505 | - | 4 505 |

8.2. Ontleding van fondse aangewend vir verkryging van kapitaalbates - vorige jaar

| | 2022/23 | | |
|---|---|---|---|
| | Begrote fondse | Bystands-hulp | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Tasbare kapitaalbates | 2 646 | - | 2 646 |
| Masjinerie en toerusting | 2 646 | - | 2 646 |
| Ontasbare kapitaalbates | 25 | - | 25 |
| Sagteware | 25 | - | 25 |
| Totaal | 2 671 | - | 2 671 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aant | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|

## 8. Uitgawes vir kapitaalbates (vervolg)

8.3. Finansiële bruikhuuruitgawes ingesluit by uitgawes vir kapitaalbates

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tasbare kapitaalbates | | | |
| Masjinerie en toerusting | | 1 763 | 2 478 |
| Totaal | | 1 763 | 2 478 |

Finansiële bruikhuuruitgawes *hou verband met voertuie wat van Staatsmotorvervoer (SMV) gehuur word. Die departement huur tans negentien (19) voertuie. Dit bly onveranderd teenoor die vorige jaar.*

## 9. Kontant en kontantekwivalente

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gekonsolideerde Betaalmeester-generaal-rekening | | 15 958 | 20 271 |
| Betalings | | (2 766) | (40) |
| Kontant voorhande | | 60 | 60 |
| Totaal | | 13 252 | 20 291 |

*Die* Gekonsolideerde Betaalmeester-generaal-rekening *bestaan uit die bankrekening, wat onbestede begrote fondse insluit, asook saldo's van bystandshulp wat ontvang is van die Sektorale Onderwys- en Opleidingsowerheid (SETA) en die Regering se Tegniese Adviessentrum (GTAC) wat op 31 Maart 2023 in die departement se bankrekening inbetaal is.*

Betalings *bestaan uit uitstaande betalings wat na die finansiële jaareinde aan begunstigdes se bankrekeninge vrygestel is.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 10. Vooruitbetalings en voorskotte

### 10.1. Vooruitbetalings (bestee)

| | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2022 | Minus: Ontvang in die lopende jaar | Plus/minus: Ander | Plus lopende jaar se vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2023 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 4 783 | (4 783) | - | 4 773 | 4 773 |
| Oordragte en subsidies | 556 | (556) | - | 5 100 | 5 100 |
| Totaal | 5 339 | (5 339) | - | 9 873 | 9 873 |

Vooruitbetalings (bestee) het goedere en dienste ingesluit
*Die bedrag hou hoofsaaklik verband met jaarlikse data- en sagteware-intekeninge en opleidingskoste vir werknemers wat vir die boekjaar 2023/24 vooruit betaal is, in ooreenstemming met kontraktuele voorwaardes.*

Vooruitbetalings bestee het oordragte en subsidies ingesluit

*Die bedrag hou verband met die vooruitbetaling van stipendiums wat betaal is vir die Vaardigheidsontwikkeling- en Innovasieprogram ter verligting van die kontantvloeibeperkings van gasheermaatskappye waar die leerders geplaas word.*

| | 2021/22 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2021 | Minus: Ontvang in die lopende jaar | Plus/minus: Ander | Plus lopende jaar se vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2022 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | 6 430 | (4 230) | (1 104) | 3 687 | 4 783 |
| Oordragte en subsidies | - | - | - | 556 | 556 |
| Totaal | 6 430 | (4 230) | (1 104) | 4 243 | 5 339 |

### 10.2. Vooruitbetalings betaal (bestee)

| | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2022 | Minus: Ontvang in die lopende jaar | Plus/minus: Ander | Plus lopende jaar se vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2023 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Openbare entiteite | - | - | - | 3 | 3 |
| Ander entiteite | 449 | (449) | - | 360 | 360 |
| Totaal | 449 | (449) | - | 363 | 363 |

Vooruitbetalings betaal (bestee) *hou verband met oordragte aan Produktiwiteit SA vir die KMMO-versterkerprojek om te verseker dat die entiteit nie benadeel word vir verbintenisse wat aangegaan is nie en dat projeklewering plaasvind.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 10. Vooruitbetalings en voorskotte (vervolg)

| | 2021/22 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag soos op 1 April 2021 | Minus: Ontvang in die lopende jaar | Plus/minus: Ander | Plus lopende jaar se vooruit-betalings | Bedrag soos op 31 Maart 2022 |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Ander entiteite | - | - | - | 449 | 449 |
| Totaal | - | - | - | 449 | 449 |

## 11. Ontvangbare rekeninge

| | | 2022/23 | | | 2021/22 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Lopend | Nie-lopend | Totaal | Lopend | Nie-lopend | Totaal |
| | *Aantekening* | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Verhaalbare uitgawes | 11.1 | 702 | - | 702 | 418 | - | 418 |
| Personeelskuld | 11.2 | 82 | 75 | 157 | 82 | 216 | 298 |
| Ander ontvangbare rekeninge | 11.3 | 1 473 | - | 1 473 | 1 805 | - | 1 805 |
| Totaal | | 2 257 | 75 | 2 332 | 2 305 | 216 | 2 521 |

| | *Aant.* | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| **11.1. Verhaalbare uitgawes** | | | |
| Skade en verliese | | 702 | 418 |
| Totaal | *11* | 702 | 418 |

Skade en verliese *is uitgawes wat aangegaan is en nie teen begrote fondse gehef kan word nie. Hierdie fondse word in 'n tussenrekening geplaas totdat 'n ondersoek afgehandel is om die regmatigheid van die transaksies te bepaal.*

*Ingesluit by die bedrag vir* Verhaalbare uitgawes *is vier (4) gevalle in verband met staatsvoertuie, agtien (18) gevalle in verband met verlies/diefstal van staatsbates en een (1) geval in verband met verskafferbestuursgelde wat verdien is deur 'n diensverskaffer met wie die diensvlakooreenkoms beëindig is. Die agtien (18) gevalle van verlies/diefstal in verband met verliese/diefstal is van vorige boekjare wat ooreenkomstig die departement se Beleid oor Interne Beheer by die staatsprokureur ingedien is, maar wat wag om afgehandel te word.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 11. Ontvangbare rekeninge (vervolg)

| | *Aantekening* | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **11.2. Personeelskuld** | | | |
| Skuldrekening | | 157 | 284 |
| Salaristerugskrywing | | - | 10 |
| Salarisinkomstebelasting | | - | 3 |
| Salarisbelastingskuld | | - | 1 |
| Totaal | *11* | 157 | 298 |

*Die skulde hierbo hou met huidige en vorige werknemers verband.*

| | *Aantekening* | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| **11.3. Ander ontvangbare rekeninge** | | | |
| Goedere en dienste: | | 1 032 | 1 368 |
| WK Befondsingskou-projek | | 1 032 | 1 368 |
| Oordragte en subsidies: | | 441 | 437 |
| Pick n Pay Township-vernuwingsprogram | | 314 | 314 |
| Oordragte en subsidies – Township-vernuwingsprogram | | 81 | 77 |
| Oordragte en subsidies – Township-vernuwingsprogram | | 46 | 46 |
| Totaal | *11* | 1 473 | 1 805 |

WK Befondsingskou-projek

*'n Diensverskaffer is volgens 'n diensvlakooreenkoms deur 'n oop bodproses aangestel om die logistieke vereistes vir die Wes-Kaapse Befondsingskou-geleentheid (WKBS) wat vir 9 en 10 Junie 2020 geskeduleer is, te bestuur en te reël. Fondse is aan die einde van die boekjaar na die diensverskaffer oorgeplaas om te verseker dat die lokaal bespreek is. Die WKBS-bestuurskomitee (bestaande uit Deloitte en DEOT) het op 20 Maart 2020 besluit om die geleentheid te midde van die COVID-19-pandemie en -inperking uit te stel. Die aangestelde diensverskaffer is gedurende 2021 deur DEOT gekontak om die pad vorentoe met die aanbieding van die WKBS te bespreek. Daar is bepaal dat die geleentheid nie meer sou voortgaan nie, en dat daar van die diensverskaffer verwag sou word om die departement terug te betaal. Daar is van die diensverskaffer verwag om die fondse wat oorgeplaas is, aan die departement terug te betaal ná aftrekking van die gedeelte van die bestuursgelde wat redelikerwys beskou word as deur die diensverskaffer verdien te gewees het vir die nakoming van sekere lewerbare uitsette ingevolge die diensvlakooreenkoms. Die diensverskaffer het vervolgens 'n ooreenkoms aangegaan om die skuld terug te betaal. Die ooreenkoms word nagekom.*

Pick n Pay Township-vernuwingsprogram

*Die departement het gedurende die boekjaar 2018/19 fondse aan 'n begunstigde oorgedra vir die opening van 'n markwinkel in Delft as deel van die Pick n Pay Township-vernuwingsprogram. Die begunstigde het 'n gedeelte van die fondse bestee en later hul belangstelling om die markwinkel op te rig op grond van swak gesondheid van 'n direkteur terug te trek. Die Staatsprokureur is geraadpleeg om die oordragbetalingsooreenkoms te kanselleer en die onbestede fondse te verhaal. 'n Dagvaarding is deur die Staatsprokureur aan die begunstigde uitgereik en die begunstigde het sy voorneme aangedui om die dagvaarding te verdedig. Die verweer moet in Junie 2023 ingedien word.*

Townshiphernuwing-projek

*Die departement het in die boekjaar 2018/19 fondse aan twee (2) begunstigdes oorgedra met die doel om masjinerie en toerusting vir hul besighede aan te koop. Die begunstigdes het versuim om stawende bewyse vir die aankoop van die masjinerie en toerusting te verskaf. Die staatsprokureur is geraadpleeg om die ooreenkomste te kanselleer en die onbestede fondse te verhaal.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|

## 11. Ontvangbare rekeninge (vervolg)

### 11.4. Waardedaling van ontvangbare rekeninge

| | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Skatting van waardedaling van ontvangbare rekeninge | | 42 | 180 |
| Totaal | | 42 | 180 |

*Alle skulde word afsonderlik hersien vir moontlike waardedaling. Die waardedaling sluit debiteure in wat aan die Staatsprokureur vir verhaling oorhandig is.*

*Die volgende kriteria is vir die waardedalingstoets van ontvangbare rekeninge gebruik:*

- *Niebetaling deur debiteure wat vir 'n tydperk langer as 12 maande geen aanduiding van verhaalbaarheid getoon het nie.*
- *Debiteure is aan die Staatsprokureur vir invordering oorhandig en daar is geen aanduiding van verhaal nie.*

## 12. Investerings

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Nielopend | | | |
| Aandele en ander ekwiteit | | | |
| Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone-maatskappy (MSB) Beperk | *Bylae 2A* | 169 | 169 |
| Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy (MSB) Beperk (RF) | *Bylae 2B* | 303 790 | 303 790 |
| Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy (MSB) Beperk | *Bylae 2A* | 63 | 63 |
| Totaal | | 304 022 | 304 022 |
| | | | |
| Totale nielopende investerings | | 304 022 | 304 022 |

| | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Ontleding van nielopende investerings | | | |
| Beginsaldo | | 304 022 | 303 853 |
| Niekontantbewegings | | - | 169 |
| Eindsaldo | | 304 022 | 304 022 |

Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone-maatskappy (MSB) Beperk - (ASES-maatskappy)

*ASES-maatskappy is op 15 Desember 2021 as 'n Bylae 3D WOFB- openbare entiteit gelys. Die departement is 'n meerderheidsaandeelhouer (54.64%) in ASES-maatskappy; die aandeelhouding bestaan uit 100 aandele sonder pariwaarde met 'n uitreikingsprys van R1 per aandeel. Die doel van ASES-maatskappy is om 'n spesiale ekonomiese sone in die groter Atlantis-gebied te vestig en die oogmerke daarvan uit te voer.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 12. Investerings (vervolg)

Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum-maatskappy (MSB) Beperk (RF) - (KIKS)

*Die departement het op 5 Julie 2004 'n aandeelhouer in KIKS geword. Die aandeelhouding bestaan uit 14 200 aandele wat 'n investering van 25.09% is.*

*KIKS het op 28 Maart 2014 'n kennisgewing van 'n nuwe inskrywingsaanbod aan al hul aandeelhouers gestuur. Die departement het tussen die boekjare 2014/15 en 2017/17 46 225 bykomende aandele bekom.*

*'n Besluit is op 1 Julie 2021 goedgekeur om 50 000 (vyftig duisend) "C" gewone aandele van dieselfde klas te skep, sonder enige pariwaarde in KIKS. Die behoefte hiervoor het gespruit uit die impak van COVID-19 op die kernbesigheid van die KIKS, en die Stad Kaapstad, as die meerderheidsaandeelhouer in die KIKS, is genader om vas te stel of die Stad Kaapstad bereid sou wees om in ruil vir bykomende aandele verdere fondse by die KIKS in te spuit.*

*Die Wes-Kaapse Regering het op die verslagdoeningsdatum 'n aandeelhouding van 22.20% (2022: 22.20%) in die KIKS gehad.*

*Die totale getal aandele wat in die KIKS gehou word, is 60 425.*

Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy (MSB) Beperk - (SBNOS)

*Die departement het op 1 April 2017 'n 100% aandeelhouer in SBNOS geword. Die aandeelhouding bestaan uit 120 aandele sonder pariwaarde. Die doel van SBNOS is om 'n spesiale ekonomiese sone in die groter Saldanhabaai-gebied te vestig en die oogmerke daarvan uit te voer.*

| | *Aantekening* | 2022/23<br>R'000 | 2021/22<br>R'000 |
|---|---|---|---|
| 12.1. Waardedaling van investerings | | | |
| Skatting van waardedaling van investerings | | - | 24 384 |
| Totaal | | - | 24 384 |

*Die departement assesseer met elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat die waardedalingsverlies nie meer bestaan nie of omgekeer is. Die aanwyser vir die waardedaling is 'n verhaalbare waarde laer as die drawaarde. Die waardedaling hierbo word bereken op grond van die hersiene assessering deur die KIKS.*

*KIKS se bestuur beskou kontantgenererende bates as daardie bates wat gebruik word om geleenthede, wat die maatskappy se hoofinkomstestroom uitmaak, aan te bied en dit is dus al sy bates as 'n kontantgenererende eenheid (KGE). As sodanig is die proses om waardedaling te toets wat op kontantgenererende bates van toepassing is toets, toegepas.*

*KIKS het die verhaalbare bedrag geskat deur die waarde in gebruik van die kontantgenererende eenheid van R388 991 445 (2021: R308 732 454) te bereken en dit te vergelyk met die drawaarde van die betrokke bates in daardie kontantgenererende eenheid van R261 239 358 (2021: R418 570 968) op die datum dat die waardedaling getoets is.*

*Die maatskappy het dus 'n terugskrywing van die waardedaling van R127 752 087 (2021: R109 838 514 waardedalingsverlies) erken, soos bekendgemaak in die lynitem oor waardedaling op die staat van finansiële prestasie.*

*Ingevolge die gewysigde kontantstandaard word die terugskrywing van 'n waardedaling nie vir die doel van bekendmaking vereis nie.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aant. | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|

### 13. Begrote fondse wat in die Inkomstefonds teruggestort moet word

| | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Beginsaldo | | 6 503 | 4 175 |
| Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie | | 7 147 | 6 503 |
| Gedurende die jaar betaal | | (6 503) | (4 175) |
| Eindsaldo | | 7 147 | 6 503 |

*Die eindsaldo hou verband met die onbestede fondse aan die einde van elke boekjaar. Hierdie fondse hou hoofsaaklik verband met besparings op vergoeding van werknemers, goedere en dienste, en oordragte en subsidies.*

### 14. Departementele inkomste en PIF-ontvangste wat in die Inkomstefonds teruggestort moet word

| | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Beginsaldo | | 105 | 1 |
| Oorgedra vanaf staat van finansiële prestasie | | 47 303 | 21 194 |
| Eie inkomste ingesluit by begroting | | 388 | 371 |
| Gedurende die jaar betaal | | (46 723) | (21 461) |
| Eindsaldo | | 1 073 | 105 |

*Die eindsaldo hou verband met fondse wat van die Banksektor Opleidings- en Onderwysowerheid (BANKSETA) ontvang is en ander departementele inkomste wat in die lopende boekjaar ontvang is, maar na die finansiële jaareinde teruggegee is.*

### 15. Betaalbare rekeninge – lopend

| | Aant. | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Verrekeningsrekeninge | *15.1* | 94 | 1 |
| Ander betaalbare rekeninge | *15.2* | 157 | 11 531 |
| Totaal | | 251 | 11 532 |

#### 15.1. Verrekeningsrekeninge

| Beskrywing | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Salaris: Behuisingsfonds vir staatsamptenare (GEHS) | | 80 | - |
| Salaris: Inkomstebelasting | | 13 | - |
| Salaris: Pensioenfonds | | 1 | 1 |
| Totaal | *15* | 94 | 1 |

#### 15.2. Ander betaalbare rekeninge

| Beskrywing | | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| SETA vir vervaardiging, ingenieurswese en verwante dienste | | - | 10 238 |
| Vervoeronderwys-en-opleidingsowerheid | | 157 | 1 288 |
| Diverse ontoelaatbare rekeninge | | - | 5 |
| Totaal | *15* | 157 | 11 531 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 15. Betaalbare rekeninge - lopend (vervolg)

Vervoeronderwys-en-opleidingsowerheid (TETA)
Die departement het 'n ooreenkoms ter waarde van R3 995 000 met TETA vir Vaardigheidsontwikkeling en Innovasie-projekte aangegaan vir die tydperk 1 Februarie 2021 tot 31 Maart 2025 om vakleerlingskappe vir leerders in die vorm van stipendiums te ondersteun.

Die departement het op 26 Oktober 2021 'n Memorandum van Ooreenkoms (MvO) met Africa Skills Village vir 'n tydperk van 18 maande aangegaan waarvolgens 37 leerders by Africa Skills Village vir ervaringsleer geplaas word. Die departement voorsien 'n maandelikse stipendium vir elke leerder.

| Vervoeronderwys-en-opleidingsowerheid (TETA) | |
|---|---|
| Volle bedrag van die befondsing | R3 995 000 |
| Tydperk van verbintenis | 01 Februarie 2021 – 31 Maart 2025 |
| Bedrag ontvang in lopende tydperk | R255 000 |
| Totale bedrag ontvang in vorige tydperke | R2 142 000 |
| Kontant betaal in lopende tydperk - oordragte en subsidies | R1 386 000 |
| Kontant betaal in vorige tydperke - oordragte en subsidies | R854 000 |
| Saldo van onbestede deel van fondse ontvang | R157 000 |

SETA vir vervaardiging, ingenieurswese en verwante dienste (merSETA)
Die saldo in die vorige jaar met betrekking tot merSETA, insluitend administrasiegelde ontvang, is in goeder trou in die lopende boekjaar terugbetaal. Hierdie terugbetaling het die departement in staat gestel om risiko te vermy wat met die implementering van die projek verband hou.

## 16. Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite

| | *Aant.* | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Netto oorskot/(tekort) volgens staat van finansiële prestasie | | 57 229 | 24 381 |
| Tel niekontant-/kontantbewegings terug wat nie as bedryfsaktiwiteite beskou word nie | | (59 597) | (12 801) |
| (Toename)/afname in ontvangbare rekeninge | | 48 | (1 684) |
| Toename/(afname) in betaalbare rekening - lopend | | (11 281) | 11 531 |
| Opbrengste uit verkoop van kapitaalbates | | (31) | (54) |
| Uitgawes op kapitaalbates | | 4 505 | 2 671 |
| Terugstortings in Inkomstefonds | | (53 226) | (25 636) |
| Eie inkomste ingesluit by begroting | | 388 | 371 |
| Netto kontantvloei gegenereer/(gebruik) | | (2 368) | 11 580 |

# Aantekeninge by die finansiële jaarstate

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|

## 17. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloeidoeleindes

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Gekonsolideerde rekening van Betaalmeester-generaal | | 15 958 | 20 271 |
| Terugbetalings | | (2 766) | (40) |
| Kontant voorhande | | 60 | 60 |
| Totaal | | 13 252 | 20 291 |

## 18. Voorwaardelike bates

### 18.1. Voorwaardelike bates

| | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Aard van voorwaardelike bate | | | |
| Wes-Kaapse Toerisme-, Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro) | | - | 30 000 |
| Totaal | | - | 30 000 |

Wesgro

*Die vermindering in die voorwaardelike bate met betrekking tot die vorige boekjaar is in die lopende boekjaar afgehandel en deur Wesgro aan die departement betaal.*

Staatsbehuisingskema

*Die departement was met die finansiële jaareinde nie in staat om die voorwaardelike bate ten opsigte van die staatsbehuisingskema van die individueel gekoppelde spaarfasiliteit (IGSF) wat met bedankings en diensbeëindiging verband hou, betroubaar te meet nie.*

## 19. Toevallings en betaalbare rekeninge nie erken nie

### 19.1. Toevallings

| | | 2022/23 | | | 2021/22 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | 30 dae | 30+ dae | Totaal | Totaal |
| Gelys per ekonomiese klassifikasie | *Aant.* | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Goedere en dienste | | 40 | - | 40 | 249 |
| Oordragte en subsidies | | 146 | - | 146 | 82 |
| Totaal | | 186 | - | 186 | 331 |

| Gelys per programvlak | *Aantekening* | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Program 1 | | 38 | 146 |
| Program 2 | | - | 90 |
| Program 3 | | - | 1 |
| Program 4 | | - | 1 |
| Program 5 | | - | 6 |
| Program 6 | | 2 | 3 |
| Program 7 | | 146 | 84 |
| Totaal | | 186 | 331 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 19. Toevallings en betaalbare rekeninge nie erken nie (vervolg)

### 19.2. Betaalbare rekeninge nie erken nie

| Gelys per ekonomiese klassifikasie | Aant | 2022/23 30 dae R'000 | 2022/23 30+ dae R'000 | 2022/23 Totaal R'000 | 2021/22 Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|---|
| . | | - | 3 | 3 | 48 |
| Goedere en dienste Oordragte | | 3 | - | 3 | - |
| | | 3 | 3 | 6 | 48 |

| Gelys per programvlak | Aant | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Program 1 | | - | 14 |
| Program 2 | | - | 10 |
| Program 3 | | - | 16 |
| Program 4 | | 3 | 1 |
| Program 5 | | - | 7 |
| Program 7 | | 3 | - |
| Totaal | | 6 | 48 |

| Ingesluit by bovermelde totale is die volgende: | *Aantekening* | | |
|---|---|---|---|
| Bevestigde saldo's met ander departemente | *Bylae 3* | 37 | 124 |
| Totaal | | 37 | 124 |

## 20. Werknemervoordele

| | | |
|---|---|---|
| Verlofgeregtigheid | 6 626 | 7 883 |
| Diensbonus | 2 705 | 2 615 |
| Opgehoopte verlof | 201 | 220 |
| Ander | 56 | - |
| Totaal | 9 588 | 10 |

*Die kredietbedrag van R18 135 (2022: R16 342) is ingesluit by die 2022/23-bekendmaking oor verlofgeregtigheid vir verlof wat aan die departement verskuldig is vir daardie werknemers wat hul verlofkrediete oorskry het.*

Opgehoopte verlof *hou verband met jaarlikse verlof wat werknemers voor 1 Julie 2000 opgehoop het en wat by afsterwe, aftrede of mediese ongeskiktheid uitbetaal sal word.*

## 21. Bruikhuurverpligtinge

### 21.1. Bedryfsbruikhuur

| | 2022/23 | |
|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Totaal |
| | R'000 | R'000 |
| Nie later as 1 jaar nie | 345 | 345 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 121 | 121 |
| Later as 5 jaar | - | - |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 466 | 466 |

| | 2021/22 | |
|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Totaal |
| | R'000 | R'000 |
| Nie later as 1 jaar nie | 358 | 358 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 503 | 503 |
| Later as 5 jaar | - | - |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 861 | 861 |

*Die bedryfsbruikhuur hou verband met nege (9) kontrakte vir fotostaatmasjiene vir 'n tydperk van 36 maande. Tien (10) bedryfsbruikhure is in die vorige jaar gehandhaaf.*

### 21.2. Finansiële bruikhuur

| | 2022/23 | |
|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Totaal |
| | R'000 | R'000 |
| Nie later as 1 jaar nie | 2 031 | 2 031 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 3 740 | 3 740 |
| Later as 5 jaar | - | - |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 5 771 | 5 771 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 21. Bruikhuurverpligtinge (vervolg)

### 21.2. Finansiële bruikhuur

| | 2021/22 | |
|---|---|---|
| | Masjinerie en toerusting | Totaal |
| | R'000 | R'000 |
| Nie later as 1 jaar nie | 1 653 | 1 653 |
| Later as 1 jaar en nie later as 5 jaar nie | 1 693 | 1 693 |
| Later as 5 jaar | - | - |
| Totale bruikhuurverpligtinge | 3 346 | 3 346 |

*Soos deur die Nasionale Rekenmeester-Generaal bepaal, maak die ooreenkoms tussen die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en Staatsmotorvervoer (SMV) 'n bruikhuurkontrak uit.*

*Die departement het negentien (19) voertuie by SMV gehuur soos op 31 Maart 2023 (2022: 19). Daaglikse tariewe is maandeliks betaalbaar en dek die bedryfskoste, kapitaalkoste van die vervanging van voertuie en die implisiete finansieringskoste.*

*Die implisiete rente is gegrond op Provinsiale Tesourie se goedgekeurde tariewe vir SMV. Die departement gebruik die voertuig vir die meeste van die nuttige lewensduur van die voertuig. Die ooreenkoms maak nie voorsiening vir voorwaardelike bruikhuurbetalings nie, en aan die einde van die nuttige lewensduur soos bepaal deur die verhuurder, word die voertuie teruggegee waarna dit op veiling tot voordeel van die verhuurder verkoop word.*

## 22. Onreëlmatige uitgawes

| | *Aantekening* | 2022/23 | 2021/22 |
|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 |
| Onreëlmatige uitgawes - lopende jaar | | 4 | - |
| Totaal | | 4 | - |

*Die saak wat gedurende die lopende boekjaar geïdentifiseer is, hou verband met uitgawes vir reis en verblyf waar die betrokke MH-beleide nie nagekom is nie.*

## 23. Verwante party-transaksies

*Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (die departement) het gedurende die boekjaar dienste van die volgende verwante partye gehandhaaf en, waar van toepassing, ontvang:*

*Die departement het drie openbare entiteite onder sy beheer:*
*Wes-Kaapse Investerings- en Handelsbevorderingsagentskap (Wesgro);*
*Saldanhabaai Nywerheidsontwikkelingsone (SBNOS) Lisensiëringsmaatskappy;*
*en Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone Maatskappy (MSB) Beperk.*

*Die departement het 'n aandeelhouding in Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum Maatskappy (MSB) Beperk (RF).*

*Me J Johnston (Adjunkdirekteur-Generaal Strategiese Ekonomiese Versnellers en Ontwikkeling) is die voorsitter van die direksie van die Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone Maatskappy (MSB) Beperk.*

*Alle provinsiale departemente in die Wes-Kaap is verwante partye.*

*Die departement, Provinsiale Tesourie, Wes-Kaapse Raad op Dobbelary en Wedrenne en Atlantis SES (MSB) Beperk is by Minister Mireille Wenger se Kabinet-portefeulje ingesluit.*

*Die departement maak gebruik van staatsmotorvoertuie wat deur Staatsmotorvervoer (SMV) bestuur word op grond van tariewe wat deur die Provinsiale Tesourie goedgekeur is.*

*Die departement het raadgewende dienste en operasionele dienste met betrekking tot sekuriteit van die Departement van Gemeenskapsveiligheid in die Wes-Kaap ontvang.*

*Die departement beset kosteloos 'n gebou van die Departement van Vervoer en Openbare Werke. Parkeerplek word ook vir staatsamptenare verskaf teen 'n goedgekeurde tarief wat nie markverwant is nie.*

*Die departement het met ingang van 1 November 2010 korporatiewe dienste van die Korporatiewe Dienste-sentrum van die Departement van die Premier in die Wes-Kaap-provinsie ontvang met betrekking tot die volgende dienste:*
*Inligting- en Kommunikasietegnologie;*
*Organisatoriese Ontwikkeling;*
*Provinsiale Opleiding (transversaal);*
*Menslikehulpbronbestuur;*
*Ondernemingsrisikobestuur;*
*Interne Oudit;*
*Provinsiale Forensiese Dienste;*
*Regsdienste; en*
*Korporatiewe Kommunikasie*

## 24. Sleutelbestuurspersoneel

| | Aant. | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Amptenare: | | | |
| Bestuur | | 17 044 | 15 589 |
| Totaal | | 17 044 | 15 589 |

*Sleutelbestuurspersoneel is daardie amptenare met die gesag en verantwoordelikheid om die werksaamhede van die departement te beplan, te rig en te bestuur. Die Rekenpligtige Beampte assesseer die onafhanklikheid en objektiwiteit van sleutelbestuurspersoneel ten opsigte van finansiële en bedryfsbesluite.*

## 25. Roerende tasbare kapitaalbates

Beweging in roerende tasbare kapitaalbates per bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2023

| | 2022/23 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Beginsaldo | Waarde-aansuiwerings | Toevoegings | Vervreemding | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Masjinerie en toerusting | 16 551 | - | 2 174 | (2 553) | 16 172 |
| Vervoerbates | - | - | - | - | - |
| Rekenaartoerusting | 9 825 | - | 1 108 | (1 732) | 9 201 |
| Meubels en kantoortoerusting | 4 307 | - | 47 | (123) | 4 231 |
| Ander masjinerie en toerusting | 2 419 | - | 1 019 | (698) | 2 740 |
| Totale roerende tasbare kapitaalbates | 16 551 | - | 2 174 | (2 553) | 16 172 |

*Ingesluit by* rekenaartoerusting *is vyf (5) skootrekenaars wat beskadig is.*

*Inligting oor SMV Voertuigfinansiering-huurbates vir die lopende en vergelykende jare word in Bylae 6 bekendgemaak.*

25.1. Beweging in roerende tasbare kapitaalbates per bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2022

| | 2021/22 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Beginsaldo | Fout in vorige tydperk | Toevoegings | Vervreemding | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Masjinerie en toerusting | 19 814 | | 168 | (3 431) | 16 551 |
| Vervoerbates | - | - | - | - | - |
| Rekenaartoerusting | 13 089 | - | 61 | (3 325) | 9 825 |
| Meubels en kantoortoerusting | 4 361 | - | 25 | (79) | 4 307 |
| Ander masjinerie en toerusting | 2 364 | - | 82 | (27) | 2 419 |
| Totale roerende tasbare kapitaalbates | 19 814 | - | 168 | (3 431) | 16 551 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 25. Roerende tasbare kapitaalbates (vervolg)

25.2. Kleiner bates

Beweging in kleiner kapitaalbates per die bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2023

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 115 | 5 739 | 5 854 |
| Toevoegings | - | 62 | 62 |
| Vervreemdings | - | (215) | (215) |
| Totale kleiner | 115 | 5 586 | 5 701 |

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal R1 kleiner bates | - | 112 | 112 |
| Getal kleiner bates teen kosprys | 36 | 2 404 | 2 440 |
| Totale getal kleiner bates | 36 | 2 516 | 2 552 |

*Die getal R1* Kleiner bates *hou verband met bates wat van die Departement van Vervoer en Openbare Werke sonder vergoeding oorgedra is.*

Beweging in kleiner kapitaalbates per die bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2022

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Beginsaldo | 115 | 6 287 | 6 402 |
| Toevoegings | - | 14 | 14 |
| Vervreemdings | - | (562) | (562) |
| Totale kleiner bates | 115 | 5 739 | 5 854 |

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| Getal R1 kleiner bates | - | 113 | 113 |
| Getal kleiner bates teen kosprys | 36 | 2 465 | 2 501 |
| Totale getal kleiner bates | 36 | 2 578 | 2 614 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 25. Roerende tasbare kapitaalbates (vervolg)

25.3. Roerende tasbare kapitaalbates afgeskryf

Roerende kapitaalbates afgeskryf vir die jaar geëindig 31 Maart 2023

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bates afgeskryf | - | 80 | 80 |
| Totale roerende bates afgeskryf | - | 80 | 80 |

Roerende kapitaalbates afgeskryf vir die jaar geëindig 31 Maart 2022

| | Ontasbare bates | Masjinerie en toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bates afgeskryf | - | 47 | 47 |
| Totale roerende bates afgeskryf | - | 47 | 47 |

*Die bates afgeskryf in 2022/23 bestaan uit drie (3) skootrekenaars.*

## 26. Ontasbare kapitaalbates

Beweging in ontasbare kapitaalbates per bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2023

| | 2022/23 | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Begin-saldo | Toevoegings | Vervreemding | Eind-saldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Sagteware | 13 272 | - | (3 240) | 10 032 |
| Totale ontasbare kapitaalbates | 13 272 | - | (3 240) | 10 032 |

*Die departement het tans vier (4) stelsels wat op 31 Maart 2023 in gebruik was:*
*JUMP;*
*Gevallebestuurstelsel vir Rompslomp;*
*Bestuurstelsel vir Werkplasing; en*
*Registrasie van Toergidse.*

*Die departement het gedurende die boekjaar 2021/22 die I-CAN Leer-projek uit diens gestel, insluitend sy deelname aan die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Jeugkafees en DKS-biblioteke regoor die provinsie weens herprioritisering van projekte en die verwante begrotings. Die I-CAN Leer-stelsel, die tegniese oplossing wat ontwerp is om die projek te ondersteun, was nie meer nodig nie.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 26. Ontasbare kapitaalbates (vervolg)

26.1. Beweging in ontasbare kapitaalbates per bateregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2022

| | 2021/22 | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Beginsaldo | Fout in vorige tydperk | Toevoegings | Vervreemding | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Sagteware | 13 253 | - | 25 | (6) | 13 272 |
| Totale ontasbare kapitaalbates | 13 253 | - | 25 | (6) | 13 272 |

26.2. Ontasbare kapitaalbates: Kapitaalwerk in wording

Kapitaalwerk in wording vir die jaar geëindig 31 Maart 2023

| | *Aantekening* | Beginsaldo 1 April 2022 | Lopende jaar WIW | Gereed vir gebruik (bates na die bate-register/ kontrakte beëindig) | Eindsaldo 31 Maart 2023 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Ontasbare bates | *Bylae 4* | - | 612 | - | 612 |
| Totaal | | - | 612 | - | 612 |

*Die Administrasieprogram ontwikkel tans 'n aanlyn toepassing vir die departement se handleiding oor Finansiële Beleid.*

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

### 27. Staat van voorwaardelike toelaes en ander oordragte aan munisipaliteite

| Naam van munisipaliteit | 2022/23 | | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | TOELAETOEKENNING | | | | OORDRAG | | | | |
| | Ander oordragte | Heruit-reikings | Aan-suiwer-ings | Totaal beskik-baar | Werklike oordrag | Fondse terug-gehou | Hertoegeken deur Nasionale Tesourie/ nasionale departement | Ander oordragte | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 |
| Bitou Munisipaliteit | 600 | - | - | 600 | 600 | - | - | 750 | 750 |
| Kaap Agulhas Munisipaliteit | 2 500 | - | - | 2 500 | 625 | - | - | - | - |
| Stad Kaapstad | - | - | - | - | - | - | - | 3 667 | 3 667 |
| George Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 400 | 400 |
| Hessequa Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 2 751 | 2 751 |
| Langeberg Munisipaliteit | 2 221 | - | - | 2 221 | 2 221 | - | - | 857 | 857 |
| Mosselbaai Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 2 800 | 2 800 |
| Oudtshoorn Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 2 000 | 2 000 |
| Overstrand Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 650 | 650 |
| Stellenbosch Munisipaliteit | 1 690 | - | - | 1 690 | 1 184 | - | - | 710 | 710 |
| Swartland Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 400 | 400 |
| Swellendam Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | 2 228 | 2 228 |
| Witzenberg Munisipaliteit | 1 762 | - | - | 1 762 | 1 762 | - | - | - | - |
| TOTAAL | 8 773 | - | - | 8 773 | 6 392 | - | - | 17 213 | 17 213 |

## Aantekeninge by die finansiële jaarstate

## 28. Prestasie t.o.v. Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging

Inligting oor nakoming van die BSEB-wet word by die jaarverslag onder die afdeling Prestasie-inligting oor BSEB-nakoming ingesluit.

## 29. Uitgawes in reaksie op COVID-19

| | Aantekening | 2022/23 R'000 | 2021/22 R'000 |
|---|---|---|---|
| Oordragte en subsidies | | - | 19 |
| Totaal | *Bylae 5* | - | 19 |

*Die uitgawes* vir Covid-19-reaksie *in die vorige jaar hou hoofsaaklik verband met befondsing wat deur ons Covid-19-noodlenigingsfonds aan KMMO's verskaf is.*

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

# BYLAE 1A
# STAAT VAN VOORWAARDELIKE TOELAES EN ANDER OORDRAGTE AAN MUNISIPALITEITE

| Naam van munisipaliteit | 2022/23 | | | | | | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | TOELAETOEKENNING- | | | | OORDRAG | | | BESTEE | | | | | |
| | Ander oordragte | Heruitreikings | Aansuiwerings | Totaal beskikbaar | Werklike oordrag | Fondse teruggehou | Hertoegewys deur Nasionale Tesourie/ nasionale departement | Bedrag deur munisipaliteit ontvang | Bedrag deur munisipaliteit bestee | Onbestede fondse | % van beskikbare fondse deur munisipaliteit bestee | Ander oordragte | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Bitou Munisipaliteit | 600 | - | - | 600 | 600 | - | - | 600 | 600 | - | 100.0 | 750 | 750 |
| Kaap Agulhas Munisipaliteit | 2 500 | - | - | 2 500 | 625 | - | - | 625 | 60 | 565 | 10.0 | - | - |
| Stad Kaapstad | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 3 667 | 3 667 |
| George Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 400 | 400 |
| Hessequa Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 751 | 2 751 |
| Langeberg Munisipaliteit | 2 221 | - | - | 2 221 | 2 221 | - | - | 2 221 | 1 231 | 990 | 55.0 | 857 | 857 |
| Mosselbaai Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 800 | 2 800 |
| Oudtshoorn Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 000 | 2 000 |
| Overstrand Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 650 | 650 |
| Stellenbosch Munisipaliteit | 1 690 | - | - | 1 690 | 1 184 | - | - | 1 184 | 696 | 488 | 59.0 | 710 | 710 |
| Swartland Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 400 | 400 |
| Swellendam Munisipaliteit | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 228 | 2 228 |
| Witzenberg Munisipaliteit | 1 762 | - | - | 1 762 | 1 762 | - | - | 1 762 | 1 762 | - | 100.0 | - | - |
| TOTAAL | 8 773 | - | - | 8 773 | 6 392 | - | - | 6 392 | 4 349 | 2 043 | | 17 213 | 17 213 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 1B
### STAAT VAN OORDRAGTE AAN DEPARTEMENTELE AGENTSKAPPE EN REKENINGE

| Departementele agentskap of rekeninge | 2022/23 | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | OORDRAGTOEKENNING | | | | OORDRAG | | | |
| | Aangesuiwerde begroting | Heruitreikings | Aansuiwerings | Totaal beskikbaar | Werklike oordrag | % van beskikbare fondse oorgedra | Finale begroting | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone (MSB) Beperk | 39 182 | - | - | 39 182 | 39 182 | 100.0 | 44 387 | 44 387 |
| Saldanhabaai NOS Lisensiëringsmaatskappy | 41 977 | - | - | 41 977 | 41 977 | 100.0 | 40 054 | 40 054 |
| Wes-Kaapse Toerisme-, Handels- en Investeringsbevorderings-agentskap (Wesgro) | 125 686 | - | - | 125 686 | 125 686 | 100.0 | 120 514 | 120 511 |
| Productivity South Africa* | - | - | 1 314 | 1 314 | 1 314 | 100.0 | - | - |
| Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK)** | 7 | - | - | 7 | 6 | 86.0 | 7 | 6 |
| Wes-Kaapse Drankowerheid *** | 2 227 | - | - | 2 227 | 2 227 | 100.0 | 1 807 | 1 807 |
| TOTAAL | 209 079 | - | 1 314 | 210 393 | 210 392 | 100.0 | 206 769 | 206 765 |

** Productivity South Africa is 'n nasionale entiteit van die Departement van Arbeid en nie 'n openbare entiteit van die departement nie.*
*** SAUK is 'n nasionale entiteit van die Departement van Kommunikasie en Digitale Tegnologieë (DKDT) en nie 'n openbare entiteit van die departement nie.*
**** Die Wes-Kaapse Drankowerheid is 'n openbare entiteit van die Wes-Kaapse Departement van Gemeenskapsveiligheid.*

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 1C
### STAAT VAN OORDRAGTE/SUBSIDIES AAN OPENBARE KORPORASIES EN PRIVAAT ONDERNEMINGS

| Naam van openbare korporasie/ privaat onderneming | 2022/23 | | | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | TOELAETOEKENNING | | | | UITGAWES | | | | | |
| | Aangesuiwerde begroting | Heruitreikings | Aansuiwerings | Totaal beskikbaar | Werklike oordrag | % van beskikbare fondse oorgedra | Kapitaal | Lopend | Finale begroting | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | % | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Privaat ondernemings | | | | | | | | | | |
| Oordragte | | | | | | | | | | |
| Almenkerk Wine Estate CC | - | - | - | - | - | - | - | - | 405 | 405 |
| Amabal'engwe Game Farm and Tourism (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 200 | 200 |
| Buffelsdrift Lodge (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 141 | 140 |
| Country Hotels (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 270 | 270 |
| Edge Growth Access (Edms.) Bpk. | 1 004 | - | - | 1 004 | 1 003 | 99.9 | - | - | - | - |
| Flying Feet | - | - | - | - | - | - | - | - | 221 | 220 |
| Formula D Design Consultancy (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 603 | 602 |
| Gravity River Tours CC | - | - | - | - | - | - | - | - | 263 | 260 |
| Jaydu Creations CC | - | - | - | - | - | - | - | - | 5 | 5 |
| Labit Consulting (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 2 910 | 2 910 |
| Stellenbosch Adventure Centre CC | - | - | - | - | - | - | - | - | 154 | 153 |
| WCERA-prysgeld | - | - | - | - | - | - | - | - | 280 | 280 |
| Womhub (Edms.) Bpk. | 2 970 | - | - | 2 970 | 2 820 | 94.9 | - | - | - | - |
| Woodstock Laundry (Edms.) Bpk. | - | - | - | - | - | - | - | - | 15 | 15 |
| TOTAAL | 3 974 | - | - | 3 974 | 3 823 | 96.2 | - | - | 5 467 | 5 460 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 1D
### STAAT VAN OORDRAGTE AAN INSTELLINGS SONDER WINSBEJAG

| Instansies sonder winsbejag | 2022/23 | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | OORDRAGTOEKENNING | | | | UITGAWES | | | |
| | Aangesuiwerde begroting | Heruitreikings | Aansuiwerings | Totaal beskikbaar | Werklike oordrag | % van beskikbare fondse oorgedra | Finale begroting | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Oordragte | | | | | | | | |
| ASISA Foundation Trust | 3 430 | - | - | 3 430 | 3 430 | 100.0 | 3 855 | 3 854 |
| Bicycle Empowerment Network NPC | 1 978 | - | - | 1 978 | 1 978 | 100.0 | - | - |
| Breedekloof Wine and Tourism NPC | - | - | - | - | - | - | 200 | 200 |
| Kaapse Inligting- en Tegnologie-inisiatief (KITI) | - | - | - | - | - | - | 836 | 835 |
| Dyer Island Conservation Trust | - | - | - | - | - | - | 1 145 | 1 144 |
| Valsbaai Kollege | - | - | - | - | - | - | 302 | 302 |
| Genesis Community IT Initiative | 990 | - | - | 990 | 990 | 100.0 | 700 | 700 |
| Innovator Enterprise Development Trust | - | - | - | - | - | - | 3 999 | 3 999 |
| Reconstructed Living Lab NPC | 1 411 | - | - | 1 411 | 1 411 | 100.0 | 2 150 | 2 150 |
| SA Agri Academy NPC | 1 325 | - | - | 1 325 | 1 325 | 100.0 | 2 000 | 2 000 |
| The West Coast Fossil Park Trust | - | - | - | - | - | - | 269 | 269 |
| WCERA-prysgeld | - | - | - | - | - | - | 20 | 20 |
| Wes-Kaapse Ekonomiese Ontwikkelingsvennootskap MSW | 15 210 | - | - | 15 210 | 15 210 | 100.0 | 17 105 | 17 105 |
| | 24 344 | - | - | 24 344 | 24 344 | | 32 581 | 32 578 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 1E
### STAAT VAN OORDRAGTE AAN HUISHOUDINGS

| Huishouding | 2022/23 | | | | | | 2021/22 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | OORDRAGTOEKENNING | | | | UITGAWES | | | |
| | Aangesuiwerde begroting | Heruitreikings | Aansuiwerings | Totaal beskikbaar | Werklike oordrag | % van beskikbare fondse oorgedra | Finale begroting | Werklike oordrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Oordragte | | | | | | | | |
| Beurse (niewerknemer) | 77 000 | - | 1 063 | 78 063 | 78 062 | 100.0 | 53 666 | 53 240 |
| Eise teen die staat | - | - | 97 | 97 | 96 | 99.0 | 25 | 25 |
| Donasies en geskenke | - | - | - | - | - | - | 1 | 1 |
| Verlofuitkering | 499 | - | 317 | 816 | 793 | 97.0 | 646 | 639 |
| Pensioenboete | - | - | 50 | 50 | 50 | 100.0 | 883 | 883 |
| TOTAAL | 77 499 | - | 1 527 | 79 026 | 79 001 | 100.0 | 55 221 | 54 788 |

### BYLAE 1F
### STAAT VAN BYSTANDSHULP ONTVANG

| Naam van donateur | Doel | Beginsaldo | Inkomste | Uitgawes | Terug-betaal op/teen 31 Maart | Eindsaldo |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| In kontant ontvang | | | | | | |
| Regering se Tegniese Adviessentrum (GTAC) | Werkplasingsprogram | 2 785 | 5 091 | 2 312 | - | 5 564 |
| TOTAAL | | 2 785 | 5 091 | 2 312 | - | 5 564 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 1G
### STAAT VAN GESKENKE, DONASIES EN BORGSKAPPE GEMAAK

| Aard van geskenk, donasie of borgskap | | 2022/23 | 2021/22 |
|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 |
| In goedere ontvang | | | |
| Langstraat Kiosks-projek | Donasies van rekenaartoerusting, meubels en ander kantoortoerusting en ander masjinerie en toerusting | 376 | - |
| KMMO Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling | Donasies van rekenaartoerusting, meubels en ander kantoortoerusting en ander masjinerie en toerusting | 494 | - |
| Organisasies sonder winsbejag | Donasies van rekenaartoerusting, meubels en ander kantoortoerusting en ander masjinerie en toerusting | 880 | - |
| TOTAAL | | 1 750 | - |

*Verskeie bates is in die lopende boekjaar geskenk om die werksaamhede van 26 besighede te ondersteun wat deel van die KMMO Ondersteuningsprogram vir Besigheidsontwikkeling en Langstraat Kiosks-projek uitgemaak het.*

*Die departement het verskeie bates wat die einde van hul nuttige lewensduur bereik het, aan 23 organisasies sonder winsbejag geskenk.*

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 2A
### STAAT VAN INVESTERINGS IN EN BEDRAE VERSKULDIG DEUR/AAN NASIONALE/PROVINSIALE OPENBARE ENTITEITE

| Naam van openbare entiteit | Staats-entiteite se WOFB-tipe skedule (noem jaar-einde indien nie 31 Maart nie) | % gehou 2022/23 | % gehou 2021/22 | Getal aandele gehou R'000 | | Koste van investerings R'000 | | Netto batewaarde van investerings R'000 | | Wins/(verlies) vir die jaar R'000 | | Verliese gewaarborg |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 2022/23 | 2021/22 | 2022/23 | 2021/22 | 2022/23 | 2021/22 | 2022/23 | 2021/22 | Ja/Nee |
| Nasionale/ provinsiale openbare entiteit | | | | | | | | | | | | |
| Atlantis Spesiale Ekonomiese Sone-maatskappy (MSB) Beperk | 3D | 54.6 | 54.6 | 100 | 100 | 169 | 169 | 75 766 | 62 563 | 13 204 | 1 691 | Nee |
| Saldanhabaai NOS Lisensiërings-maatskappy (MSB) Beperk | 3D | 100 | 100 | 120 | 120 | 63 | 63 | 809 439 | 876 650 | (67 211) | 32 417 | Nee |
| TOTAAL | | | | 220 | 220 | 232 | 232 | 885 205 | 939 213 | (54 007) | 34 108 | |

*Die konsep- Finansiële Jaarstate van Atlantis SES vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 is gebruik om die netto batewaarde en wins vir die tydperk te bepaal.*

*Die konsep- Finansiële Jaarstate van Saldanha NOS vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 is gebruik om die netto batewaarde en wins vir die tydperk te bepaal.*

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 2B
### STAAT VAN INVESTERINGS IN EN BEDRAE VERSKULDIG DEUR/AAN ENTITEITE (vervolg)

| Naam van entiteit | Aard van besigheid | Koste van investerings | | Netto batewaarde van investerings | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | R'000 | R'000 | Terug-betaal op/teen 31 Maart | Eindsaldo |
| | | 2022/23 | 2021/22 | 2022/23 | 2021/22 |
| Niebeheerde entiteite | | | | | |
| Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum | Verskaffing van konferensiefasiliteite | 303 790 | 303 790 | Moet bevestig word | 733 374 |
| TOTAAL | | 303 790 | 303 790 | Moet bevestig word | 733 374 |

*Die ondertekende Finansiële Jaarstate van Kaapstad Internasionale Konferensiesentrum vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 is vir die netto batewaarde en verlies vir die tydperk gebruik.*

### BYLAE 3
### INTERREGERING- BETAALBARE REKENINGE

| Staatsentiteit | Bevestigde saldo uitstaande | | Onbevestigde saldo uitstaande | | Totaal | | Kontant in transito teen jaareinde 2022/23* | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 31/03/2023 | 31/03/2022 | 31/03/2023 | 31/03/2022 | 31/03/2023 | 31/03/2022 | Betaal-datum tot ses (6) werkdae na jaareinde | Bedrag |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | | R'000 |
| DEPARTEMENTE | | | | | | | | |
| Lopend | | | | | | | | |
| Staatsmotorvervoer | 37 | 34 | - | - | 37 | 34 | | - |
| Wes-Kaap Departement van die Premier | - | 13 | - | - | - | 13 | 05 April 2023 | 13 |
| Wes-Kaap Departement van Kultuursake en Sport | - | 77 | - | - | - | 77 | | - |
| TOTALE INTERREGERING-BETAALBARE REKENINGE | 37 | 124 | - | - | 37 | 124 | | 13 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

## BYLAE 4
## BEWEGING IN KAPITAALWERK IN WORDING

| Beweging in kapitaalwerk in wording vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Beginsaldo | Lopende jaar KWIW | Gereed vir gebruik (bateregister)/ Kontrak beëindig | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| SAGTEWARE | | | | |
| Sagteware | - | 612 | - | 612 |
| TOTAAL | - | 612 | - | 612 |

*Die Administrasieprogram ontwikkel tans 'n aanlyn toepassing vir die departement se handleiding oor Finansiële Beleid.*

## BYLAE 5
## UITGAWES IN REAKSIE OP COVID-19
### Per kwartaal en in totaal

| Uitgawes per ekonomiese klassifikasie | 2022/23 | | | | | 2021/22 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | K1 | K2 | K3 | K4 | Totaal | Totaal |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| Oordragte en subsidies | - | - | - | - | - | 19 |
| Oordragte en subsidies: Privaat ondernemings | - | - | - | - | - | 19 |
| TOTALE UITGAWES IN REAKSIE OP COVID-19 | - | - | - | - | - | 19 |

## Bylaes tot die finansiële jaarstate

### BYLAE 6
### VERVOERBATES

| Roerende tasbare kapitaalbates | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vervoerbates volgens SMV–finansieringshuurregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2023 | | | | | |
| Bate | Beginsaldo | Lopende jaar aansuiwering by vorige jaar saldo's | Toevoeging | Vervreemding | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| GG Motor-voertuie | 4 641 | - | 1 636 | (657) | 5 620 |

| Vervoerbates volgens SMV–finansieringshuurregister vir die jaar geëindig 31 Maart 2022 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Bate | Beginsaldo | Lopende jaar aansuiwering by vorige jaar saldo's | Toevoeging | Vervreemding | Eindsaldo |
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| GG Motor-voertuie | 7 085 | 11 | - | (2 455) | 4 641 |

*Die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme het 19 staatsmotorvoertuie gedurende die tydperk geëindig 31 Maart 2023 (2022: 19) gebruik. Die motorvoertuie word gehuur ingevolge 'n finansieringsooreenkoms wat uniek is aan die Wes-Kaapse Regering en die bylae het ten doel om die minimum verslagdoeningsvereistes volgens die gewysigde kontantstandaard te verbeter.*

Wes-Kaap: Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme Straatadres:
Waldorf-gebou, St Georges-wandelgang 80, Kaapstad 8001 Posadres: Posbus 979, Kaapstad 8000
Telefoon: +27 21 483 3840 Faks: +27 21 483 7527
www.westerncape.gov.za

Engelse en isiXhosa weergawes van hierdie publikasie is op versoek beskikbaar
E-pos: ecohead@westerncape.gov.za

Western Cape Government

PR 166/2023
ISBN: 978-0-621-51263-2